Bybelse Dagstukkies 2024

Vir gebruik met:

Persoonlike Bybellees
Huisgodsdiens

Tema:
"Troos ...!"

Menings uitgespreek in die dagstukkies is die verantwoordelikheid van die skrywer.

Voorwoord

Ons lewe in ’n gebroke, stukkende wêreld. Daar is onnoembare verskeurdheid en seer wat ons elke dag raaksien en van hoor. In so 'n gebrokenheid, verkwik die Here ons gemoed met die vier stemme van vertroosting waarvan ons uit Jesaja 40 hoor.

Die eerste stem van vertroosting (Jesaja 40:1-2) wat ons hoor, is die stem wat skuldvergifnis en versoening verkondig. Die volk Israel sit in ballingskap, stukkend en gebroke vanweë hulle sonde. Maar wat ’n troos – die stryd is verby! Wanneer die lewende God vertroos, dan troos Hy vandaar waar die ellende en hartseer uitborrel: die sonde en die gevolge van die sonde. Wat ’n heerlike troos: My sonde is versoen! Skuld en skaamte is weggeneem.

Die tweede stem uit Jesaja 40:3-5 word deur die HERE gebruik om die volk te troos deur duidelik te maak dat niks God kan keer om nuut te maak nie. Dit is “die opruiming van sondige gesindhede en die omkering van hoogmoed in nederigheid. Niks mag die HERE in sy triomftog teëhou nie!” (Almanak 2012).

Die derde stem wat uit Jesaja 40:6-8 opklink, troos deur aan die volk te verkondig dat alhoewel hulle self soos gras is wat vinnig verdor, hulle die Woord van God het wat ewig bly.

Die laaste stem van vertroosting uit Jesaja 40:9-11 verkondig die troos van herstelde verbondsgemeenskap: “Hier is julle God!” Dit word deur twee beelde beskrywe: die beskermende krygsheer, die Sterke (vs 10) en die versorgende Herder by wie se liefdevolle versorging niemand uitgesluit word nie (vs 11).

'n Publikasie soos die *Almanak* verg deeglike beplanning en hartlike samewerking. Daarvoor is ons die Here dankbaar dat Hy kosbare en mooi gawes in sy kerke gegee het. Ons is dankbaar vir elkeen wat gewillig en met vreugde hulle skryfgawes in diens van die kerke gestel het en help skryf het aan die dagstukkies.

Onder geweldige druk en moeilike persoonlike omstandighede het die personeel in die Administratiewe Buro ywerig meegewerk aan die Almanak 2024. Dankie aan Wymie du Plessis en Joey Fourie wat nou saamwerk met die samestelling en uitleg van die Almanak. Johan Coetzee wat met nugterheid ’n vaardige rentmeester van die kerk se finansies is. Petro Kroeze en Angie Mokobi help geweldig baie met die verpakking en verspreiding. Ludick Venter van V&R Drukkers se hulpvaardigheid moet ook vermeld word.

Mag ons hemelse Vader u self uit sy Woord vanjaar vertroos en ook toerus om ander te vertroos.

– Ds. Jannes van Dyk (Voorsitter Deputate Almanak)

KWARTAAL 1

TEMA: DIE EERSTE STEM VAN VERTROOSTING (Jesaja 40:1-2)
Hierdie stem troos die volk oor hulle skuld en skaamte wat weggeneem is (fokus hier op skuldvergifnis, versoening, regverdigmaking, Middelaarswerk van Christus, ensovoorts).

JANUARIE: God se verlossingstroos in die Ou Testament belowe

Maandag 1 Januarie

Skrifgedeelte: Jesaja 40:1-11
Fokusgedeelte: Jesaja 40:1-11

"Die heilsboodskap moet uitgeroep word"

Met hierdie hoofstuk begin die tweede hoofdeel van die boek Jesaja. In die eerste 39 hoofstukke het die Here by sy volk gepleit om hulle van hulle formalisme te bekeer. Die prediking het egter op dowe ore geval en die Babiloniese ballingskap het 'n verskriklike werklikheid geword. Die Here laat sy volk egter in die ellende van Babilon nie aan hulleself oor nie. Vanaf hoofstuk 40 buig Hy in liefde na sy ongehoorsame volk toe af om 'n nuwe begin met hulle te maak en hulle voor te berei op 'n sinvolle terugkeer na Sion. Alreeds in die eerste vers hoor jy die verandering in toon: "Troos, troos my volk, sê julle God" (AFR53). Die volk mag hoor dat hulle skuld betaal is. En die profeet hoor die stem van die wegbereider wat voor die naderende Koning uitgaan om die pad vir sy koms in die rigting van Jerusalem gelyk te maak! Die gelykmaak van die heuwels en die opvul van die dale is uit die aard van die saak nie 'n verwysing na 'n haas onbegonne ingenieurspoging nie. Dit dui veel eerder op die opruiming van sondige gesindhede en die omkering van hoogmoed in nederigheid. Niks mag die HERE in sy triomftog teëhou nie! Die profeet sien in sy geestesoog veel meer as net maar die terugkeer van Juda uit hulle vernederende ballingskap. Hy sien ook die verlossing van alle verlossings ... toe die woorde van verse 3 en 4 in die optrede van Johannes die Doper hulle hoogste vervulling gevind het en Jesus Christus sy volk uit die slawehuis van die sonde bevry het! (vgl. Joh. 1:23). Dank die Here hoorbaar en sigbaar vir die Paasgebeure en die bevryding wat Hy ook vir jóú berei het. Laat almal sien met hoeveel

oorgawe jy buig onder die Koningskap van jou Verlosser en Herder, Jesus Christus!

Sing: Skrifberyming 11-1:1-5

Ds. JJ (Koos) Cloete (Emeritus)

Dinsdag 2 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 32
Fokusgedeelte: Psalm 32

Bely jou skuld!

Baie van die sondes wat ons doen, is nie aan ander mense bekend nie. Omdat ons alleen daarvan weet, dink ons ons kan dit vir God ook wegsteek. As God nie daarvan weet nie, hoef ons mos nie nederig en skaam voor Hom te staan en al ons lelike sondes voor Hom uit te stal nie. Dawid het ook gereken hy kan oor sy sonde swyg, maar toe word hy *onverklaarbaar* siek. Sy liggaam het uitgeteer en sy krag het soos water in somerhitte vinnig minder geword. Die hele dag het hy om hulp geroep, maar niemand kon hom help nie. Die siekte was egter nie so onverklaarbaar nie. Dit was God se hand wat sy krag uit hom gepers het omdat hy nie sy skuld bely het nie. Gelei deur die Heilige Gees het hy berouvol sy skuld bely: Ek was opstandig teenoor die Here. Ek het gesondig en dit ook nog probeer wegsteek vir Hom. Die heerlike gevolg van sy belydenis is: “U het my skuld vergewe.” Of hy gesond geword het, weet ons nie, want die vergifnis van sonde weeg swaarder as sy gesondheid. Laat ons ook luister na die onderrig van die Gees. ’n Gelowige sondaar sonder berou is soos ’n goddelose met baie smarte. God laat die sonde nie ongestraf nie. Hy het eerder sy Seun vir ons sondes gestraf as om die sonde ongestraf te laat. En nou het ons die Heilige Gees: Hy haal die “onverstandige perd en muil” uit ons uit en maak ons vrymoedig om na God te gaan en in Christus om vergifnis te smeek. In my berouvolle hart getuig die Gees dan van die vergifnis wat ek in Christus kry. Ek voel hoe die Here my inderdaad met sy liefde omvou.

Sing: Psalm 32-1:1, 3

Ds. CCA (Coen) Vrey (Bellville)

Woensdag 3 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 38
Fokusgedeelte: Psalm 38

God praat met my deur die gebeure in my lewe

Herinnering beteken om terug te kyk. In hierdie psalm kyk Dawid terug op sy lewe. Twee duidelike temas kom in hierdie psalm na vore: eerstens liggaamlike lyding en siekte en tweedens die veragting van die bidder deur sy vyande en dat sy geliefdes hom op 'n afstand hou, albei as gevolg van sy siekte.

Die bidder glo dat sy lyding en siekte deel is van sy straf oor sy eie sondes. Hy erken dit in vers 4: "Deur u toorn is daar nie meer 'n gesonde plek aan my liggaam nie …" In vers 19 bely hy: "Ek bely my ongeregtigheid, my sonde kwel my." Dit is baie belangrik om te besef dat die Here ons nie altyd met siekte straf nie, maar dat hierdie psalm en ander Skrifgedeeltes aandui dat Hy ons soms tog op dié manier tugtig (vgl. 1 Kor. 11:30-32). Ons sondes kan liggaamlike gevolge hê, en die Here tugtig soms sy kinders sodat hulle na Hom toe terug sal kom (Heb. 12:5-11). Daarom moet ons elke dag, ook in dae van siekte, ons sondes voor die Here bely, hulle op die naam noem, werklike berou hê en uit dankbaarheid vir sy genade elke dag volgens sy wil leef.

Verder getuig die bidder dat hy sy vyande met uiterlike geduld verdra (vs. 14; vgl. ook Jes. 53:7-9) en ook dat hy dringend begeer dat sy vyande hulle nie oor hom moet verbly nie (vs. 17). Wanneer ons soms siek word en lyding en vyandskap daaroor verduur, moet ons altyd onthou dat ons Here Jesus Christus lyding verdra het en pyn geken het (Jes. 53:3), dat Hy beskou is as een wat deur God geslaan en gepynig is (Jes. 53:4b) en dat Hy nie vir mense weggedraai het toe hulle Hom bespot en bespoeg het nie (Jes. 50:6). Dit alles het Hy verduur ter wille van ons sondes.

Ja, deur die Here se genade kan ons elke dag, veral ook in dae van siekte, saam met hierdie psalmdigter bely (vs. 16): "Ek vertrou op U, Here, U sal antwoord, Here my God." Ook kan ons uitroep (vs. 23): "Maak tog gou om my te help, Here, my Redder!"

Sing: Psalm 38-1:17

Prof. AJ (Albert) Coetsee (TSP)

Donderdag 4 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 51
Fokusgedeelte: Psalm 51:18-19

God sal ’n hart vol ootmoed en berou nie gering ag nie

In Sondag 33 van die Heidelbergse Kategismus word die vraag gevra: “Wat is ware bekering?” Dit veronderstel dat mens ook so iets soos valse bekering kry. Valse bekering is wanneer mens eintlik net spyt is oor die gevolge van jou sonde. Jy is nie so gepla oor jou sonde self en wat dit aan God se Vaderhart doen nie. Mense by wie daar valse bekering is, sal ook eerder probeer om die sonde toe te smeer, of verskonings daarvoor aan te bied, of dit af te maak as “nie so erg nie”. Die groot eienskappe van valse bekering is dat daar nog nie by jou ’n hartsverandering plaasgevind het nie. Daar is nog nie ’n hart vol ootmoed en berou nie. Deur die genade van die Here sien ons by Dawid in hierdie psalm iets van wat ware bekering is. Dawid probeer nie sy sonde verder toesmeer of afmaak nie, maar hy erken en bely dit (vs 5-6). Ons sien ootmoed en ware berou (vs 18-19). Ons sien verder dat Dawid begeer dat sy sonde uitgewis moet word (vs 3, 9, 11). Mens begeer dat jou sonde uitgewis moet word wanneer mens begin besef hoe aaklig en hoe verskriklik jou sonde is, en wat dit aan God se hart doen, en ook wat dit aan die werking van die Gees in jou doen (vs 13). Dan begin jy jou sonde haat, soos wat God ook sonde haat (Ps. 97:10; 101:3). Hoe is hierdie ware bekering dan moontlik? Dit kom nie uit onsself nie. Daarom vra Dawid in vers 12 vir die Here om sy hart te verander. God verander jou hart deur Jesus se kruisdood en opstanding. Wanneer jy deur ’n ware geloof een met Jesus word, dan gaan jou ou mens saam met Jesus dood, en jou nuwe mens staan saam met Jesus op. Ons noem dit ons wedergeboorte. Ongelukkig leef ons as wedergebore mense nog nie altyd soos nuwe mense nie. En daarom gee God ook sy Heilige Gees wat ons lewenslank al hoe meer nuut maak – al hoe meer maak wat ons reeds in Jesus is. En hierin moet jy met die Heilige Gees saamwerk! Mag daar ook by jou voortdurend sulke ware bekering wees!

Sing: Psalm 25-1:2-3

Ds. LM (Marcel) Floor (Sasolburg)

Vrydag 5 Januarie

Skrifgedeelte: 2 Samuel 12:1-14
Fokusgedeelte: 2 Samuel 12:1a

Soms is daar ’n Natan in ons lewe nodig

Ons ken die geskiedenis van hoe Dawid homself deur Batseba laat verlei het. Uiteindelik het hy nie net met Batseba owerspel gepleeg nie, maar ook moord om sy owerspel toe te smeer! As gevolg van die owerspel het Batseba swanger geword, en na nege maande is daar vir Dawid en Batseba ’n seun gebore.

Dit verbaas mens nogal dat Dawid, die man na God se hart, vir soveel maande op die verkeerde pad was en maar net aangegaan het! Ons lees in vers 1 dat God eers vir Natan na Dawid moes stuur, en dat Natan baie reguit vir Dawid moes kom wys hy is op die verkeerde pad!

Soms kan onsself, soos Dawid, ook op die verkeerde pad wees, sonder dat ons dit self eers agterkom. Ander kere is ons bloot moedswillig. Dan moet God ook medegelowiges stuur om reguit met ons te praat, en om ons te wys dat ons op die verkeerde pad is. God stuur sulke mense oor ons pad uit genade, omdat Hy sy kinders nie maar op die verkeerde pad wil los nie. Ons Goeie Herder soek afgedwaalde skape op, want Hy gee net te veel vir ons om!

Het jy al so ’n Natan gehad wat na jou gestuur is? Hoe het jy toe gereageer? Het jy besef dat dit God is wat jou in genade kom opsoek? Kinders van die Here vererg hulle nie vir die Natan’s wat na hulle gestuur word nie, en hulle verlaat ook nie die kerk daaroor nie. Nee, kinders van die Here kom met harte vol berou tot bekering! En wanneer mens reggehelp word, en met ’n hart vol berou jou sondes bely, dan is daar altyd vergifnis (vs 13; 1 Joh. 1:9). Jesus se werk deur sy kruis en opstanding maak vergifnis moontlik!

Sing: Psalm 32-1:1

Ds. LM (Marcel) Floor (Sasolburg)

Saterdag 6 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 103
Fokusgedeelte: Psalm 103:8

Verstaan genade en leef vanuit God se genade

Wanneer mens bankrot en stukkend voor God kom staan, met niks anders om vir God te bied as net jou sonde nie, en jy hoor nogtans dat jy deur Jesus se werk vergewe is ... dan begin mens iets van God se genade verstaan. Wanneer mens ná alles wat jy verkeerd gedoen het, en ná al jou verbroude kanse, nogtans beleef hoe jou Vader met oop arms vir jou staan en wag, dan word God se genade vir jou bietjie duideliker. En wanneer jy begin besef dat God alles moes kom doen het om jou deur Jesus te red, en dat jy net mooi niks self kon doen nie, dan begin jy iets van God se genade in jou lewe ervaar. In Psalm 103 sien ons dat Dawid ook iets van God se groot genade in sy lewe beleef het en begin verstaan het, want hy breek hier in lofprysing uit oor skuldvergifnis en redding en God se groot liefde. Hy juig oor God se genade wat nie met mense handel volgens hulle sonde nie, en wat nie vergeld nie. Hy prys God vir sy lankmoedigheid (of geduld) met mense wat Hom keer op keer weer teleurstel. Dawid jubel hier oor sondes wat ver van sondaarmense verwyder word en nooit meer aan gedink word nie. Hy sing oor ’n Vader wie se liefde nie ophou nie, en wat Hom aanhou ontferm oor kinders wat dit nie verdien nie.

Het jy al God se genade só beleef? Hoe goed verstaan jy regtig God se genade? Wanneer die Heilige Gees mens help om God se genade te begin verstaan en ervaar, dan gryp dit mens in die hart aan! Dan maak dit jou harde hart sag! Dan verander dit ongehoorsaamheid in gehoorsaamheid, en onwilligheid in gewilligheid! Mag die Heilige Gees jou help om steeds meer God se genade te verstaan, en vanuit God se genade te leef!

Sing: Psalm 103-1:1-2

Ds. LM (Marcel) Floor (Sasolburg)

Sondag 7 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 130:1-8
Fokusgedeelte: Psalm 130:7 (AFR83)

Verlossing is seker by die Here

Vir niemand van ons kom dit natuurlik om te wag nie. Ons is vasgevang in 'n haastige lewe waar ons dit nie werklik kan bekostig om te wag nie. Die bekende gesegde "tyd is geld" is iets wat ons gereeld hoor. Tog is die oproep om op die Here te wag 'n opdrag wat verskeie kere in die Psalms na vore kom. In Psalm 130 word die mens se vertrekpunt beskryf as *uit die dieptes*. Hierdie dieptes kan na verskeie omstandighede verwys – armoede, siekte, swaarkry, hartseer. Dit is nie vrede- en vreugdevolle omstandighede nie. In hierdie donker dieptes is dit telkens plekke waaruit die mens nie hom/haarself kan bevry nie. Die uitroep van die gelowige is hier dus eerstens 'n afhanklikheidsverklaring. Ek kan nie self nie. Ek het hulp nodig.

Die psalmdigter roep na die Here. Hy roep na die God van die verbond. Hy roep na die Here wat getrou bly aan al sy beloftes. Die digter is bewus van Wie God is en wat God doen. Die digter is bewus van die verbondsvolk se verlede en hoe God telkens uitkoms gegee het.

Hierdie uitroep is dus nie 'n geval van "roep en hoop vir die beste" nie. In afhanklikheid word daar geroep na die Here met die vaste vertroue dat God die Een is wat uitkoms gee. Die digter plaas sy vertroue in die Here, omdat God die Een is wat troue liefde bewys. Verlossing is seker by die Here.

Die kosbare belofte dat God ons sal verlos van ons sonde eggo deur hierdie hele psalm. Ons ontvang die kosbare troos dat ons Verlosser ons nie net uit die duisternis uithaal nie. Hy word mens en betree die duisternis. Die lig kom na die wêreld toe juis om die duisternis te bevry. Die sekerheid hiervan lei ons om deur die Gees geduldig te wag op die koms van Jesus Christus.

Sing: Psalm 130-1:2

Ds. PF Venter (Peter) (Hoëveld/Witbank)

Maandag 8 Januarie

Skrifgedeelte: Genesis 9: 8-17
Fokusgedeelte: Genesis 9:11

God se natuurverbond as getuienis van sy voorsienigheid

Die sondvloed het verwoestende gevolge op die aarde gehad. Behalwe vir Noag en die lewende wesens wat in die ark was, was die res van die skepping in chaos gedompel.

Ons lees in Genesis 8:1 'n besondere saak raak van God se voorsienigheid: "En God het gedink aan Noag en al die wilde diere en die vee wat saam met hom in die ark was." God se voorsienigheid begin altyd by die gedagtes van God. Ons moenie dink dat God vergeet het van Noag nie. Wanneer God aan sy skepping dink, gaan dit oor die uitvoering van sy raadsplan. Regdeur die Skrif lees ons dat wanneer God dink, dit oor sy genade en barmhartigheid gaan. God se gedagtes bepaal sy voorsienigheid. Dit wat God dink, gaan altyd oor in aksie. God het nie sy skepping versaak in hierdie tyd nie.

God het begin met die herskepping van sy skepping. Die hele sondvloed dui vir ons daarop: God vernuwe dit wat die mens stukkend gemaak het. Natuurlik dui die hele sondvloed op groot uitkoms wat later uit die geslag van Noag uitkom, naamlik Christus. In 1 Petrus 3:20-21 lees ons dat die sondvloed 'n vooruitskouing was van die doop wat ons natuurlik herinner dat ons skoon gewas is in Christus.

Beide God se denke en die uitkoms wat Hy gee aan sy skepping, is gegrond op die ewige verhouding wat God met die skepping het. God bevestig sy voorsienigheid aan mens en dier in Genesis 9:8-17. Die inhoud van hierdie verbond vind ons in vers 11: "En Ek rig my verbond met julle op, dat alle vlees nie deur die waters van die vloed uitgeroei sal word nie" ... Nie net word die skepping gespaar met die natuurverbond nie, maar ook word daar heengewys na die Een wat die totale skepping finaal gaan hernu. En dit nie deur die waters heen nie, maar deur sy bloed wat gestort is om die Adamsvloek heeltemal ongedaan te maak.

Sing: Psalm 145-1: 6, 7

Ds. JG (Jan) Ehlers (Meyerton)

Dinsdag 9 Januarie

Skrifgedeelte: Genesis 18:1-19 (AFR2020)
Fokusgedeelte: Genesis 18:14, 19

Ons vertroue in die verbond van God

Genesis 18 sluit in wese direk aan by die geskiedenis van hoofstuk 17 waar die HERE ’n verbond gesluit het met Abraham. Twee sake van hierdie verbond staan vir ons in besonder uit in hoofstuk 17: in vers 7 waar God belowe om sy verbond te handhaaf deur die geslagte heen, asook die aankondiging van Isak se geboorte. Die eerste gedeelte van hoofstuk 18 fokus dan verder op hierdie belofte van Isak se koms.

Ons kan onsself indink hoe Sara en Abraham gereageer het op hierdie belofte dat hulle weer op hulle ver gevorderde jare ’n seun sal hê? Sara het daaroor gelag – selfs in ons moderne tyd is so ’n swangerskap menslik gesproke ’n skrale moontlikheid.

Tog wys die HERE Abraham en Sara tereg, en juis in hierdie woorde van die HERE vind ons besondere troos: Is enigiets te wonderbaarlik vir die Here? Ons aandag word gefokus op die almag van God wat in hierdie woorde geopenbaar word. Die HERE sal ten spyte van menslike verwagtinge ’n bejaarde vrou laat swanger word, sodat die verbond deur haar swangerskap kan voortbestaan. Die HERE gaan nie terug op sy beloftes nie.

Hoekom is hierdie geskiedenis so belangrik? Want dit is deel van die geskiedenis van ons verlossing! Vanuit die nageslag van Isak kom daar Een wat die verbond van God volgemaak het en ons kindskap finaal bevestig het in die verbond van die HERE. Die troos van hierdie gedeelte is duidelik: die HERE het besluit om te verlos deur die koms van Jesus Christus. En hierin deel ons elkeen: die geskiedenis van Abraham en Sara is ons geskiedenis, aangesien ons deel het aan hierdie verbond wat die HERE met Abraham gesluit het, en ons mag nou in die kerk oor die wêreld heen sien hoe al die nasies van die aarde geseën is deur die koms van Christus.

Sing: Psalm 128-1:3, 4

Ds. JG (Jan) Ehlers (Meyerton)

Woensdag 10 Januarie

Skrifgedeelte: Genesis 22:1-19
Fokusgedeelte: Genesis 22: 11, 12; Heidelbergse Kategismus Sondag 5

God se betalingsvereiste vir die vergifnis van sondes

Die geskiedenis oor Abraham en Isak word uit baie oorde gesien as ’n onmenslike oproep Abraham moet sy eie seun offer! Ons lees duidelik hier dat die Here vir Abraham op die proef gestel het om sy enigste seun, asook die erfgenaam van die verbond, te offer.

Dit alles gaan rondom die saak dat daar aan God se geregtigheid voldoen moet word. God se eis dat ons Hom moet gehoorsaam, is die enigste manier waarop ons verlossing kan ontvang. Daarom moet Abraham aan God gehoorsaam wees, selfs in hierdie eis. God se eis dat ons Hom in alles moet gehoorsaam, stel ons as mense in ’n groot dilemma: daar is geen manier wat ons daaraan kan voldoen nie.

God is ook nie onregverdig wanneer Hy dit van ons verwag nie, aangesien God ons so geskape dat ons dit kan doen. Met die sondeval het ons hierdie natuurlike vermoë verloor. Ons lewe elke dag in ongeregtigheid. Daarom moet daar betaal word vir die skuld wat ons elke dag maak. Dit is God se regverdigheid – dat alles betaal moet word.

Ons sondeskuld is so groot dat ons dit nie eens self kan betaal nie. Dit is juis hier waar die skoen druk! Hoe sal ons dan aan God se geregtigheid voldoen deur vir ons sonde te betaal? Maar in alle genade en geduld voorsien God in sy barmhartigheid aan Abraham ’n ram wat hy in die plek van Isak moet offer.

En besonders: ons hoor dat die Engel van die HERE hier met Abraham praat. Hier profeteer die Engel van die HERE reeds sy koms om ons sondeskuld weg te neem. Die Lam van God wat terselfdertyd die reg as mens gaan hê om vir ons sonde te sterf, maar almagtig gaan wees om die sonde te oorwin.

Sing: Skrifberyming 5-3 (8):1, 2

Ds. JG (Jan) Ehlers (Meyerton)

Donderdag 11 Januarie

Skrifgedeelte: Eksodus 12:1-28
Fokusgedeelte: Eksodus 12:23 (AFR83)

Deur die bloed van Christus is ons vrygekoop

God maak Homself op besondere wyse aan die mens bekend. God openbaar Homself op ’n wyse wat die mens kan begryp. God is soveel groter as wat die menslike verstand ooit kan begryp of ons sintuie ooit kan waarneem. Daarom is die Pasga ook ’n kosbare simbool waarop God in die eenvoud aan ons die rykdom van die evangelie bekendmaak.

In afwagting op die tiende plaag word die Pasga ingestel. Die tyd, plek en wyse van die Pasga word duidelik gemaak. Die instruksies is so eenvoudig dat dit byna onmoontlik is om dit verkeerd te doen. Daar word niks ekstreem of onmoontlik van die mens verwag nie. Die lam moet geslag word en dan moet die bloed gesmeer word aan die kosyne van deure. Die lam moet dan geëet word. In die wyse waarop ons die voorskrifte van die maaltyd lees, sien ons die dringendheid wat by die mens gekweek word. Wees gereed vir die reis. Ons sien dus hier die redding is op pad. Die bloed aan die kosyne dien as die herinnering dat die inwoners van daardie huis gehoorsaam is aan God. Die huis word dan gespaar wat onder die bloed staan. Die deure wat die getuienis dra dat die lam geslag is, sal nie die straf van God dra nie. God het die opdrag gegee en die volk het geantwoord in gehoorsaamheid. Elkeen wat die getuienis gedra het dat die lam geslag is, het die dood vrygespring. Die bloed het reeds gevloei en daarom is daar nie weer dood in daardie huise gewees nie.

Op hierdie kosbare wyse kan ons verseker wees van die volmaakte offerlam wie se bloed vir ons gevloei het. Ons hoef nie meer die ewige dood te vrees nie, want deur die bloed van Christus is ons vrygekoop om die lewe te kan ontvang.

Sing: Skrifberyming 10:1, 2

Ds. PF Venter (Peter) (Hoëveld/Witbank)

Vrydag 12 Januarie

Skrifgedeelte: Eksodus 15:1-21
Fokusgedeelte: Eksodus 15:18 (AFR83)

Die Here is my krag en my beskerming

Die volk is pas op droë grond deur die Rooisee gelei en die farao en al sy manne het in daardie selfde Rooisee verdrink. Dan sien ons die pragtige reaksie van die volk – hulle sing tot eer van die Here. Die uitkoms wat die Here beloof het, het vir hulle werklikheid geword. Hulle is bevry uit die mag van die Egiptenare. Hulle antwoord in doelgerigte sang. Hulle sing om die Here, die Een wat die uitkoms bewerk het, te verheerlik.

In die hele lied sien ons die volk se kennis van wie God is:

- Die Here is my krag en my beskerming.
- Hy het tot my redding gekom.
- Hy is my God.

God se verbondsbeloftes word verwesenlik in die uitkoms wat Hy bring. Hy is steeds 'n God vir sy volk. Niemand kan in die pad staan waar God werksaam is nie. Die Egiptenare en hulle magtige leër van strydwaens kon nie die mag van God stuit nie.

Die redding wat die volk beleef het en die emosie wat daarmee saamgaan, staan in skerp kontras tot die vrees en angs wat die Egiptenare beleef het. Die volk antwoord op God se dade deur te sing tot sy eer, en die Egiptenare en die ander volke wat hiervan gehoor het, is oorval met vrees.

Die God van die verbond het sy volk, sy eiendom bewaar en deur die Rooisee gelei. Hy kan dit alles doen omdat Hy regeer tot in ewigheid. Hy regeer oor elke tyd en plek en volk en nasie.

Daar is geen plek op aarde waar God nie volkome in beheer is nie. God se beheer is nie 'n militêre mag nie, maar 'n getuienis van God se almag. Ons staan steeds onder hierdie heerskappy van God omdat Christus die oorwinning behaal het. Daarom antwoord ons onder die leiding van die Gees en juig wanneer ons saam lofliedere sing tot God se eer.

Sing: Psalm 68-1:1

Ds. PF Venter (Peter) (Hoëveld/Witbank)

Saterdag 13 Januarie

Skrifgedeelte: Eksodus 32 (AFR2020)
Fokusgedeelte: Eksodus 32:34

God sal oortreders tot verantwoording roep

"Gaan dan nou, lei die volk na die plek waaroor Ek met jou gepraat het. Kyk, my engel gaan voor jou uit. Maar die dag wanneer Ek rekenskap eis, sal Ek hulle tot verantwoording roep oor hulle sonde."

Die tragiese gebeure wat in Eksodus 32 beskryf word, ruk ons tot die besef dat dit wat daar gebeur het, nie die volk van Israel alleen is nie. Dit raak ons ook. Moses gaan op teen die berg, met Josua wat halfpad berg-op wag. Onder wag die volk onder die leierskap van Aäron. Na 'n tyd se wag raak hulle kriewelrig. Moses bly te lank weg, en as hy wegbly dan beteken dit vir hulle dat God ook wegbly. Die versoek, wat 'n eis word, is: Maak vir ons 'n god wat ons kan lei.

God stuur vir Moses terug om te gaan kyk hoe die volk hulle wangedra en van God se pad afwyk. Moses se terugkeer vanaf die berg laat hom sien wat gebeur het. 'n Goue kalf word aanbid as die volk se god en selfs "'n fees vir die Here!" word uitgeroep. Moses se ontsteltenis is sigbaar as hy die twee kliptafels stukkend gooi, die goue beeld laat fyn maak en die stof daarvan op die drinkwater gooi dat die volk daarvan moet drink.

Moses gaan terug na God om te pleit en homself aan te bied in die plek van die volk. Dit is egter nie hy wat in die plek van die sondaar sou betaal nie. Moses moes die volk lei na die beloofde land en hy kry die versekering dat die engel van die HERE voor hulle sal uitgaan.

Die dag wanneer God rekenskap eis, sal Hy die wat oortree tot verantwoording roep. Ons Here Jesus Christus het in ons plek verantwoording gedoen toe God rekenskap geëis het.

Sing: Psalm 9-1:10

Ds. MP Fourie (emeritus)

Sondag 14 Januarie

Skrifgedeelte: Eksodus 33:12-23
Fokusgedeelte: Eksodus 33:19

God ontferm Hom oor wie Hy wil

Maar Hy het geantwoord: "Ek sal al my goedheid reg voor jou laat verbygaan, en Ek self sal die Naam 'die Here' uitroep. Ek is genadig oor wie Ek genadig wil wees, en Ek ontferm My oor wie Ek My wil ontferm."

Gister kon ons stilstaan by Moses se toetrede tot God in sy intrede vir die volk. Sy versoek aan God tot voordeel van die ongehoorsame volk (32:32): "As U nou maar hulle sondes sal vergewe! Maar as U nie wil nie, wis my dan maar uit u boekrol wat U geskryf het, uit."

Moses tree steeds in en pleit dat die Here die volk nie alleen verder moet laat trek nie, waarop God positief reageer met dié vraag in vers 14: "Moet my teenwoordigheid saamgaan, en moet Ek vir jou rus gee?" Vers 17 vertel vir ons dat die Here toe vir Moses sê: "Ook aan hierdie versoek wat jy uitgespreek het, sal Ek voldoen, omdat jy guns gevind het in my oë, en Ek jou by die naam ken."

Dit laat Moses nog verder gaan tot by die versoek om God se heerlikheid te sien: "Toon asseblief u heerlikheid aan my." Hierop volg ons teksvers en nee, dit is nie 'n afjak wat Moses kry nie. "Ek sal al my goedheid reg voor jou laat verbygaan, en Ek self sal die Naam 'die Here' uitroep. Ek is genadig oor wie Ek genadig wil wees, en Ek ontferm My oor wie Ek My wil ontferm." Die Here gaan verby die punt waar Hy Homself kan bekendmaak en sal selfs sy openbaring as die Verbondsgod aan Moses gee. Alles nie as 'n algemene openbaring aan almal nie, maar dit laat ons dink aan hierdie aanhaling ook in Romeine 9:15. Daar word ons gelei om te besef: "Dit berus dus nie by die mens wat wil en hom inspan nie, maar by God wat Hom ontferm" (Rom. 9:16).

In Christus openbaar God Hom in sy liefde en goedheid en ons besef dat versoening met God nie is op grond van ons inspanning nie, maar juis in God se ontferming oor wie Hy wil.

Sing: Psalm 9-1:12

Ds. MP Fourie (emeritus)

Maandag 15 Januarie

Skrifgedeelte: Rigters 2:11 – 3:6
Fokusgedeelte: Rigters 2:20-22

Moenie moedeloos word nie

Soms kan ’n mens nie verstaan wat gelowiges kan aanvang nie. Hoe kan so iets gebeur?

Israel het die almag en die sorg van die Here beleef. Die Here het hulle uit Egipte verlos. Veertig jaar het Hy hulle in die wildernis beskerm en versorg. Hy het stede in hulle hand oorgegee. Sy beloftes aan hulle is een vir een vervul. Maar steeds bly Israel ontrou aan die Here God. Hoe lank sal die Here nog geduld hê met Israel?

Ook jy en ek het die besondere genade van die Here beleef. Elkeen wat in Jesus Christus glo, het die genade van die Here ondervind. Jou geloof in Jesus Christus is die bewys dat die Here Homself aan jou verbind het. Die Heilige Gees werk hierdie bekering en geloof in jou.

Tog betrap jy jouself nog elke dag dat jy hardkoppig en eiewillig optree, elke dag weer die verbond van die Here oortree. Soms wonder jy dalk: Sal die Here my nog ’n keer kan vergewe?

Wanneer ons weer in die sonde struikel, moet ons nooit aan die trou van die Here twyfel nie. Die Seun van God het na hierdie wêreld gekom, Jesus Christus het Homself volledig met die sondaars vereenselwig, met hulle wat sy Vader aan Hom gegee het om te verlos. Hy word ’n mens. Hy onderwerp Hom aan die wet van sy Vader. Hy bewerk volkome verlossing vir sy mense.

Verkeer jy nou in ’n beproewing? Moenie moedeloos word nie. Die Here het nie met jou as gelowige opgegee nie. Deur sy Gees wil Hy aan jou die krag gee om die stryd te voer en uiteindelik saam met die Here die oorwinning te behaal totdat jou liefde vir die Here net so bestendig is as sy liefde vir jou.

Sing: Psalm 119-1:7, 33

Ds. HJ (Herman) Coetzee (Amanzimtoti)

Dinsdag 16 Januarie

Skrifgedeelte: 2 Samuel 7:1-17 (AFR2020)
Fokusgedeelte: 2 Samuel 7:12, 13

Jesus Christus het gekom, en Hy kom weer!

Die Here God rig ’n verbond met Dawid op, ’n onvoorwaardelike belofte aan Dawid en sy nageslag. Hierdie verbond is die sleutel om God se belofte van ’n koning uit die geslag van Dawid om vir ewig te regeer, te verstaan.

Koning Dawid was in die laaste jare van sy regering. God het Dawid geseën, sy vyande verslaan. En Dawid wou reageer op God se seën deur ’n woning vir die ark van God te bou. Maar God sê nee, die Here God gaan eers iets vir Dawid doen.

Is dit nie hoe God altyd werk nie? God se werk gaan altyd ons werk vooraf. Die Here is altyd die een wat die inisiatief neem.

So word ons ook herinner aan God se verbond met Dawid. Uit die geslag van Dawid kom Jesus, die Verlosser. Ons moet verstaan dat God se verbond met Dawid ’n ewige koninkryk tot stand gebring het.

Jesus, die afstammeling van Dawid wat uit die dood sou opstaan, wat die bouer van God se huis is, wat die besitter van ’n hemelse troon is, wat die eienaar van die ewige koninkryk is, wat die Seun van God is. Die verbond met Dawid en sy nageslag is volbring.

Jesus het gekom, en Hy kom weer! En ons wag gretig vir die wederkoms van Dawid se seun, Koning Jesus, om sy ewige koninkryk te voltooi en te heers en sigbaar te regeer vir ewig en altyd.

Jy en ek kan niks doen sonder om te sien dat God reeds alles gedoen het wat nodig is nie. Hy het inisiatief geneem, ’n Verlosser gestuur en sy verbond aan jou en my ook kom volbring.

Sing: Psalm 25-1:1, 7

Ds. HJ (Herman) Coetzee (Amanzimtoti)

Woensdag 17 Januarie

Skrifgedeelte: Job 19:23-29 (AFR2020)
Fokusgedeelte: Job 19:25

Ons Verlosser leef!

Job het in sy worsteling om die verborge deel van God se wil te verstaan, aan die Here bly vashou. Die Here het hom gelei om te leer hoe om met waarom-vrae te worstel. Job het nie die hele tyd so styf aan God bly vashou nie, maar hy het die Here nooit gelos nie. Sy swaarkry was in stadiums so erg dat hy vergeet het dat God onveranderlik is. Tog het die Here Hom nie een keer gelos nie.

Dit gebeur ook dat ons hande in 'n geloofstryd gly. Maar deur die worsteling is die Here besig om daardie versekering. Ondanks alles wat met Job gebeur het en ondanks alles wat sy vriende gesê het, weet hy dat sy Getuie in die hemel is. God is sy getuie en Hy weet dat Job onskuldig is. Die Heilige Gees laat Job se sekerheid van hoop groei. God is naby; Hy is sy Getuie in die hemel.

Dit is dan in hierdie diepste wanhoop, op die bodem van alle menslike krag en uithouvermoë, dat die Heilige Gees die hoop so sterk in Job laat deurbreek dat hy kan sê: Maar ek, ek weet: My Losser leef.

Met die kruis van Christus word die woorde van Job 'n werklikheid. Ons Verlosser leef! Die Here op wie Job gehoop het, het Homself in Jesus Christus aan ons bekendgemaak. Hy het nie net ons saak aan God gestel nie, maar ook die straf wat ons moes kry, in ons plek gedra.

Ons is in ons verhouding met God herstel. Ons is kinders van God. Met sy bloed het Christus ons vrygekoop van die slawebande van die sonde.

Mag die Heilige Gees elkeen van ons laat sien dat Jesus Christus ons vashouplek van sekerheid en hoop is en bly tot in ewigheid.

Sing: Skrifberyming 3-1:2, 3

Ds. HJ (Herman) Coetzee (Amanzimtoti)

Donderdag 18 Januarie

Skrifgedeelte: Deuteronomium 29:1-23
Fokusgedeelte: Deuteronomium 29:1-23

Die Here se verbond met ’n nuwe geslag in nuwe omstandighede

Hoor ons van die Here God se verbond, dink ’n mens terug aan die doop. So koppel ons die verbond aan die verlede. In werklikheid raak die Here se verbond met ons, benewens die verlede, ook die hede en toekoms.

Die Here het sy volk uit Egipte gelei. By Horeb het Hy sy verbond met hulle gesluit. Ondanks sy troue sorg en beskerming het hulle Hom nie vertrou om die beloofde land vir hulle te gee nie. ’n Hele kleingelowige geslag het omgekom (Num. 14:23).

Veertig jaar het verloop. Naby die einde van sy lewe en by die grense van die beloofde land het Moses die Here se verbond met die nuwe geslag hernu. Sy verbond geld oud en jonk; leiers en volgelinge; base en dienaars; mans en vroue; selfs die nie-Israeliete by hulle en die komende geslagte (Deut. 29:10, 11, 15). Die Here se genade is grensloos.

Juis die volk se neiging (ook ons s’n) om ontrou aan die Here te raak, noodsaak meer as verbondsvernuwing met ’n nuwe geslag. In en deur Jesus Christus het God ’n nuwe verbond gesluit. Die inhoud van die verbond by Horeb bly geldig: Hy is ons God en ons sy volk aan wie Hy Hom in genade verbind het (Deut. 29:13). Ons, geloofsnasate van Abraham (Rom. 4:12), kan sy beloftes gelowig toeëien.

Die Here stel wel eise: Ons moet Hom as die enigste God erken en Hom alleen heelhartig dien. Wie dit doen, ervaar sy seën. Wie afdwaal, ervaar weer dat die tugmaatreëls wat by die verbondsluiting aangekondig is, in werking tree. Die Here se doel met die tugmaatreëls is om ons verhouding met Hom te herstel.

Ons en ons kinders moet onder leiding van die Heilige Gees in ’n getroue, lewende verhouding leef met die Here ons God.

Sing: Psalm 89-1:1, 6 / 89-2:1, 5

Ds. JH (Johan) Jordaan (Emeritus)

Vrydag 19 Januarie

Skrifgedeelte: Deuteronomium 30:1-8
Fokusgedeelte: Deuteronomium 30:6 (AFR53/AFR20)

Die Here bewerk ’n veranderde hart gevul met liefde vir Hom

Kan ’n mens radikaal verander? Nie maklik nie! By die grens van die beloofde land het Moses die toekoms ingekyk. Die volk wat die Here soveel keer teleurgestel het, sou dit steeds doen. Dit kon daartoe lei dat hulle weggevoer word. Wanneer hulle in die vreemde tot inkeer kom, sou die Here hulle en hulle nageslag radikaal verander.

In die grondteks gebruik hy ’n besondere beeld vir daardie verandering: “Die Here jou God sal jou hart besny en die hart van jou nageslag.”

- In die Bybel bepaal my hart wie ek regtig is; wat ek doen en laat.
- Die besnydenis was die teken en seël van die Here se genadeverbond met sy volk. Met die besnydenis is alles wat nie aan die Here gewy is nie, simbolies afgesny en weggegooi.

Die Here bewerk die besnydenis van ons hart deur sy Gees (Rom. 2:29). Dit wat in my hart oorgebly het wat nog nie aan die Here gewy is nie, verwyder Hy uit my lewe. Ek en alles in my sal in die teken daarvan staan dat ek aan die Here alleen gewy is.

Wie se hart besny is, maak onmiddellik erns met die nakoming van die groot liefdesgebod. Uit liefde vir die Here alleen rig ek elke faset van my lewe in volgens die Here se wil. My enkele doel is dan om my Vader in die hemel nie teleur te stel nie; om te doen wat Hy van my verwag.

Die Heilige Gees maak my en my nageslag gewillig en bekwaam om gehoorsaam aan Hom te leef. Iemand wie se hart die Here besny het, lei ’n ryk geskakeerde, gebalanseerde lewe; ’n lewe waarin elke faset gerig is op een doel: dat die Naam van die Here ons God daarin verheerlik sal word!

Sing: Skrifberyming 12-3:1, 2

Ds. JH (Johan) Jordaan (Emeritus)

Saterdag 20 Januarie

Skrifgedeelte: Hosea 1:1-9
Fokusgedeelte: Hosea 1:2-9

’n Huwelik en gesin en die Here se oordeel en genade

Hoe sou ’n huwelik en gesin lyk waardeur die Here ’n boodskap aan sy kerk wou tuisbring? ’n Uiters voorbeeldige, modelgesin?

Die Here het vir Hosea, sy profeet, opdrag gegee om ’n straatvrou te neem wat buite-egtelike kinders het. Die rede: sy gesin moes ’n spieël wees waarin die volk hulle ontrou aan die Here afgebeeld kon sien. Hulle was besig om die Here se oordeel op hulle te haal.

Drie keer het Hosea se vrou, Gomer, swanger geword. Sy het vir Hosea ’n seun in die wêreld gebring. Hosea moes hom Jisreël noem. Jisreël beteken: God saai. Jisreël klink baie na Israel. Koning Jehu van Israel het in opdrag van die Here die seuns van Agab in Jisreël doodgemaak. Dit was ’n bloedbad. Daarvoor sou die huis van Jehu boet. Hulle koningskap sou tot ’n einde kom. Die leër van Israel sou in die vlakte van Jisreël vernietig word. God sou onheil vir Israel saai.

Gomer het toe die lewe geskenk aan ’n dogter, genaamd Lo-Rugama (nie-ontferming). Die Here sou Hom nie weer oor Israel ontferm, hulle sonde vergewe nie. Tog is daar ’n positiewe noot. Hy sou Hom wel oor Juda ontferm; hulle wonderbaarlik red.

Gomer het toe weer ’n seun gekry. Sy naam: Lo-Ammi (nie my volk nie). Met hierdie naam waarsku die Here dat sy volk daarop afstuur dat hulle weens hulle ontrou nie meer sy volk sou wees nie.

Hoe lyk ons in die spieël van Hosea 1? Ten spyte daarvan dat ons die Here se oordeel verdien, ontferm Hy Hom in genade op grond van Christus se verdienste oor ons. Selfs die aankondiging van komende oordeel bied geleentheid om tot inkeer te kom en die Here ons God onder leiding van sy Gees getrou te dien.

Sing: Psalm 51-2:1

Ds. JH (Johan) Jordaan (Emeritus)

Sondag 21 Januarie

Skrifgedeelte: Hosea 11:1-11
Fokusgedeelte: Hosea 11:6

Die oormag van die Here se genade

In hulle begindae as sy volk het die Here hulle, soos 'n pa sy kind, leer loop; hulle gedra wanneer dit nodig was; hulle las draaglik gemaak. Sy volk het Hom teleurgestel. Hulle was ontrou aan Hom deur afgode te vereer.

Wanneer iemand ons diep teleurstel, vertrou ons hom nooit weer ten volle nie. Wanneer 'n kind byvoorbeeld sy ouer se liefde bly vertrap, verloor selfs die ouer uiteindelik geduld. Hy kan hom van sy kind onttrek; sy kind eenvoudig op sy eie koers laat voortgaan.

Die volk van God stel die Here met hulle ontrou diep teleur. Hoewel sy volk van toe en vandag verdien dat die Here Hom aan ons onttrek, of ons in toorn straf, doen Hy dit nie.

Hy is gans anders as ons. Hy vra herhaaldelik hoe kan Hy handdoek ingooi met sy volk? Hoe kan Hy hulle eenvoudig laat vaar? Hy sê Hy sal nie in brandende toorn teen sy volk optree nie. Waarom nie? Sy antwoord: Want Ek is God, nie 'n mens nie.

Die Here God sien ons in genade aan. Sy genade is nooit tevergeefs nie. Hy sou sy verstrooide volk roep met wat klink soos die brul van 'n leeu. Hosea 11 sluit af met die belofte dat sy volk in antwoord op sy roep vol ontsag vir Hom sou terugkeer na hulle huise. Die Here verbind die terugkeer van sy volk aan Jesus wat na die kindermoord onder Herodes uit Egipte teruggekeer het (Matt. 2:14-15). Die Here betoon op grond van Jesus Christus se verdienste genade.

Wie die Here se roep hoor en met ontsag daarop antwoord, leef weer aan Hom verbonde. Die Here se trou het geen einde nie. Daaroor kan en mag ons ons ook vandag verbly!

Sing: Psalm 84-1:2

Ds. JH (Johan) Jordaan (Emeritus)

Maandag 22 Januarie

Skrifgedeelte: Jesaja 52:1-12
Fokusgedeelte: Jesaja 52:5

Daar is geen rede om vrygekooptes verder te straf nie

Mens wil dit twee keer lees om seker te maak jy het dit reg gelees. God se opmerking dat sy volk sonder rede weggeneem is in ballingskap ... Ons weet tog wat die rede was. Het Hy dit dan nie deur een na die ander van sy profete bekendgemaak nie? Dat dit weens hulle sonde was dat God eers vir Assirië en later vir Babel gebruik het om sy volk uit die beloofde land weg te voer. Hy het selfs sy tempel laat afbreek in simboliek dat Hy Hom van sy volk onttrek het. Hulle het sy verbond verbreek en daarom het Hy die ballingskap-ellende oor hulle laat kom wat Hy al deur Moses gewaarsku het sou gebeur (Deut. 28). Dit kan tog nie wees dat God vergeet het daarvan nie?

Hierdie profesie handel nie oor die hele volk soos wat hulle vroeër uit Kanaän weggevoer is nie, maar oor daardie klompie wat Hy vrygekoop het om terug te gaan (Jes. 51:11). Hulle word vrygekoop van die sondeskuld en daarom besluit God om nie meer aan hulle sonde te dink nie (Heb. 8:12). As vrygekooptes is daar geen rede meer vir hulle ballingskap nie, en daarom sy opmerking dat hulle nou sonder rede daar is.

In barmhartigheid sien God sy volk se smart raak en ter wille van sy Naam koop Hy hulle vry om terug te keer na die beloofde land sodat sy trou aan sy verbond bo verdenking en minagting sal staan. Sy belofte van dié een uit Abraham se nageslag in wie al die nasies geseën sou word, dié een uit Dawid se nageslag wat ewig sal regeer, dié een wat hulle destyds, net soos ons vandag, met sy lewe sou vrykoop van sonde en sou verlos van ballingskapstraf.

Elkeen in alle tye wat van harte met dade glo in Jesus Christus word deur sy geregtigheid beklee sodat ons nie meer tuishoort in die ballingskap van Adam uit die paradys in hierdie ontaarde sondige wêreld nie. Ons Here koop ons vry met sy offer en oorwinning, was ons skoon met sy lewensbloed sodat ons weldra terug sal wees in ons beloofde land – vir ewig terug by God self.

Sing: Skrifberyming 5-4:1, 2, 5, 6

Ds. AJ (Andries) Burger (Pinetown)

Dinsdag 23 Januarie

Skrifgedeelte: Jesaja 52:13 – 53:12
Fokusgedeelte: Jesaja 52:13 – 53:12

Dit is Hy wat ons verteenwoordig, sý beeld wat ons moet uitstraal

Vir die Jode was dit verwerplik om eens te kon dink dat so ’n patetiese figuur die Seën uit Abraham kon wees; die ewige Heerser uit Dawid. In hulle verwagting van die Messias was daar nie plek hiervoor nie. Hierdie beskrywing van die Here se Dienskneg, Jesus Christus, is verbysterend. Die beskrywing van lyding en verwerping, van opoffering en selfverloëning, is verruklik. Dit vul mens met afgryse, maar terselfdertyd met verwondering – Hy het dit vir my gedoen?! En dit is net maar nog sy fisiese lyding. Om daarby nog deur God verlaat te word, was letterlik hel! Verstommend dan om verder te besef dat Hy dit vrywillig gedoen het in gehoorsaamheid aan sy Vader, in vervulling van sy roeping as Messias. ’n Asemrowende uitbeelding van God se liefde. Verbysterend voorwaar. Dit was die prys om elkeen wat Hom in geloof sou omhels, vry te koop van die heerskappy en van die straf op sonde. Sy opoffering as losprys vir ons wat daadwerklik glo, bring versoening met God, dit herskep ons in Christus as verteenwoordigers van die Drie-Enige God, herstel in sy beeld. Die Heilige Gees omvorm ons om al meer gelyk te word aan die beeld van Jesus Christus. Deur sy werk van heiligmaking in ons verstel Hy ons uitbeelding sodat Jesus Christus self in ons al meer in fokus kom. Watter Jesus beeld ek en jy in ons lewens uit? Is die geslagte Lam van God sigbaar in my en jou optrede, in ons woorde en ons gedagtes? Die gevaar is groot dat ons ook soos die Jode net belangstel in die Leeu van Juda – om sy mag en sy heerskappy en sy heerlikheid uit te leef en sigbaar te maak. Dit sal kom, maar in hierdie bedeling voordat Hy weer kom is ons dissipels, navolgers van God se geslagte Lam. Hy roep ons self op tot selfverloëning en deur Paulus leer Hy ons dat ons ook sy lyding sal sigbaar maak. Lees weer die gedeelte – dit was die prys om ons te verlos van sonde en ons te herstel as God se verteenwoordigers; dit is ’n beskrywing van dié God wat ons moet uitbeeld en tentoonstel in ons denke, met ons woorde en met ons gedrag.

Sing: Skrifberyming 14-1:2, 3 *Ds. AJ (Andries) Burger (Pinetown)*

Woensdag 24 Januarie

Skrifgedeelte: Esegiël 16:1-6
Fokusgedeelte: Esegiël 16:6 (AFR 33/53; AFR83; AFR2020)

God gee Homself vir jou sodat jy kan leef

Die HERE gee vir ons die boek Esegiël om ons te bemoedig wanneer ons ons in moeilike omstandighede bevind. Hierdie moeilike omstandighede is nie al die moeilikhede soos ons kragkrisis en ons deurmekaar politike en ekonomiese omstandighede nie. Dit gaan hier oor jou verhouding met God. Hoe lyk jou persoonlike verhouding met God? Ons Drie-Enige God (Vader, Seun en Heilige Gees) praat met ons in Esegiël sodat ons Hom beter kan leer ken.

Die HERE wil ons tot die besef bring dat Hy die enigste ware God is en dat die dinge wat in jou lewe gebeur, is omdat Hy dit so wil en Hy doen dit sodat jy kan weet dat jy die sin van jou lewe sal vind in 'n lewende verhouding met Hom.

In ons teksgedeelte gebruik die profeet 'n skokkende metafoor van 'n pasgebore babatjie wat in die veld weggegooi word. Die kind se pa was 'n Amoriet en haar ma 'n Hetiet en so beklemtoon hy die heidense oorsprong van die kind. Hierin word ons opnuut weer herinner dat ons in sonde ontvang en gebore is.

Ons het geen aanspraak om enigeiets van God te verwag nie, maar tog ontferm die HERE Hom oor ons. Ons is soos daardie babatjie wat daar in die veld weggegooi is, ook besig om in die bloed van ons in sondegevallenheid te lê. As God nie ingryp nie, sal ons in sonde sterf net so seker as wat daardie weggooibabatjie in die veld sal sterf as niemand haar help nie.

Maar God is daar en Hy sê: "Bly leef!" God gee Homself vir jou. Hy het sy Seun gestuur om die vloek van die sonde te kom dra sodat jy kan leef. Glo jy dit? Wees getroos in die wete dat God Homself vir jou gee sodat jy kan leef!

Sing: Skrifberyming 2-4:1

Ds. JG (George) van der Walt (Emeritus)

Donderdag 25 Januarie

Skrifgedeelte: Esegiël 16:6-14
Fokusgedeelte: Esegiël 16:14 (AFR 33/53; AFR83; AFR2020)

God gee vir jou ’n lewe in oorvloed

In die vorige oordenking het ons gehoor hoe die HERE met sy genade in ’n verlore lewe ingryp en mense se oënskynlike hopelose lot verander. Die profeet gebruik hier die metafoor van ’n pasgebore babatjie wat in die veld weggegooi is. Waar die kind in haar eie bloed lê en spartel tot die dood toe, gee die HERE ’n kans op lewe. Daar waar jy lê en spartel in die hopeloosheid van jou sonde tot die dood toe, gee die HERE jou ’n kans op lewe.

Maar die HERE gee nie net ’n kans op lewe nie. Hy gee aan jou ’n lewe in oorvloed. Die profeet gebruik nou ’n volgende metafoor van ’n veldplant wat gedy en groei onder die HERE se sorg. Die vorige metafoor van ’n vondelingskind beklemtoon die HERE se genade, terwyl hierdie volgende metafoor sy sorg vir jou beklemtoon.

Daar waar die HERE in ’n lewe ingryp, gebeur die mooiste wonderwerk. Die profeet gebruik nou die metafoor van ’n beeldskone jong meisie om die HERE se liefde te verduidelik. Die HERE bring ’n aangenome kind sonder enige regte in ’n intieme naby verhouding van ’n huwelik met Hom tot stand.

Jesus noem sy kerk sy bruid. Hy is die bruidegom wat sy lewe vir sy bruid afgelê het sodat sy kan lewe. Die huwelik is die intiemste van alle persoonlike verhoudings. God se genade het jou gaan haal waar jy ver en verlore was sodat jy in ’n intieme persoonlike verhouding met Hom kan saamleef.

Deur jou geloof in Jesus as jou enigste Verlosser en Saligmaker kan jy in ’n persoonlike verhouding met God saamleef. Gryp dit in geloof vas, want God gee vir jou ’n lewe in oorvloed. Hierdie oorvloed is God se teenwoordigheid in jou lewe. Wanneer God aan jou sy is, kan jy die lewe vierkantig in die oë kyk, maak nie saak wat oor jou pad kom nie.

Sing: Skrifberyming 1-1:1

Ds. JG (George) van der Walt (Emeritus)

Vrydag 26 Januarie

Skrifgedeelte: Esegiël 16:15, 58-63
Fokusgedeelte: Esegiël 16:60, 62-63 (AFR 33/53; AFR83; AFR2020)

Die HERE sal jou nooit los nie

Deur sy genade gee die HERE vir jou lewe en Hy gee dit in oorvloed. En tog, so hoog as wat mens kan styg deur die genade van die HERE, so laag kan ons soms daal. Die aantreklike metafoor van ’n spogbruid verander nou in die afstootlike beeld van ’n ontroue vrou. Vanaf Esegiël 16:15-57 beskryf die profeet vir ons die skokkende gedrag van ’n spogbruid wat haarself nou tot prostitusie begeef het. Sy het nou op haar skoonheid wat die HERE vir haar gegee het staatgemaak en die geskenke wat sy ontvang het, het sy nou vir verkeerde doeleindes begin gebruik. Hoogmoed is een van die groot slaggate wat op elke Christen se lewenspad loer en ons val so maklik daarin. Ons vergeet dat dit wat ons is en het, net op grond van God se groot genade daar is. Ons begin dink dat ons so bietjie beter as ander mense is of ons word verlei deur die sogenaamde “aantreklikhede” van die wêreld. Dit wat verkeerd is, word nou reg. Die HERE beskryf vir ons die gevolge daarvan om van Hom af weg te draai. Dit wat so aantreklik is, word naderhand ’n bitter pil om te sluk. Hulle sê dat alles met ’n rede gebeur. Somtyds is die rede vir moeilikhede wat oor pad kom dat ons dwaas opgetree het. En tog, ten spyte van die donker prentjie van God se oordeel wat hier voorgehou word, skyn God se genade soos ’n helder lig deur die donkerte. Daar is hoop. Daar is weer tyd vir ’n nuwe begin saam met die HERE. In die Nuwe Testament hoor ons van die donkerte van ’n kruis, maar die lig van Jesus se opstanding is dat Hy die dood oorwin het en Hy bekragtig die nuwe verbond waarvan die HERE ons hier vertel. Die HERE beloof dat Hy sy verbond self in stand sal hou, naamlik dat Hy vir ons ’n God sal wees en dat ons in Jesus sy kinders sal wees. Dis nie ons skuldbesef wat genade bring nie. Dis God se genade wat die skuldbesef in ons wakker maak. Die HERE sal jou nooit los nie en Hy soek jou keer op keer weer op. Onthou die skande van jou skuldbesef wat volg op die HERE se genade sodat jy nie weer in boosheid verval nie.

Sing: Psalm 130-1:1, 2 *Ds. JG (George) van der Walt (Emeritus)*

Saterdag 27 Januarie

Skrifgedeelte: Esegiël 37:15-28
Fokusgedeelte: Esegiël 37:19

God se volk is een

God se volk het geskeur in die tyd van koning Rehabeam: Israel in die noorde en Juda in die suide. In Esegiël se tyd lyk dit nog meer onmoontlik om een te word as gevolg van ballingskap: Israel in Assirië en Juda in Babilonië. Maar Hy sê hulle sal een word. Hy gee aan Esegiël 'n opdrag om twee stukke hout bymekaar te maak en die name van Israel en Juda daarop te skrywe en om dit een stuk hout te laat word as simboliek van hulle eenwording.

Die Here sê ook wanneer dit gaan gebeur. Wanneer die Koning gaan kom en op die troon van Dawid gaan sit en heers. Dit beteken dat die Messias dit vervul het toe Hy aan die kruis gesterf het, opgestaan het uit die dood, opgevaar het na die hemel en gaan sit het aan die regterhand van die Vader. Hy heers nou as ewige koning oor die wêreld en in die besonder oor sy kerk (1 Kor. 15:52). Hy het sy onderdane uitgestuur om dissipels te maak van al die nasies. Sy volk is een gemaak, die middelmuur van skeiding is afgebreek en almal wat ver was en wat naby is, is een gemaak (Ef. 2:13,14).

Dit lyk soms of die kerk verdeeld en geskeur en verbrokkel is. Daarom gee Hy ons die opdrag om hierdie eenheid in Hom te bewaar deur uit dankbaarheid alles te onderhou wat Hy ons beveel het (Matt. 28:19). Ons Here Jesus Christus het 'n duur prys betaal om ons een kudde in Hom te maak sodat Hy een Herder oor ons sal wees. Bewaar hierdie eenheid deur sy gebooie te gehoorsaam!

Sing: Psalm 2-1:2, 4

Ds. G (Gerhard) Janse van Rensburg (Durban-Noord)

Sondag 28 Januarie

Skrifgedeelte: Sagaria 3:1-10
Fokusgedeelte: Sagaria 3:4

God verruil ons vuil klere vir feesklere

Josua die hoëpriester staan voor die Engel van die Here. Die hoëpriester moes homself met skoon water was en 'n skoon linnekleed aantrek voor hy in die tempel kon ingaan. Hy moes ook vir homself en vir die volk se sondes offers bring. Maar Sagaria die hoëpriester staan met vuil klere aan en Satan staan ook daar om hom aan te kla. Die Here bestraf Satan en beveel dat Josua se vuil klere weggeneem moes word en dat feesklere vir hom aangetrek moes word. Net God kan sondes vergewe (Mark. 2:7).

Dit is dus duidelik dat hierdie Engel van die Here die Seun van God is. Maar Hy het eers jare later mens geword en deur sy lewe en sterwe betaal vir sy volk se sondes. Maar hoe kon God voor Christus se menswording vergifnis van sonde gee? Omdat Hy God is en dit onmoontlik is vir God om iets te belowe en dit nie dadelik waar te maak nie. Hy verkondig van die begin af die einde omdat Hy onveranderlik en vas is asof dit klaar vervul is.

As Josua, die hoëpriester van God se volk, sondig is, so ook ons. Maar God het ons gekies om ons soos brandhout uit die vuur te ruk. Hy neem ons sonde weg en beklee ons met feesklere. Die bose het geen aanklag wat kan staan teen ons nie. God gee ons rede tot groot feestelikheid. Vir hierdie rede, laat staan jou neerslagtigheid en vier saam fees en verbly jou altyd in die Here.

Sing: Psalm 116-1:7, 10

Ds. G (Gerhard) Janse van Rensburg (Durban-Noord)

Maandag 29 Januarie

Skrifgedeelte: Sagaria 9:9-17
Fokusgedeelte: Sagaria 9:9

’n Oproep tot blydskap

Nadat die volk van die Here uit ballingskap teruggekeer het, was daar geen koning in Israel nie. Die land was deur goewerneurs regeer. Daar was soveel profesieë wat vooruit gesê het dat hulle koning eendag sou kom. Sagaria bring die goeie nuus, naamlik dat God se volk hulle moes verheug omdat hulle Koning gaan kom. Dit sou in werklikheid nog bykans 500 jaar wees. Hulle moes, deur die geloof, Hom met vreugde verwag en inwag.

Die Messias, Jesus, se geboorte het toe aangebreek. Die koning het gekom! As volwassene het Christus die profesie van die profeet Sagaria vervul. Hy het as koning in Jerusalem ingery op die rug van ’n esel. Regverdig, ’n oorwinnaar en nederig. Hy kom om te heers van see tot see en om aan die nasies vrede te verkondig (vs 10). Dit het Hy ook gedoen deur aan sy dissipels na sy dood en opstanding die groot opdrag te gee om heen te gaan en die evangelie aan al die nasies te verkondig.

Sagaria moedig God se volk aan om hulle te verbly terwyl hulle nog moes wag vir die vervulling daarvan. Soveel te meer word ons geroep tot blydskap omdat dit alreeds vervul is. Ons koning het gekom. Hy is besig om te heers terwyl sy kerk die boodskap van vrede, dit is die evangelie, na die hele wêreld neem. Die Koning het gekom en sy Vader is besig om sy vyande ’n voetbank van sy voete te maak.

Kind van God, verbly jou grootliks daarin dat jou Koning gekom het en jou deur sy bloed verlos het. Wees bly, word vertroos en lewe in dankbaarheid.

Sing: Psalm 48-1:1, 2, 4

Ds. G (Gerhard) Janse van Rensburg (Durban-Noord)

Dinsdag 30 Januarie

Skrifgedeelte: Maleagi 3:1-5
Fokusgedeelte: Maleagi 3:1-5 (AFR2020)

Die Here louter jou met vuur om jou hoop te veredel, nie te verydel nie

Nes jy dink dit kan nie slegter nie, kry jy nog slegter nuus! So was dit die geval met die teruggekeerde Joodse ballinge. Dit gaan sleg met die landbou. Daar is droogte. Mense raak hooploos, roekeloos. Help dit nog om die Here te dien?

Nou hoor hulle die ergste kom nog. Die oordeel van die HERE begin by die huis van die HERE, nie by die goddelose van die land nie! Maar let op: dis ’n oordeel wat reinig, suiwer. Dis nie ’n oordeel wat straf, vernietig nie. God louter sy kerk om haar te suiwer. Sy is sy kosbare eiendom soos silwer. Silwer word nie deur vuur vernietig nie, maar gesuiwer. Hy louter sy kerk om haar hoop te veredel, nie te verydel nie.

Met die goddelose is dit anders. Hulle is soos kerswas, kaf in God se vuur. Niks bly oor as sy vuur met hulle klaar is nie.

Met hierdie uitspraak kry die volk ook ’n profetiese blik op die koms van Christus. Sy eerste koms is dié van ’n herder wat sy lewe aflê vir sy skape. Sy tweede koms is dié van ’n regter wat oordeel, wat al ons werke beoordeel, of dit goed was of sleg. Tegelyk is Hy die Bruidegom wat sy stralende bruid in ontvangs neem. Die bruid is die kerk wat deur baie loutering in God se koninkryk gekom het. God het haar hoop veredel, nie verydel nie.

Ook jy is kosbare eiendom van God, duur gekoop met die bloed van Christus. Daarom sal die Here jou louter tot jy uiteindelik so volmaak en volwasse soos Christus is. Onthou: die Here louter jou om jou hoop te veredel, nie te verydel nie!

Sing: Skrifberyming 2-4:1-3

Ds. SP (Sollie) Vermaak (Pietermaritzburg)

Woensdag 31 Januarie

Skrifgedeelte: Maleagi 3:13 – 4:3 (AFR2020)
Fokusgedeelte: Maleagi 3:13 – 4:3

Die dag van die HERE kom – tot jou voordeel of jou oordeel!

Waar is God in hierdie verflenterde wêreld met al sy seer, korrupsie en misdaad? Die misdaadsindikate het 'n lekker lewe terwyl die wetsgehoorsame burgers aan die kortste ent trek. Hierdie vraag word nie nou eers gevra nie.

Gelowiges in Maleagi se dag het ook met die sin van die lewe geworstel. Die droogte, politieke verwarring, maatskaplike onreg en korrupsie vernietig die land. Waar is God? Hoekom gryp Hy nie in nie? Die dag van die HERE kom nie soos Hy beloof het nie. Die goddelose kom weg met onreg, leef in oorvloed, terwyl dié wat toegewyd aan die HERE leef, aan die kortste ent trek.

Perspektief is nodig om die dag van die HERE reg te verstaan. Dit gaan nie primêr oor vergelding nie, maar oor die koms van God se koninkryk. Daar is uitverkorenes onder die goddelose wat soos brandhout uit die vuur geruk moet word. Daarom is die tyd wat die dag van die HERE voorafgaan nie net 'n louteringsperiode vir die gelowige nie, maar ook genadetyd vir die ongelowige.

Wanneer Jesus mens word, bly die dag van die HERE 'n moeilike begrip, selfs vir Johannes die Doper! "Daar is die Lam van God", proklameer hy. Die byl is teen die wortel. Die hooivurk is in sy hand. Die dag van die HERE kom met oordeel, maar Johannes sien niks daarvan nie. Ook hy moes leer: eers genadetyd, dan die dag van die HERE.

En ons, is ons nie ook die vrug van God se genadetyd nie, is ons nie ook brandhout wat uit die vuur geruk is nie?

Maar die dag van die HERE sál kom, volgens die tyd op God se horlosie, politieke verwarring nie myne nie. Sy dag kom tot voordeel van die gelowige, maar tot oordeel van die goddelose.

Sing: Psalm 68-1:1, 4

Ds. SP (Sollie) Vermaak (Pietermaritzburg)

KWARTAAL 1

TEMA: DIE EERSTE STEM VAN VERTROOSTING (Jesaja 40:1-2)

Hierdie stem troos die volk oor hulle skuld en skaamte wat weggeneem is (fokus hier op skuldvergifnis, versoening, regverdigmaking, Middelaarswerk van Christus, ensovoorts).

FEBRUARIE: God se verlossingstroos realiseer in die Evangelies

Donderdag 1 Februarie

Skrifgedeelte: Lukas 1:26-38
Fokusgedeelte: Lukas 1:31-33

Die groot beloofde Koning is op pad

Lukas 1:26-38 vertel van die tweede aankondiging van Jesus se geboorte. Die engel bring die nuus van ’n wonderbaarlike swangerskap. Méér as net die aankondiging van ’n swangerskap, is hierdie ’n amptelike verklaring deur ’n hemelse boodskapper oor die koms van die Koning.

Na die aanvanklike skok en verbystering deur die engel se verskyning en groet, troos die engel Maria met God se teenwoordigheid en beloftes. Hy sê dat sy sal swanger word en geboorte gee aan ’n seun (1:31). Dit is ’n groot vraagteken vir Maria (1:34), maar die hoofsaak van die engel se boodskap lê in dié Seun se identiteit. Die klem van die gedeelte is nie die manier van Jesus se geboorte nie. Die fokus is eerder God se genadige werk in die nakoming van die belofte om sy volk te verlos.

Die seun wat gebore gaan word, sal die een wees volgens die Dawidiese belofte (1:31-35). Die Jode verwag die Messias uit die nageslag van Dawid (2 Sam. 7; 1 Kron. 17). Die beloofde koning sal die volk se skuld en skaamte wegneem. Hierdie koning sal:

- groot wees (seun van die Allerhoogste),
- ’n verlosser en regeerder van die volk,
- Hy sal regeer tot in alle ewigheid,
- en God sal met hom ’n Vader-seun verhouding hê.

Nou word die nuus amptelik bekend: Die koninkryk van God sal nou in die wêreld deurbreek omdat die beloofde Koning self aan die kom is. Dit is hierdie koning wat aan ’n kruis gaan hang, Godverlate gaan wees vir al God se begenadigdes. Dit is Hy wat die dood gaan oorwin

en as koning op die troon aan die regterhand van die Vader gaan sit. Wat oor sy kerk regeer, en wat die Koning van ons lewe is. Dit is Hy in wie se koninkryk ons deel het as hemelse burgers!

Let op hoe reageer Maria op die goeie nuus van die geboorte van die koning (1:38). Sy stel haarself as diensmaagd tot die Here beskikbaar. Dit is wat Christus die Koning ook van ons vra. Sê daarom: "Gebruik my soos U wil."

Sing: Psalm 89-1:2, 3

Ds. MJ (Johan) Willemse (Vredenburg/ Saldanha)

Vrydag 2 Februarie

Skrifgedeelte: Lukas 2:8-20 (AFR33/53)
Fokusgedeelte: Lukas 2:10, 11

Goeie nuus van groot blydskap!

Na Jesus se geboorte (Luk. 2:1-7) breek die laaste van drie gebeurtenisse aan waarby sy geboorte aangekondig word (Luk. 2:8-20). As iemand in die antieke wêreld sou vra of daar 'n belangriker persoon as die keiser is, sou die antwoord sekerlik "nee" gewees het. Tog is dit die geboorte van 'n seuntjie in 'n plattelandse Judese dorpie wat veroorsaak dat die engele in lofprysing uitbars. Die meeste koninklike figure se geboortes gaan gepaard met groot seremonies en feesvieringe. Maar Jesus se geboorte is nederig, en tog is dit hieroor dat die hemel sing.

Die engel bring die goeie nuus van groot blydskap vir die volk. Die inhoud van hierdie goeie nuus is die seuntjie (2:11). Vandag is vir julle, in die stad van Dawid (soos God dit belowe het, in Miga 5) gebore:

- Die Saligmaker. Die titel weerspieël die roeping van Jesus om die uitverkorenes te verlos (1:46-55, 67-79).
- Die Christus. Die Ou-Testamentiese Messias verwys na die een wat die volk gaan regeer en vrede gaan bring. Hieruit sien ons God se getrouheid aan sy belofte om die gesalfde te stuur.
- Die Here. Dit is Hy vir wie selfs die grote koning Dawid Here genoem het (Ps. 110). Dit beskryf Jesus se heersersmag en gesag (Ps. 2). As Here sal Hy sy mag oor die sonde en bose wys deur dit te oorwin in sy sterwe en opstanding. Later sal die titel verwys na

die soewereiniteit wat Jesus besit as die een wat verlossing bring (Luk. 20:41-44; Hand. 2:33-36; Fil. 2:9-11).

Die inhoud van Lukas 2 aangaande Jesus Christus se geboorte is vir ons goed bekend. Die vraag is egter of die diepte daarvan al by ons inslag gevind het? Indien wel, sal daar getuienis en lofprysing daaruit voortvloei (2:17, 20). Mag ons opnuut in verwondering wees oor Jesus Christus, die Saligmaker, die Christus, die Here, maar ook ons Saligmaker, ons Christus en ons Here.

Sing: Skrifberyming 4-4 (Ou Sb. 4):3, 4

Ds. MJ (Johan) Willemse (Vredenburg/ Saldanha)

Saterdag 3 Februarie

Skrifgedeelte: Lukas 2:25-35 (AFR83)
Fokusgedeelte: Lukas 2:27-29

Wees verwonderd!

Simeon was een van die mense wat in stilte die Here van harte en met eerbied gedien het. Die wet van die Here was die rigsnoer van sy lewe. Hy het uitgesien na die koms van die Verlosser van Israel. Die gelowiges het verwag dat God die lot van sy volk sal verander deur die verskyning van die Messias. Dié verwagting kom vanaf Jesaja 40:1. Die Heilige Gees was op Simeon. Hy word beskryf as iemand wat besonders naby die Here geleef het. Tog is dit nie Simeon se vroomheid wat lei tot sy vreugde nie ...

Simeon is soos die wagter wat deur die donker ure van die nag gewag het op die verskyning van die “son van redding” (Mal. 4:2). Die wagtyd is nou verby, die Verlosser het gekom. Dís waaroor Simeon juig! Hy juig oor Jesus. Hy prys die Here oor hierdie Lig!

Josef en Maria is dan verwonderd oor wat oor Jesus gesê word. Hierdie verwonderd-wees is nie ’n verwondering in die sin dat hulle verbaas was nie, maar verwonderd oor die grootsheid van die oomblik. Maria en Josef is immers al lankal vertel dat Jesus die Seun van God is. Simeon se loflied, Maria en Josef se verwondering – alles oor Jesus Christus.

Wat van my en jou? Het ons al gewoond geraak aan die verlossing? Het ons geestesoë al aangepas by die Lig? Moenie toelaat dat die

grootsheid, die wonder, die genade van die koms van Christus vir jou nie meer besonders is nie!

Sing: Skrifberyming 1-6:1, 3

Ds. DG (Dinant) Zwemstra (Strand)

Sondag 4 Februarie

Skrifgedeelte: Lukas 2:36-38 (AFR83)
Fokusgedeelte: Lukas 2:38

Christenskap is nie privaat nie

Toe Simeon Jesus gesien het, was hy kinderlik opgewonde – tot so ’n mate dat hy nou maar in vrede kan sterf, want hy het die Verlosser, waarna hy so verlang het, gesien! ’n Opregte en diepe verlange na lemand wat ons van ons sondes sal kom verlos.

In hierdie verse ontmoet ons vir Anna – ’n profetes. Die Bybel sê sy was al oud (84). Soos Simeon was sy ook ’n getroue kind van die Here! Elke dag by die tempel, die Here gedien op ’n tipiese Ou-Testamentiese wyse – sy het gevas en gebid en was elke dag by die tempel.

Wat doen Anna as sy die Verlosser ontmoet? Sy dank ook God, net soos Simeon! Maar Anna is ook ’n profetes – so sy praat met almal oor die Kindjie.

Jesus se koms het van die begin af mense beweeg. Die herders, die wyse manne, en nou vir Simeon en Anna by die tempel. Wanneer ons die diepte van ons verlorenheid besef, en die groot genade wat die Vader aan ons bewys het, deur ons daar uit te haal, en te verhef tot kinders van God – dan kan ons nie anders as om te loof en getuig nie!

Hoe beweeg Jesus Christus ons? Loof ons God die Vader vir die feit dat Hy bereid was om sy Seun te stuur vir gewone sondaarmense? Praat ons oor Christus? Baie keer dink ons dat geloof ’n private aangeleentheid is. Dis wel so dat Christenskap persoonlik is, maar dis nie privaat nie!

Mag ons lewe gekenmerk word deur getuienis en lofprysing!

Sing: Psalm 34-1:2

Ds. DG (Dinant) Zwemstra (Strand)

Maandag 5 Februarie

Skrifgedeelte: Matteus 4:1-11
Fokusgedeelte: Matteus 4:4a, 7, 10a

Jesus weerstaan die duiwel se versoeking, jy kan ook

Net ná Jesus met sy doop sy amptelike werk begin, kom Satan met sy versoekings. Dadelik is dit duidelik: Jesus word nie in die versoekings 'n blote prooi van Satan nie. God self lei sy Seun deur sy Gees na 'n plek waar Hy Hom aan Satan blootstel. Daarom is Jesus aan die begin van sy openbare optrede in die woestyn – uitgedryf deur die Heilige Gees, soos daar letterlik staan.

Juis die woestyn. Die stryd het in die paradys begin. Daar het die eerste mens, Adam, vir Satan se leuen geval. Die mens is uit die paradys gedryf en moes as't ware in die woestyn vol dorings en distels gaan leef. Die stukkende wêreld is die magsgebied van Satan. Johannes noem hom die "owerste van hierdie wêreld" (Joh. 14:30).

As die tweede Adam moet Jesus juis nou in "hierdie wêreld", in die woestyn van die lewe, met die opruimingswerk van die sonde begin. Hy moet versoek word, want dit was ook op dié wyse dat daar 'n breuk tussen God en mens gekom het. Al hoe hierdie breuk herstel kan word, is deur self versoek te word.

Jesus weer die versoekings af deur aan die Woord van God vas te gryp. Drie keer: "Daar staan geskrywe ..." Die Woord van God is ons enigste verweer in tye van twyfel en versoekings. Satan gebruik steeds die leuen as een van sy sterkste wapens. Ons moet ten alle tye aan die Woord van God vashou. Daaruit weet ons wat die waarheid en wat die leuen is.

Ons sal staande bly, want Christus is immers self versoek om ons te help wat versoek word (Heb. 2:18). Hou vas aan God se Woord. "Daar staan geskrywe ..."

Sing: Psalm 91-1:1, 3, 6

Ds. AL (Abri) Pelser (Bethlehem)

Dinsdag 6 Februarie

Skrifgedeelte: Johannes 4:1-26
Fokusgedeelte: Johannes 4:23, 24 (AFR2020)

God soek ware aanbidders

Ons Here Jesus ontmoet ’n Samaritaanse vrou waar sy kom water haal om haar dors te les. Deur ’n paar weldeurdagte vrae wys die Here vir haar hoe dor en droog haar lewe eintlik is. Ten diepste het sy ’n behoefte na God, om Hom te dien, want dit is waarvoor sy geskep is. Sy het egter haar behoefte na Hom probeer bevredig met aardse goed, onder andere ’n vorm van godsdiens waar dit meer gaan oor wat en waar as wie en waarom.

Ware aanbidders, sê Jesus, is diegene wat die Vader in gees en waarheid aanbid. Johannes 3:5, 6 maak duidelik dat slegs mense wat deur die Gees vernuwe is in die geestelike kan deel. Johannes 14:6 maak duidelik dat Jesus self die waarheid is. Alleen deur die wedergeboorte wat in die mens voortgebring word deur die hoor van die Woord (waarheid) en deur die werking van die Heilige Gees kan ons die Vader aanbid soos Hy verlang (sien NGB 24). Dit is dus alles aan God te danke dat ons Hom enigsins kan en wil dien! Hy maak van ons ware aanbidders!

Aanbidding het as kern die gedagte dat jy eer, respek, ontsag en onderdanigheid aan iemand groter of meer as jy bewys deur gesig eerste op die grond voor hom te gaan lê. Totale onderwerping. Jou ganse menswees. Die Vader soek mense wat Hom so aanbid: in, deur en met alles. Ek behoort dus besig te wees met aanbidding wanneer ek werk, braai, eksamen skryf of in die slaapkamer is. En, die wonder is: Daar is vir my niks beter as om God so te aanbid nie! Deur aanbidding word die fontein wat Hy in ons laat ontspring ’n stroom van lewende water wat ons geestelike dors geheel en al les en wat so sterk opborrel dat dit ons ewig onderhou.

Sing: Psalm 84-1:3, 6

Ds. BA (Banie) van der Walt (Paarl)

Woensdag 7 Februarie

Skrifgedeelte: Johannes 5:19-29
Fokusgedeelte: Johannes 5:24 (AFR2020)

Aan Jesus alleen het ons die ewige lewe te danke

Wat beteken dit om lewend te wees? Meestal dink ons daaraan as die vermoë om te beweeg, te eet, te praat, ensovoorts. Lewe in die konteks van Johannes 5 het egter ’n baie dieper betekenis.

“Amen, amen”, begin Jesus in ons fokusvers. Wat hier volg, is dubbeld seker. Elkeen wat sy woorde hoor en glo dat die Vader Hom gestuur het, het die ewige lewe. So ’n persoon het reeds uit die dood oorgegaan na die ewige lewe. So ’n persoon het niks meer te vrees vir die oordeelsdag nie. In al hierdie voorregte deel so ’n persoon nou al! Nie eers eendag of eers na dit of dat gebeur het nie. Nou reeds.

Die vraag is: Hoe word iemand wat dood is, lewend? Dit kan tog nie deur die toedoen van die dooie self wees nie? Hy is dan dood. Dit is alleen te danke aan Jesus, die Seun van God. Hy is die gevolmagtigde van die Vader wat lewe skenk aan wie Hy wil. Jesus is terselfdertyd ook die Seun van die Mens wat na die aarde gekom het ter wille van die mens. Hy staan dus as’t ware tussen ons en die Vader om versoening te bewerk. Dit doen Hy deur die sonde, wat die oorsaak van die skeiding was, op Hom te neem. Hy betaal die prys vir hierdie sonde wat die oorsaak van ons dood was en Hy maak ons lewend sodat ons weer in verhouding met ons Vader kan staan. Wat ’n genade!

Hierdie wete behoort ons ganse uitkyk te verander. Daar is tog geen ooreenkoms tussen die optrede van ’n dooie en ’n lewende nie. Geen! Daar behoort dus ook geen ooreenkoms tussen ons optrede en dié van die dooie wêreld rondom ons te wees nie. Met die nuwe lewe wat in ons is, streef ons daarna om so te leef dat God al die eer ontvang. Dit is immers aan Hom alleen te danke dat ons lewend is!

Sing: Skrifberyming 1-1:1, 2, 7

Ds. BA (Banie) van der Walt (Paarl)

Donderdag 8 Februarie

Skrifgedeelte: Johannes 7:53 – 8:11
Fokusgedeelte: Johannes 8:11b (AFR33/53)

Die tug van die skuldige sondaar

Wanneer dit by die vermaning en tug van mense kom, is daar twee uiterstes. Aan die een kant is daar die mense wat glad nie iemand wil vermaan nie, want wie is hulle tog om oor sonde te praat as hulle self sondaars is. Aan die ander kant kry jy weer diegene wat koud en klinies met die letter van die gebod werk. Die skrifgeleerdes en Fariseërs was van laasgenoemdes. Hoe hulle dit ook al te wete gekom het, hulle het 'n vrou na Jesus gebring wat op heterdaad betrap is waar sy owerspel pleeg. Volgens die wet moet so 'n vrou gestenig word, sê hulle. Maar nou wil hulle weet hoe Jesus die saak gaan hanteer. Hulle soek iets waaraan hulle Hom skuldig kan bevind.

As Seun van God weet Hy waarom sy teenstanders met die skuldige vrou daar is. Dit gaan nie oor die vrou nie, maar oor Hom en wat Hy met die wet doen. Hy pleit nie dat sy verskoon moet word nie. Hy weet sy is skuldig en Hy stem met haar aanklaers saam – sy moet gestenig word. Daarom neem Hy hulle verder op die letter van die wet. Die steniging moet wettig wees. Ten minste twee getuies moes haar betrap het en hulle moet die eerste klip gooi, maar niemand van hulle was werklik getuies van die owerspel nie.

Wanneer almal wat haar daarheen gebring het, weg is, breek die helder vermaning van Jesus deur as Hy vir haar sê: Ek veroordeel jou ook nie. Gaan heen en sondig nie meer nie. Van al die wonders wat Jesus gedoen het, is hierdie een die grootste – om vir 'n skuldige sondaar te sê: Ek veroordeel jou ook nie.

Jesus sien nie haar sonde oor nie. Sy is skuldig en Hy het ingestem dat sy gestenig moet word. Maar Hy het enkele maande later die straf ook vir haar sonde aan die kruis gedra. Sy sal 'n tweede keer voor Jesus te staan kom wanneer Hy as Regter kom. Dan sal Hy oordeel of sy die genade van destyds haar eie gemaak het en Hom gehoorsaam het.

Sing: Psalm 65-1:2, 3

Ds. CCA (Coen) Vrey (Bellville)

Vrydag 9 Februarie

Skrifgedeelte: Johannes 8:12-20
Fokusgedeelte: Johannes 8:18

God die Vader bevestig: sy Seun, ons Here Jesus, IS die Lig!

Dwarsdeur Jesus se lewe, maar ook die laaste week voor sy kruisiging, het die mense Jesus bevraagteken: Hoe kan Hy van Homself sê wat Hy sê?

Einde September, die jaar voor Jesus gekruisig is, is Jesus tydens die Loofhuttefees in Jerusalem. Die dag ná die fees verkla die Skrifgeleerdes en Fariseërs 'n vrou by Jesus omdat sy owerspel gepleeg het. Jesus wys die aanklaers hoe hulle self in donker sonde leef: Laat die een van julle wat 'n skoon gewete het, eerste 'n klip op haar gooi. Elkeen stap weg … bewus van sy eie sonde.

Genadig dui Jesus aan Wie Hy is en wat Hy vir ons as mense gee: Ek is die lig vir die wêreld. In ons donker, sonde-vasgekluisterde lewe is Hy die Lig. Hy vat donkerte, doodsheid, weg en skep 'n atmosfeer van lewe. Soos die son, gee Jesus ons wat ons nodig het om veilig, werklik te lewe. En Hy roep ons om uit die donker van ons sondige lewenstyl uit na Hom te kom, in sy Lig te lewe.

Natuurlik bevraagteken die Fariseërs Jesus! Hoe kan Hy oor Homself getuig? Mens kan tog nie jou eie beuel blaas nie? Jesus wys eers hoekom Hy tog oor Homself kan getuig: Hy kom van die Vader af. Jesus is nie net 'n gewone mens nie. Hy is die Vader se Seun! Wat Jesus sê, is dus waar. Maar nog meer: Daar IS 'n tweede Getuie: God die Vader Self. Dis immers God die Vader self wat Jesus in die donkerte ingestuur het om Lig te wees. Is dit nie waarvan Jesaja al geprofeteer het nie: Ek maak jou 'n lig vir die nasies (Jes. 9:1; 42:5-7; 49:6).

Die Fariseërs kan dus ophou om Jesus te bevraagteken: Hyself én sy Vader getuig Wie Hy is. Dit laat jou en my met die vraag: Aanvaar ek Jesus vir Wie Hy is … en lewe ék daarom in die Lig?

Sing: Skrifberyming 3-1:1-3

Ds. PW (Pieter) Kurpershoek (Pretoria-Annlin)

Saterdag 10 Februarie

Skrifgedeelte: Johannes 8:31-59 (AFR83)
Fokusgedeelte: Johannes 8:31

Die verskil tussen ’n ware geloof en ’n skyngeloof

Ons sien dat Jesus in gesprek is met die Jode wat in Hom glo (vs 31). Tog word dit uit die gesprek gou duidelik dat hierdie “gelowiges” nie kinders van God is nie, maar dat hulle kinders van die duiwel is (vs 44).

Hoe is dit moontlik dat ’n “gelowige” dalk ’n kind van die duiwel kan wees? Dit is omdat nie alle “gelowiges” ware gelowiges is nie. Reeds in Johannes 2:23-35 sien ons dat daar mense was wat deur Jesus se wonders vir ’n oomblik tot “geloof” gekom het, maar wat nie waarlik gelowiges was nie. Hulle het net ’n emosionele oplewing beleef. Ook in Johannes 6:66 lees ons van mense wat net tydelik tot geloof gekom het, maar wat gou weer die rug op ons Here Jesus gedraai het.

Ons moet dus onderskei tussen vlugtige, verbygaande en emosionele bekering en geloof, en ware wedergeboorte en geloof wat God deur sy Woord en Gees, op sy tyd, in sy kinders werk.

Moet ek egter nou my lewe lank twyfel of ek ’n ware gelowige is? Nee! God leer ons in sy Woord wat ’n ware geloof is: Dit is vasstaande kennis van alles wat God in sy Woord openbaar, en ook ’n vaste vertroue daarin ... veral dat ek vergifnis van sondes ontvang het op grond van dit wat Jesus vir my aan die kruis gedoen het (HK So. 7; Heb. 11:1). En so ’n ware geloof word gekenmerk deur geloofsdade of vrugte van geloof wat in my lewe al hoe meer sigbaar word (vs 42, 47; HK Sondag 22-32).

Jy is dus nie maar tydelik aangedaan oor Jesus se woorde nie, maar jy bly altyd getrou aan Jesus se woorde (vs 31). Jy bly getrou aan Jesus se woorde, omdat jy in Jesus Self ingeplant is, en in Hom gewortel is, en daarom dra jy baie vrugte van geloof (Joh. 15:4; Kol. 2:7).

Sing: Skrifberyming 14-1:1-2

Ds. LM (Marcel) Floor (Sasolburg)

Sondag 11 Februarie

Skrifgedeelte: Johannes 9:1-12
Fokusgedeelte: Johannes 9:6-7

As Gestuurde, stuur Jesus die blinde man na die bad van Siloam

Wanneer ons ’n blind-gestremde persoon sien bedel, reageer ons baie kere net soos die dissipels. Vanweë watter sonde is hierdie persoon blind? Wie se skuld is dit? Is dit iets wat sy ouers gedoen het? Of is dit iets wat die persoon self gedoen het? Sou hierdie persoon sélf aandadig wees aan sy gebrek, is daar maar min simpatie. Inteendeel, dit is dan sy verdiende loon.

Tree ons só op, is dit maklik om by die genade en Middelaarswerk van ons Here verby te kyk. Dan staar ons ook onsself blind teen die probleem dat ons dink dat sonde altyd die oorsaak van alle ellende en alle swaarkry is. Soos ons gelees het, was dit nie sy of sy ouers se sondeskuld wat sy blindheid veroorsaak het nie. Hy is blind gebore *sódat die dade van God in hom geopenbaar kan word*.

En dit wat God aan ons openbaar, moet ons doen terwyl dit nog dag is – terwyl sy Lig nog skyn. Dag teenoor nag, lig teenoor duisternis, om te sien teenoor om blind te wees.

Soms moet ons toelaat dat spoeg-en-modder-medisyne aan ons dowwe en blinde oë gesmeer word, sodat ons weer helder te kan sien. Wanneer Christus, as jou en my “Siloam”, ons stuur, leef ons as skoongewaste mense ’n nuwe lewe. As verlostes kan ons nou reeds uitsien en sing: “Oorwinnaars sal ons alles erf en drink uit die fontein van lewenswater, heerlik, rein! En God sal oor ons skyn.”

Sing: Skrifberyming 18-6:1, 3, 5

Ds. JJ (Johannes) de Bruyn (George)

Maandag 12 Februarie

Skrifgedeelte: Johannes 9:35-41 (lees ook verse 13-34)
Fokusgedeelte: Johannes 9:38

Om te glo is om te sien!

Vandag se Skrifgedeelte sluit af met die realiteit dat die blinde man – vir die eerste keer in sy lewe – kan sien. Tog is daar veel meer. As gestuurde gehoorsaam hy die Gestuurde van God en gaan was sy gesig in die Bad van Siloam (Siloam beteken *gestuurde*). Met oë wat nou fisies kan kyk, sien hy ook die Gestuurde Siloam, Jesus Christus as Seun van God, raak. Hierdie man, wat sy hele lewe lank blind was, en nou kan sien, is besig om 'n geestelike groeiproses te deurgaan. In gister se Skrifgedeelte praat hy bloot van Christus as "Die man met die naam Jesus ..." (vs 11). Onthou, hy is blind van Jesus af weg na Siloam toe – hy het nog nooit vir Jesus gesien nie.

Dan volg die gedeelte waar die Fariseërs hom en sy ouers ondervra oor wat alles op daardie Sabbatdag gebeur het. Na 'n lang redekawel noem die man, wat genees is, Jesus "*'n profeet*" (vs 17). Soos hulle hom ondervra, bely hy later dat Jesus, die Man wat hom genees het, "*van God af kom*" (vs 33). En dan die hoogtepunt. Hy ontmoet Jesus. Met sy eie, nuwe oë, sien hy vir Jesus. Tog weet hy nog nie dat dit Hy was wat hom genees het nie. Eers nadat Jesus vra of hy in die Seun van die Mens glo, bely en aanbid hy Jesus met die woorde: *"Ek glo, Here!"* (vs 38).

Die lig het twee keer vir hierdie man opgegaan. Eers sy fisiese twee oë waarmee hy Jesus kon sien. Nadat hy Jesus gesien het, gaan sy geloofsoë oop – hy erken Christus as die Lig vir die wêreld.
Om te glo is om God, en sy wonderwerke, raak te sien!

Sing: Psalm 89-1:6, 14

Ds. JJ (Johannes) de Bruyn (George)

Dinsdag 13 Februarie

Skrifgedeelte: Johannes 10:1-21
Fokusgedeelte: Johannes 10:14-15

Ken die Herder en sy stem

"Ek is die ingang vir die skape" (vs 7, 9) is die derde van Jesus se sewe "Ek is"-uitsprake in die Evangelie volgens Johannes. Die ingang spreek van toegang tot die kraal – toegang tot die skape self. Destyds, nadat die skape versorg is en vir die nag in 'n kraal toegemaak is, het die skaapwagter in die ingang van die kraal gelê en slaap. Dit het 'n tweeledige doel gedien – om die skape binne te hou en om ongediertes en veediewe weg te hou. Iets of iemand wat by die skape wou uitkom, moes eers by die herder verbykom. Vanuit die ingang kon die herder die skape rustig hou deur eenvoudig net met hulle te praat. Die kudde het die herder se stem geken en het die herder vertrou om hulle te beskerm en sou dan ook rustig raak.

Omdat die skape aan Hom behoort, versorg hy hulle met spesiale aandag. Wanneer die ooie moet lam, werk hy sagkens met hulle – maak hulle rustig. Die lammers wat swak is, help hy en dra hy in sy arms sodat hulle nie agter raak en deur wilde diere doodgemaak word nie.

In verse 11 en 14 verklaar Jesus, met die vierde "Ek is"-uitspraak, dat Hý die Goeie Herder is. Dat Hy sy eiendom – vir ons – met sy lewe sal beskerm, versorg en rus gee. Die skape, ons as sy volgelinge, is ook sy eiendom.

Daarom het ons 'n verantwoordelikheid. As vrygekoopte eiendom van ons Goeie Herder moet ons ook sy stem ken, weet wanneer dit Hy is wat met ons praat. Omdat ons Hom ken, kan ons Hom vertrou. Dan kan ons ook sing:

"En is ek soos 'n skaap in doodsgevare,
wat in die velde as 'n prooi van wolwe gaan –
dan nog ken ek geen doodsvrees of verskrikking,
omdat u staf my troos is en verkwikking" (Ps 23-1:2).

Sing: Psalm 23-1:1, 2

Ds. JJ (Johannes) de Bruyn (George)

Woensdag 14 Februarie

Skrifgedeelte: Lukas 15:1-7
Fokusgedeelte: Lukas 15:1-2

Meng jou met die semels ... dalk kom hulle tot bekering

Die eerste twee verse dien eintlik as inleiding, motivering vir die drie gelykenisse oor die verlore skaap, muntstuk en seun. Tot groot onsteltenis van die Fariseërs en Skrifgeleerdes, meng Jesus met die sondaars, Hy eet selfs saam met hulle, wat daarop dui dat Hy met hulle assosieer! Opmerklik is dat die tollenaars en sondaars vrymoedigheid gehad het om te kom, en inderdaad self gekom het. Hulle is dus nie skepties ontvang of op 'n afstand gehou nie.

Hoe gaan mense die evangelie hoor en God se herstellende liefde in Christus beleef as jy nie met hulle kontak het, hulle in jou leefruimte toelaat nie? Ons geniet soms so die gemaklikheid van die onderlinge kuddegevoel van medeskapies dat ons die verlore een uitsluit. Ons wil soms net assosieer met hulle wat soos ons die Here dien en binne ons oortuigingsraamwerk inpas.

Maar dit is nie wat ons by die Here sien nie. Hy is juis besorg oor daardie een wat wegdwaal, daardie een wat nie deel van die kudde is nie. Hy maak bemoeienis met hulle en gaan soek die verlore skaap.

Natuurlik moet ons ook raaksien dat die sondaars na Jesus kom luister het. Ons sien tog iets daarvan dat Jesus die gesprek en die rigting van die byeenkoms bepaal het. Ons moet uitreik na ander, hulle werklik liefhê, hulle innooi, maar ons kan nie hulle volg en word soos hulle nie. Die doel is dat hulle teruggebring word na die kudde, nie dat ons weg verlei word na verkeerde paaie nie. Indien ons deur hulle beïnvloed word, moet ons sekerlik nie meer daar wees nie.

Wat is die naam van die persoon wat jy tans met God se opsoekende liefde gaan haal?

Sing: Psalm 119-1:63

Ds. CJ (Johan) van Heyningen (Stellenbosch)

Donderdag 15 Februarie

Skrifgedeelte: Lukas 15:8-10
Fokus gedeelte: Lukas 15:8

Opsoek van verlorenes vat tyd en moeite

Indien daar iemand oor my pad kom, en die geleentheid tot gesprek natuurlikerwys na geloof oorgaan, en as ek gemaklik voel om dit te doen, en toegerus genoeg voel, sonder dat dit te veel van my vra ... dan sal ek waarskynlik met daardie persoon bemoeienis maak en praat oor geloof ... Is dit wat ons in die gedeelte raaklees?

Ons lees dat die vrou wat die muntstuk verloor het, lig maak (juis ter wille van die soektog), uitvee en deeglik soek. Dit is intensioneel, dit vat moeite en dit is doelgerig.

Haar motivering is die waarde van die muntstuk. Ons sien ook hoe belangrik dit vir haar is deur die vreugde wat beskryf word (soos ook in die ander twee gelykenisse), wanneer dit gevind word. As iemand verlore raak, is dit belangrik dat hy/sy gevind word. Dit vat moeite, energie, fokus, doelgerig, beplanning. Dit is prioriteit. Daardie een persoon is kosbaar en mag nie verlore gaan nie.

God soek jou in Christus op met sy liefde. Hy laat jou ook nie los wanneer jy afdwaal nie. Hy hou jou vas. Daar is vreugde wanneer jy terugkeer. Met daardie liefde van Christus soek ons ook ander op.

Sing: Psalm 32-1:1, 6

Ds. CJ (Johan) van Heyningen (Stellenbosch)

Vrydag 16 Februarie

Skrifgedeelte: Lukas 15:11-32
Fokusgedeelte: Lukas 15: 20b, 28b

Opsoekende liefde van God vir jou

'n Seun wat sy eie pad kies, "my wil" bepaal, genotsoeker, leef 'n sedelose lewe. 'n Seun wat 'n goeie verdienstelike lewe lei. Daar is verpligting, maar hy leer ken nie die hart van die vader nie. Beide het genade nodig, beide het verhouding nodig. Ons sien die

hart van die vader in die gelykenis:

- Die pa sien die jongste van ver af en gaan uit na hom toe. Hy gaan ook uit na die oudste seun wat buite staan en mor oor hy wat beter is, minder kry.
- Die pa verseker aan beide sy liefde en deel hê aan hom: deur die feesmaal, omhelsing vir die jongste ... en ook vir die oudste die bevestiging dat alles wat daar is ook syne is.

Jou sondige verlede kan jou nie so ver van God af vat dat jy nie 'n verhouding met God kan ontvang nie. Jou wettiese godsdienstigheid kan jou nie naby genoeg bring om in verhouding met God te wees nie. Verhouding is net genade van die Vader, in Christus, deur die Gees se werking, wat jy in die geloof omhels.

Wanneer ons in verhouding met God leef, sal ons hart ook wees waar God se hart is, naamlik dat mense in verhouding met Hom moet wees. Dan sal ons ook meewerk tot, soek na, en deel in die vreugde wanneer iemand tot bekering kom.

Sing: Skrifberyming 2-1:1, 6, 7

Ds. CJ (Johan) van Heyningen (Stellenbosch)

Saterdag 17 Februarie

Skrifgedeelte: Matteus 18:21-35
Fokusgedeelte: Matteus 18:21-35

God het ons vrygemaak!

Die geskiedkundige rede waarom God wel sommige mense – die gelowiges – vryspreek van hulle sondeskuld, is genade! Genade verwys daarom nie na iets algemeens, adresloos en grensloos nie, maar genade verwys na iets konkreets, iets wat by 'n spesifieke adres, by 'n spesifieke persoon gebeur, as God dit skenk. Genade verwys na die spesifiek persoonlike toekenning van die uitwissing van 'n spesifieke persoon se skuld deur die dood van Jesus. Die oorspronklike betekenis van die woord, wat met skuldbewys of skuldbrief vertaal is, verwys na 'n dokument wat met die hand uitgeskryf is – 'n skuldrekening.

Daarom die blye nuus – God het die skuldbewys van ons sonde met sy eise teen ons tot niet gemaak. Dis 'n baie sterk woord wat

hier gebruik word – soos elimineer – totaal uit die weg geruim, met geen voetspore, geen stof wat oorgebly het nie. Dis weg asof dit nooit bestaan het nie. Die man stap vry uit. Hy mag nie sy skuldenaar gryp nie.

Toe Christus aan die kruis gespyker is, het God die Vader Jesus in ons plek sonde gemaak, as sondaar behandel. Paulus verwys in Kolossense 2 na ’n gebruik destyds waar daar ’n gat deur die skuldbewys, wat in die skuldeiser se besit gehou is, met ’n spyker of skerp voorwerp gekap is. ’n Skuldbewys met ’n gat in is nie meer as geldig beskou nie. Met ’n skuldbewys met ’n gat in kon geen skuldeiser skuld bewys nie.

As ons bid vir vergiffenis, dink ons mos dat die gebed geld vir al ons sonde uit die verlede tot op daardie oomblik, maar dis nie waar nie, dis ook vir dit wat ons in die toekoms sou doen. Daarom het ons ’n plig om mekaar te vergewe.

Sing: Psalm 107-1:1, 7

Dr. PK (Pieter) Lourens (Emeritus)

Sondag 18 Februarie

Skrifgedeelte: Johannes 15:1-8
Fokusgedeelte: Johannes 15:5

Die verhouding tussen Jesus en sy kerk is ’n lewende verhouding

In hierdie gedeelte is Jesus besig om deur middel van ’n beeld met sy volgelinge te praat oor die verhouding tussen Hom en sy volgelinge. Sy dood is ’n paar ure weg ...! ’n Gebeurtenis wat vir sy volgelinge verwarring en onsekerheid kon inhou in ’n vyandige wêreld waar Jesus se volgelinge haat kon verwag. Dan troos Jesus hulle met hierdie beeld dat hulle niks te vrees het nie.

- In die beeld stel Jesus Homself as die ware, die egte wingerdstok voor. In die Ou Testament word die wingerdstok as beeld van Israel gebruik, maar dan altyd om na Israel as *“volk van God in verval”* te verwys. *Jesus is egter die ware, wingerdstok van die ware Israel*. Hy sou aanstons in volkome gehoorsaamheid aan sy Vader, wat hier as die tuinier voorgestel word, ware lewe bring deurdat Hy Homself as versoeningsoffer op die altaar sou plaas.

- Vir wie sou sy offer ware lewe bring? Hulle wat deur die werk van die Heilige Gees met die band van die geloof op Jesus as die ware wingerdstok ingeënt word. Uit Jesus kry hulle dan die lewensap wat vir hulle tot nuwe lewe strek.
- Hulle wat as lote in Jesus bly, sal vrugte dra – hulle lewens sal vertoon dat hulle in 'n hegte verhouding met Jesus lewe!
- Die wat nie vrugte dra nie, word afgesny om te verdroog en verbrand te word. Dit is interessant dat die Tuinier self hierdie lote afsny. In vers 3 word die woorde van Jesus as die "snoeiskêr" beskryf.
- In soverre die volgelinge die boodskap van Jesus verkondig, is hulle eintlik besig om snoeiwerk vir God te doen: reg te snoei of weg te snoei.
- Die wat dan die woorde aanneem, sal deur hulle dade God sigbaar hou op aarde. Hulle sal Hom liefhê en dank omdat hulle aan Hom behoort. Hulle sal uit sy hand lewe!
- En niks sal hulle uit God se hand kan ruk nie!

Is jou lewe in Jesus as jou lewenstam geanker?

Sing: Skrifberyming 1-1:7

Ds. AB (Braam) van der Walt (Plett/Knysna)

Maandag 19 Februarie

Skrifgedeelte: Johannes 15:18-27
Teksverse: Johannes 15:22-25

Die kind van God is vyand van die wêreld

Jesus is steeds hier besig om met sy volgelinge te praat oor hulle verhouding met Hom. 'n Gesprek wat baie nodig was, want Jesus se kruisiging is voor die deur, en dit sou noodwendig onsekerheid en spanning by hulle teweeggebring het.

Jesus wys sy volgelinge daarop dat daar vir hulle moeilike tye voorlê, want as naamdraers van Christus gaan hulle haat en vyandigheid beleef. Die wêreld sal hulle haat. God het hulle uitverkies as sy kosbare eiendom. En soos die wêreld God haat, sal hulle ook God se eiendom haat.

Jesus het al van sy geboorte af die teenstand van die wêreld ervaar. Daar was vir Hom nie eers 'n wiegie om in te lê nie. Daarna moes sy

ouers met Hom vlug. Dan lees ons van die versoekinge in die woestyn, die weerstand van die Jode tydens sy optrede, en Getsemane.

Jesus het geweet wat nog op Hom wag, sodat Hy die volle prys van versoening kon betaal. Daarom wys Hy sy volgelinge daarop dat volgeling-wees noodwendig van hulle sy pond vleis in hierdie wêreld gaan eis. 'n Slaaf is immers nie belangriker as sy eienaar nie.

Juis dit ervaar die kerk vandag. Die oë van die wêreld kyk met 'n vergrootglas na die doen en late van die kinders van God. Enige effense misstap word tot groot vertoon en vermaak uitgebasuin. Groepsdruk is geweldig sterk onder die jeug. Die een wat wil waag om by Christelike beginsels te hou, word uitgemaak as outyds en 'n pretbederwer.

Jesus wys egter sy volgelinge daarop dat die Vader die Voorspraak sal stuur, die Gees van waarheid. Hy sal ons bystaan en lei in hierdie wêreld, sodat ons vas sal staan as kinders van God in hierdie wêreld. Psalm 37:24 lees dat as die kind van God val, bly hy nie lê nie, want die Here help hom op. Derhalwe moet ons nie moedeloos word as ons in hierdie wêreld teenkanting ervaar omdat ons kinders van God is nie. Jesus het ons vooruit al gewaarsku dat dit sal gebeur. Maar Hy het ons ook vooruit daarop gewys dat Hy deur sy Gees by ons sal wees. Niks kan ons van sy liefde skei nie.

Sing: Psalm 46-1:1, 6

Ds. AB (Braam) van der Walt (Plett/Knysna)

Dinsdag 20 Februarie

Skrifgedeelte: Johannes 17:1-8
Fokusgedeelte: Johannes 17:6 (AFR2020)

Gelowige, omdat jy aan die Vader behoort, het Hy jou aan sy Seun gegee

Drie keer sê Jesus in hierdie agt verse dat sy Vader mense aan Hom gegee het. Dié mense is die dissipels en die ander mense wat Hy deur sy dood en opstanding verlos het. Nadat Jesus vir Homself gebid het, bid Hy vir die dissipels en alle gelowiges.

Die Vader het hierdie mense aan Jesus gegee, omdat hulle eerste aan die Vader behoort. Voor die grondlegging van die wêreld het die

Vader hulle vir Homself in Christus gekies (Ef. 1:4).

Dat ons gelowiges aan die Vader behoort en aan Jesus gegee is, hou vier praktiese gevolge vir ons in:

- Ons het geen rede om op onsself trots te wees nie. Ons kan maar net in die Here roem – God die Vader het ons uit loutere genade gekies en aan sy Seun gegee sodat Hy ons kan verlos.
- Omdat die Vader ons aan sy Seun gegee het, beteken dit dat ons vir Jesus kosbaar is. Die Heilige Gees verseker ons van ons waarde vir Christus in die prys wat Jesus vir jou betaal het.
- Dat ons aan die Vader behoort en Hy ons aan sy Seun gegee het, beteken dus dat ons nie aan onsself behoort nie. Vir ons is dit 'n groot troos om te weet en te vertrou dat ons in lewe en in sterwe met liggaam en siel aan Jesus Christus behoort.
- Omdat die Vader ons aan Christus gegee het, het ons een doel: Ons wil die Vader en die Seun verheerlik. God verheerlik Homself deur mense soos ons te verlos. Ons verheerlik Hom deurdat ons heilig lewe en die vrug van die Gees vertoon. Ons verheerlik Jesus deur Hom in alles te vertrou en sy Naam en werk aan ander mense te verkondig.

Sing: Skrifberyming 1-1:7

Ds. CCA (Coen) Vrey (Bellville)

Woensdag 21 Februarie

Skrifgedeelte: Johannes 17:9-19
Fokusgedeelte: Johannes 17:14-15 (AFR2020)

Gelowige, wees in die wêreld soos Jesus in die wêreld was

Ons weet dat Christene in die wêreld is, maar nie van die wêreld is nie. Soms wonder 'n mens hoe bly jy in die wêreld sonder om soos die wêreld te word. Die Fariseërs se antwoord was om hulle tot 'n groot mate te isoleer van ander mense. Wanneer 'n mens jou egter isoleer deur net saam met Christene te werk en net Christene as vriende te hê, het jy weinig invloed in die wêreld ter wille van God se koninkryk.

Jesus was in die wêreld, maar Hy het Homself nie geïsoleer van wêreldse mense nie. Ons Christene sal ons nooit regtig heeltemal

kan isoleer van wêreldse mense nie en ons moet dit ook nie doen nie. Maar hoe keer 'n mens dan om soos die wêreld te word?

Die Vader het Jesus met 'n opdrag na die wêreld gestuur – om te soek en te red hulle wat verlore is. Soos die Vader Jesus gestuur het, so stuur Jesus ons wat aan Hom behoort ook in die wêreld in. Jesus se missie was om deur sy dood en opstanding redding te bring en Hy het nie toegelaat dat iets Hom van spoor bring nie. Om te keer dat ons soos die wêreld word, moet ons gefokus bly op die opdrag waarmee Jesus ons in die wêreld instuur. Ons moet deur woord en daad verkondig dat Jesus die enigste en volkome Verlosser en Here is.

Moet egter nie verwag dat wêreldse mense jou en jou boodskap met oop arms gaan verwelkom nie. Jesus en sy boodskap was ook nie welkom in die wêreld nie. Die wêreld het Hom gehaat, daarom sal die wêreld jou ook haat. Volg die Heilige Gees en volhard in die waarheid terwyl jy in die wêreld is. Die Here het nog mense in die wêreld wat Hy deur sy waarheid tot bekering sal bring en jy is die instrument wat Hy gebruik.

Sing: Psalm 49-1:1, 2

Ds. CCA (Coen) Vrey (Bellville)

Donderdag 22 Februarie

Skrifgedeelte: Johannes 17:20-26
Fokusgedeelte: Johannes 17:24 (AFR2020)

Gelowige, jy sal ná hierdie lewe die heerlikheid van Jesus sien

In hierdie kort reeks uit die gebed van Jesus het ons gehoor dat die Vader mense aan Jesus gegee het. Dit is die mense wat Hy verlos deur sy sterwe en opstanding. Terwyl gelowiges in hierdie wêreld is, behoort hulle aan Jesus en die Vader. Daarom is hulle anders as die wêreld en bly gefokus op Christus se opdrag, sodat hulle nie soos die wêreld word nie.

Jesus spreek aan die einde van sy gebed sy begeerte tot sy Vader uit. Hy wil dat die mense wat sy Vader aan Hom gegee het, by Hom sal wees, sodat hulle sy heerlikheid kan sien. Omdat die Heilige Gees jou by Christus gebring het en jy jou vertroue in Jesus gestel het as

jou Here en Verlosser, weet jy dat die Vader jou ook aan Christus gegee het. Daarom kan jy weet dat Jesus ook hierdie begeerte oor jou uitgespreek het.

Die beste deel van die lewe hierna gaan nie die goue strate en pêrelpoorte van die nuwe Jerusalem wees nie, maar om die heerlikheid van Jesus te sien. Hierdie waarheid word regdeur die Nuwe Testament herhaal. Dan kan gelowiges Jesus en die Vader ongehinderd dien. Alles wat nou nog skeiding maak, sal weg wees.

Daar is egter nog iets wat gelowiges sal sien – hulle sal die liefde wat die Vader vir die Seun het en die Seun vir die Vader het, sien. Dit is liefde in die suiwerste vorm, soos wat dit van ewigheid af tussen die Vader, die Seun en die Heilige Gees bestaan. Gelowiges sal egter nie net toeskouers wees van hierdie liefde nie. Hierdie liefde sal dan ook volmaak in die gelowiges self wees.

Dus, om in lewe en in sterwe met liggaam en siel aan Jesus te behoort, is voorwaar 'n troos wat niks en niemand van jou kan wegneem nie. Jesus Christus en sy volkome werk is die waarborg daarvan.

Sing: Skrifberyming 2-4:1, 3

Ds. CCA (Coen) Vrey (Bellville)

Vrydag 23 Februarie

Skrifgedeelte: Johannes 18:28-40
Fokusgedeelte: Johannes 18:37

Die Jode se valsheid deur Pilatus se vrae ontbloot

Haastig val die besluit – Hy moet sterf – en nog haastiger word Jesus na Pilatus gelei. Voordat die volk ontwaak, moet die saak beklink wees. Gou moet hierdie Jesus weg.

So het Pilatus buite die Antonia-vesting vir die Jode gevra: "Watter aanklag bring julle teen hierdie man in?" Volgens hulle is Hy 'n misdadiger en het Hy die volk tot opstand aangevuur, hulle belet om aan die keiser belasting te betaal, en beweer dat Hy die Christus, die Koning is (Luk. 23:2). So wil hulle die Romeinse regter oorreed om Jesus die doodstraf op te lê, want dan sal dit 'n kruisdood wees. So sal Hy aan 'n vervloekte houtpaal hang (vgl. Deut. 21:23; Gal. 3:13).

Na Pilatus die Jode se aanklag hoor, draai hy geïrriteerd na binne

om Jesus hieroor te ondervra: “Is jy die koning van die Jode?” en later: “Dan is jy tog ’n koning?” Jesus antwoord bevestigend, maar geduldig verduidelik Hy dat sy koninkryk nie van hierdie wêreld is nie. Ondanks Pilatus se siniese opmerking: “Wat is waarheid?” het daar onwillekeurig bewondering vir Jesus by hom ontstaan. Want hy gaan vasberade na buite om aan die Jode te sê dat hy geen skuld in hulle Gevangene vind nie. So ontbloot hy hulle valse aantygings.

As heiden begryp Pilatus egter nie Jesus se ware identiteit nie, aangesien dit eers is wanneer die Gees in jou lewe insig bewerk, dat jou gedagtes gaan verander. Jesus onskuldig, uiteindelik onregverdig veroordeel om so ons sondeskuld te dra. Jesus Christus, ons Middelaar en Verlosser.

Juis hierin vind ons die troos van die evangelie as ons met skaamte oor ons eie sonde, besef hoe groot God se genade oor ons in Christus Jesus is.

Sing: Psalm 145-1:1, 3

Ds. JE (Blok) Franck (Ladysmith/Harrismith)

Saterdag 24 Februarie

Skrifgedeelte: Johannes 19:17-27
Fokusgedeelte: Johannes 19:19, 22

“Wat ek geskryf het, het ek geskryf”

Johannes se weergawe van die kruisgebeure bly uniek in die sin dat wat die ander evangelieskrywers aanteken, het hy weggelaat en weer ander detail weergegee sodat die plasings meer fyner besonderhede na vore bring.

So het die Sinoptiese Evangelies net gemeld dat hulle (die soldate) ’n sekere Simon van Sirene beveel het om Jesus se kruis te dra, waardeur die indruk kan ontstaan dat Jesus nie self sy kruis gedra het nie. Maar Johannes meld pertinent dat Jesus SELF sy kruis gedra het. Eers later op weg na Golgota het Simon oorgeneem.

’n Ander mededeling handel oor die kennisgewing bo Jesus aan die kruis. Tot nou toe het Pilatus as’t ware ’n neerlaag gely teen die, vir hom, gehate Jode. Maar kom dit by die uitspraak rakende Jesus se veroordeling, wys Pilatus hulle ’n punt.

Volgens die Romeinse gebruik het die veroordeelde op pad na sy kruisiging 'n bordjie met die misdaad daarop geskrywe, om sy nek of deur 'n boodskapper voor hom gedra – waarna die bordjie dan op die kruispaal aangebring is.

Pilatus laat skryf, en Johannes gee weereens die mees volledige weergawe: "Jesus, die Nasarener, die koning van die Jode." Hierdeur is dit 'n geweldige klap van vernedering in die gesig van die streng nasionalistiese Jode, naamlik dat hulle koning gekruisig word. Verdere bespotting is dat hierdie koning afkomstig is vanaf die veragtelike Nasaret.

Daarom, by hulle aandrang om dit te verander, het Pilatus onversetlik gehou by sy besluit en so onwetend die waarheid verdedig teenoor die leuen van die Jode. Hiermee handel hy nie net as wraaksugtige oorwinnaar nie, maar ook as instrument in God se hand. As Koning is Jesus gekruisig, deur sy eie mense verwerp, maar aan die ganse wêreld in die openbaar aangekondig en ten toon gestel.

Sing: Skrifberyming 2-2:1, 3

Ds. JE (Blok) Franck (Ladysmith/Harrismith)

Sondag 25 Februarie

Skrifgedeelte: Johannes 19:28-37
Fokusgedeelte: Johannes 19:30

***Tetelestai!* Dit is volbring!**

So het die profesieë in vervulling gegaan … Die bewuste wete van lyde ter wille van …

Die wete van Verlosser en Middelaar gaan geen oomblik by Jesus verlore nie. Die werk in opdrag van die Vader is voltooi, naamlik die verlossing van sy gemeente.

Weereens is Johannes die enigste evangelis wat hierdie twee kruiswoorde: "Ek is dors!" en: "Dit is volbring" vir ons neergeskryf het. Hier kom meer as net fisiese lyde ten einde. Met sy sesde kruiswoord (in Grieks slegs een woord – *tetelestai*) bring Jesus 'n ander faset van sy kruisiging na vore wat vir elke gelowige 'n boodskap van groot blydskap dra. Baie, baie meer as die hartsverskeurdheid van sy ontsettende lyde aan die kruis.

Nadat Jesus die suur wyn gedrink het wat die soldate vir Hom aangebied het, het Hy, met sy lippe gelawe, sy kop opgetel en met ’n laaste kraginspanning oor sy mense opgekyk en helder gesê: “Dit is volbring!”

Maar kan dit? Hier op Golgota? ... Ja, juis op Golgota, die plek van onreg, word iets volbring, want hier vind ’n aktiewe sterwe plaas. “Niemand neem dit (my lewe) van My af nie, maar Ek lê dit uit my eie af” (Joh. 10:18). Hy géé sy lewe. Dit was van die begin sy plan om te sterwe en so sy werk af te handel.

Daarom nie ’n laaste kraginspanning van handdoek ingooi, van Ek gee op, nie. Nee hier praat Hy nou met sy Vader in die vaste wete dat alles wat met Hom gebeur het, nie die oorwinning van die haatlike noodlot is nie, maar dat Hy moes sterf. Só sy lewe moes aflê vir sondaars sodat ons van God se toorn gered kan word.

Jesus voltooi die sirkel soos Hy gebid het in Johannes 17:4: “Ek het U op die aarde verheerlik deur die werk te volbring …”

Sing: Skrifberyming 5-1:1, 6

Ds. JE (Blok) Franck (Ladysmith/Harrismith)

Maandag 26 Februarie

Skrifgedeelte: Lukas 23:44-49 (AFR83)
Fokusgedeelte: Lukas 23:45

God neem die skeiding weg deur Christus

Die spanningsvolle kruisgebeure breek aan en Christus word gekruisig (Luk. 23:33). Hy hang aan die kruis en die hemele antwoord. Teen twaalfuur kom daar duisternis oor die hele land vir drie ure lank; die son het opgehou om te skyn.

Skielik draai die fokus weg van die kruis na die tempel, waar die voorhangsel van die tempel middeldeur geskeur word (23:45). Dink net aan die oproer in die tempel! Eers hardloop almal na buite om die skielike donkerte te aanskou. Dan weer na binne, en dan: Die groot gordyn wat die Allerheiligste heelagter in die tempel afgesluit het, skeur middeldeur. Niemand het daaraan geraak nie, geen mensehand het dit geskeur nie, maar God se hand wat eers die son weggeneem het, het nou hierdie gordyn geskeur.

Die betekenis? Agter die gordyn het God se troon gestaan. Daar is op die versoendeksel jaarliks versoening bewerk vir al die sondes van die volk en priesters. Die bron van genade en vrede van God waarna die volk telkens stroom. Maar nou is die voorhangsel geskeur, die skeiding is weggeneem. Die egte versoening is bewerk. Die groot Hoëpriester se offer is gebring. Danksy Hom is ons skuld by God vir ewig betaal en is die pad na God se troon nie langer deur 'n gordyn geskei nie. Nou het gelowiges in Christus vrymoedigheid om na God se genadetroon te gaan (Heb. 4:16).

God se woning is nie meer in die tempel nie. Die priesters kan hulle offerdiens maar staak. God skeur die voorhangsel, neem die skeiding weg en sê: "Soek my nie meer agter die gordyn nie, kry My nou in Hom wat daar aan die kruis hang, buite die stad."

Vir ons wat Hom gevind het wat deur sy dood die volmaakte versoening bewerk het en skeiding weggeneem het, kry Jerusalem 'n ander betekenis. Die getuienis oor die voorhangsel bly nie meer in Jerusalem nie, maar daarvandaan, en tot aan die "einde van die aarde" (Hand. 1:8).

Sing: Psalm 40-1:3, 4, 8

Ds. MJ (Johan) Willemse (Vredenburg/Saldanha)

Dinsdag 27 Februarie

Skrifgedeelte: Lukas 24:1-12
Fokusgedeelte: Lukas 24:11

Glo dat Jesus uit die dood opgestaan het!

Ten spyte van die feit dat Jesus sy dissipels telkens daarop gewys het dat Hy uit die dood sou opstaan, was hulle steeds verbaas toe hulle die nuus kry dat Jesus se liggaam nie meer in die graf is nie. Tomas het selfs gesê dat hy die opstanding alleen sal glo indien hy self sy hande in Jesus se wonde kan druk.

Nie die Jode, Grieke of Romeine het geglo dat God 'n individu uit die dood sal laat opstaan nie. Die geloof in die opstanding van Christus was vir die mense van daardie tyd moeilik om te aanvaar. Dit het teen hulle wêreldbeeld ingedruis, net soos vandag.

Daar moes dus iets indrukwekkend gebeur het om soveel mense se

wêreldbeeld in so ’n kort tydjie te verander. Dit moes so indrukwekkend gewees het dat dit al hulle vooropgestelde idees kon vernietig, want ons lees dat duisende mense ná Christus se hemelvaart tot geloof gekom het (vgl. Hand. 21:20). So ’n wêreldbeeldverandering kon net plaasvind indien hierdie gelowiges Jesus ná sy opstanding gesien het.

Daar is ook ’n sterk rasionele bewys in hierdie gedeelte dat dit wat ons in die Bybel lees oor die opstanding van Jesus, waar is. Dit handel rondom die eerste getuies wat uitgestuur is om te gaan vertel van Jesus se opstanding.

Die heel eerste getuies was vroue. Maria Magdalena, Johanna en Maria word na die dissipels toe gestuur om vir hulle te gaan sê dat Jesus uit die dood opgestaan het. Teoloë en geskiedkundiges voel dit eens dat vroue nie in daardie tyd as betroubare getuies geag is nie. Indien die dissipels daarom ’n storie sou wou opmaak oor die opstanding van Jesus, sou hulle beslis nie hierdie vroue genoem het as die eerste getuies nie.

So waarom het die skrywers van die evangelie, in hulle weergawe van wat gebeur het, genoem dat hierdie vroue moes vertel van die opstanding? Omdat dit werklik gebeur het. JESUS HET OPGESTAAN!

Sing: Psalm 66-1:1, 7

Dr. PJ (Paul) de Bruyn (Windhoek-Suid)

Woensdag 28 Februarie

Skrifgedeelte: Lukas 24:13-35
Fokusgedeelte: Lukas 24:26

Christus se lyding en sterwe was noodsaaklik vir ons verlossing

Ons fokusvers is ’n vraag wat Christus aan die Emmausgangers stel. Moes Christus nie hierdie dinge ly en sy heerlikheid ingaan nie? Die antwoord: Ja, beslis! Hoekom? Christus verduidelik dit baie mooi aan hierdie twee terwyl hulle op pad is.

Die volgelinge van Christus is verward en onseker en vol hartseer. Die Man wat hulle so gevolg het en na geluister het, is gekruisig. Die Man wat hulle gedink het die Messias is en wat hulle van ’n gewisse dood sou red, is volgens hulle nie meer daar nie. Hy is al drie dae

dood en hulle het gesien hoedat Hy gekruisig is.

Wat nog meer verwarring veroorsaak, is die feit dat daar nou getuienis gekom het dat Hy opgestaan het, of ten minste dat sy liggaam nie meer in die graf is nie. Daar was 'n engel by die graf wat aan vrouens vertel het dat Hy lewe. Hierdie twee manne staan met somber gesigte en kan nie glo dat hier iemand is wat nog nie gehoor het wat gebeur het nie. Dit was so te sê voorbladnuus. Hoe kan Hy dan nie weet nie?

In alle waarskynlikheid sou hulle verbaas gewees het oor die reaksie van Jesus. "Wat 'n gebrek aan begrip en wat 'n traagheid van gees!" Dan die vraag in vers 26. Hierdie is dan die pad wat Christus moes loop. Dit was 'n noodsaaklikheid, en om dit illustreer, het Hy by Moses begin en alles wat in die Ou Testament geskrywe is oor Hom, vir hulle uitgelê.

Die lyding en sterwe was 'n noodsaaklikheid vir Hom om sy heerlikheid in te gaan. Dit is iets wat Christus op hierdie stadium reeds beleef. Verder moet Hy nog sy volgelinge ook verseker dat Hy opgestaan het.

Wat 'n troos en 'n verligting. Net toe hulle dink alles is verlore, is die verwagting oortref met die opgestane Christus. Dit het Hy gedoen sodat hulle, en daarmee saam ek en jy, almal die heerlikheid saam met Hom kan ingaan en elkeen die ewigheid saam met Hom beleef, as sy verloste kinders.

Sing: Psalm 9-1:1, 2, 7
Ds. N (Neville) Boy Thabazimbi

Donderdag 29 Februarie

Skrifgedeelte: Lukas 24:36-49
Fokusgedeelte: Lukas 24:47

Verkondig bekering en vergifnis

Jesus verskyn die vyfde keer op dieselfde dag, nou aan sy dissipels in die nag. Sy verskyning verbaas hulle. Die verskyning is so tydig, want hulle is juis besig om oor die nuus van die opstandingsgebeure te praat. Moontlik te oorweeg of dit genoegsame bewyse is van die opstanding van hulle Meester en hoe hulle alles verder moet hanteer. Dan is Jesus ewe skielik in hulle midde. En watter troos en bemoediging

bring sy teenwoordigheid nie. Hy gee sy vrede. Al het almal Hom in sy lydingsworsteling verlaat, neem Hy die inisiatief om in ’n liefdevolle en vredevolle ontmoeting met hulle te gaan.

Omdat hulle gedagtes en harte gevul is met twyfel en worstelinge oor hulle foute, is hulle verskrik. Jesus gee egter bewyse van sy opstanding om sodoende hulle vrese te stil en te verseker dat Hy nie ’n spook is nie. Hierdie bewyse moet hulle help om met volle geloofsoortuiging die blye boodskap oor die opstanding in die wêreld te verkondig. Hy wys hulle sy hande en voete. Hy eet saam met hulle.

Hierdie verskyning bring insig in die Woord van God. Dit wat hulle gelees en gehoor het, word nou duidelik. Hulle verstaan nou. En daarom Jesus se opdrag: Julle moet getuies wees. Verkondig hierdie boodskap wat deur die hele Bybel geopenbaar word. Die boodskap oor die dood en opstanding van Jesus moet aan al die nasies verkondig word. Die boodskap van bekering en vergewing van sondes moet in die hele wêreld gehoor word.

Verkondig dit in die Naam van Jesus Christus en met die gesag wat jy van Hom ontvang het.

Sing: Skrifberyming 5-3:1, 2

Dr. TC (Theuns) de Klerk (Emeritus)

KWARTAAL 1

TEMA: DIE EERSTE STEM VAN VERTROOSTING (Jesaja 40:1-2)

Hierdie stem troos die volk oor hulle skuld en skaamte wat weggeneem is (fokus hier op skuldvergifnis, versoening, regverdigmaking, Middelaarswerk van Christus, ensovoorts).

MAART: God se verlossingstroos uitgespel in die Briewe, Hebreërs en Openbaring

Vrydag 1 Maart

Skrifgedeelte: Romeine 3:9-20
Fokusgedeelte: Romeine 3:10, 11 (AFR33/53)

Kennis van ons sonde bring dankbaarheid oor ons verlossing

Het jy al gewonder waar al ons probleme vandaan kom? Daar is nie een persoon in die lewe wat nie met iets sukkel nie, wat nie met iets worstel nie. Kyk maar na al die korrupte regerings, die moord, die diefstal ... Ons kan die kwaad en die boosheid in die wêreld opnoem.

Die wêreld gee baie verskillende antwoorde sonder om werklik 'n antwoord te kry. Ons teksgedeelte gee ons die antwoord: die sonde. Want daar is nie een regverdig nie. Daar is niemand wat die Here uit hulle eie soek nie. Dit is alleen deur die genade van die Here dat ons harte verander word om Hom te soek.

Het jy al gewonder waarom ons moet weet van ons sonde? Waarom lees ons die Wet elke Sondag in die erediens? Waarom sing ons boetepsalms in die eredienste? Waarom handel die eerste deel van die Heidelbergse Kategismus oor die sonde? Dit kan alles so morbied klink.

Dit is egter nodig om daagliks aan ons sonde herinner te word, want dit is alleen in die lig van al my sonde, my ongeregtigheid en ongehoorsaamheid dat ek werklik kan verstaan hoe groot my verlossing in Christus is. Ons het die kennis van ons sonde nodig om te weet waarvoor Christus kom sterf het.

Dit is juis wanneer ek sien hoe groot my sonde is dat ek verlossing buite myself begin soek. Ek moet arm van gees wees: dit is om myself in al my sonde te sien, sodat ek werklik dankbaar kan wees vir die verlossing wat ek in Christus ontvang.

Sing: Psalm 6-1:1 *Ds. W (Werner) Brotherton (Vryheid)*

Saterdag 2 Maart

Skrifgedeelte: Romeine 3:21-31
Fokusgedeelte: Romeine 3:24 (AFR33/53)

Uit genade in Christus alleen word ons verlos

Die woord *maar* in die Bybel is ’n baie troosvolle woord. In vers 9-20 skryf Paulus baie reguit en duidelik oor ons totale verdorwenheid. Wanneer ons dit lees, besef ons dat daar geen uitweg vir ons is nie. In vers 21 begin Paulus met die woord *maar* ...

Maar nou is die geregtigheid van God geopenbaar ... naamlik van God deur die geloof in Jesus Christus. In vers 23 maak Paulus dit weer baie duidelik dat almal gesondig het, maar in vers 4 bring hy die troosvolle boodskap! Deur sy genade word ons sonder verdienste van ons kant geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is.

Van vers 25 af kan ons die kruisdood van Jesus verstaan as ’n ruiltransaksie. Daar aan die kruis het God nie sy geliefde Seun se regverdigheid en volle gehoorsaamheid gesien nie. Nee, Hy het al ons sondes, ongeregtigheid en ongehoorsaamheid gesien en Christus daarvoor gestraf.

Ons ontvang aan die ander kant weer Christus se geregtigheid en volle gehoorsaamheid. Wanneer die Here dus na ons kyk, sien Hy nie meer ons sonde aan ons nie, maar Hy sien Christus se werke.

En die wonderlike is dat die verlossing in Christus nie net beperk is tot Israel van ouds nie, maar ook vir ons vandag. In Christus het alle tale, volke en nasies nou verlossing. Ons is nie beter as ’n ander omdat ons verlos is nie. Dit is nie uit iets wat ons gedoen het nie. Dit is nie omdat ons aan ’n sekere volk of kerk behoort nie, maar alles deur die genade van God. Deur die geloof in Christus word ons volkome verlos sonder werke van ons kant af. Nie my wetsonderhouding nie. Nie ek wat my hart vir God gee nie, maar die werke van Christus. Mag ons die Here altyd loof, prys en aanbid vir sy groot genade in Christus.

Sing: Psalm 32-1:1, 2

Ds. W (Werner) Brotherton

Sondag 3 Maart

Skrifgedeelte: Romeine 5:1-11 (AFR33/53/2020)
Fokusgedeelte: Romeine 5:1-2 (AFR33/53/2020)

Vrede by God! Toegang tot God! Hoop op die lewe saam met God!

Het jy hierdie bogenoemde kosbare besittings? Al hoe jy kan weet of jy hierdie dinge het, is om te glo dat jou verhouding met die Here totaal reggemaak is. Die een en enigste manier hoe jou verhouding met die Here reggemaak kan word, is as die Here self jou regverdig maak. Dit ontvang jy slegs deur genade alleen, deur geloof alleen, deur Christus alleen, met die Heilige Gees wat dit alles aan jou skenk.

So lui die oorspronklike Griekse woordorde van vers 1: *"Nou dan, ons is regverdig gemaak uit geloof, vrede het ons by God deur onse Here Jesus Christus ..."*

Wat is regverdigmaking? Dit is die genadehandeling van God waardeur Hy sy ware kinders uit genade *vryspreek* van skuld *EN* sonde en hulle die *geregtigheid* en *voldoening* van Christus *toereken*. So word ons bevry van ons erfsonde en sondeskuld, en ons word die volkome gehoorsaamheid van Christus geskenk om die reg te hê om *vrede* by God te hê, en *toegang* tot Hom te ontvang, nou en vir die *hoop* op die toekoms.

Regverdigmaking is vir Christenskap soos sjokolade vir 'n sjokoladekoek. Jy kan nie sjokoladekoek hê sonder die sjokolade nie. Net so kan jy nie Christenskap hê sonder regverdigmaking nie. Geen mens kan self sy verhouding met die Here regmaak nie. Vir mense wat so glo en dink, sê Paulus in Galasiërs 5:4: "Julle wat geregverdig wil wees deur die wet is losgemaak van Christus; julle het van die genade verval." Geen mens kan die hele wet van God nakom nie, behalwe Christus wat die wet en die profete kom vervul het (Matt. 5:17).

Jy gaan nooit werklik weet jy het vrede, toegang en hoop op God as jy nie in jou hart jou regverdigmaking in Christus alleen jou eie maak nie. Bid daaroor, gooi af daardie wêreldse denke dat jy jou eie vrede, toegang en hoop op God moet verdien. Mag die Gees van God jou die waarheid van die Christelike geloof, dit is regverdigmaking uit genade alleen, deur geloof alleen, in Christus alleen skenk!

Sing: Psalm 32-1:1, 6 *Ds. MW (Thinus) Kruger (Newcastle)*

Maandag 4 Maart

Skrifgedeelte: Romeine 5:12-21 (AFR33/53/2020)
Fokusgedeelte: Romeine 5:18 (AFR33/53/2020)

Sonde en dood sal nie oor ons gelowiges seëvier nie!

Paulus skilder in hierdie gedeelte ’n donker skildery met ’n skitterende blink diamant in die middel. Hy skets die wêreld en menslike geskiedenis wat teruggaan tot by Adam. Daar was ’n besondere omstandigheid in Rome om Paulus uit te lok om op hierdie manier te skryf. Heelwaarskynlik dink Paulus weer aan die Joodse teëstanders in die kerk in Rome wat die evangelie van genade verwerp.

Vir hierdie Jode was die Wet van Moses belangrik. Soos hulle dit gesien het, moes jy jouself regverdig probeer maak deur die Wet te gehoorsaam. Maar Paulus noem in 5:13 dat die sonde en die dood die wêreld ingekom het met Adam, die eerste mens, lank voor Moses en die Wet.

Sonde was nie bloot om ’n reëltjie te oortree of ’n bietjie vrugte te neem nie. Dit was verraad. Dit was afgodery. Dit was ’n mislukking om God lief te hê soos Hy ons liefgehad het. Dit het gehoop om God te onttroon. Die gevolge van hierdie rebellie was en is verwoestend. Let dus op hierdie drie-stadiumkettingreaksie in vers 12: (1) sonde het die wêreld ingekom deur Adam; (2) die dood het deur sonde in die wêreld ingekom; en (3) die dood het na alle mense versprei omdat almal gesondig het.

Maar dit is nie die einde van die verhaal nie. Adam as ons verteenwoordiger is slegte nuus, maar Christus as ons verteenwoordiger is die beste nuus! Ons is óf in Adam óf in Christus, en nou vertel Paulus vir ons iets van die verskille tussen hierdie twee figure.

Adam se impak op die mensdom was meer as sleg, aangesien “baie gesterf het” fisies en geestelik (vs 15). “Baie” kan ’n aantal dinge beteken, en ons moet konteks toelaat om te verduidelik hoe inklusief Paulus is. Hier beteken dit die totaliteit van die mensdom. Hy het reeds gesê dat die dood na “alle mense” versprei het (vs 12).

Christus se impak was meer as positief, aangesien genade na baie oorgeloop het. Konteks sal nie toelaat dat “baie” hier beteken dat “almal” eintlik gered is nie. Verlossing word aan almal gebied, maar mense moet die genadegawe “ontvang” deur die werk van die Heilige Gees en jou geloof.

Vers 17 is belangrik om te sien dat hierdie gedeelte nie universalisme leer nie (die oortuiging dat alle mense gered sal word). Verlossing word aan almal gebied, almal het dit nodig, maar elkeen moet dit ontvang.

Let dus op die genadige werk van Christus. Adam het vervreemding van God gebring. Jesus se genade het die lewe saam met God gebring. Paulus wil hê dat die leser hom moet verwonder oor Christus se genade. Sonde en dood sal nie oor ons gelowiges seëvier nie, want die genade van Christus wat aan ons gegee is, sal dit nie toelaat nie.

Paulus skets 'n donker prentjie van sonde sodat die goeie nuus van Christus sal skyn. Dit is soos wat 'n juwelier kan doen wanneer hy 'n diamant op 'n swart lap sit om die diamant te laat skitter.

Sing: Psalm 16-1:1, 5

Ds. MW (Thinus) Kruger (Newcastle)

Dinsdag 5 Maart

Skrifgedeelte: Romeine 6:1-14 (AFR33/53/2020)
Fokusgedeelte: Romeine 6:18 (AFR33/53/2020)

"Ons is dood vir die sonde" deur eenheid met Christus

In die lig van al hierdie praatjies oor genade word die vraag gestel: "Moet ons in sonde bly lewe sodat die genade meer kan wees?" (vs 1).

'n Bekende historiese voorbeeld van sulke gedagtes kom van die Russiese monnik Grigori Rasputin, wat die Romanov-familie in hulle laaste jare oorheers het. Rasputin het geleer dat verlossing deur herhaalde ervarings van sonde en bekering gekom het. Hy het gemeen dat, omdat diegene wat meer sondig, meer vergifnis vereis, diegene wat sonde doen, groter vreugde sal ervaar wanneer hulle hul bekeer; daarom, volgens hom, is dit die gelowige se plig om te sondig.

Toe Paulus in Romeine 5:20 sê, "waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword," kon hy die onvermydelike vraag aanvoel en voortgaan en dit self uitspreek: "Wat sal ons dan sê? Sal ons in die sonde bly voortleef, sodat die genade kan

toeneem?" (vs 1). Sy antwoord was: "Hoegenaamd nie!"

Paulus verwerp duidelik antinomianisme, die idee dat God se genade in verlossing 'n mens 'n lisensie gee om wetteloos te lewe. Inteendeel, Paulus gee juis verskeie redes waarom genade nie 'n lisensie is om te sondig nie. Hierdie redes is belangrik om Christelike identiteit te verstaan en hoe ons nou die Christelike lewe leef as mense wat met Christus verenig is en wie se Gees nou in ons woon.

Regverdiging deur geloof is nie bloot 'n wetlike saak tussen my en God nie; dit is 'n lewende verhouding. Dit is "'n regverdiging wat lewe bring" (Rom. 5:18 – Ek is in Christus en vereenselwig met Hom).

Daarom, wat ook al met Christus gebeur het, het met my gebeur. Paulus se stelling oor die doop herinner aan die gelowige se bekering tot Christus. 1 Korintiërs 10:2 vertel vir ons dat die Israeliete "in Moses gedoop is" – met verwysing nie na die waterdoop nie, maar na die feit dat hulle met hom verenig geraak het soos nog nooit tevore nie, aangesien hulle sy leierskap en hulle afhanklikheid van hom erken het. So is dit ook met Christus. Toe ons in Hom gedoop is (6:3), is ons met Hom verenig.

Toe ons geestelik in Christus gedoop is, is ons in sy dood gedoop. Die persoon wat dink dat genade 'n lisensie is om te sondig, besef nie wat dit beteken om saam met Christus te sterf nie.

Toe Hy gesterf het, het ek gesterf. Toe Hy opgestaan het, het ek in Hom opgestaan. Ek sit nou saam met Hom in die hemele! (vgl. Ef. 2:6). As gevolg van hierdie lewende eenheid met Christus het die gelowige 'n totaal nuwe verhouding tot sonde.

Ons wat God se reddende genade in Christus ken, het afskeid geneem van die wêreld van sonde. Ons is nuut. Dit beteken nie dat ons nie meer in staat is om te sondig nie, maar dat ons verhouding tot sonde verander het. Ons is dood vir die sonde. Ons leef nie meer onder sy heerskappy nie; ons kan en wil nie teruggaan na daardie ou sondige lewe nie. Wanneer sonde kom en roep "Kom kyk hier", reageer ons met: "Wie is jy? Ek ken jou nie meer nie want jy is vir my dood. Maar Christus leef in my deur die Heilige Gees."

Sing: Psalm 103-1:2, 3

Ds. MW (Thinus) Kruger (Newcastle)

Woensdag 6 Maart

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 5
Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 5:7-8

Ons Messias bring feesvreugde, daarom moet ons onsself nie besoedel met die ou suurdeeg van onsedelikheid en ander sonde nie

Die kerk in Korinte word tereg beskryf as Paulus se "probleem-gemeente". Die stad Korinte was geleë op 'n smal strook land wat die Peloponnesiese skiereiland met Griekeland verbind het. Deur die twee hawens weerskante van die stad het Oos en Wes mekaar ontmoet, en dit het van hierdie stad 'n kosmopolitiese wêreldstad gemaak. Een van die uitstaande kenmerke in die stad was die tempel van die heidense vrugbaarheidsgodin Afrodite waar daar 'n 1000 tempelprostitute dag en nag beskikbaar was om hulde te bring aan Afrodite se vrugbaarheid. Dit is dus nie verbasend dat Korinte bekend was vir sy lae morele waardes en immorele leefwyse nie.

Een van die kenmerke van die kerk is dat dit anders moet wees as die wêreld waarin die kerk staan. Die kerk in Korinte was in 'n sekere sin "anders" as die heidene om hulle. Die ironie is dat die "andersheid" daarin geleë was dat hulle immorele optrede selfs erger was as dié van die heidene rondom hulle! Dit is in die lig hiervan dat Paulus die gemeente in Korinte oproep om die ou suurdeeg van onsedelikheid en ander sonde uit hulle midde te verwyder. Paulus tref hier 'n vergelyking met die ongesuurde brood (wat reinheid verteenwoordig het) wat die Israeliete tydens Paasfees geëet het. Suurdeeg het boosheid voorgestel terwyl gisting ontbinding en korrupsie verteenwoordig het.

Die grond waarop Paulus hierdie oproep doen, is dat Christus as Paaslam vir ons geslag is. Net soos die bloed van die paaslam gekeer het dat die eersgeborenes van die Israeliete doodgemaak is, gee die bloed van Christus (ons Paaslam) vir ons die ewige lewe deurdat dit ons reinig van die ou suurdeeg van ons sonde. Met die Ou-Testamentiese Paasfees het die Israeliete hulle verlossing uit die slawerny van Egipte herdenk. Wanneer Christus se kerk (dit wil sê elkeen van ons wat in Hom glo) saam met Hom feesvier om ons verlossing van die slawerny van sonde te herdenk, moet ons onsself nie besoedel met die ou suurdeeg van onsedelikheid en ander sonde nie.

Sing: Psalm 1-1:1 *Ds. JG (George van der Walt) (Emeritus)*

Donderdag 7 Maart

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 11
Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 11:17-34

Die styl van die Here

In die vroeë kerk het die gelowiges gereeld saam geëet en gedrink. Hierdie geleenthede is "liefdesmaaltye" genoem. Gedurende of aan die einde daarvan is die "nagmaal van die Here" dan ook geniet. Met hierdie geleenthede het die rykes eet- en drinkgoed gebring wat dan onder almal gedeel is.

In die Korinte-gemeente het dit egter ontaard: die rykes het gaan sit en alles self verorber. Wanneer die armes en slawe later daar aankom (waarskynlik weens 'n langer werksdag), was daar vir hulle niks oor nie. Dus het party honger gebly (die armes) en ander was dronk (die rykes). Só het die teken van onderlinge eenheid en liefde 'n demonstrasie van verdeeldheid en selfsug geword – 'n brassery.

Hierteenoor stel Paulus die styl van Jesus tydens sy instelling van die nagmaal. Let gerus in jou Bybel op twee aspekte van Jesus Christus se styl:

- Die tyd – dit was die nag waarin Hy oorgelewer is en Homself vir sy gemeente geoffer het (vs 23).
- Sy woorde: "… dit is vir julle" (vs 24).

Dit is die Here se styl: oorgawe en offervaardigheid tot die dood toe. Daarom: "As julle saamkom om die nagmaal te vier, wag vir mekaar" (vs 33). Dit spel nederigheid, opoffering, geduld met swakkes, voorbidding en simpatie met lydendes uit.

Ons aanvaar nie maklik hierdie woorde nie, want ons is van nature voorbarig en selfsugtig en staan nie graag terug vir ander om eerste te skep nie. Daarom moet ons onsself telkens weer verootmoedig voor ons nagmaal gebruik.

Sing: Skrifberyming 16:5

Ds. J Botha (Johan) (Emeritus)

Vrydag 8 Maart

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 5:14-21 (AFR2020)
Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 5:14, 15

Nie meer vir onsself nie, maar vir Christus!

Wat kan dit wees wat 'n mens soos Paulus gedryf het om een van die belangrikste verkondigers en sendelinge van alle tye te word? Daar het iets met hom gebeur, daar het Iemand anders in sy lewe gekom. Daardie Iemand het 'n totale houvas op hom gekry.

Jesus Christus en sy liefde het in Paulus se lewe ingekom. Die glans van alle ander dinge het eenvoudig verbleek voor die glans, die dinamiek, die mag van hierdie een saak: die liefde van Christus wat in hom 'n onweerstaanbare drang geword het.

Wanneer Paulus praat van die liefde van Christus, bedoel hy nie die liefde wat ons vir Christus het nie, maar hy bedoel die liefde wat Christus vir ons het. Dit is oor hierdie liefde wat hy in al sy briewe skryf. Hy kan nie uitgepraat of uitgedink word daaroor nie. Dit is 'n oorweldigende mag wat in sy lewe ingekom het toe hy besef het: Christus het my lief.

Paulus beskryf dit op verskillende maniere. In ons fokusverse word dit duidelik dat dit 'n liefde van Christus is wat bereid was om sy hemelse heerlikheid prys te gee. Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Goddelike wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie (Fil. 2:6). Hy het 'n dienskneg geword, Hom verneder tot in die dood aan die kruis. Hy het vir almal gesterf (15). Daarin is die liefde van Christus geopenbaar.

Ek kan alleen aan God oorgegee wees wanneer ek sê: "Here, hier is ek. Ek aanvaar die liefde van Christus as 'n liefde wat my insluit. Ek aanvaar dat Hy my ou mens gekruisig het, en my nuut maak deur u Gees. Neem my, Here, ek gee my oor aan U."

Sing: Psalm 146-1:1, 2

Ds. JPL (Vickus) van Jaarsveld (Krugersdorp-Wes/Magaliesburg)

Saterdag 9 Maart

Skrifgedeelte: Galasiërs 2:15-21 (AFR 2020)
Fokusgedeelte: Galasiërs 2:19, 20

Ek is saam met Christus gekruisig, en het opgestaan

Voordat Paulus tot bekering gekom het, het hy hom streng by die wet gehou. Vir genade was daar nie plek nie. Op 'n dag verander alles, daar gebeur 'n wonder. Paulus was op pad na Damaskus om die Christene te vang en toe te sluit, en dan gebeur dit. Jesus Christus verander sy lewe. Hy word Paulus se Middelaar.

Vir Paulus verander alles. Hy sien Jesus aan die kruis. Dit word vir hom alles. Dit is vir hom so 'n werklikheid dat hy sê: "Dit is ook ek ... ek is saam met Christus gekruisig ... my sonde hang saam met Christus aan die kruis." Elkeen wat opreg glo in Jesus se kruisdood kan weet dat hy of sy gered is. Elkeen wat in geloof kan sê: "Ek is saam met Christus gekruisig" kan die sekerheid hê dat sy sondes vergewe is.

Nadat Paulus tot hierdie kosbare belydenis kom, gaan dit verder. Nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. Christus het nie net gesterf nie, Hy het ook opgestaan uit die dood!

In Paulus se lewe was dit Christus wat geleef het. Vandag nog wil Christus in elke gelowige leef. Hy wil ook in jou daaglikse lewe sigbaar wees. Wanneer ons saam met Jesus gekruisig is, is ons sondige lewe ook saam met Hom gekruisig. Nou word ons lewe beheer deur die opgestane Christus.

Wanneer Christus in ons leef, wanneer ons ons lewens gebruik tot eer van God, dan word ons soos Paulus getuies van die kruis, en ook die opstanding. Jesus Christus het opgestaan, Hy het die dood oorwin – Hy leef in elke gelowige.

Sing: Psalm 90-1:1-3

Ds. JPL (Vickus) van Jaarsveld (Krugersdorp-Wes/Magaliesburg)

Sondag 10 Maart

Skrifgedeelte: Efesiërs 2:1-10
Fokusgedeelte: Efesiërs 2: 4

Ons troos: God het ons innig lief

Die liefde van God maak dié verskil tussen lewe en dood. Van nature is mense dood (vs 1). Dood nie omdat ons ophou asemhaal nie. Nee, dood as gevolg van ons sondige natuur. Ons sondige natuur lei tot allerlei sondes en oortredings. Die gelowiges in Efese, bekeerlinge uit die heidendom, het hierdie "dood-wees" verstaan. In hulle lewe was daar 'n duidelike keerpunt. Voor die keerpunt was hulle dood. Hulle het hulle sondige aard, begeertes en luste uitgeleef – saam in die hoofstroom met die God-vyandige-wêreld. Ongehoorsaam aan God. Hulle was dood, onder die oordeel en straf van God, want Hy straf sonde met die dood (Gen. 2:16-17; Rom. 6:23). Baie van ons, gelowiges van vandag, het in die kerk grootgeword en daar is nie so 'n duidelike keerpunt en onderskeid in ons lewe nie. Daarom bestaan die gevaar dat ons vergeet dat ons:

- van nature weens die sonde dood is,
- net soos die ander mense deur God gestraf moes word.

MAAR – maar God het ons innig lief. God se liefde is dié keerpunt en die enigste rede waarom ons en hulle nie deur Hom gestraf is nie. God se liefde maak Hom ryk in barmhartigheid (vs 4) en genade (vs 7). In sy groot barmhartigheid gee Hy nie vir ons wat ons verdien nie – die dood as straf op ons sondes. In sy groot genade gee Hy vir ons wat ons nie verdien nie – dié lewe in Christus Jesus! God gee sy liefde aan ons in sy Seun, Jesus Christus (Ef. 1:1-14) en deur sy Gees (Rom. 5:5). Hy het ons saam met Christus:

- lewend gemaak – opgewek uit die dood;
- 'n plek in die hemel gegee – lewe tot in ewigheid!

In sy liefde en genade werk God die Heilige Gees geloof in ons (Ef. 1:13-14). Geloof is die hande wat God ons gee om sy liefde in Christus Jesus te ontvang. Geloof wat God skenk (vs 8) gaan oor in liefde tot goeie dade. Daartoe het Hy ons verlos en daardeur dank en verheerlik ons Hom. Mag ons geloof – God se werk in ons – vir onsself en vir ander wys:

- God het ons innig lief;

- in sy groot liefde het Hy ons wat dood was, in Christus Jesus lewend gemaak.

Sing: Lied 332:1, 2, 3, 4

Ds. FM (Frederik) Dreyer (Noordrand)

Maandag 11 Maart

Skrifgedeelte: Efesiërs 2:11-22
Fokusgedeelte: Efesiërs 2:14a

Ons troos: Christus is ons vrede

Meestal verstaan ons vrede as die afwesigheid van oorlog. Hier hoor ons – Christus is ons vrede (vs 14a). Hy het die goeie boodskap van vrede gebring (vs 17). Deur sy dood aan die kruis (vs 16) het Hy vrede bewerk. Die vrede wat Christus deur sy kruisoffer gee (Joh. 20:19, 26) is dié van versoening (vs 16). Versoening beteken Hy gee vrede, want Hy maak stukkende verhoudings heel:

- tussen God en sondaars (Jode en nie-Jode);
- tussen mense onderling (Jode en nie-Jode).

Vrede met God beteken: (1) Christus bring sondaars – Jode en nie-Jode – wat ver van God gelewe het, naby God (vs 13, 17). Deur sy kruisoffer, deur sy bloed, is gelowiges met God versoen. Ons verhouding met Hom is herstel. (2) Gelowiges, Jode en nie-Jode, is almal medeburgers van die koninkryk van God (vs 19; Fil. 3:20). (3) Alle gelowiges, ook ons, is deel van God se huisgesin (vs 19). Ons is sy kinders (Ef. 1:4-5). (4) Gelowiges is saam ’n geestelike huis waarin God woon, ’n heilige tempel vir die Here waarvan Christus Jesus self die hoeksteen is (vs 20-22). Al hierdie beelde – die van burgers, ’n huisgesin en ’n tempel – bevestig dat Christus ons deur sy bloed met God versoen het. Daarom kan ons naby God, in sy teenwoordigheid, lewe.

Christus bring ook vrede tussen mense. In Efese het Christus deur sy kruisdood ’n einde gemaak aan die vyandskap en skeiding tussen gelowiges uit die Jode en gelowiges uit die nie-Jode, want:

- Christus het die wet en sy bepalings, wat skeiding gebring het tussen Jode en nie-Jode, opgehef (vs 15);
- Christus het die muur van skeiding tussen Jode en nie-Jode afge-

breek. By die tempel het 'n muur Jode en nie-Jode letterlik geskei. Deur sy liggaam (vs 14), deur sy soenoffer aan die kruis, gee Hy ons almal, deur een Gees, vrye toegang tot die Vader (vs 16; Heb. 10:19-22).

Christus is ons vrede! Hy het ons, gelowiges, met God versoen. Hy bind gelowiges oor alle grense saam in een liggaam, sy kerk, die huisgesin van God. Mag ons met die troos lewe:

- Christus is ons vrede – deur sy bloed is ons met God versoen.
- Christus is ons hoop – in die reënboognasie van ons land – vir vrede.

Sing: Lied 284: 1, 2, 3

Ds. FM (Frederik) Dreyer (Noordrand)

Dinsdag 12 Maart

Skrifgedeelte: Efesiërs 3:1-13
Fokusgedeelte: Efesiërs 3:3-6

Ons troos: God het sy geheimenis geopenbaar

Paulus onderbreek sy gebed (vs 1, 14-19) om aan gelowiges in Efese en aan ons 'n geheimenis bekend te maak. Geheimenis wys na planne en besluite van God (vs 9) wat geen mens ken nie. God het sy plan, wat Hy vir eeue geheim gehou het, nou geopenbaar:

- aan Paulus self deur 'n openbaring (vs 3);
- deur die Gees aan sy heilige apostels en profete (vs 5).

Die geheimenis is dat God gelowige Jode en nie-Jode in en deur Christus een maak. Gelowige Jode en nie-Jode is saam een volk, een liggaam (vs 6). In die Ou Testament is verlossing vir Jode en nie-Jode bekend gemaak (Gen. 12:3; Jes. 49:6). Nooit is daar gesê dat Jode en nie-Jode saam een volk en een liggaam sal word nie. Nou het God die geheimenis bekendgemaak. Hy het Paulus geroep en die opdrag gegee om die blye boodskap aan die heidennasies te verkondig (vs 2, 7-8).

Alle gelowiges moet die blye boodskap hoor, want sonde verdeel en skei. Ons sondige natuur laat ons skeiding kies bo eenheid. Daarom fokus ons meer op verskille as op ons "een-wees" in Christus. Ook ons moet opnuut die geheimenis in geloof aanvaar en omhels:

- gelowiges, ongeag ras of kleur of stand, is saam in Christus een volk van God (vs 6);
- dit maak dus geen verskil of ’n mens ’n Jood of ’n Griek is nie, want dieselfde Here is Here van almal, en Hy seën almal wat Hom aanroep, ryklik, want elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word (Rom 10:12-13);
- dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is ons almal één (Gal. 3:28).

Die troos wat hierdie eenheid ons gee, is dat ons almal saam deel in die ryke beloftes van God (vs 6) en in die rykdom seëninge in Christus (vs 8; Ef. 1:3-14). Mag die geheimenis ons bewaar van “Dopper-hoogmoed”. Laat ons onthou, God het die geheimenis geopenbaar om verkondig te word. Al bring dit swaarkry (vs 1, 13), laat ons getrou aan almal rondom ons verkondig: “Al die gelowiges in ons land en oor die wêreld heen is saam een volk van God.”

Sing: Skrifberyming 12-2:4, 5

Ds. FM (Frederik) Dreyer (Noordrand)

Woensdag 13 Maart

Skrifgedeelte: Kolossense 1:15-20
Fokusgedeelte: Kolossense 1:15-20

Troos

Die gemeente in Kolosse was gekonfronteer deur allerlei dwalinge wat die gemeente wou weglei van hulle enigste Troos in lewe en sterwe, in liggaam en siel, Jesus Christus alleen, om dus op hulleself en hulle werke te vertrou. Die dwaalleraars wou allerlei sake byvoeg by die evangelie om te onderhou om gered te word, ’n “Christus plus”-dwaling (sien Kol. 2:4-23. Paulus antwoord op hierdie dwalinge deur die Gees met die evangelie van Christus alleen! Die evangelie, wat “goeie nuus” beteken, en ons enigste Troos as Inhoud het, is nie net oor wat Jesus gedoen het in sy mensheid, in sy vleeswording vir ons nie (vs 13, 14), maar vir Wie Hy in sy wese is, waarsonder ons nie gered sou kon word nie (HK Sondag 5 en 6), naamlik Hy is tegelykertyd volkome mens én volkome God, tot ons enigste troos.

En dit is hierdie Troos, hierdie “woord van die waarheid van die

evangelie", wat Paulus aan die gemeente openbaar en leer in verse 15-20, en ook aan jou vandag hier in die 21ste eeu waar die goeie stryd nog steeds fel plaasvind teen allerlei misleidinge en dwaling van ons tyd. Sien jou enigste troos raak in Jesus as volkome mens, maar ook tegelykertyd volkome God: "Hy is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping; want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte – alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape. En Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand. En Hy is die Hoof van die liggaam, naamlik die gemeente; Hy wat die begin is, die Eersgeborene uit die dode, sodat Hy in alles die eerste kan wees. Want dit het die Vader behaag dat in Hom die ganse volheid sou woon en dat Hy deur Hom alles met Homself sou versoen nadat Hy vrede gemaak het deur die bloed van sy kruis – ek sê deur Hom – die dinge op die aarde sowel as die dinge in die hemele."

Sing: Psalm 110-1:1, 2

Ds. S (Slabbert) Le Cornu (Carletonville)

Donderdag 14 Maart

Skrifgedeelte: Kolossense 1:21-23
Fokusgedeelte: Kolossense 1:21-23

Troos

Nadat Paulus ons deur die Gees as't ware na die hemel gevat het om ons Here Jesus Christus in sy Goddelike glorie te sien, in sy volkome heerlikheid as God self (1:15-17) en ook in sy redding en bewaring van sy kerk vir ons bevestig (1:18-20), dan skryf hy verder vir die gelowiges in Kolosse, wat ook uit die nie-Jode bestaan het (vs 21) en vervreemd was van God weens hulle sonde. Hy skryf vir hulle dat in Jesus hulle nou versoen is met God, dit is die evangelie in 'n paar woorde, daar is nou geen meer veroordeling of vrees nie, dit is hulle groot geskenk en Troos in en deur Jesus Christus.

En die vrug van daardie Troos is dat die gelowiges nou alles ontvang het om "sonder gebrek en onberispelik" te wees in hulle lewe daar in Kolosse tot eer van die Here (sien ook Ef. 1:4). Met ander

woorde, daar is nie nodig om nog iets bygevoeg te word tot hulle saligheid, soos die dwaalleraars beweer nie, Christus is genoeg vir hulle ewige geluksaligheid, asook hulle dankbaarheidslewe hier op aarde tot die einde toe. Ook ons geliefdes en alle gelowiges deel in hierdie wonderlike troos, die woorde van vers 21, naamlik: ons is "nou" versoen! Daarin hoor ons Jesus se kruiswoorde tot eer van sy Vader, en tot redding van sy kinders deur alle tye, eeue en plekke: dit is volbring (Joh. 19:30).

En wat is dan die vrug van hierdie Troos? Dit is om teenoor die leuens en dwalinge wat ons wil laat wegbeweeg van die waarheid van die evangelie (1:5), ook vandag nog, in ons enigste Troos "gegrond en vas (te) bly in die geloof en julle nie laat afbring van die hoop van die evangelie nie, wat julle gehoor het en wat verkondig is in die ganse mensdom onder die hemel, waarvan ek, Paulus, 'n dienaar geword het" (1:23).

Sing: Psalm 110-1:3, 4

Ds. S (Slabbert) Le Cornu (Carletonville)

Vrydag 15 Maart

Skrifgedeelte: Kolossense 2:6-15
Fokusgedeelte: Kolossense 2:6-15

Troos

Deel van ons "danksegging" (vs 7), dus ons "dankbaarheidslewe" (HK deel 3) in antwoord op Christus Jesus wat ons gered en "aangeneem" het (vs 6), is om nou te "wandel in Hom", dus ons hele lewenswandel: leer en lewe. En wesentlik deel daarvan is nie net om in dankbaarheid die waarheid van die evangelie lief te hê en te leer nie (1:5), maar ook die dwalinge en misleidinge van die dwaalleraars te weerlê en te verwerp (vs 8; sien ook 2 Tim. 3:12-4; 5 se oproep!). Ja, ons ewige geluksaligheid kan nie van ons weggeneem word nie (Joh. 10:28), maar "drogredes" (2:4) wil wel die eer van God en die troos van die gelowige aantas deur valse vereistes op die gelowige en kerk se rug te laai wat die Here nie beveel het nie (2:16-23).

Daarom wil Paulus die gemeente en vir ons onderrig om nie in menslike oorleweringe en ongelowige wêreldse wysbegeertes jou

troos en die waarheid te soek nie, maar wysheid en waarheid (ware wysbegeerte dus!) te soek wat "volgens" Christus is (Kol. 2:3; Joh. 14:6; 17:7), soos Paulus ook elders leer dat Jesus die volkome en finale krag en wysheid van God is (1 Kor. 1:18-31).

Jesus het ook gekom om al die seremoniële wette van die Ou Testament, waarin die besnydenis sentraal gestaan het, volkome te vervul (HK v/a 19) en "afgeskaf en in die plek daarvan die sakrament van die doop ingestel" (NGB artikels 25, 34), soos Paulus hier leer in Kolossense 2:11, 12. Daarom is die gelowiges en die kerk van Christus nie daaraan verbonde om die seremoniële aspekte van "raak nie, smaak nie" meer te onderhou nie, soos sommige dwaalleraars geleer het (Hand. 15; Fil. 2:2, 3) en Paulus heeltyd teen gewaarsku het.

Teenoor die dwaalleraars leer Paulus deur die Gees vir die gemeente waarop hulle en ons moet fokus: om te let op Christus wat alle owerhede en magte oorwin het, dus ook ons doodsvyande; Satan, die sondige wêreld en die oorblyfsel van die sonde (2:13-15; HK Sondag 52), en roep ons op om in dankbaarheid in hierdie oorwinnende Troos te "wandel in Hom" ons lewe lank (2:6).

Sing: Psalm 110-1:5, 6

Ds. S (Slabbert) Le Cornu (Carletonville)

Saterdag 16 Maart

Skrifgedeelte: 1 Timoteus 1:12-20
Fokusgedeelte: 1 Timoteus 1:12-17

Dank die Here vir die nuwe begin

Die grootste omkeer in enige mens se lewe is om as sondaarmens in God se koninkryk diensbaar te word. Onder aanvoering van Satan maak die sonde ons juis vyande van God en teenstanders van sy koninkryk. Dit maak die omkeer van sondaarmense so merkwaardig, want dit vereis 'n nuwe begin.

Paulus het dit beleef. Eers was hy 'n lasteraar, vervolger en geweldenaar, maar nou is hy 'n dienskneg in God se Koninkryk. Dit is 'n nuwe begin waarin Paulus oorlaai is met die genade van God asook die geloof en liefde in Christus. Hieroor het Paulus hom verwonder en hy dank die Here daarvoor.

Hierdie genade is alles sigbaar in Jesus Christus wat na die wêreld

gekom het om sondaars te verlos. Elkeen wat in Hom glo, het deel aan die verlossing en beleef hierdie nuwe begin in sy eie lewe.

Sien jy as gelowige ook soos Paulus die groot omkeer in jou eie lewe raak? Dan moet jy alleen God daarvoor dank. Hy is die bewerker van alle omkeer na Hom toe. Dan moet jy ook, vanuit hierdie nuwe begin, nou as geroepe dienskneg in sy Koninkryk leef. Jy moet ook aan ander 'n voorbeeld wees van een wat waarlik in Christus glo en aan Hom diensbaar is.

Jy en ek moet aan die wêreld kan sê: Soek jy 'n bewys van die evangelie van God? Jy hoef nie ver te soek nie – ekself is die bewys, hier staan ek as 'n sondaar wat deur die genade van God gered is.

Kan die wêreld in jou lewe sien wat jy met jou mond bely? Kan jy ook sê: Wat julle aan my sien en hoor, verkondig ek aan julle. Wie dit wel doen, moet in nederigheid daarmee volhard en die Here vir dit alles dank.

Sing: Psalm 116-1:7, 9

Ds. SA (Sarel) Cilliers (Emeritus)

Sondag 17 Maart

Skrifgedeelte: 1 Timoteus 6:11-21
Fokusgedeelte: 1 Timoteus 6:11, 12 (AFR33/53)

Volhard – deur te vlug, na te jaag, te stry en te gryp!

Hoe gans anders is die lewe van 'n gelowige en dié van 'n ongelowige nie! Ja, op die oog af lyk dit of daar min verskil tussen jou en jou ongelowige kollega by die werk of ongelowige maat by die skool of ongelowige buurvrou in die aftreeoord is. Tog, as ons na 'n gelowige en ongelowige se lewenswandel kyk, behoort daar 'n hemelsbreë verskil te wees. Veral in die benadering van jou alledaagse, praktiese lewenswandel.

Dit is dan ook juis in hierdie opsig wat Paulus vir Timoteus bemoedig en raad gee. Te midde van mense wat iets anders leer en anders met die praktyk van die lewe omgaan, byvoorbeeld rykdom, word Timoteus – en ons – opgeroep om te volhard in die ware geloof. Maar hoe doen 'n mens dit, hoe volhard jy te midde van valse wêreldse denke en sondige trekpleisters?

God se Woord gee vir ons vier opdragte in vers 11 en 12. Die eerste

is om te vlug. Vers 11 begin met die woorde: “Maar jy, man van God, vlug van hierdie dinge weg …” Watter dinge? Enigiets wat in stryd is met die gesonde leer (vs 3). Daar moet nie net weggevlug word nie, maar in die tweede plek moet opregtheid, toewyding aan God, geloof, liefde, volharding en minsaamheid nagejaag word. Derdens moet die goeie stryd van die geloof gestry word. Daar mag nie vatplek aan ’n valse leer gegee word nie, en dit moet ten alle koste bestry word.

Laastens moet ons gryp na die ewige lewe. Ja, omdat ons eerste deur Jesus Christus gegryp is, mag ons na die ewige lewe gryp, dit ons eie maak en met daardie sekere hoop ook lewe. En juis dit maak ons heeltemal anders as ’n ongelowige.

Sing: Psalm 84-1:6

Ds. LP (Leon) van Jaarsveld (Brakpan)

Maandag 18 Maart

Skrifgedeelte: Filemon (AFR 2020)
Fokusgedeelte: vers 6

In Christus alleen is daar versoening!

Onesimus, wie se naam “nuttig” beteken, was niks minder as “nutteloos” vir Filemon toe hy hom ’n onreg aan gedoen het en na Rome weggehardloop het nie. God se genade het egter hierdie man wat in aanraking gekom het met Paulus, en wat hom na die Here gelei het, agtervolg.

Paulus noem Onesimus sy kind, nou ’n getransformeerde man. Paulus se beroep op Filemon om sy oortredings te vergewe en hom dade van goedhartigheid te wys, is gebaseer op wat ons fokusvers sê. Watter “goeie dinge” kom uit die geloof wat Paulus, Onesimus, Filemon en elkeen van ons as gelowiges in Christus ervaar?

Eerstens sy barmhartigheid – “Maar God, ryk in barmhartigheid, het ons, alhoewel ons dood was as gevolg van die oortredings, op grond van sy groot liefde ... saam met Christus lewend gemaak (Ef. 2:4-5). Hy het aan ons sy genade bewys deur sy Seun Jesus Christus! Hoeveel te meer het ons nie nodig om barmhartigheid te betoon aan diegene teen wie ons ’n onreg aangedoen het nie!

Tweedens sy vergifnis – “In Hom het ons ... die vergewing van ons oortredings uit die rykdom van sy genade ...” (Ef. 1:7). Toe daar geen

manier was om van die skuld van ons sonde ontslae te raak nie, het Jesus in ons plek in getree en al ons sonde op Hom geneem! Is dit dan te moeilik om ’n foutiewe broer/suster te vergewe?

Derdens sy liefde – Wat was die omvang van God se liefde vir ons? God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het sodat ons nie verlore sal gaan nie (Joh. 3:16). Ons word ook geroep om sulke liefde te demonstreer wat gee.

Filemon is opgeroep om Onesimus te vergewe en te aanvaar weens die barmhartigheid, vergifnis en liefde wat hy van die Here ontvang het! Mag ek en jy ook in hierdie gesindheid lewe.

Sing: Psalm 8-1:1-3

Ds. JPL (Vickus) van Jaarsveld (Krugersdorp-Wes/Magaliesburg)

Dinsdag 19 Maart

Skrifgedeelte: Hebreërs 2:5-18
Fokusgedeelte: Hebreërs 2:9

Ons Here Jesus is vir ’n kort tydjie minder as die engele gemaak

Dwarsdeur die boek Hebreërs herinner die skrywer sy hoorders aan wie Christus is. Hy is Erfgenaam van alle dinge, Skepper van alle dinge, Verteenwoordiger van God, Onderhouer van alle dinge, ons Groot Hoëpriester, ons Koning en die Verheerlikte bo die engele (Heb. 1:1-4).

As ons dit in gedagte hou, besef ons al hoe meer wat dit ons Here Jesus gekos het om as mens gebore te word. In ons Skrifgedeelte haal die Hebreërskrywer Psalm 8 aan as ’n verwysing na Christus. Psalm 8 sê dat God die mens “bietjie minder” as die engele gemaak het (“’n kort tydjie minder” in die Griekse vertaling van die Ou Testament). In ons fokusgedeelte sê die Hebreërskrywer: “Ons sien Jesus ... Hy is ’n kort tydjie minder gemaak as die engele.”

Maar hoe kan ons Here Jesus minder as die engele wees? Die Seun is dan voortrefliker as die engele (Heb. 1:5-14). Die Hebreërskrywer verwys na ons Here Jesus se menswording. Hy verwys na die verstommende feit dat die Een wat so pas beskryf is as die ewige en almagtige Seun van God, bereid was om vir ’n kort tydjie minder as

die engele te word deur die menslike natuur aan te neem (vgl. Joh. 1:1, 14; Fil. 2:6-7).

Hy is ’n kort tydjie minder gemaak as die engele, “sodat Hy deur die genade van God vir almal sou sterwe” (Heb. 2:9). Hy het mens geword sodat ons God se kinders kon word (Heb. 2:11-13); om die duiwel te vernietig (Heb. 2:14); om ons te bevry van ons vrees vir die dood (Heb. 2:15); om ons barmhartige en getroue Hoëpriester te wees (Heb. 2:17).

Leef vanuit die kennis dat al jou sondes deur ons Here Jesus Christus vergewe is, en loof God onophoudelik vir jou barmhartige en getroue Hoëpriester.

Sing: Psalm 8-1:3, 4

Prof. AJ (Albert) Coetsee (TSP)

Woensdag 20 Maart

Skrifgedeelte: Hebreërs 3:1-6
Fokusgedeelte: Hebreërs 3:5-6

Christus is groter heerlikheid waardig as Moses

Daar is min mense in die Ou Testament wat die eer en status van Moses het. Hy was die groot profeet-wetgewer-leier van die volk Israel. Hy is deur die Here geroep om sy volk uit Egipte te lei; hy het talle wonderwerke van die Here beleef; die Here het hom op ’n kragtige wyse gebruik. Dit is daarom nie vreemd dat Moses ’n verhewe posisie binne die denke van die Ou-Testamentiese gelowiges gehad het nie. In Hebreërs 3:1-6 wys die Hebreërskrywer dat Christus nog meer heerlikheid waardig is as Moses. In hierdie verse vergelyk hy Christus en Moses. Dit doen hy nie om Moses te verkleineer of om aan te dui dat Moses nie getrou was nie. Hy beklemtoon eerder dat Christus getrou was in ’n nog groter en beter manier as Moses.

In ons fokusverse – wat die klimaks van hierdie Skrifgedeelte vorm – sê die Hebreërskrywer dat beide Christus en Moses getrou was in hulle ampte. Maar daar is ’n verskil: Moses was getrou as “dienaar”, terwyl Christus getrou was as “Seun”. Meer nog, Moses was getrou “in” die huishouding van God as ’n lid van daardie huishouding. Christus, daarteenoor, was getrou “oor” die huishouding van God; Hy is

Heerser oor die huishouding! En wat het Christus se getrouheid nie alles ingesluit nie? Daarom is Christus groter heerlikheid waardig as Moses (Heb. 3:3).

Ons troos is dat ons deel is van God se huishouding. Ons roeping is om alles in die stryd te werp om in die geloof te volhard. Ons moet styf vashou aan die hoop wat ons bely (Heb. 3:6; vgl. Heb. 10:23). Ons moet die oog gevestig hou op ons Here Jesus Christus (Heb. 3:1; vgl. Heb. 12:2).

Sing: Skrifberyming 5-3:1, 2

Prof. AJ (Albert) Coetsee (TSP)

Donderdag 21 Maart

Skrifgedeelte: Hebreërs 4:14 – 5:10
Fokusgedeelte: Hebreërs 4:16, 5:7 (AFR83/92/2020)

Bid soos ons Here Jesus: met vrymoedigheid en eerbied

Hebreërs 4:14 – 5:10 vorm die inleiding van die Hebreërskrywer se beskrywing van ons Here Jesus se unieke priesterskap, sy volkome offer in die hemelse heiligdom, en hoe Hy middelaar is van die nuwe verbond (Heb. 7:1 – 10:18).

Ons Skrifgedeelte bevat onder andere twee treffende verwysings na gebed. In hierdie verse word ons opgeroep om te bid soos ons Here Jesus gebid het: met vrymoedigheid en eerbied.

Hebreërs 4:16 moedig ons aan om met vrymoedigheid na God se troon van genade te gaan in gebed. Ons kan God met vrymoedigheid nader omdat Christus ons groot Hoëpriester is wat met sy hemelvaart in die allerheiligste teenwoordigheid van God ingegaan het, gaan sit het aan God se regterhand, en nou vir ons intree (vgl. Heb. 7:25; 9:24). Hy is ons waarborg dat ons met vrymoedigheid tot God kan nader.

Hebreërs 5:7 roep ons indirek op om te bid soos ons Here Jesus. Die vers verwys na ons Here Jesus se gebed in die tuin van Getsemane (Matt. 26:36-46). Enkele ure voor sy kruisiging het Hy innig tot sy Vader gebid om Hom te spaar van die lyding en dood wat voorlê. Hebreërs 5:7 stel dat ons Here Jesus se gebed verhoor is “op grond van sy eerbiedige onderworpenheid aan God”. Christus het eerbiedig

gebid dat die Vader se wil moet geskied – en dit het. Dit was sy Vader se wil dat Hy die lydensbeker namens ons almal moes drink. Op hierdie wyse is sy gebed verhoor. In ons swaarkry mag ons ook tot God uitroep in gebed. Ons mag eerlik bid met trane en gesmeek. Maar, soos ons Here, moet ons bid met eerbied. Ons moet bid dat slegs God se wil sal geskied.

Mag ek en jy opnuut besef dat ons God in gebed kan en moet nader met vrymoedigheid én eerbied.

Sing: Psalm 81-1:11, 12

Prof. AJ (Albert) Coetsee (TSP)

Vrydag 22 Maart

Skrifgedeelte: Hebreërs 9:23-28
Fokusgedeelte: Hebreërs 9:24, 26, 28 (AFR33/53/83)

Drie maal verskyn

Gelowiges is mense wat verander word om nie soos die sondige wêreld te dink en te doen nie. Hulle leef hulle lewe op die nou pad wat na die hemel gaan. Juis daarom ervaar jy druk om aan hierdie sondige wêreld gelyk te word.

Die eerste lesers van die Hebreërbrief het ook sulke druk ervaar. Baie van hulle het vantevore tot die Joodse geloof behoort en nou was daar druk op hulle om hulle lewe as Christene vaarwel te roep en om terug te gaan na die Joodse geloof. Die Hebreërbrief wys dan hoeveel armer die ouer bedeling was as die nuwe. Die ou bedeling was die bedeling van die skaduwees waarvan die werklikheid in Jesus se koms en werk aangebreek het.

Ons lees hier van drie maal dat Jesus verskyn. In vers 24 sien ons dat Hy ter wille van ons voor God verskyn. Anders as die hoëpriester in die ou bedeling wat een maal per jaar in die allerheiligste deel ingegaan het, het Jesus in die hemel self ingegaan. Hy verskyn voortdurend voor die aangesig van God ter wille van die gelowiges.

In vers 26 lees ons dat Jesus verskyn het toe Hy die menslike natuur aangeneem het en Homself geoffer het om die sonde deur sy eenmalige offer weg te neem.

In vers 28 sien ons dat Jesus weer sal verskyn met sy wederkoms,

wanneer Hy verlossing bring vir hulle wat Hom verwag.

Toe Jesus verskyn het, het Hy met sy offer vir hulle wat Hy verlos het, volkome vergifnis van sonde gebring. Jesus verskyn ter wille van die gelowiges voor die aangesig van God, sodat hulle ook daar saam met Hom kan verskyn. Jesus sal weer verskyn met sy wederkoms tot hulle saligheid. Onthou dit om nie agteruit te gaan en te swig voor die druk om aan hierdie sondige wêreld gelyk te word nie.

Sing: Skrifberyming 2-4 (33):1, 2, 3

Ds. ASA (Stefaans) de Bruyn (Wilropark)

Saterdag 23 Maart

Skrifgedeelte: Hebreërs 10:19-26
Fokusgedeelte: Hebreërs 10:22-25 (AFR33/53/83)

Laat ons voor God leef met geloof, hoop en liefde

Gelowiges op wie daar druk uitgeoefen word om God se pad te verlaat, word herinner in die Hebreërbrief dat Jesus verskyn het en weer sal verskyn en dat Hy nou verskyn voor die aangesig van God, ter wille van hulle. Gister het ons gesien dat hierdie verskynings van Jesus ’n kragtige bemoediging is om op God se pad te bly. Deur Jesus se een offer het Hy vir altyd vir die sondes betaal van hulle wat aan Hom behoort en die pad na God toe oopgemaak.

Deur drie “laat ons”-oproepe word ons aangespoor om die gebaande/oopgemaakte pad te betree. Die eerste “laat ons”-oproep is om tot God te nader met volle geloofsekerheid. Die geloof in Jesus se offer gee ons die vrymoedigheid om na God te gaan in gebed en om ons lewens voor sy aangesig te leef, al is ons sondige mense.

Die tweede “laat ons”-oproep is om styf vas te hou aan die hoop wat ons bely. Ons het hoop op God se beloftes, want Hy is getrou. Agter elke belofte van God staan Hyself.

Die derde “laat ons”-oproep is om uit die geloof en die hoop ook na mekaar om te sien en mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade. Deel van die aansporing tot liefde en goeie dade is om nie weg te bly van die samekomste van die gemeente nie, maar om mekaar eerder te vermaan en aan te moedig om daar te wees. Veral moet ons dit doen, omdat ons elke dag ’n dag nader is aan die wederkoms van

die Here. Die uitwerking van die druk om God se pad te verlaat, word veral daar gesien waar gelowiges wegbly van die samekomste van die gemeente.

Om naby God te leef, beteken ook om te lewe saam met die ander wat aan God behoort.

Sing: Psalm 92-1:1, 6, 7

Ds. ASA (Stefaans) de Bruyn (Wilropark)

Sondag 24 Maart

Skrifgedeelte: Hebreërs 10:26-31
Fokusgedeelte: Hebreërs 10:26, 29 (AFR33/53/83)

'n Genadige waarskuwing

Ons het toegang tot God deur Jesus Christus wat eens en vir altyd vir ons sondes betaal het en vir ons voor God verskyn. Daarom kan ons tot God nader en voor sy aangesig leef met geloof, hoop en liefde. In ons fokusgedeelte vandag vind ons 'n baie ernstige waarskuwing. Nie alleen is dit nodig dat ons positief aangespoor en bemoedig moet word om op God se pad te bly nie. Ons moet ook ernstig gewaarsku word.

Die mense van wie ons hier lees, het kennis van die waarheid. Hulle weet van die offer van Jesus Christus; dat Hy soveel uitnemender is as die Ou-Testamentiese offers. Tog glo hulle nie in Jesus nie en vertrou nie sy offer as voldoende om hulle in die regte verhouding met God te stel nie. Die bewyse dat hulle nie glo nie, word gevind in hulle opsetlike sondes. Hulle sondig gewillig, sonder berou en bekering.

As die Here jou verlos het en jou in die regte verhouding met God geplaas het, dan wil jy ook reg voor God lewe. Jy verafsku die sonde en wil dit nie opsetlik doen nie. Wanneer jy sondig, struikel en val, neem jy juis jou toevlug tot Jesus Christus en sy bloed en soek jy net op grond daarvan vergifnis by God.

Wie kennis het, maar nie glo nie en dit dan wys deur opsetlike sondes, vertrap die Seun van God, minag sy bloed en beledig die Gees van genade.

Die waarskuwing hier is baie hard, maar dit is tog genade. Ons word nou al gewaarsku, voordat die oordeelsdag aangebreek het. Dit moet ons tot ernstige selfondersoek bring of ons nie met 'n valse sekerheid

leef nie; of ons werklik glo, nie net kennis van die waarheid het nie, maar Jesus Christus en sy eenmalige offer ook vertrou. Dan sal ons nie opsetlik bly sondig nie.

Sing: Psalm 25-1:1, 5, 6

Ds. ASA (Stefaans) de Bruyn (Wilropark)

Maandag 25 Maart

Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:17-21 (AFR2020)
Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:17-19

God is ’n God van genade

Ons gebede begin dikwels met die woorde “Ons Vader …” Om God Vader te noem, is ’n gewigtige saak. In die gedeelte wat ons uit Petrus se brief gelees het, hoor ons hoe gewigtig hierdie benaming is. Eerstens, as ons God ons Vader noem, moet ons dit met groot ontsag doen – met vrees, sê die 1953-vertaling. God is immers nie ons speelmaat nie, nie ’n “Pappa-God” soos sommige mense Hom soms onnadenkend noem nie. God is heilig, en Hy verduur niks voor Hom wat onheilig is nie. Wanneer ons Hom as Vader aanroep, doen ons dit dan met die vaste voorneme om van ons sonde ontslae te raak. Want wie God sy Vader wil noem, moet self heilig wees.

Genadiglik is dit nie al nie. As ons eie heiligheid die enigste voorwaarde was, sou nie een van ons God Vader kon noem of in gebed na Hom toe kon gaan nie. Want nie een van ons is heilig nie. Ons is almal sondaars (Rom. 3:10-18). As dit van ons afgehang het, sou God ons deur sy oordeel verwerp het tot in die ewige dood. Maar God is nie net ’n God van geregtigheid en oordeel nie; Hy is ook ’n God van genade. In vers 19 beskryf Petrus God se genade aan elkeen wat in Hom glo. God het ons van die oordeel oor ons onheiligheid bevry – losgekoop met die kosbare bloed van Christus.

Ja, met sy kruisoffer het Christus die straf wat op ons moes neerkom, vir ons gedra. Ook het Hy die ewige dood waarop ons afgestuur het, in ons plek ondergaan, en met sy opstanding die mag van die dood oor ons verbreek. Verder het Hy sy volmaakte heiligheid aan ons geskenk, sodat ons, beklee met sy heiligheid, tot God mag nader en

Hom ons Vader kan noem – reeds nou wanneer ons bid, en ook eendag in die voleinding.

Watter wonderlike voorreg om te weet dat ons in Christus volkome geregtigheid en heiligheid voor God ontvang het, sodat ons nou sy kinders is en Hom met vrymoedigheid ons Vader kan noem!

Sing Skrifberyming 33 (2-4):1, 3

Prof. GJC (Gert/Jorrie) Jordaan (Emeritus)

Dinsdag 26 Maart

Skrifgedeelte: 1 Petrus 3:18-22 (AFR2020)
Fokusgedeelte: 1 Petrus 3:18-22

Vlug met sondeberou in droefheid na God

In Bybelse tye het gelowiges dikwels gely weens hulle geloofsvolharding. Petrus troos hulle deur daarop te wys dat wie ly omdat hy goed doen, 'n heerlike uiteinde kan verwag. Toonbeeld hiervan, skryf hy, was Christus. Christus was sondeloos, maar het die ergste lyde denkbaar deurgemaak – en dit ter vergewing van ons sondes. Hy het gely en gesterf sodat ons voor God geregtigheid kon ontvang. Christus se lyde het vir Hom op heerlikheid uitgeloop, want Hy is uit die dood opgewek (vs 18) en het opgevaar na die hemel, waar Hy aan die regterhand van God sit (vs 22).

Dat Christus hierdie pad van lyde-na-heerlikheid sou volg, is reeds eeue tevore in die Ou Testament in vooruitsig gestel. So 'n vooruitteken was die gebeure met Noag, wat in opdrag van God die ark gebou het (vs 20). Noag het volhard, al het sy goddelose bure hom oor die ark gespot, en sy waarskuwings oor die komende vloed en oproepe tot bekering afgelag. Die spotters se uiteinde was dat hulle in hulle sonde-ellende gesterf het, terwyl Noag en sy gesin gered is.

In vers 19 skryf Petrus: Toe Christus uit die vernedering van sy dood opgestaan en in heerlikheid na die hemel opgevaar het, was dit vir Noag se spotters, wat toe al eeue lank in die doderyk was, 'n getuienis, as 't ware 'n preek. Want sy hemelvaart het hulle met bittere selfverwyt laat besef: Wie die woorde van God verag, soos ons het, eindig in die ewige dood; maar wie met sondeberou in droefheid na God toe vlug, ontvang deur geloof in Christus vergewing van sondes en die ewige heerlikheid as bestemming.

Christus lewer hierdie selfde preek aan ons as gelowiges van die NuweTestament, weer deur ’n teken, ’n teken wat teruggryp op die sondvloedgebeure (’n teenbeeld daarvan, vs 21). Dié teken is die sakrament van die doop. Met die doop verkondig Christus: Net soos die goddeloosheid by die sondvloed deur water uit die mensdom weggewas is, so seker het Jesus Christus deur sy bloed julle skoongewas van julle sondes. Hou daarom in geloof aan hierdie versekering van Christus vas, en jou lewe sal, deur sy lyde, uitloop op die ewige heerlikheid by God.

Sing Psalm 116-1:4, 5

Prof. GJC (Gert/Jorrie) Jordaan (Emeritus)

Woensdag 27 Maart

Skrifgedeelte: 1 Johannes 1:5 – 2:2
Fokusgedeelte: 1 Johannes 2:1, 2 (AFR83/2020)

God is lig

Sonde, ongeloof, wanpersepsies oor wie Jesus is, die duiwel en sy bose magte – al hierdie dinge en nog baie meer maak die wêreld waarin ons leef, stikdonker. Herders en leraars van gemeentes moet vaderlik die “kinders” bemoedig om op hulle hoede te wees in die geestelike donker om ons.

Die dwaling het ontstaan dat die mens Jesus nie die Christus van God is nie, dat godsdienstige kennis en sedelike wandel nie hand aan hand gaan nie. Gevolglik was daar liefdeloosheid en sedelike laksheid. Stikdonker!

Wat ons van Jesus gehoor het en moet verkondig, is: “God is lig, en geen duisternis is in Hom nie” (vs 5).

Jesus het mens geword. As die Christus het Hy ons met God versoen. Ons moet elke dag stry teen sonde. Ons moet doelbewus daarna streef om volgens God se wil te leef. Dan leef ons na die lig toe.

Wanneer ons egter wel soms uit swakheid in sonde val, moet ons nie in die sonde bly lê nie. Ons het ’n Voorspraak by die Vader: Jesus Christus, die Regverdige. En Hy is die versoening vir ons sondes.

Waak teen dwalinge oor wie Jesus is. Hy het jou spesiaal kom red

uit die duisternis. Hy het jou na die lig van God se liefde en genade en vergifnis gebring.

Stry elke dag hard om nie in die donker te verdwaal nie. Bely elke dag jou sonde. God het die berouvolle sondaar lief.

As gelowige in Jesus Christus gee jy nooit moed op nie. Jy leef elke dag doelbewus na die Lig toe. Jy draai doelbewus weg van die donker. God het jou in Jesus Christus reeds gered. Deur sy kruis en opstanding skyn die Lig vir ewig – al is die wêreld donker.

Sing: Psalm 81-1:1, 12

Ds. HW (Hennie) Schutte (Wesrand)

Donderdag 28 Maart

Skrifgedeelte: 1 Johannes 5:6-12
Fokusgedeelte: 1 Johannes 5:11 (AFR83/2020)

Lewe dankbaar volgens God se wil

Dwaalleraars, ook genoem antichriste, het ontken dat Jesus regtig mens geword het om vir ons sondes te sterf (2:18-27; 4:1-6). Hulle het die volgende leerstellings verkondig:

- Net sekere intellektuele mense besit die ware kennis van God en van bevryding.
- Hierdie mense doen nie sonde nie.
- Die skepping en die menslike liggaam is sleg en deel van die werk van Satan.
- Daarom kon Jesus nie werklik mens geword het nie, werklik gesterf en werklik opgestaan het uit die dood nie.

Ook in ons tyd is daar dwaalleer oor Jesus. Baie mense meen dat Jesus net ’n gewone mens was en dat sy dood en opstanding uit die dood net stories is.

Jesus is God (Joh. 1:1-14). Jesus het ook ten volle mens geword. Die water en die bloed en die Heilige Gees getuig dit aan ons dat Jesus mens geword het om vir die sondes van mense te sterf. Toe Jesus gedoop is met die water, het Hy die sondes van die wêreld op Hom geneem om dit te dra en in ons plek daarvoor te sterf. Die loon van die sonde is die dood. En die bloed aan die kruis op Golgota bewys dat Jesus ware mens was. So was Johannes ook ’n ooggetuie

van die water en die bloed wat uit Jesus se liggaam gevloei het toe die soldaat die spies in sy sy gedruk het.

Daar is geen twyfel dat ons Verlosser ware God en ware mens is nie. Dit is God se getuienis wat ons in dankbaarheid aanvaar. Deur Jesus Christus, die Seun van God, ontvang ons die ewige lewe. Na liggaam en siel het Hy ons verlos. Erken en bely jou sonde. Weet dat Jesus jou Verlosser is. Lewe dankbaar volgens God se wil.

Sing: Psalm 23-1:1

Ds. HW (Henrnie) Schutte (Wesrand)

Vrydag 29 Maart

Skrifgedeelte: Openbaring 5:1-14
Fokusgedeelte: Openbaring 5:5

Christus die Offerlam

Sonder hoofstuk 5 sal die boek Openbaring vir ons geen troosboek wees nie. Die gebeure wat hier beskryf word, is die dieptesnit van ons ENIGSTE troos in lewe en in sterwe. Vanaf die oomblik wat God die belofte gemaak het dat Iemand uit die saad van Eva die slang se kop gaan vermorsel, is Christus in ’n stryd gewikkel en ontplooi HY die hele geskiedenis só dat Hy as oorwinnaar vir ewig kan regeer (vgl. Op. 17:14).

Die beeld waarmee Christus in hierdie hoofstuk beskryf word, ’n Leeu wat ook ’n geslagte Lam is, is treffend. Christus behaal die oorwinning nie as ’n leeu wat verskeur en slag nie, maar as ’n lam. Fyn in beheer het Christus die hele geskiedenis gestuur sodat Hy aan die kruis as die volmaakte Offerlam verlossing vir al God se kinders kon bewerk deur Homself in ons plek te laat kruisig. As opgestane Here wat nou aan die regterhand van God sit, vanwaar Hy steeds die hele geskiedenis in die fynste besonderhede bestuur, sal Hy terugkeer as die Leeu uit die stam van Juda! Hy alleen is die Heerser van die heersers en Koning van die konings.

Watter troos lê daar nie vir ons in hierdie waarheid nie. Nie net kan ons daarna uitsien dat Jesus moet terugkeer nie, maar nou reeds kan ons as gelowiges moedig voortbeur, al kry ons swaar omdat ons ook deel is van Christus se stryd en saam met Hom stry in hierdie sondige

bedeling. Ook my lewenspad is sy pad met my sodat Hy sy doel met my kan bereik. Christus ontplooi tot in die fynste besonderhede God se plan van verlossing vir elke kind van Hom.

Sing: Skrifberyming 5-3:1, 2

Ds. HJ (Hendrik) Stoltz (Ontdekkers)

Saterdag 30 Maart

Skrifgedeelte: Openbaring 6:9-11
Fokusgedeelte: Openbaring 6:10

God is regverdig

As God ons in ’n wêreld bemoedig waar dit al hoe moeiliker word om ’n Christen te wees, neem Hy ons deur sy Woord na ’n tempeltoneel waar die offeraltaar ’n baie belangrike plek ingeneem het. ’n Altaar was ’n plek waar ’n dier geslag was, en nadat die dier op die altaar geplaas was, het sy bloed na die onderkant van die altaar gedrup. Die bloed was beskou as die lewe van die dier (Lev.17:14).

Die siele van diegene aan die voet van die altaar wat aan die woord van God gehoorsaam gebly het en sonder ophou van Christus getuig het, is dus diegene wat deur die eeue hulle lewens ter wille van Christus verloor het. Dis hulle wat teen die stroom in aangehou het om te hou by dit wat God in sy Woord leer en net die dood kon hulle getuies rakende Christus stilmaak. Hulle uitroep dat God sy oordeel tot uitvoer moet bring, is ’n belydenis en ’n vertroue in God se regverdigheid. Hulle weet God is regverdig, en biddend wag hulle die tyd en oomblik in waar alle onreg deur God vernietig gaan word.

As ons kyk wat in ons eie land en in die wêreld aan die gebeur is, wonder ons nes Jeremia ook soms of daar nog iemand is wat reg doen (vgl. Jer. 5:1-2). Verder raak dit al hoe moeiliker om daagliks ’n getroue getuie en navolger van Jesus te wees. Ons hoop lê in die vaste sekerheid dat God regverdig is en dat Hy ’n einde aan alle onreg gaan maak. Dalk nie vandag of môre nie, maar dit kom beslis.

Sing: Psalm 34-1:6, 7

Ds. HJ (Hendrik) Stoltz (Ontdekkers)

Sondag 31 Maart

Skrifgedeelte: Openbaring 19:5-10
Fokusgedeelte: Openbaring 19:7

Saamwees vir ewig

'n Bruilofsfees bly maar in enige paartjie se lewe 'n hoogtepunt. Soveel meer is die bruilofsfees van die Lam van God die hoogtepunt waarna elke gelowige uitsien. Al ons hoop en ons verwagtinge in hierdie gebroke bedeling is gerig op die aanbreek van dié bruilofsfees van die Lam. Nadat God finaal met al sy vyande gehandel het, sal hierdie fees aanbreek wanneer Christus se bruid, elke gelowige deur al die eeue, 'n jubellied sal sing. Ons sal God loof en prys vir die verlossing wat Hy in Christus bewerk het en omdat die Here, ons God, die almagtige, alleen Heerser oor alles en almal sal wees.

Die wonderlike is dat God ons toelaat om ons nou reeds met fyn linne te mooi te maak en te versier. Nou reeds maak Christus ons deur sy Gees mooi deur ons "regverdige dade". Waar gelowiges in hierdie lewe in alle omstandighede vashou aan Jesus se getuienis EN dit met ander deel, word sy bruid net mooier en mooier.

Elkeen wat die Vader reeds voor die skepping aan die Seun gegee het, is die gelukkigste mense wat daar kan wees, want alles wat in hierdie lewe met ons kan gebeur, die goeie en die slegte, loop uit op 'n intieme saamwees met Christus. Hiervoor sal die getroue en liefdevolle Vader sorg. Dit gaan 'n saamwees wees wat vir ewig gaan duur. Dis hierdie vir ewig by Christus die Bruidegom wees en om as sy bruid vir ewig intiem saam met Hom wees wat die hemel hemels maak. Dis die onbeskryflikste hoogtepunt waarna elke gelowige uitsien en op hoop!

Sing: Skrifberyming 7-2:1, 2

Ds. HJ (Hendrik) Stoltz (Ontdekkers)

KWARTAAL 2

TEMA: DIE TWEEDE STEM VAN VERTROOSTING (Jesaja 40:3-5)

Hierdie stem troos die volk deur duidelik te maak dat niks God kan keer om nuut te maak nie. "Die opruiming van sondige gesindhede en die omkering van hoogmoed in nederigheid. Niks mag die HERE in sy triomftog teëhou nie!" (ds. JJ Cloete, Almanak 2012). (Die fokus is hier heiligmaking, vernuwing van die verloste mens na die beeld van Christus, voorbereiding van die nuwe hemel en die nuwe aarde, werk van die Heilige Gees, ensovoorts.)

APRIL: God se vernuwingstroos is onstuitbaar en geklee in heiligheid

Maandag 1 April

Skrifgedeelte: Jesaja 40:1-11
Fokusgedeelte: Jesaja 40:3-5 (AFR83/2020)

Die tweede stem van vertroosting – Vir God is alles moontlik!

Jesaja 1-39 eindig in 'n doodloopstraat. Vir die volk in ballingskap het dit gevoel asof hulle van God se lig en lewe afgesny is. Die meeste van ons ken hierdie gevoel baie goed. Miskien is jy in so 'n put? Daar kan verskeie redes daarvoor wees – die magte van die ekonomie, die politiek, konflik of siekte wat jou gevange hou. Al jou mooi drome oor môre verval in onsekerheid en die uitgang na die Lig word so versper. Dit voel of God jou verlaat het; jou alleen agtergelaat het.

Nee! God sal jou nooit verlaat nie! Dit bevestig Jesaja 40. Dis immers God die Almagtige wat die inisiatief neem om sy volk tot hulp te wees, toe hulle opnuut tot Hom om hulp geroep het. Ja, die volk se verleentheid is God se geleentheid om 'n nuwe begin met Israel te maak. Hierdie inisiatief begin in die verbondshart van God. Hy neem die skuldbelydenis van sy volk ter harte. Die tyd van genade het aangebreek. Soos 'n donderslag uit die hemel weerklink dit in die ore van sy volk: Die uitkoms is hier! Julle skuld is vergewe. God sal vir julle 'n pad uit julle ellende oopbreek.

Israel moes 'n tyd wag voor hulle uit die put gehaal is, maar hulle is. Met Jesus se koms na hierdie aarde het sy lig deurgebreek om op ons te skyn. Johannes die Doper haal hierdie woorde uit Jesaja aan (Joh. 1:23), om dan nie net na Jesus se eerste koms te verwys nie, maar

ook na die heerlikheid wat met sy wederkoms gepaard sal gaan. Alles sodat ons mag weet en glo: Die HERE het ons nie verlaat nie. Hy is hier. Hierdie beloftes word vir ons in Jesaja 40:5 gewaarborg: “Die HERE self het so gesê.” Kom ons volhard in ons trou aan die HERE.

Glo en weet, die onmoontlike gaan moontlik word, want vir God is niks onmoontlik nie.

Sing: Skrifberyming 11-1:1, 2, 3 (SB 22)

Dr. De W (De Wet) Saaiman (Krugersdorp)

Dinsdag 2 April

Skrifgedeelte: Jesaja 45:1-8
Fokusgedeelte: Jesaja 45:5-6 (AFR83/2020)

Die tweede stem van vertroosting – Laat God toe om God te wees!

Kores, ’n heidenkoning, ken vir God van geen adamskant nie. Maar God noem Kores sy gesalfde. Die eerste en enigste keer dat ’n nie-Israeliet die gesalfde van die HERE genoem word. ’n Benoeming wat net vir konings, profete en priesters van Israel beskore was. Vreemd nè? Hoe dan nou? Wat gee God die reg om so te besluit, sommer so sonder geloof, of verbond, en sonder Jesus Christus? Kores hoor die eerste keer van God toe God hom kies. God roep immers vir Kores op sy naam, sodat hy sal weet dat God, die God van Israel, die HERE is. Kores moes nie eers glo nie. Kores moes God nie eers leer ken en toe God se goeie bedoelings aanvaar, en daarna sy hart vir die HERE gee en vir God aanneem as sy persoonlike verlosser en saligmaker nie. God kies Kores. Soos God vir Israel uitverkies het, kies God vir Kores. En Kores meld aan vir diens: hy verslaan Babel en stuur die volk Israel na hulle vaderland toe terug. God is in beheer in elke aspek van die wêreld se geskiedenis en Hy kan selfs ’n ongelowige koning kies en salf om sy wil te doen.

God gee genade aan wie Hy wil, wanneer Hy wil en nes Hy wil. Ook aan mense wat Hom nie eers ken nie, as dit God pas om sy genade te laat geskied. God is die HERE. God is in beheer, ook van my en jou toekoms. Hy skep en doen al hierdie dinge. Hy verlos hulle wat in Christus glo. Maar dit keer Hom nie om mense sonder lidmaatskap

vir sy koninkryk te kies nie, sonder hoop, sonder doop, sonder geloof of offergawe, en sonder 'n goeie rekord van jou. God is soewerein – Hy regeer alleen in sy vrye wil. Reageer daarop met: Dankie vir die genade in dié Gesalfde, Jesus Christus. En laat die almagtige God toe om jou genadig te wees. Genade wat geen einde het nie. Liefde, noem ons dit. Laat God God wees.

Sing: Psalm 107-2:1, 3, 5

Dr. De W (De Wet) Saaiman (Krugersdorp)

Woensdag 3 April

Skrifgedeelte: Jesaja 60:1-22
Fokusgedeelte: Jesaja 60:1-3 (AFR83/2020)

Die tweede stem van vertroosting – Laat jou lig skyn!

Die ballinge in Jerusalem is gekonfronteer met verwoesting, armoede en vyandigheid. Hulle voel soos vreemdelinge in hulle eie land, en sonder hoop. Die profeet is juis geroep om hierdie platgeslane, ontnugterde volk opnuut te verseker van God se teenwoordigheid. Dit was vir die volk nodig om te hoor, want miskien het hulle gewonder waar God was tydens hulle nood. Die lot van Sion het verander toe die HERE tot hulle redding verskyn het.

Die profeet sien reeds hierdie oplewing, en daarom spoor hy Jerusalem aan om haar lig te laat skyn. Sy moenie meer wegkruip onder 'n mantel van rou of hopeloosheid nie, sy moet nou reeds dit wat aan die gebeur is, uitleef. Die lig van God se reddende teenwoordigheid skyn reeds oor haar. Ja, net daar waar sy moedeloos en ontnugter staan. Die Lig wat vir Jerusalem deurbreek, simboliseer verlossing, lewe en vreugde.

Met die koms van Christus, met sy kruisiging en opstanding in Jerusalem, breek God se Lig deur en word die duisternis verdryf. Van die vroegste tyd het die Christene aanklank gevind by Jesaja se profesie, omdat hulle in Christus die vervulling daarvan gesien het.

Ons as kerk en gelowiges weet dat die evangelie van Jesus Christus die Lig vir die nasies is, dat Jesus die enigste hoop bied in 'n stukkende wêreld. Al is dit so dat God self sy Lig in die wêreld laat deurbreek, het ons as kerk steeds die roeping en opdrag om te getuig van die Lig wat gekom het.

Miskien voel jy soos Jerusalem – ontnugter deur die lewe. Weet egter dat 'n nuwe dag vir jou ook sal aanbreek soos vir Jerusalem, en dat dit bedags nie die son sal wees wat vir jou lig gee nie en snags ook nie die maan nie. Die HERE sal jou ewige lig wees – 'n lig wat nooit ondergaan of dof word nie. Hy is ons ewige Lig. Daarom kan ons – nee, behoort ons – ons lig ook so te laat skyn dat ander na ons sal kyk en sy lig sal raaksien.

Sing: Psalm 27-1:1, 4

Dr. De W (De Wet) Saaiman (Krugersdorp)

Donderdag 4 April

Skrifgedeelte: Eksodus 15:1-19
Fokusgedeelte: Eksodus 15:3 (AFR2020)

Loof die Here as 'n krygsman wat red!

Lofprysing en aanbidding is 'n wesenskenmerk van elke gelowige. Dit is ons reaksie op wie die Here is en wat Hy doen. Daarom begin ons Skrifgedeelte met "Toe" (15:1) wat verwys na die HERE se verlossing van Israel by die Rietsee. Lofprysing en aanbidding begin dus nie by ons nie, maar begin en eindig by die HERE.

Israel se redding en oorwinning by die Rietsee het alles te make met die waar word van die HERE se verbondsbeloftes aan hulle. Die vernietiging van die farao se leër was 'n absolute bonatuurlike ingryping van die HERE. Daarom kon Moses en die Israeliete nie tot 'n ander konklusie kom nie, as: "Die HERE is 'n krygsman" (15:3). Dit dui op sy mag en heerskappy waardeur die HERE sy verbondsbeloftes onderhou. As krygsman het die Here Jesus vir die Israeliete geveg by die Rietsee, want in Eksodus 14:19, 20 word daar verwys na "Die Engel van God" – baie keer 'n verwysing na Jesus in die Ou Testament (vgl. 1 Kor. 10:1-4). So het Jesus ook vir ons geveg aan die kruis en al ons sondes op Hom geneem. Hy het ook as krygsman die geveg vir ons gewen toe Hy uitgeroep het: "Dit is volbring!" (Joh. 19:30).

Soos die tog deur die Rietsee die finale en beslissende verlossing van Israel was uit die slawehuis van Egipte, so is Jesus se kruis vir ons die finale en beslissende verlossing uit die slawehuis van die sonde.

God het die Israeliete by die Rietsee geplaas waar Hy hulle enigste hoop was. As Hy hulle nie red nie, is daar geen uitkoms nie. So bring God ons baie keer tot die einde van ons reserwes sodat ons sy reserwes kan leer ken. In elke situasie wat ons as kinders van God beleef, is Jesus 'n krygsman wat vir ons veg.

Sing: Psalm 46-1:1, 6

Ds. SJ (Stephan) Briel (Bergbron)

Vrydag 5 April

Skrifgedeelte: 1 Samuel 1:9-19; 2:1-12
Fokusgedeelte: 1 Samuel 2:1 (AFR53/83)

Jubel in die Here wat dinge verander en uitkoms gee

In 1 Samuel 2 lees ons dat Hanna jubel in die HERE wat dinge verander en uitkoms gee. Hoe het Hanna gekom tot hierdie loflied? Hanna was kinderloos, en in die antieke tye was kinderloosheid 'n ramp en 'n skande. Verder het Peninna haar ook gespot om haar ellende nog erger te maak. In Hanna se ellende het sy haar verootmoedig en gebid tot "die HERE van die leërskare" (1 Sam. 1:11, AFR53). Die HERE is nie net 'n Verbondsgod nie, maar die God wat 'n magtige weermag lei – die Een wat legioene engele tot sy beskikking het (vgl. Matt. 26:53). Sy roep God aan om haar stryd te veg teen kinderloosheid en aan haar oorwinning te bring oor Peninna. Sy vertrou in die HERE van die leërskare wat dinge kan verander en uitkoms gee.

Die HERE van die leërskare het aan haar gedink en by die wisseling van die jaar was sy swanger met Samuel. Hanna se skande en hartseer is weggeneem en later het sy nog kinders gehad. En die HERE van die leërskare het haar seun Samuel gebruik om die toekoms van die volk Israel vir ewig te verander en het een van die belangrikste figure in die Ou Testament geword.

In die loflied van Hanna word gesing oor die mag van God wat rolle en omstandighede kan omkeer. Dieselfde sake hoor ons ook in die ander bekende loflied van 'n moeder, naamlik die van Maria in Lukas 1:46-55. Daar is 'n verband tussen Jesus en Samuel. Samuel wys heen na Jesus waardeur God alles kom verander het en vir ons die ewige lewe gee. Deur die kruis van Jesus ('n dooie toestand) bring God vir ons die lewe in oorvloed.

Dit maak nie saak wat jou ellende en hartseer is nie. Verootmoedig jouself voor die HERE van die leërskare en vra Hom om te veg vir die regverdiges. Glo dan ook dat die HERE jou gebede verhoor, want die HERE van die leërskare verander dinge en gee uitkoms.

Sing: Psalm 84-1:2, 6

Ds. SJ (Stephan) Briel (Bergbron)

Saterdag 6 April

Skrifgedeelte: 1 Samuel 17:31-51
Fokusgedeelte: 1 Samuel 17:36,37 (AFR53)

Ervaringskennis lei tot Verbondsoutoriteit

In hierdie gedeelte gebruik Dawid voortdurend God se Verbondsnaam "Jahweh". Dawid is terdeë bewus van die HERE se verbond met Israel. En as Nuwe-Testamentiese volk van God (kerk), het Hy ook met ons 'n nuwe verbond gesluit deur Christus wat die straf op ons verbondsverbreking op Homself geneem het aan die kruis.

Ongelukkig kan 'n verbondskind van die HERE slegs intellektuele kennis van die verbond hê, maar het nie ervaringskennis van die verbond nie. So het Saul en die hele leër van Israel slegs intellektuele kennis van die HERE se verbond gehad en dit het hulle niks gebaat toe Goliat hulle uitgedaag het nie. Saul was eintlik die aangewese Israeliet wat teen Goliat moes veg, want hy was 'n kop langer as die ander Israeliete (1 Sam. 10:23).

Dawid reageer egter anders op Goliat se uitdaging as Saul. Wat was die verskil? Beide het dieselfde God aanbid en beide was besny as teken van dieselfde verbond.

Die verskil was: Dawid het ervaringskennis gehad dat die HERE getrou bly aan die beloftes wat Hy in sy verbond gemaak het. Hy het ervaring van die verbond en gesien hoe die HERE hom gered het uit die kloue van die leeu en die beer (vs 36, 37). Hy beoordeel alles vanuit die verbond met die HERE en noem daarom vir Goliat 'n onbesnede Filistyn. Dawid herinner die Israeliete dat Goliat slegs 'n man was wat veg met menslike krag, sonder enige verbondsoutoriteit of krag van God.

Mense sonder ervaringskennis van die verbond vra: “Wat gaan ons doen?” Dawid aan die anderkant vra: “Wat het God gesê? As ek weet wat God in sy verbond gesê het, dan weet ek wat God sal doen!”

As kinders van God se nuwe verbond in Jesus, hoef ons ons nie te bekommer hoe God oorwinning gaan bring in ’n situasie nie. Nee, ons moet slegs ons verbondsoutoriteit gebruik om God se beloftes in sy Woord vry te laat.

Sing: Psalm 33-1:2, 5

Ds. SJ (Stephan) Briel (Bergbron)

Sondag 7 April

Skrifgedeelte: Psalm 2:1-12
Fokusgedeelte: Psalm 2:11 (AFR2020)

Daar is geen grysgebied by God nie

Die mens glo in God of is Godloos. Die Psalmdigter sê: Die wat teen Hom stelling inneem, spreek Hy in sy toorn aan. Maar ons wat glo, wil Hom dien met ontsag en Hom toejuig. In vers 1-3 wys die digter op hulle wat in opstand teen God is. Hulle ken wel vir God. Met spottende verbasing word hier gevra: “Waarom woel die nasies en bedink (1953) nuttelose planne?” (2020). Die Hebreeuse woord het die betekenis van “mompel.” Die konings van die aarde, die mense hou raad, mompel, teen die Gesalfde. Hulle wil God-loos en God-los wees.

Ons het daagliks met sulke mense te make. Rondom ons vind ons traes en loues en onverskilliges. Op straat, in gesprekke, in die sosiale media. Hulle ken God. Maar hulle wil nie deur ’n verpligting aan Hom gebind wees nie. Die digter sê die Here sal die opstandiges in sy toorn aanspreek en in sy woede hulle verskrik. Want daar is geen grysgebied by God nie.

Wat sou ander by ons sien en hoor? ’n Opregte geloofslewe? Getroue kerkbesoek? Hoor hulle by ons vermaning en bemoediging dat God se vernuwing onstuitbaar is vir die wat glo? Bid ons vir die werking van die Gees by hulle, of stap ons net verby en ignoreer hulle? Jesus het vir die Fariseërs gesê: “As hulle swyg, sal die klippe uitroep.” Wees dus vir die wêreld ware getuies van die onstuitbare

genade van God, vir die wat glo, jy gaan vandag die ander raakloop of hoor. Wat gaan hulle van jou beleef?

Sing: Psalm 119-1:13

Dr. JM (Kobus) van Tonder (Emeritus)

Maandag 8 April

Skrifgedeelte: Psalm 33:1-22
Fokusgedeelte: Psalm 33:12

Sy genade is onstuitbaar vir die wat Hy verkies het

Hierdie is ’n juigpsalm oor die genade van die Here. Regverdiges juig in die Here. Hy is die Skepper wat gebied en dit staan.

Daar kan vele spanning en swarigheid oor ons kom. Tog is Hy daar. Meestal sien ons eers agterna hoe Hy ons daardeur en daaruit gelei het, daarom sê die digter (vs 3): Sing vir Hom ’n nuwe lied.

In vers 12 kom die psalm tot ’n hoogtepunt daaroor. Gelukkig is die volk wat Hy verkies het tot sy eiendom. Gelukkig die gelowiges. Onstuitbaar is sy liefde vir die gelowiges. Uit die hemel sien hy die mens en weet Hy alles. Sy oog is op almal wat Hom vrees en op sy goedertierenheid wag. Dit moet vir ons die troos en die bemoediging wees in alles wat ons deurleef, wat Hy toelaat om oor ons kom.

Soms voel jy eensaam en verlate daarin, maar in vers 18 is ’n tweede hoogtepunt. Die Here sien die wat Hom vrees en op sy goedertierenheid wag. Hy is ons hulp en ons skuld. Op sy heilige Naam vertrou ons. Daarom kan ons ons dae in vertroue, met sekerheid en uiteindelik met gejubel ingaan. Mag u weereens vandag ervaar hoe onstuitbaar sy genade vir u is. Hy is by jou.

Sing: Psalm 30-1:3

Dr. JM (Kobus) van Tonder (Emeritus)

Dinsdag 9 April

Skrifgedeelte: Psalm 96:1-13 (AFR2020)
Fokusgedeelte: Psalm 93:2, 13

Sy koms is onstuitbaar

'n Koningspsalm wat die oppermag van God besing. Die hele skepping word opgeroep om Hom te verheerlik, want Hy is ontsagwekkend, meer as alle gode. Tot drie maal sing die digter: Gee eer aan Hom. En sing en buig in aanbidding, bewe in sy teenwoordigheid. Verkondig sy verlossing, Hy kom om die aarde te oordeel.

Die skepping buk onder die las van die sonde. So skryf Paulus in Romeine 8:22 dat die ganse skepping tot nou toe saam met ons sug, ja, in geboortepyne verkeer. Hy kom om te oordeel en sy koms is onstuitbaar.

As ons vanuit die Nuwe Testament dié Psalm lees, dan weet ons dis Christus. Ons weet van die verlossing en ons weet van sy wederkoms (vs 13) en dat dit die dag van oordeel sal wees. Vir die aarde 'n verlossing, want 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde sal kom, maar die mens sal voor God verskyn. Hy sal die volke oordeel ooreenkomstig sy trou. Elkeen van ons sal voor sy troon verskyn. Goddank. Jesus sal daar wees om vir ons in te tree. Om te sê: "Rein gewas."

Soos wat sy koms onstuitbaar is, sal sy genade onstuitbaar wees vir die wat in Hom glo. Laat u gebede en u lewe vol dankbaarheid wees vir die genade.

Sing: Skrifberyming 9:1, 5

Dr. JM (Kobus) van Tonder (Emeritus)

Woensdag 10 April

Skrifgedeelte: Jesaja 6:1-13 (AFR83/2020)
Fokusgedeelte: Jesaja 6:13

Hoop teen alle verwagting in

Jesaja 6 is waarskynlik een van die belangrikste hoofstukke in die boek Jesaja. Die hoofstuk beskryf die roeping van die profeet en ook die kern van die boodskap wat hy aan die mense van Juda en

Jerusalem moes oordra. In die sterfjaar van koning Ussia (ook Asarja genoem) het die profeet 'n ongelooflike visioen van die Here gesien. Hy het die Here op sy troon gesien, met serafs by hom. Hulle het die Here verheerlik as die heilige God wie se mag oor die hele wêreld strek. Jesaja het sy eie nietigheid besef. Tog, toe die Here vra wie Hy na die volk kan stuur, het hy nie gehuiwer nie.

Hierna volg die kern van die boodskap wat die profeet aan die volk moes bring. Dit is 'n boodskap van oordeel, maar die volk sou nie luister nie. Vers 11 en 12 maak dit duidelik dat die oordeel baie hard sal wees. Stede sal verwoes word, die land sal 'n woesteny word en die inwoners van die land sal weggedryf word. Selfs die begin van vers 13 praat nog oor die oordeel. As daar net 'n tiende van die bevolking in die land oorbly, sal oordeel hulle weer tref. Die boodskap van die hoofstuk lyk baie erg, totale verwoesting is aan die kom.

Maar dan, in die laaste gedeelte van vers 13, kom daar 'n boodskap van hoop. Daar sal 'n stomp oorbly, alles gaan nie verwoes word nie. Die gedagte van 'n oorblyfsel is 'n belangrike deel van Jesaja se boodskap aan die volk. Jesaja 11 verbind die oorblyfsel aan die huis van Dawid. Die oorblyfsel trek saam in die koms van die Messias, die prins uit die huis van Dawid. Die oordeel het Hom getref, om vir ons verlossing te bring.

Wanneer dit soms in 'n mens se lewe lyk of daar geen hoop is nie, breek die lig van die evangelie deur en kan ons weet dat ons hoop op Christus en die ewige heerlikheid steeds vir ons 'n werklikheid is.

Sing: Skrifberyming 2-2:2

Prof. HF (Herrie) van Rooy (Emeritus)

Donderdag 11 April

Skrifgedeelte: Jesaja 44:1-8 (AFR83/2020)
Fokusgedeelte: Jesaja 44:8

Die Here is die enigste God: moenie bang wees nie

Hierdie gedeelte in Jesaja het 'n besondere boodskap gehad vir die Israeliete, en veral die mense van Juda, wat in ballingskap in Babel was. In daardie tyd het elke volk sy afgod gehad, en meer dikwels 'n hele reeks afgode. Die mag van 'n god was gewoonlik verbind aan

die omstandighede waarin daardie volk is. Wanneer ’n volk ’n oorlog verloor het, is die gode van die oorwinnaars as sterk beskou, en die gode van die volk wat die oorlog verloor het, as minderwaardig beskou. Die Babiloniërs, wat die mense van Juda en Jerusalem in ballingskap weggevoer het, het dus nie veel agting gehad vir God nie.

Op hierdie stadium was die mense van Juda en Jerusalem reeds meer as vyftig jaar in ballingskap. Baie van hulle het moed verloor en kon nie glo dat hulle weer na hulle eie land sou kon terugkeer nie. As ballinge het hulle dikwels in vrees geleef. Wat sou van hulle word in ’n vreemde land? Die gode van Babel, kon hulle dink, is sterker as die Here.

Juis daarom is die boodskap van Jesaja 44 so belangrik, vir die ballinge en vir ons ook. Die Here het die ballingskap aangekondig. Dit was straf op die volk se sonde, juis om hulle te dwing om na die Here terug te keer. Die boodskap is baie duidelik: die Here is die enigste God. Die afgode van die volke bestaan nie eers nie, hulle is deur mense uitgedink.

In ons tyd is daar ook baie godsdiente, maar hulle het geen waarde nie. God, wat ons deur Jesus verlos het, is die enigste God en Hy beskerm ons ook. Ons kan, by alles wat met ons gebeur, rustig wees in die wete dat die Here in beheer is.

Sing: Skrifberyming 2-2:3

Prof. HF (Herrie) van Rooy (Emeritus)

Vrydag 12 April

Skrifgedeelte: Jesaja 55:1-13 (AFR83/2020)
Fokusgedeelte: Jesaja 55:3

God se verbond met ons staan vir ewig vas

Jesaja 55 sluit die gedeelte af wat by Jesaja 40 begin het, met ’n besondere boodskap vir die ballinge in Babel. Die hele gedeelte wil die ballinge troos met die boodskap dat daar vir hulle uitkoms sal wees uit die ellende van die ballingskap. In die gedeelte van Jesaja 40-55 kom die woord “verbond” net vier keer voor. Veral Jesaja 54:10 is belangrik. Dit verwys na ’n vredesverbond. Jesaja 55:3 is die enigste plek in die gedeelte wat verwys na ’n ewige verbond wat

die Here met die volk gaan sluit. Dit is ’n baie belangrike belofte. Die volk het in ballingskap gegaan omdat hulle die verbond met die Here verbreek. Dit was hulle straf. Tog is dit nie die einde van God se pad met hulle nie. Daar kom ’n nuwe verbond, ’n ewige verbond. Jeremia praat ook van hierdie verbond in Jeremia 31:31-34. Dit sal ’n verbond wees wat op die volk se harte geskryf sal staan. Hierdie verbond bou op die beloftes wat God aan Dawid gegee het in 2 Samuel 7.

Hierdie ewige verbond het vir ons werklikheid geword toe God sy Seun na die wêreld gestuur het. Hy het gedoen wat ons nie kon nie, om die straf op die sonde vir ons te dra. So het ons ook deelgenote van hierdie nuwe verbond geword. Die doop maak dit op ’n besondere wyse aan ons duidelik. Hierdie verbond gee aan ons die sekerheid van God se genade, en roep ons op om uit hierdie genade te leef tot God se eer.

Sing: Psalm 89-1:2

Prof. HF (Herrie) van Rooy (Emeritus)

Saterdag 13 April

Skrifgedeelte: Openbaring 4:1-11
Fokusgedeelte: Openbaring 4:2

God is volledig in beheer

Die visie wat Johannes sien, is een van ongekende troos. Hy alleen het oorgebly van die dissipels. En as ’n bejaarde is hy in gevangenskap op die eiland Patmos. Wat gaan word van die evangelie en die kerk? Wat lê voor tussen al die vervolging en vervalsing van die evangelie?

Wat Johannes sien, is dat God regeer! Die troon in die hemel is nie leeg nie. Jesus sit op die troon (vgl. Op. 5:1, 5). Hy aan wie alle mag behoort in die hemel en op aarde (vgl. Matt. 28:18). Hy bou sy kerk. Hy bewerk die geskiedenis. Hy maak deurgange van doodloopstrate! In Hom hou alle dinge stand (vgl. Heb. 1:3).

Wat nog meer heerlik is, is dat Jesus op die troon sít. As ’n koning op ’n troon sit, beteken dit Hy is in beheer. Hy word nie onkant gevang nie. Voor die troon is dit glad en helder. Niks chaos nie. Geen besoedeling nie. Geen opstand nie. Die kerk (ouderlinge) bring hulle

krone voor die troon as wyse van aanbidding. Hy is waardig om al die heerlikheid te ontvang.

Sing: Psalm 48-1:1, 4, 5

Ds. WM (Willem) van der Waal (Linden)

Sondag 14 April

Skrifgedeelte: Openbaring 15:1-8
Fokusgedeelte: Openbaring 15:2

Is jy bang vir God se toorn?

Baie mense is bang vir die beelde in die boek Openbaring. Veral as dit gaan oor God se toorn. Maar Openbaring is juis geskryf om gelowiges te bemoedig.

As die toorn van God ontvlam, noem Johannes dit groot en wonderbaarlik. Dit is deel van God se grootheid! Dit is deel van sy heerlikheid. En wat doen die kerk tydens die toorn van God? Hulle gaan oor in aanbidding! Want God is regverdig en heilig. Hy gee self vir die kerk hulle siters waarmee hulle Hom loof. God self bemagtig die kerk om Hom te loof vir sy toorn.

Vir God se kinders is sy toorn nie iets om te vrees nie. Ons vrees God (ons het ontsag en respek vir Hom), en eer Hom. Maar die toorn van God tref sy vyande. Nie sy kerk nie. Ons skuld is reeds betaal aan die kruis. “Dit is volbring” (vgl. Joh. 19:30).

As jy ’n kind van God is, kan jy verseker wees van sy genade. Dit geld ook vir die kerk in die laaste dae. Lees ook Jesaja 60:1-3.

Sing: Skrifberyming 18-6:1-5

Ds. WM (Willem) van der Waal (Linden)

Maandag 15 April

Skrifgedeelte: Openbaring 19:1-10
Fokusgedeelte: Openbaring 19:7

Is jy gereed?

Is ek gereed om te sterf? Is ek gereed om ewig te lewe? Is jy en ek gereed vir die fees van God? Die bruilof van die Lam.

Die Bybel volg ’n lyn van ontwikkeling. Dit begin in ’n tuin, met iets soos vrugteslaai. Dit eindig in ’n stad met ’n bruilof. Van vrugteslaai tot feesmaal. Wat ’n genade. Van kaal en bang (vgl. Gen. 3:10) tot bruid en koningskind.

En hoe kan ons voorberei vir die fees? Deur die regte klere aan te trek. Wat is die regte klere? Dit is fyn, helder en blink. Dit is suiwer en mooi. Dit is dade van dankbaarheid. Dade van gehoorsaamheid (vgl. Op. 19:8). In sy volste betekenis is dit ook om beklee te wees met Jesus (vgl. Gal. 3:27, AFR2020).

Dus: om die vraag te beantwoord of ek gereed is, moet ek kyk na Jesus. Sy volmaakte werk. Sy geregtigheid. Sy genoegsaamheid vir my. Niemand kan my uit sy hand ruk nie (vgl. Joh. 10:28).

My dade van dankbaarheid is ’n gevolg van my redding, nooit ’n vereiste daarvoor nie. Dit is ’n groot troos.

Sing: Skrifberyming 3-4:1-5

Ds. WM (Willem) van der Waal (Linden)

Dinsdag 16 April

Skrifgedeelte: Levitikus 11
Fokusgedeelte: Levitikus 10:10, 11; 11:45-47

Onderrig in voedselkeuses om heilig te lewe

Die indeling van die diereryk in Levitikus 11 het simbolies gewys op heilig wees in die heilige God se teenwoordigheid (11:45). Verse 1-8 handel oor eetbare (rein) en oneetbare (onrein) landdiere; verse 9-12 oor waterdiere en verse 13-23 oor vlieënde diere. Verse 24-47 handel oor die reinigingsprosedure in geval van besmetting met ’n

onrein dier. In elke klas word die beginsel van beweging gestel. Diere wat nie voldoen aan die betrokke klas se manier van beweging nie, is as onrein verklaar. 'n Verdere indeling by die land- en vlieënde diere bepaal watter diere as offerandes gebruik kon word.

Hierdie hoofstuk weerspieël die grade van heiligheid in die laer van God se volk: die priesters wat offer, was heilig; die meerderheid van die volk in die kamp/laer was rein en die buitekant van die laer was onrein.

Die onderskeid tussen rein en onrein kos het gedui op die afsondering van God se heilige volk van die heidennasies. Hulle dieet, wat beperk was tot sekere voedsel, was 'n uitdrukking daarvan dat God Homself in sy keuse uit al die nasies, tot Israel beperk het. As Israel daagliks moes onderskei tussen rein en onrein voedsel, word hulle daaraan herinner dat heiligheid méér was as eet en drink. Hulle leefwyse moes gekenmerk word deur reinheid en suiwerheid (vgl. Matt. 5:48; Rom. 14:14, 17; Titus 1:15).

Die koms van Christus het die middelmuur van skeiding tussen Jood en nie-Jood, waarvan die onderskeid in voedsel simbool was, verwyder (Ef. 2:14; Hand. 10:11-15). Reinheid of onreinheid word nou nie deur voedsel bepaal nie, maar deur wat uit jou hart uitgaan (Mark. 7:14-23). Om heilig en rein voor God in die erediens (Heb. 10:19-22), elke dag en oomblik in sy teenwoordigheid te mag leef, dáártoe roep God sy kerk op (1 Pet. 1:16; 2 Kor. 7:1; Matt. 5:8; Rom. 1:18-32). Hy het sy kerk deur die Heilige Gees geheilig en deur die bloed van ons enigste Hoëpriester, Jesus Christus ons Here, gereinig (1 Kor. 6:11).

Sing: Psalm 99-1:1, 2, 5; 15-1: 1; 34-1:5
Ds. JH Grobler (Hans) (Reddersburg/Bloemfontein-Suidheuwels)

Woensdag 17 April

Skrifgedeelte: Esegiël 11:1-3 (AFR83)
Fokusgedeelte: Esegiël 11:3, 4

Pelatja – "vasgevang en toegespin"?

Daar kom soms in elke mens se lewe daardie oomblikke dat jy voel: Ek is in strikke van eensaamheid en verlorenheid vasgevang ... ek is in 'n web van moedeloosheid en vrees toegespin ... ek is in 'n

pot toegemaak en voel dat ek vergaan. Dan is die vraag in die mens se gemoed: Hoe ontkom ek daaraan?

Met hierdie beeldspraak profeteer die profeet Esegiël in hoofstuk 11. Die Here roep hom om sy oordeel en straf aan die leiers van Juda te gaan verkondig. Onder hierdie leiers is ook Pelatja (vs 1) wat die volk wysmaak dat die stad 'n "pot" is waarbinne hulle in goddeloosheid en sonde vasgevang is. (Interessant dat Pelatja se naam beteken "die Here het hom laat ontkom".) Die profeet verkondig egter juis dat die Here sy volk sal red en laat ontkom van goddelose leiers en daardie leiers vir hulle sonde sal vergeld (vs 11-13).

Vir u en my ... om aan strikke te ontkom ... van 'n gespinde web losgeruk te word ... uit die pot te ontsnap ... is Jesus Christus nodig. Hy het gekom om te ly en te sterf sodat sy kinders kan ontkom uit die "strikke van die dood en angste van die hel" (Ps. 116:2, berymd). Wie in Hóm glo, sal gered word!

Mag die Here gee dat u wat vasgevang en toegespin voel, die geloof sal ontvang om deur Jesus Christus vry te wees. Hy bind ons daarom deur die geloof vas aan Hom, aan sy Woord en aan sy kerk.

Dít is waarlik vryheid ... daardie vryheid en vrede van Christus, ons Here!

Sing: Psalm 125-2:1, 4

Dagstukkie Almanak 2015

Donderdag 18 April

Skrifgedeelte: Romeine 6:15-23
Fokusgedeelte: Romeine 6:17 (in die lig van vs. 14-16)

Die krag van die evangelie bewerk 'n nuwe lewe van gehoorsaamheid

In Romeine 6 (vs. 1, 15) word die vraag of die evangelie van God se genade inhou dat ons maar kan aanhou sondig, twee keer gevra. Beide kere reageer die apostel met "beslis nie". As jy wel so dink en lewe, sê hy, het jy die betekenis van jou doop (dat jy één is met Christus en daarom dood is vir die sonde) of van jou bekering (dat jy jou onderwerp het aan God en daarom in diens van God is) nie begryp en geleef nie. Die deur na die ou, sondige lewe is vir jou eenvoudig

gesluit en jy het deur jou doop en bekering die oop deur na ’n nuwe lewe binnegegaan.

Dit is die volle evangelie wat in die vorm van die apostoliese leer aan ons oorgelewer is en wat ons aanvaar het. Hierdie lewende leer uit die lewende bron van die evangelie van die dood en opstanding van Christus is die krag van God tot saligheid. Dit bewerk en impliseer geloofsgehoorsaamheid, lewensheiliging, lewensverandering en lewensvernuwing!

Die evangelie van genade is nie goedkoop nie. Dit reduseer die geloofslewe nie tot ’n vanselfsprekende minimum, sodat jy maar jou eie gang kan gaan en doen wat jy wil nie. Inteendeel, nuwe gehoorsaamheid is deel van die oorgelewerde heilsleer, van die weg na saligheid.

Wie eiendom van die getroue Saligmaker, Jesus Christus, geword het, is deur die kragtige werk van die Heilige Gees van harte gewillig en bereid om verder vir die Here te lewe (HK 1:1). Dit is ons dank aan God, waarvoor Paulus God dank.

Sing: Skrifberyming 2-4:3

Dr. H (Hessel) Dijkstra (Emeritus)

Vrydag 19 April

Skrifgedeelte: Levitikus 19
Fokusgedeelte: Levitikus 19:1-4

’n Heilige lewe begin by ma en pa

Levitikus 19 gaan oor hoe mense met mekaar behoort saam te leef om ’n gesonde gemeenskap te skep, ’n gemeenskap waarin dit ’n plesier is om te woon. Hierdie lewe is die gevolg van ’n uitvoering van God se woorde: Wees heilig, want Ek die HERE jou God is heilig.

Die HERE is heilig. God se heiligheid behels dat Hy enig in sy soort is as God. God se heiligheid sien op die oneindige afstand tussen die volmaakte regverdige en smettelose reine God (Hab. 1:13) en die onvolmaakte, onregverdige, geheel-besmette en onreine mens wat net stof en as is teenoor God se majesteit (Gen. 18:27) en by wie niks anders pas as “wee my, want ek vergaan !” (Jes. 6:5) (Noordzij). Heiligheid besit die mens nie. Dit daal van God af en word ontplooi deur ’n lewe in God se diens.

Wees daarom heilig, gelowige. God reik verbasend uit na die mens

op aarde met die doel dat die mens die hart van God se karakter in sy daaglikse lewe sal weerspieël.

Dit beteken nie 'n vae mistisisme nie. Dit is prakties. Die herhalende refrein *Ek is die Here julle God* herinner die kerk daaraan dat elke aspek van ons lewe, of dit godsdiens is (vs 21-24), seks (vs 18, 20) of die verhouding met jou bure (vs 19, 25), by dit alles het die HERE belang.

'n Heilige lewe begin by pa en ma. Om heilig te lewe, is om vir jou vader en jou moeder eerbied te hê. Die lewe wat God se hart weerspieël, begin in jou huis. Wie eerbied en ontsag het vir sy ma en pa, begin sigbare gestalte gee aan die woorde: *Wees heilig, want Ek die HERE jou God is heilig*.

Saam daarmee om vir pa en ma eerbied te hê, word ons geleer om die Sabbatdag te onderhou. Om die Sabbatdag te onderhou, is die volgende tree na 'n heilige lewe. Die HERE gebruik die sabbat. Deur hulle beroepswerk op Sondae eers te los sodat God in ons kan werk, wys ma en pa vir hulle kinders hierdie heilige lewe.

'n Heilige lewe in navolging van die HERE wat heilig is, begin dus *in die huis*. En die *middel* waardeur ouers vir hulle kinders die heilige lewe wys, begin in die kerk, op die sabbat, in die erediens. En in die erediens gaan dit weer om geen ander verkondiging as dat die HERE alleen God is nie.

Sing: Ps. 99-1:1, 2, 5; kyk ook na Psalms 15 en 24
Ds. JH (Hans) Grobler (Reddersburg/Bloemfontein Suidheuwels)

Saterdag 20 April

Skrifgedeelte: Esegiël 36:16-38
Fokusgedeelte: Esegiël 36:22, 23, 25-27

God *heilig sy Naam* deur Jesus Christus, sy enigste Seun, vir ons te gee

In 'n preek van Totius (Versamelde Werke, deel 2 bl. 347, 348, 1960-uitgawe) sê hy dat die bekende Johannes 3:16 verkondig dat God ter wille van sy eer sy Seun vir die wêreld gegee het sodat ons nie verlore sal gaan nie. Die vraag is egter: Waar staan dit in Johannes 3 dat God in die gawe van sy Seun aan die wêreld opgetree het ter

wille van die *eer van sy Naam/om sy Naam te heilig*? Maar lees mens Jesus se woorde oor die weergeboorte in Johannes 3, veral vers 5, saam met Esegiël 36:16-38 (veral verse 25-27) wat ook handel oor die weergeboorte, word dit duidelik.

In Esegiël 36:16-36 is dit duidelik hoe Israel, die HERE se volk, sy heilige Naam onteer het en hoe die HERE ingegryp het om sy Naam te heilig sodat die nasies en Israel, nadat God ingegryp het, geen ander keuse sal hê nie as om te erken: Dit is die HERE. En dan in hierdie optrede van die HERE belowe Hy dat Hyself sal doen wat Israel nooit kon terugdoen aan Hom nie: Hy sal maak dat hulle volgens sy voorskrifte leef en sy bepalings gehoorsaam en nakom. Jeremia 31:33 stel dit in ander woorde: “Ek sal my woord op hulle harte skryf en dit in hulle gedagte vaslê.” Dit sal die HERE doen nadat Hy reinigingswater op sy volk gesprinkel het sodat hulle rein kan word en sy Gees in hulle harte sal gee.

En as die HERE dit gedoen het vir sy volk, en nog baie meer, sal hulle besef dat Hy die HERE is; dat Hy nie ter wille van Israel optree nie, maar *ter wille van sy heilige Naam* (Eseg. 36:32). Die reinigingswater (die bloed van Christus) en die Gees van God (Eseg. 36:25, 27) is presies waarvan Jesus gepraat het toe Hy gesê het ’n mens moet uit water en Gees gebore word om in die koninkryk van God in te gaan (Joh. 3:5).

En waar staan Johannes 3:16? In Johannes 3. Die lyn loop loop dus van Johannes 3:16 na Johannes 3:5 na Esegiël 36:23, 25, 27, 32. Dus: Waarvoor het God sy Seun in sy liefde gegee sodat die wêreld nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe kan hê? Hy het dit gedoen *ter wille van die eer van sy Naam*, en nie ter wille van die mens in die eerste plek nie!

Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2

Ds. JH (Hans) Grobler (Reddersburg/Bloemfontein Suidheuwels)

Sondag 21 April

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 6:14 – 7:1
Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 6:14 – 7:1

Leef skoon vir ons Vader in 'n vieslike omgewing!

Op die oog af lyk dit of hierdie gedeelte leer dat 'n gelowige hom- of haarself heeltemal uit die wêreld moet onttrek. Gelees in die lig van 1 Korintiërs 5:9-13 sien ons dat dit egter nie die geval is nie. Die apostel Paulus het geleer dat mens nie uit die wêreld kan uitgaan nie (1 Kor. 5:10). Ons deel dieselfde lewensruimte met ongelowiges. Die gelowige moet wel nie aan die wêreld gelykvormig word nie. 'n Christen sal altyd verontwaardig wees waar die koningskap van die enigste lewende God en die eer van God in die politieke, arbeids- en handelswêreld nie gedien word nie. Vra erkenning daarvoor. Dis hier waar die Christen se getuienistaak lê.

Daar is egter veral twee terreine van die lewe waar 'n gelowige hoegenaamd nie in dieselfde juk kan trek as die ongelowiges nie, en dit is die Christen se aanbidding van die enige God en sy keuse van 'n huweliksmaat. Die sterk uitspraak van Paulus: "Gaan van hulle af weg en sonder julle af, sê die Here" in die gedeelte het veral betrekking op die invloed van die "afgodskerk" in Korinte (1 Kor. 10:14-25). Wie saam met vriende en vennote by die werk gaan aanbid in die "afgodskerk", het gemeenskap met bose geeste deur saam van die offers te eet wat aan die beskermgode van hulle beroep geoffer is! Verbeel jou, offers aan die beskermgod van onderwysers! Daar bestaan geen gemeenskap tussen Christus en die duiwel (Belial) nie! Verder verbied die apostel dit om 'n huweliksverbintenis met 'n ongelowige aan te gaan (1 Kor. 7:39). In die huwelik behoort getroudes immers saam in die juk van Christus te trek (Matt. 11:28-30). Dit is samewerking in liefde.

Bo alle ander verhoudings is die verhouding en gemeenskap van die gelowige met die lewende God in sy Verbond met ons. Hierin het God Homself as ons Vader openbaar, en die gelowige as sy seuns en dogters in Jesus Christus aangeneem. Hierdie verhouding maak dat gelowiges die woonplek is van God wat deur sy Gees in ons woon (2 Kor. 6:16). Juis omdat gelowiges die tempel van God is, sal hulle baie mooi onderskei saam met wie hulle in dieselfde juk trek. Sorg dus dat jy in alle fasette van jou lewe aan ons Vader toegewy (heilig) lewe en

reinig jou van alles wat jou liggaam en gees kan verontreinig. En waar dit nie anders kan nie: Gaan van hulle af weg …

Sing: Psalm 26-1:2, 3

Ds. JH (Hans) Grobler (Reddersburg/Bloemfontein Suidheuwels)

Maandag 22 April

Skrifgedeelte: Levitikus 20:1-9 (AFR83)
Fokusgedeelte: Levitikus 20:7-8

Wees heilig, want God is heilig!

Tussen al die volke op die aarde het God die Israeliete gekies. Die lewe van die Israeliete moes in elke opsig daarvan getuig dat hulle aan God die Here behoort. Die Israeliete het tussen 'n klomp heidense volke geleef wat afskuwelike gebruike gehad het. Die Here waarsku sy kinders om nie aan hierdie sondige praktyke deel te neem nie, maar hulle aan Hom te wy. In hierdie verse is daar spesifiek drie sondes wat uitgelig word en met die dood strafbaar was: ouers wat hulle kinders aan Molek te offer (vs 2, 3); kinders wat hulle ouers vloek (vs 9); mense wat geeste raadpleeg (vs 6).

Midde-in hierdie wette kom die duidelike opdrag wat ook vir my en jou vandag geld: *"Wy julle aan My. Wees heilig ... Gehoorsaam my voorskrifte en leef daarvolgens."* In alles wat ons doen, moet ons heilig wees. Ons moet onsself reinig van elke sonde en ons aan God gee as heilige offers wat vir Hom aanneemlik is (vgl. Rom. 12:1).

Hoekom moet ons en kan ons so leef? Die Here gee self die duidelik antwoord op hierdie vraag as Hy aan die einde van vers 8 vir sy volk sê: *"Ek is die Here, Ek heilig julle aan My."*

Ons moet die Here se opdragte gehoorsaam en uitvoer omdat Hy die Here is. Uit eie krag kan ons dit egter nie doen nie, want van nature is ons dood in ons sonde en ellende. Uit genade het God ons egter aan Hom geheilig deur die bloed van Jesus Christus. Ons sondes is afgewas, ons is geheilig, ons is vrygespreek in Jesus Christus en deur die Gees van God (vgl. 1 Kor. 6:11). Wees soos God jou gemaak het in Christus Jesus!

Sing: Skrifberyming 2-2:1, 3

Ds. FJ (Fritz) Potgieter (Bloemfontein-Suid)

Dinsdag 23 April

Skrifgedeelte: Esegiël 37:1-14 (AFR83)
Fokusgedeelte: Esegiël 37:1-14

Die Here maak ons van binne af nuut!

As gevolg van die sonde is die mens van nature geestelik dood. Die Here gebruik 'n treffende beeld om aan ons hierdie doodsheid te illustreer: Hy neem vir Esegiël na 'n laagte. In die laagte lê 'n klomp bene; letterlik: uitgedroogde bene. Esegiël moet reg rondom hierdie bene stap. En toe vra die Here aan hom 'n vraag: *"Mens, kan daar in hierdie bene weer lewe kom?"* Esegiël antwoord: *"Nee, dit weet net u Here, my God."* Hy bedoel hiermee: nee, nooit nie, behalwe as U dit bewerk. Hierdie doodsbeendere is simbool van 'n verharde mens se toestand. Hy is geestelik dood! En so iemand kan God nie dien nie.

Hoe gebeur dit dan dat ek, wat geestelik dood is, daartoe kom om in God Drie-Enig te glo? Om dit te verstaan, moet ons teruggaan na die beeld van die doodsbeendere: Esegiël staan steeds by die laagte vol dooie uitgedroogde bene – bene wat al lankal afgeskryf is – en waaraan niemand hulle meer steur nie – wat hoegenaamd geen waarde meer het nie. Die Here sê aan hom om te profeteer vir die bene – en die Here sê ook wat hy moet profeteer – hy moet sê wat volgende gaan gebeur – en wat hy toe geprofeteer het, word 'n werklikheid. Terwyl Esegiël nog so staan en kyk na die bene, sien hy 'n verstommende onmoontlike ding gebeur: die bene begin beweeg. Hulle beweeg na mekaar toe, elkeen na die been wat by hom pas. En terwyl hy kyk, sien hy hoedat daar senings en vleis om die bene gevorm word, maar steeds is die liggaam sonder lewe. Daarop het die Here 'n gees in daardie liggaam geplaas en toe was dit 'n lewende liggaam!

En dit is wat gebeur as God in jou lewe ingryp deur sy Woord en Gees: Hy maak lewendig dit wat voorheen dood was. Dit is 'n wonderwerk – 'n verstommende wonder – die grootste onmoontlikheid het moontlik geword.

Maar dan: die hoogtepunt van al die verskille tussen 'n geestelik-dooie mens en 'n geestelik-lewende (gelowige) mens: 'n dooie mens kan nie die gawes wat die Here gee, geniet nie. Wat is hierdie gawes wat die Here gee: 'n geseënde lewe, 'n vervulde lewe, 'n sinvolle lewe,

’n verloste lewe deur die bloed van Jesus Christus – ’n nuwe lewe wat tot in ewigheid sal duur. Moenie daaraan twyfel nie!

Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2

Ds. FJ (Fritz) Potgieter (Bloemfontein-Suid)

Woensdag 24 April

Skrifgedeelte: Efesiërs 1:3-14 (AFR83)
Fokusgedeelte: Efesiërs 1:3

’n Loflied aan God Drie-Enig!

Hierdie 12 verse vorm ’n pragtige loflied waarin ons saam die grootheid van die Drie-Enige God kan prys.

Ons loof God omdat Hy ons geseën het. Die seën lê daarin dat Hy iets in ons harte ingeplant het wat ek en jy nooit kan produseer of maak nie. Paulus sê ons is “in Christus” geseën. Ons behoort nou aan Christus. Hy het ons duur gekoop. Uit genade het ons deel aan sy kruisiging en opstanding. Elkeen wat in hierdie innige verhouding met Christus lewe, kan weet dat ek nie net in Christus is nie, maar dat Christus ook in my is.

Elke seëning van die Heilige Gees is aan ons gegee deur die Vader as ons maar net “in Christus” is.

- Die Vader is die Bron waaruit hierdie seëninge vloei.
- Die Seun bewerk die seëninge deurdat Hy ons verlos. Hy verdien in ons plek die seëninge en deel dit dan uit genade met ons.
- Die Heilige Gees verwerklik hierdie hemelse seëninge in ons lewens.

Tot roem en prys van Gods genade, die grond van ons behoudenis, sing ons nou van sy reddingsdade in Hom wat die Geliefde is. Uit Hom in wie ons nou weer vry is van skuld, deur sy verlossingsbloed, in Hom, in wie die heil berei is, kom seënstroom ons tegemoet.

Sing: Skrifberyming 1-1:1, 2

Ds. FJ (Fritz) Potgieter (Bloemfontein-Suid)

Donderdag 25 April

Skrifgedeelte: Levitikus 20:22-27
Fokusgedeelte: Levitikus 20:26

’n Heilige verbintenis met die Heilige

In die boek Levitikus vind ons by uitnemendheid die onderwysinge van die Here oor hoe sy volk heilig moes lewe. In die gelese gedeelte sien ons ook enkele voorbeelde daarvan.

Die grondslag vir die volk se heiligheid gaan egter nie bloot oor ’n voorbeeldige lewe nie, maar oor Wie God is. In vers 24 hoor Israel dat die Here hulle afgesonder het van al die ander volke. Hy het op Israel beslag gelê as sy volk en Hy het dit bewys deur hulle bevryding uit Egipte. Die Here wat op sy volk beslag gelê het, strek egter verder terug as hulle bevryding uit Egipte. Die Here het reeds eeue tevore sy verbond met Abraham, Isak en Jakob opgerig. Die verbond is ’n heilige en onbreekbare band tussen God en Israel. Soveel so dat die Here vir hulle sê dat hulle heilig moet wees, aangesien Hy heilig is. In verbondenheid aan hulle God moes Israel se lewenswyse die verbond met hulle heilige God openbaar.

Tog kon hulle die bevele tot heiligheid, weens hulle sonde, nooit gehoorsaam nie. Hulle het telkens soos die heidense volke begin leef. Die Vader het egter sy Seun gestuur om onder sondaars te woon en hulle ongeregtighede op Hom te neem. Sodoende het die Heilige van God ons geheilig deur sy versoeningsbloed. Aan hierdie geheiligdes gee God sy Heilige Gees, sodat ons ’n lewe van afsondering van die sonde kan leef, maar ook van toewyding aan die wil van God. Ons word wonderlik getroos. Die mense wat God vir Homself geheilig het, hoef nie uit eie krag heilig te leef nie. Hulle ontvang die eindelose krag van die Heilige Gees, wat hulle troos in hierdie gebroke en gevalle wêreld. Daarom wil hulle en daarom kan hulle al hoe meer en meer heilig wees, aangesien hulle Vader heilig is.

Bid vandag om die leiding van die Heilige Gees. Hy sal ons help en troos om iets van die onpeilbare heiligheid van die Heilige van Israel in die wêreld sigbaar te laat word.

Sing: Psalm 99-1:1, 2, 5

Ds. RA (Ronald) Bain (Oranjerivier)

Vrydag 26 April

Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 4:1-12
Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 4:3

Geroep om te word wat ons is

Die apostel Paulus skryf hier, soos dikwels, aan ’n gemeente wat te midde van die heidendom geleef het. Wanneer ’n mens se omgewing onheilig is, is die stryd om heilig te lewe, soveel feller. Om iets te ontheilig, is mos baie maklik. Die sonde verg gewoonlik geen inspanning nie. Daarom word ons so maklik slagoffers van die sonde. In hierdie gedeelte bemoedig die Here sy gemeente wat so tussen die heidene moes leef. Paulus gebruik die woord “heiligmaking” twee keer. In vers 3 sê hy dat ons heiligmaking God se wil is en in vers 7 dat God ons nie tot onreinheid geroep het nie, maar tot heiligmaking. Ons heiligmaking is God se wil. Hy het ons daartoe geroep.

Anders as ons regverdiging, wat ’n eenmalige gebeurtenis is, is ons heiligmaking iets wat dwarsdeur ons lewens plaasvind en waarin ons ’n verantwoordelikheid het. In die proses van ons heiligmaking is ons egter volkome aangewese op die leiding, krag en vertroosting van die Heilige Gees. Dis Hy wat die werk van Christus nou verder in ons daaglikse lewens toepas. Heiligmaking kan ook so beskryf word: om daagliks die ou mens af te sterf en om daagliks saam met Christus in ’n nuwe lewe op te staan.

Dikwels struikel ons op die pad van heiligmaking, maar Christus het opgestaan deur die krag van sy Gees! Daarom kan ons ook daagliks opstaan deur die krag van die Heilige Gees. So word ons heiligmaking die realisering van ons verlossing in Christus. Sodoende is ons heiligmaking die proses waarin ons al hoe meer word wat ons in beginsel reeds in Christus is. Dis maklik om onheilig te lewe in ’n onheilige wêreld, maar ons heiligmaking is die Almagtige se wil. Hy het ons daartoe geroep. Hoe troosvol! Hy self staan ons deur sy Gees by om gehoorsaam aan sy wil te wees. Ons is geen slagoffers van ’n onheilige wêreld nie. O nee, ons is meer as oorwinnaars deur sy krag.

Sing: Psalm 34-1:1, 5, 6

Ds. RA (Ronald) Bain (Oranjerivier)

Saterdag 27 April

Skrifgedeelte: Hebreërs 12:1-15
Fokusgedeelte: Hebreërs 12:10, 14

Gereed gemaak om God te sien

Sonde verstrengel en belas 'n mens in die geloofswedloop en daarom maak dit 'n mens baie moeg. So moeg dat jy wil uitsak.

Die gelowiges aan wie hierdie brief gerig is, het nog nie tot die dood toe teen hulle sonde gestry nie, sê vers 4. Daarom wou hulle uitsak. Hulle hemelse Vader het hulle egter nie laat staan nie. Die skrywer verduidelik dat die Here eintlik besig was om hulle te oefen deur tugtiging, sodat hulle hul sondes kon afsterf. Hy heilig sy kinders se lewens deur swaarkry, sodat hulle die sondelas kan afgooi om enduit te volhard. Daarom moet die gemeente nie flou word as die Here hulle tug nie, want Hy behandel hulle as sy egte kinders (vs 5). Vers 10 sê dat die Here hulle tugtig, sodat hulle aan sy heiligheid deel kan kry. Dit herinner weer aan die gedeelte uit Levitikus 20 van Donderdag, waar God sê dat sy kinders heilig moet wees, aangesien Hy heilig is.

Ons moet dit goed vashou: die Vader straf nie sy kinders nie. Sy heiligheid verteer hulle nie, want sy Seun het hulle straf gedra. Nee, in sy heiligheid tug Hy ons. Hy snoei aan ons, sodat ons al hoe meer heilig kan word. Hy doen dit, want Hy wil dat ons gemeenskap met Hom sal hê. Dus, wanneer ons heiligmaking voltooi is, sal ons nie net die wedloop voltooi nie, maar ons sal God se aangesig sien. Vers 14 sê dat ons die heiligmaking moet najaag, waarsonder niemand God sal sien nie. Wees getroos! Wanneer die Here ons tug, heilig Hy ons. Hy maak ons gereed om sy aangesig eendag te kan sien.

Die gemeenskap van die heiliges het egter nog 'n troos. Christus sal deur sy Gees klaar maak wat Hy in ons begin het. Hy sal ons heiligmaking voltooi, sodat ons God kan sien. Laat ons nie moedeloos word of opstandig raak wanneer ons hemelse Vader ons tugtig nie. Hy laat ons deel kry aan sy heiligheid, want Hy wil dat ons Hom eendag sal sien.

Sing: Psalm 118-1:1, 9

Ds. RA (Ronald) Bain (Oranjerivier)

Sondag 28 April

Skrifgedeelte: Levitikus 21:8; 22:31-33
Fokusgedeelte: Levitikus 21:8; 22:31-33

Die Here se heiligheid en verlossende genade spoor ons aan om volgens sy wil te leef

Ons fokusverse is ingebed in bepalings rakende die priester wat die volk se offers aan die Here bring (21:1-9) sowel as die diere wat geoffer is (22:26-33). Priesters bring nie meer ons offers voor die Here nie. Die samevattende gevolgtrekkings wat in ons fokusverse gegee word, is egter in ons konteks ook op ons van toepassing. Die Here is heilig en het ons sy eiendom gemaak.

"Ek is die Here", so lees ons in 22:31, 33. Die Here het in 'n verbondsverhouding met sy volk getree en as die God van die verbond het Hy die gesag om voor te skryf op watter wyse ons wat aan Hom behoort Hom moet dien.

Die Here het sy getrouheid aan die verbond destyds bewys deur sy volk uit Egipte te laat trek met 'n tweeledige doel:

- om hulle God te wees (22:33);
- om hulle vir Hom te heilig – hulle eenkant te sit as sy eiendom (21:8; 22:32).

Hierdie verlossing en heiliging het die Here God tot 'n hoogtepunt gevoer deur in liefde sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes (1 Joh. 4:10). Ons is daartoe geroepe om 'n heilige priesterdom te wees wat geestelike offers bring wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is (1 Pet. 2:5; vgl. ook Rom. 12:1). Dit doen ons onder leiding van die Heilige Gees uit dankbaarheid vir wat die Here in en deur sy Seun vir ons gedoen het.

Wanneer die Here sy kind (soos die destydse priester) tot besondere diens roep, moet ons die roeping volgens sy voorskrifte in verantwoordelikheid aan Hom, die heilige God, vervul. Die gemeente waarbinne so een sy roeping vervul, moet hom daarom met agting behandel.

Die Here se heiligheid en verlossende genade spoor ons aan om volgens sy wil te leef.

Sing: Psalm 116-1:7, 9

Ds. JH (Johan) Jordaan (emeritus)

Maandag 29 April

Skrifgedeelte: Titus 3:1-11
Fokusgedeelte: Titus 3:8, 10-11

In liefde vermaan waarop nie ag slaan, laat selfveroordeeld staan

Titus 3 is tot vers 7 deurvleg met die liefde van God. Hierop volg in vers 10 om "niks met iemand te doen hê nie" wat op die verkeerde pad volhard. Is dit nie liefdeloos nie? Anders gevra: Is die kerklike tug, wat op afsnyding van die gemeente kan uitloop, dan nie liefdeloos nie?

Dit is van belang om verse 1-7 in berekening te neem wat in vers 8 hierin saamgevat word: "Dit is 'n betroubare woord." Hierin word die evangelie, deurvleg met die liefde van God in Christus en deur die Gees, opgesom. Die evangelie het ook op gelowiges se leefwyse betrekking as vrug van die lewensvernuwing deur die genade van God (3:1, 2, 8). Hierteenoor staan die bedreiging van dwaalleer. As iemand onder die invloed van dwaalleer kom en van die evangelie (opgesom in "'n betroubare woord") afdwaal, en daardeur partyskap of skeuring in die gemeente veroorsaak, dien die tug daartoe om af te sien van die kwaad en waardig die evangelie te handel en te wandel.

Allermins is die voorgeskrewe tughandeling volgens Gods Woord liefdeloos. Dit is reeds duidelik in "'n eerste en 'n tweede vermaning" as 'n poging in liefde om die sondaar tot bekering te bring (met die aanwysing van die Here Jesus in Matt. 18:15-17 in gedagte). Indien volhardende afdwaling en volharding in sonde oplaas afsnyding van die gemeente tot gevolg het, is dit ook nie liefdeloos nie. Trouens, as die kerk tugloos is, word liefdeloos gehandel. Die doel van kerklike tug, gedring deur die liefde tot eer van God, die heil van die gemeente en die behoud van die sondaar, is bekering. Wie hierteenoor in sonde volhard, haal willens en wetens die oordeel oor homself.

Anders gestel: In liefde vermaan waarop nie ag slaan, laat selfveroordeeld staan.

Sing: Psalm 19-1:6

Ds. EJ (Eddie) Tiemensma (Emeritus)

Dinsdag 30 April

Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:3-16
Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:14

Moenie leef volgens die begeertes wat nie by jou nuwe lewe pas nie

God het aan ons ’n nuwe lewe gegee! Deur die wedergeboorte het Hy ons weer geestelik lewendig gemaak. Hy het dit gedoen deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood. Dít is die genade van die woorde, werke en wonders van die Here in ons lewe. Dit gee vir ons hoop en met hierdie hoop kan ons lewe.

Die nuwe lewe wat God aan ons gegee het, verander ons aard. Waar dit vroeër in ons aard was om ongehoorsaam te wees, is dit nou in ons aard om gehoorsaam te wees. Ons is nou “kinders van die gehoorsaamheid”.

Jou opdrag as gehoorsame kind van God is om jou lewe by jou nuwe aard aan te pas. Jy moet ontslae raak van alles wat nie by jou nuwe aard pas nie. Jy moet ophou om jou lewe in te rig volgens die begeertes van jou ou, sondige aard. Jy moenie meer leef soos iemand wat God nie ken of dien nie. Ongehoorsaamheid aan God moet al minder deel van jou lewe wees.

Die fokus in 1 Petrus is op wat jy moet doen, wanneer ander mense verkeerd teenoor jou optree en jou verontreg. Die nuwe lewe wat jy van God ontvang het, hou in dat jy dan “nee” sê vir die drang om ander mense in eie munt terug te betaal. In plaas daarvan om te lewe volgens die gesindheid van om kwaad met kwaad te vergeld, moet jy lewe volgens die gesindheid van om die kwaad met die goeie te beantwoord. In elke situasie (ook in situasies van verontregting) moet jy vra: “Wat is die regte ding, die goeie, om te doen?” “Wat wil die Here hê dat ek nou moet doen?” Jou lewensmotto moet wees: “Net om U wil te doen.”

Sing: Skrifberyming 2-4:3; Skrifberyming 33-1:3

Ds. JL (Jannie) van der Schyff (Welkom)

KWARTAAL 2

TEMA: DIE TWEEDE STEM VAN VERTROOSTING (Jesaja 40:3-5)

Hierdie stem troos die volk deur duidelik te maak dat niks God kan keer om nuut te maak nie. "Die opruiming van sondige gesindhede en die omkering van hoogmoed in nederigheid. Niks mag die HERE in sy triomftog teëhou nie!" (ds. JJ Cloete, Almanak 2012). (Die fokus is hier heiligmaking, vernuwing van die verloste mens na die beeld van Christus, voorbereiding van die nuwe hemel en die nuwe aarde, werk van die Heilige Gees, ensovoorts.)

MEI: God se vernuwingstroos herskep ons in Christus

Woensdag 1 Mei

Skrifgedeelte: Genesis 1:26 – 2:3
Fokusgedeelte: Gen 1:26-27

God het ons na sy beeld geskep!

Almal hou van komplimente. Dink maar hoe goed voel jy wanneer iemand iets vir jou sê wat jy graag wil hoor: "Sjoe, maar jy het maer geword!" Of: "Jy lyk nie 'n dag ouer nie!"

Hier op die eerste bladsye van die Bybel sê God iets wonderliks vir ons: Julle is geskape na my beeld, as my verteenwoordigers! Soos 'n vaardige meesterbouer het God stap vir stap die heelal gemaak: die wonders van die ruimte, die prag van die natuur, die onbegryplike fyn werking van die lewe. Maar al hierdie wonderlike dinge was eintlik net die voorbereiding, die gereedmaking van die verhoog vir die verskyning van die hooffiguur in die skepping, naamlik die mens.

Na alles wat tot hiertoe geskape is, is daar 'n hemelse beraadslaging: Die mens gaan anders wees as al die ander skepsels. Die mens en sy vrou sal God se beeld dra, hulle sal sy verteenwoordigers wees. Hulle moet die aarde bewoon en bewerk. Hulle moet verantwoordelik omgaan met God se skepping.

Dit is nie net God wat iets aan die mens doen nie, die mens moet iets terugdoen aan God. Daar is 'n verhouding tussen God en mens. God praat, en die mens moet luister. En die mens mag ook met God praat, en Hy sal luister.

Maar nou weet ons: daar het 'n tragiese dag gekom (die sondeval) dat die mens nie meer na God geluister het nie. Die verhouding met God het stukkend gebreek. Genadiglik het God die verhouding in

stand gehou deur sy Seun te stuur om alles te kom heelmaak. En Christus werk deur sy Gees in ons harte sodat ons weer God se beeld kan vertoon. Dit bly ons roeping!

Sing: Psalm 8-1:1, 3, 4, 5

Ds. WJ (Kobus) Botha (Bloemfontein-Noord)

Donderdag 2 Mei

Skrifgedeelte: Genesis 5:1-32
Fokusgedeelte: Genesis 5:21-24

God maak van sterwende mense hoopvolle mense!

Hierdie hoofstuk neem ons op ’n sombere toer deur die eerste begraafplaas in die Bybel. So lees ons op die grafstene: Adam was 930 jaar, toe het hy gesterf. Set was 912 jaar en hy het gesterf. Enos was 905 jaar en hy het gesterf. Kenan was 910 en hy het gesterf … Maar, dan lees ons van Henog: Hy het naby God geleef, en toe was hy nie meer daar nie, want God het hom weggeneem.

Wat is die mens? Die mens is stof, die mens is verganklik. As gevolg van Adam en Eva se sonde is die mens ’n sterwende spesie. Maar die mens is steeds geskape na die beeld van God. Dit beteken die mens mag in ’n verhouding met God staan. Hy mag naby aan God leef. En Henog is weggeneem terwyl hy naby aan God geleef het. Henog het nie gesterf nie. Dit sê vir ons: ’n Verhouding met God, ’n naby aan God leef, hou nie op die dag as jy doodgaan nie.

Daarom is hierdie verhaal van Henog so ’n kragtige profesie van Christus. Want Christus sou kom om die dood te deurbreek, om ’n wandel met God sy volle betekenis te gee. Dit is deur Christus dat ons met God versoen is. Dis deur Christus dat ons sondes afgewas is, en dat ons deel geword het van God se volk.

Ons is sterwende mense ja, maar deur Christus het ons weer hoopvolle mense geword. Ons is God se kinders en ons sal dit altyd bly! Ons het ’n uitsig op die ewige lewe!

Sing: Skrifberyming 2-4:1-3

Ds. WJ (Kobus) Botha (Bloemfontein-Noord)

Vrydag 3 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 8 (AFR2020)
Fokusgedeelte: Psalm 8:5-7 (AFR2020)

Verwondering oor God dring ons om Hom te wil verheerlik in die manier waarop ons met sy skepping omgaan

Psalm 8 is ’n psalm van verwondering. In die psalm word ons opgeroep om God se mag en heerlikheid in al sy skeppingswerk te betrag. Sy heerlikheid is nie net in die hemelruim en hemelliggame sigbaar nie, maar selfs die geboorte van babatjies en die grootword van kinders getuig van ’n God wat wonderbaarlik skep en onderhou.

Dieselfde verwondering is te vind in die besef dat die allerheerlikste God die mens net minder as ’n hemelwese gemaak het (vs 6) en hom laat heers oor sy handewerk. Hiermee word die skeppingsdoel en -opdrag aan die mens in herinnering geroep (vgl. Gen. 1:26-27).

Weens die sondeval het die mens egter ontrou aan sy HERE geword en in sy selfsug en selfgerigtheid die aarde al hoe meer begin vernietig. Dit is ook logies, want dit is vir ’n sondige mens onmoontlik om beeld en verteenwoordiger van die heilige God te wees …

Sien die besondere manier raak waarop Psalm 8 begin. Die psalm begin met aanroeping van die Naam van die HERE. Elke mens wat die psalm in opregtheid sing, is besig om tot God te bid.

Die HERE word aangeroep as “ons Heer”. Dit is ’n erkenning van sy koningskap. Hierdie onderwerping en erkenning kan ons alleen deur Jesus Christus maak. Daar kom ’n tyd wanneer ons nie meer net minder as ’n hemelwese sal wees nie (vgl. Heb. 2:7), maar nou reeds is elkeen wat in Hom glo, se posisie voor God al herstel en in Hom is elke gelowige meer as net sy beeld en verteenwoordiger, ons is sy kinders.

Laat ons in ons verwondering in ons God ons nou opnuut inspan om waarlik sy skepping te bewaar en op te bou, nie net as sy herstelde beeld en verteenwoordigers nie, maar veral as sy kinders wat Hom wil verheerlik.

Sing: Psalm 8-1:1, 2, 3, 4

Dr. JA (Jannie) Erasmus (Odendaalsrus)

Saterdag 4 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 45 (AFR2020)
Fokusgedeelte: Psalm 45:7, 8, 11, 12 (AFR2020)

Christus is ons Bruidegom en ons is sy bruid

Psalm 45 is ’n huwelikslied. Reeds voor die geboorte van Jesus was dit egter al vir Joodse Skrifgeleerdes duidelik dat die lied oor meer as ’n aardse koning gaan. Inderwaarheid word die skoonheid, mag en krag van die Messias besing. In Hebreërs 1:8-9 haal die Hebreër-skrywer ook uit Psalm 45:7-8 aan wanneer die heerlike glorie van Jesus besing word. Hy is die Koning, sterk van mag, wat geregtigheid liefhet en goddeloosheid haat. Psalm 45 beskryf dus op versluierde wyse die heerlikheid van die Here wat in die ganse Nuwe Testament geopenbaar word.

Die psalm gaan egter nie net oor die koning nie. Dit gaan oor die koning as bruidegom. Hy ontvang ’n bruid. Wie is dan die bruid?

Uit die Nuwe Testament weet ons dat die bruid van die Here die kerk is. Jesus het die kerk vir homself gekoop deur sy bloed vir haar aan die kruis te stort. Die kerk bestaan uit al die gelowiges uit alle volke, nasies en tale. Selfs hieroor getuig Psalm 45, want die bruid word beskryf as geklee met goud uit Ofir (vs 10) en sy is ’n dogter uit Tirus (vs 13).

Psalm 45 beskryf die opgewonde afwagting vir wanneer die bruid na die bruidegom kom. Sy is reeds heerlik geklee deur haar bruidegom. Sy gee haar nou ten volle aan Hom oor. Daar wag ’n salige toekoms op haar en haar kinders.

Jesus is ons Bruidegom wat vertrek het om vir ons plek gereed te maak. Nou reeds word ons deur die Heilige Gees geklee met fyn, helder blink klere. Die fyn klere is die regverdige dade omdat ons nuut gemaak is (vgl. Op. 19:8).

Berei jy opgewonde voor vir die bruilof van die Lam, omdat jy weet dat jy daarin deel?

Sing: Psalm 45-1:1, 2, 9, 10

Dr. JA (Jannie) Erasmus (Odendaalsrus)

Sondag 5 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 103 (AFR83)
Fokusgedeelte: Psalm 103:20-22(AFR83)

Deel jy in die massakoor wat God se lof besing?

In Psalm 103 word niks van die Here versoek nie. Die psalmdigter is nie besig om te smeek, te pleit, te kla, of te vra vir enigiets nie. Uit en uit gaan alles in die psalm oor die Here – oor Wie Hy is, en wat Hy doen.

Die psalmdigter skryf op enkele plekke iets oor homself, maar wanneer hy oor homself praat, praat hy oor sy eie kleinheid, swakheid en sonde. Hierdie besef van sy nietigheid vloei juis voort uit sy verwondering oor God se grootheid. Die Here laat reg en geregtigheid geskied. Hy handel met ons nie volgens ons sondes nie, en Hy bly nie stil hieroor nie – Hy het dit aan ons bekendgemaak. Reeds in die Ou Testament (aan Moses) het Hy bekendgemaak dat plaasvervangend in die plek van die sondaar geoffer kan word. Uiteindelik het sy barmhartigheid in sy Seun Jesus Christus sy volheid bereik. Jesus is aan die kruis vergeld, sodat ons nie vir ons ongeregtighede vergeld sal word nie. Voorwaar, so ver as die ooste van die weste af is, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons af.

Kyk weer na die einde van die psalm. Na Dawid se refleksie oor die aard van die Here, roep hy die hele skepping op tot lofprysing. Die hemelwesens, en die skepping, en ons moet God se lof nog verder laat uitkring sodat dit ’n reuse koor word wat die heelal vul. Enigiets minder as dit is God nie waardig nie.

Elke stem wat God loof, word nie net gehoor nie, maar vloei saam om juis hierdie massakoor tot God se eer te vorm. Elkeen van ons moet, met alles wat ons is en het, ons lewe lank die Here loof met woord en daad.

Sing jy met opreg en met volle oorgawe saam in hierdie koor?

Sing: Ps. 103-1:1, 2, 11

Dr. JA (Jannie) Erasmus (Odendaalsrus)

Maandag 6 Mei

Skrifgedeelte: Romeine 12:1-8
Fokusgedeelte: Romeine 12:2 (AFR83)

Jy is nuut

Nee, jy kan nie dieselfde bly nie! 'n Christen groei deur sy lewe na Christus toe. Omdat Christus sy lewe vir jou gegee het, is dit ondenkbaar dat jy nie ook jou lewe aan Hom wy uit dankbaarheid nie. Hoe lyk hierdie groei?

- Breek met die sondige lewe. Dit gaan hier oor die gesindheid in jou hart. Is jou lewe tot eer van God, of nie?
- Lewe 'n nuwe lewe. Dit beteken om op God se volmaakte wil ingestel te raak en so te handel.

Dit bring stryd in jou lewe: om op jou eie wil ingestel te wees en dat dit jou lewenswyse bepaal, of om in alles op God gerig te wees.

- Jy kan lewe soos jy wil en doen wat jy wil. Jy laat jou nie voorskryf deur God en sy Woord nie. Jy is jou eie god.
- Die nuwe mens is egter oorweldig deur die sekerheid dat Christus vir ons sondes betaal het op die slawemark van die sonde sodat ons uit dankbaarheid die voorreg het om met Hom te lewe. Dan is God die God van ons lewe.

Vir hierdie nuutword in ons lewe moet ons bid. Daarin moet ons ons oefen. Deur die Gees en die Woord word ons vernuwe. In alles moet ons die voorbeeld van Christus navolg: ek moet volkome aan God gehoorsaam wees en myself as dankbaarheidsoffer aan Hom oorgee. Hierdie nuwe lewe kan ons geniet met die wete dat die Here altyd met ons is. Selfs in teenspoed dra Hy ons. Hy gaan met ons elke oomblik deur hierdie lewe tot in die ewige lewe.

So bevoorreg is jy, nuwe mens! Leef dan so!

Sing: Psalm 119-1:7

Ds. RG (Roelie) Aucamp (Emeritus)

Dinsdag 7 Mei

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 6:12-20
Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 6:19, 20

Tempel ontheilig?

Jy wil tog nie tempel van God ontheilig nie – dit is tog ook die woonplek van God; hier moet God verheerlik word.

Paulus beklemtoon dat die gelowiges mense is wat nou anders is as die ongelowiges. Hulle is duur gekoop deur die bloed van Christus. Hulle is nou eiendom van Christus en behoort na liggaam en siel aan Hom. God gee die Heilige Gees om in hulle te woon. Dit maak die gelowige tempel van God, wat altyd spreek van sy teenwoordigheid.

Die Christendom het nie 'n tempelgebou waarheen gelowiges kan gaan nie. Tog is God se tempel oral waar sy kinders is. Ook deur die gelowige moet God se teenwoordigheid meer sigbaar word in hierdie wêreld om soos sout en suurdeeg te wees. Die Heilige Gees laat die wêreld God deur ons ontmoet.

In Korinte het 'n gees van losbandigheid geheers. Sekseskapades was algemeen. So word die liggaam as tempel van God ontheilig. Losbandigheid is 'n sonde teen die eie liggaam. Die Korintiërs glo: "Alles is my geoorloof" (vs 12). Hulle eie vrye wil staan dus voorop. Die gelowige laat hom egter uit dankbaarheid vir die nuwe lewe lei deur sy Koning, Jesus. As tempel van God is ons heilig. Dit beteken ons leef anders as hulle wat God nie ken nie.

Omdat Christus ons vrygekoop het, is ons een met Hom. As ons losbandig leef, maak ons dit wat aan Christus behoort, deel van hierdie sonde en ontheilig ons sy tempel. Dan kan my liggaam tog nie woonplek van die Heilige Gees wees nie. Die Gees maak ons gewillig en bereid om vir God te lewe (Heidelbergse Kategismus, antwoord 1).

- Dien God na liggaam en siel dankbaar en geheel en al.
- Vermy die bose liggaamslosbandigheid en verheerlik God ook deur jou liggaam.

Ons behoort na liggaam en siel aan ons getroue Verlosser, Jesus Christus (Heidelbergse Kategismus, antwoord 1). Jy kan tog nie 'n tempelverwoester wees nie!

Sing: Psalm 33-1:2

Ds. RG (Roelie) Aucamp (Emeritus)

Woensdag 8 Mei

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 15:35-38
Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 15:37 (AFR53)

Verander en vernuwe in die opstanding

Vir die kerk van Christus is die opstanding van die dooies met sy wederkoms 'n belangrike, wesenlike saak. So wesenlik dat dit deel uitmaak van die 12 Artikels. Maar die basiese leer van die liggaamlike opstanding, beskryf die Hebreërskrywer (Heb. 6:2), is deel die melkkos van 'n gelowige. Dit is een van die leerstellings wat die fondament lê vir die Christelike geloof. En soos 'n baba wat ouer, sterker en groter word, kort ons ook vaste kos wanneer ons volwasse raak in die geloof.

In 1 Korintiërs 15 spreek Paulus dan nie net oor die basiese leer van 'n liggaamlike opstanding nie (melkkos)– maar die apostel leer ons wat die staat of die kwaliteit van die liggaam sal wees wanneer dit opgewek is (vaste kos):

- *Ons gaan veranderd wees*. Vlees en bloed kan nie die koninkryk van God beërwe nie: ons broos, weerlose en sondige liggame, soos dit tans biologies aanmekaargesit is, gaan nie opgewek word nie, maar ons gaan 'n verheerlikte liggaam hê. Soos Christus se liggaam ná sy opstanding nie meer beperk is deur die wette van fisika en materie nie, so sal ons geestelike liggame ook wees.
- *Maar ons gaan nie "iets anders" word* wanneer ons liggame opgewek word nie. 'n Boer saai koringsaad om koring te verbou. Hy saai nie koring om iets anders te verbou nie. So sal ons steeds mense wees wat (verheerlikte) liggame het met ons Koning se wederkoms.

Mag hierdie realiteit van die leer oor ons liggame wat veranderd en vernuwe sal wees deur die Heilige Gees, ons opbou in geloofsvolwassenheid, met die troos dat ons nie die dood van ons liggame hoef te vrees nie (sien ook HK v/a 42).

Sing: Psalm 30-1:1-3

Ds. IJ (Izak) van der Westhuizen (Colesberg)

Donderdag 9 Mei

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 3:12-18
Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 3:13, 18 (AFR83)

Deur Christus verlig

In 2 Korintiërs 3:12-18 is Paulus besig om as meesterteoloog 'n verklaring en toepassing te maak van Eksodus 34:29-35, waar Moses neergedaal het van Sinai nadat hy die twee kliptafels van die Here ontvang het en sy gesig gestraal het van die Here se glorie.

Hierdeur wil Paulus ons leer dat die ou verbond onder die Wet van Moses nooit bedoel was om as 'n blywende verbond te bly bestaan nie. Soos baie mense, gebeure en simboliek van die Ou Testament as tipes en profesieë gedien het, was die Wet van Moses ook bedoel om heen te wys na 'n verbeterde, meer volkome verbond. Dit is duidelik deurdat die ligglans van Moses se gesig (wat God se glorie bekendgemaak het) aan die verdwyn was. Die verdwynende skynsel van Moses se gesig was bedoel om die volk Israel te wys daarop dat die verbond onder die Wet nie ewig-blywend is nie.

Die verbeterde en volkome verbond word aan die gelowige in Christus gegee. Deur Hom leef ons onder die nuwe verbond en deur die Gees word die sluier/bedekking voor ons oë weggeneem en so kan God se glorie in Christus raakgesien word. Daarom ontvang ons in geloof deur die Gees die beeld van Christus – en word deur die Gees gelei om te groei in heiligmaking; om al meer die beeld van Christus na te streef deur te groei in gehoorsaamheid teenoor die HERE.

Mag ons nooit, soos Israel, weerhou word om die Here se glorie in Christus raak te sien nie, maar mag ons daarna streef om deur sy Gees verlig te word deur die lig van die evangelie.

Sing: Skrifberyming 50:1, 4, 7

Ds. IJ (Izak) van der Westhuizen (Colesberg)

Vrydag 10 Mei

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 4:1-6
Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 4:6 (AFR53)

Die helder lig van die evangelie

"Laat daar lig wees!" (Gen. 1:3). Met een opdrag uit God se mond het die duisternis wat daar voor die skepping was, padgegee "en daar was lig". Met die skepping van lig bring God 'n heerlike begin aan die res van die skepping wat moet volg. Die lewe is onmoontlik sonder God wat die lig gee.

Paulus herroep die skepping van lig as hy skryf aan die gemeente in Korinte. Paulus, soos soveel ander, het ywerig die Woord van God op vele plekke bedien. Nogtans blyk dit of die Woord op soveel plekke nie vrug dra nie. Na die sondeval het duisternis ingekeer waar lig moet wees. Terwyl die ongelowiges onder die lig van die son leef, is hulle blind vir die lig van die evangelie. Hulle ken nie die heerlikheid van Christus nie. In hulle binneste is hulle pikdonker.

Nogtans gee die gelowige nie moed op om in hierdie wêreld aan te hou om die Here se Woord suiwer uit te dra nie (vs 1). As dit wil voorkom of die evangelie nie vrug dra nie, hoef ons nie te dink ons moet dit aanpas om meer aanklank by mense te vind nie (vs 2). Die duisternis hou nie van die lig nie, gee nie om wat jy daarmee doen nie. Duisternis word net op een manier uitgewis: deur die lig. Ons moet gedurig moed hou om "die waarheid aan die lig te bring". Die evangelie bly die evangelie. Christus moet verkondig word, in elke eeu, op elke plek en aan elke generasie. Hy is immers "die lig wat skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie" (Joh. 1:4).

Soos wat God die skepping begin het met die skepping van lig, het Hy ons ook herskep deur die Lig – Jesus Christus. Ons was self verblind en in die donker. Nogtans het Hy "in ons harte geskyn om die verligting te bring van die kennis van die heerlikheid van God" (vs 6). By die skepping het God gepraat, en daar was lig. Ook vandag praat God deur sy Woord, en daar is lig. Deur die lig van die evangelie dryf Hy die donkerte in ons na buite. Hy verlig ons om dag na dag in sy lig te wandel. Ons leef in sy lig, en daarom gee ons ook nie moed op om dit aan ander te bedien nie.

Sing: Skrifberyming 14:1-2 *Ds. MD (Dirk) Meijer (Bloemburg)*

Saterdag 11 Mei

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 4:7-15
Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 4:7,10 (AFR53)

Christus se krag in ons swakheid

As gelowiges ontvang ons van Christus die heerlikheid om kinders van God te wees (Joh. 17:22). Daarmee saam leef ons met die oë gerig op ’n allesoortreffende, ewige gewig van heerlikheid waarop ons wag (2 Kor. 4:17). In Christus leef ons van heerlikheid tot heerlikheid. Op die oog af lyk dit egter nie of ons van heerlikheid tot heerlikheid leef nie. Menslik gesproke leef ons van swakheid tot swakheid. Nou reeds is ons swak, en soos wat die lewe aan die kant van die graf aangaan, word ons net swakker. Paulus beskryf die swakheid wat hy self geken het baie konkreet (vs 8-9).

Nogtans is daar ’n noue samehang tussen die heerlikheid wat ons ontvang het en die swakheid wat ons beleef. Ons het immers die skat van die evangelie in erdekruike (vs 7). ’n Erdekruik is ’n voorwerp gemaak uit hardgebakte klei waarin mense dikwels skatte weggebêre het. Met tyd saam kom daar egter krake in so ’n kruik. Dit breek. Hoe meer dit uitmekaar val, hoe meer sigbaar raak die skat wat daar binne-in is.

Paulus verklaar hierdie beeld. Ons “dra die doding van die Here Jesus in die liggaam om” (vs 10). Soos erdekruike wat breek, vergaan ons ook. Ons swaarkry in die lewe staan nie los van die lyding wat Christus deurgegaan het nie. Ons lyding is nie om te betaal vir sondes soos Christus gedoen het nie. Ons is egter wel een met Christus, ook in die feit dat ons deur lyding heen tot groter heerlikheid gelei word.

Dáár is egter die troos in ons swakheid. Ons weet dat Christus se lyding uitgeloop het op heerlikheid. So dan ook vir ons. Soos die skat al hoe meer deur die krake van ’n erdekruik sigbaar word, word die lewe in Christus al hoe meer sigbaar in ons gebroke liggame. God se krag word in swakheid volbring (2 Kor. 12:9).

As ons swak is, dan is ons sterk. Mag die lewe in Christus skyn deur die krake van ons swak bestaan. Mag ons swakheid ons rig op die lewe van heerlikheid tot heerlikheid.

Sing: Psalm 149-1:2

Ds. MD (Dirk) Merijer (Bloemburg)

Sondag 12 Mei

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 4:16 – 5:10
Fokusgedeelte: 4:16-17; 5:7

Voorberei vir die ewige lewe

Paulus gebruik hier woorde wat mekaar kontrasteer. In 5:3-4 hoor ons die woord "sug"/ "kreun". In 4:16 hoor ons "vergaan". Vers 17 gebruik die woord "verdruk". Dit beskryf die verganklike lewe hier. In kontras hiermee hoor ons dat hy tog die woord "moed" gebruik. Drie maal sê hy, "ons bly vol moed" (4:16; 5:6, 8). Hoe?

Ons vind hier twee dinge wat ons help om moed te hou:

- 4:17: "Ons … verdrukking *bewerk* (tans) vir ons … ewige heerlikheid." Die kontras is duidelik: Die dinge wat ons nou beleef, is lig en gaan verby. God het in ruil hiervoor 'n swaar en allesoortreffende heerlikheid vir ons beloof. Dis die ewige lewe by Hom deur Jesus! God het die vermoë om ons teenwoordige swaarkry in te span as deel van daardie belofte. In 5:4 sê Paulus: "Wat sterflik is, moet verteer word deur die lewe." As 'n mens iets insluk, verdwyn dit nie net nie, dit dra by tot jou gewig. So sorg God dat ons huidige swaarkry nie verniet is nie – dit dra ook by tot gewig van ons ewige heerlikheid.
- As jy in Jesus glo, is God nie nét besig om beproewings te gebruik om die gewig van jou ewige heerlikheid op te hoop nie, Hy het jóú ook reeds daarvoor voorberei. In 5:5 sê Paulus: "Hy wat ons juis hiervoor voorberei het, is God wat aan ons die Gees as waarborg gegee het." Hoor u? Dis reeds afgehandel – as jy in Jesus glo, is jy ook voorberei vir die ewige lewe. Dis joune! Die Heilige Gees is God se deposito. Hy verseker ons dat ons finaal herstel sal word wanneer Jesus weer kom.

Sing: Lied 514:1, 2

Ds. J (Hanno) van Schaik (Burgersdorp)

Maandag 13 Mei

Skrifgedeelte: Galasiërs 6:11-18
Fokusgedeelte: 6:14-15

Genade staan sentraal

Aan die einde van die Galasiërbrief sien ons dat Paulus uit ’n diepe oortuiging praat. Hy sê: “Ek skryf self.” Dit beteken dat hy nou nie meer dikteer en gebruik maak van iemand wat hom help skryf nie. Sy sig was vermoedelik al swak, daarom die groot letters. Hy wil iets beklemtoon: In die lewe sal hy slegs roem in die kruis van Christus en dis hoe dit hoort vir elke Christen.

Hy waarsku ons teen twee groot vyande van die kruis: Aan die een kant ’n godsdiens waardeur mens jouself wil red deur goeie werke én aan die ander kant ’n godsdiens wat vryheid jou god maak.

Die een kant sê: As jy nie hierdie of daardie wet nakom nie, is jy eintlik verlore. Die stryd in die vroeë kerk het gedraai rondom die Ou-Testamentiese wette. Daar was diegene wat gesê het: “Ja, Jesus red jou, maar jy moet nog steeds besny word, anders kan jy nie deel wees nie.” In vers 12 wys Paulus die valsheid hiervan uit. So ’n godsdiens is gefokus op die uiterlike en boonop het dit geen krag nie. Dit vuur ’n godsdiens aan wat gaan oor wat mense dink, dit maak Jesus se kruisoffer leeg en lei nie tot aanbidding nie.

Die ander kant sê: Net die mense wat glad nie besny is nie, is welkom in die kerk. Vandag sou dit dalk pas by bewegings wat sê: “As jy kan wegloop van die tradisionele kerke en jouself nie laat onderdruk deur moets en moenies nie – as jy vryheid kan najaag bo alles, is jy reg.”

Paulus sê: Nee! Geloof is om in Jesus Christus en Hom as gekruisigde Here te glo en te roem. Hy het my gered van my sonde en is deur sy Gees besig om van my ’n hele nuwe mens te maak. Genade staan sentraal!

Sing: Psalm 32-1:1

Ds. J (Hanno) van Schaik (Burgersdorp)

Dinsdag 14 Mei

Skrifgedeelte: Efesiërs 4:17-24 (AFR2020)
Fokusgedeelte: Efesiërs 4:24 (AFR2020)

Vir ons om aan God gehoorsaam te wees, moet die ou mens sterf en die nuwe mens opstaan

Reeds in die Ou Testament kry gelowiges die opdrag: "Wees heilig, want Ek is heilig" (o.a. Lev. 11:44). Heiligheid is dus een van God se unieke eienskappe (vgl. Joh. 17:11). God, die Vader, is heilig (vgl. o.a. Op. 15:4). God, die Seun, is heilig (vgl. o.a. Hand. 3:14). En God, die Heilige Gees, is heilig (vgl. o.a. Ps. 51:11; Matt. 1:18). Omdat God heilig is, verwag Hy dan van sy kinders om heilig te wees, want Hy het ons tog goed en na sy ewebeeld geskep (Gen. 1:27).

Weens die sondeval word alle mense ná Adam egter in sonde ontvang en gebore. Weens ons gebrokenheid sou álmal van ons soos die mense geleef het wat in Efesiërs 4:18, 19 beskryf word (vgl. Gen. 6:5; 8:21). Maar deur die genade van Woordverkondiging het ons ons Verlosser, Jesus Christus, leer ken. Omdat God ryk is aan barmhartigheid en ons innig liefhet, onderrig Hy ons oor wie ons was, maar óók wie ons nou, deur die genade van Christus, geword het (vs 20, 21).

Deur sy Enigste Seun onderrig God ons in die énigste Waarheid (Joh. 14:6), naamlik dat ons die ou mens in ons moet aflê en met die nuwe mens beklee moet word (o.a. Matt. 4:17; Luk. 3; 15:10). Paulus praat hier van bekering! Daardie proses waar die Heilige Gees krágtig in my werk sodat ek wérklik berou oor my sonde het, dit haat en daarvan wil wegvlug. Maar óók 'n vreugde in die Here ervaar en 'n ywerige lus om opnúút aan God gehoorsaam te wees.

Wanneer ons, biddend, só leef, dan leef ons in ooreenstemming met die manier waarop God ons geskep het: in ware geregtigheid en heiligheid.

Sing: Psalm 33-1:5, 11

Ds. LD (Daniël) Myburgh (Venterstad)

Woensdag 15 Mei

Skrifgedeelte: Kolossense 3:5-17 (AFR2020)
Fokusgedeelte: Kolossense 3:9, 10, 14 (AFR2020)

In liefde vernuwe tot liefde

Ons het gister gehoor dat God van ons verwag om in ooreenstemming met die manier waarop Hy ons geskep het, te leef. Deur die genade van Woordverkondiging kry elkeen van ons die opdrag om in ware geregtigheid en heiligheid te leef. Maar wat beteken dit práktiés?

In ons Almagtige Vader se goedheid gee Hy nooit abstrakte opdragte vir sy kinders nie. Wanneer ons deur Hom opgeroep word om in ooreenstemming met die manier waarop Hy ons geskep het, te leef, dan wys Hy ons presies hoe só 'n gehoorsaamheidslewe behoort te lyk. Wat 'n heerlike troos!

Kolossense 3:5-17 is een van die gedeeltes in die Skrif wat hierdie gehoorsaamheidslewe vir ons uiteensit (vgl. ook o.a. Ef. 4:25-32; Ef. 5). As kinders van God, wat met Hom verenig is, behoort ons onsself te herinner dat ons rééds die ou mens en al sy sondige gewoontes uitgetrek het, en rééds met die nuwe mens in Christus beklee is. Deur God Drie-enig se genade word ons ook vernuwe na die beeld van ons Skepper (vs 10). In sy Vaderliefde los God nie sy kinders nadat hulle in sonde geval het nie. Deur Christus herskep Hy ons sodat ons vernuwe kan word in ons hart en in ons gedagtes. Nou werk die Heilige Gees kragtig in gelowiges sodat ons ál die opdragte van hierdie gedeelte kan gehoorsaam.

En dan lig Paulus een aspek van hierdie nuwe mens in Christus uit, en dít is dat ons onsself met onderlinge liefde behoort te beklee. Want wanneer ons mekaar, as medegelowiges, wáárlik liefhet, sal ons spontaan aan God se opdragte gehoorsaam wil wees. Deur sy liefde word ons vernuwe tot liefde vir Hom én liefde vir mekaar.

Sing: Skrifberyming 70:1

Ds. LD (Daniël) Myburgh (Venterstad)

Donderdag 16 Mei

Skrifgedeelte: Genesis 2:1-9
Fokusgedeelte: Genesis 2:9; Openbaring 22:2

Die gelowige leef tussen twee bome van lewe

In Genesis 2 lees ons dat alles wag op die skepping van die mens. Die Here het die hemel en die aarde geskape en dan staan daar: Daar was nog nie enige struike of groenigheid wat uitgespruit het nie, want daar was nog nie ’n mens om dit te bewerk nie. En dan skep God die mens uit die stof van die aarde en plaas hom in die tuin van Eden wat Hy self vir die mens voorberei het met bome wat uitspruit en mooi is om te sien en lekker is om van te eet. Die mens mag in die tuin heers en aan al die wilde diere name gee.

In die middel van die tuin was die boom van die lewe waarvan die mens vrylik mag eet en ook die boom van kennis van goed en kwaad waarvan die mens nie van mog eet nie. Die oomblik wat die mens van die boom van kennis van goed en kwaad eet, sou hy sterwe. Die mens wat bedoel was om vrylik van die boom van die lewe te eet, word na sy sondeval (deur van die boom van kennis van goed en kwaad te eet) uit die tuin van Eden verdryf en die toegang tot die boom van die lewe word bewaak. As sondaar mag hy nie meer van die boom van die lewe eet en ewig lewe nie.

Ons mag ons Bybel egter oopslaan by die laaste hoofstuk van die Bybel, naamlik Openbaring 22 en dan lees ons dat die mens weer vrylik mag eet van die boom van die lewe. Die wonder het gekom deur die koms van Jesus Christus in die wêreld. Sy kruis op Golgota staan in die geskiedenis tussen die twee bome van die lewe in Genesis en Openbaringe. Hy dra die vloek oor ons sondes aan ’n vloekhout en betaal volledig vir al ons sondes deur sy lyde en sterwe aan die kruis. Vir elkeen wat sy toevlug tot Jesus Christus neem, is die uitsig om tot in alle ewigheid van die boom van die lewe in die Nuwe Jerusalem te eet. Die boom wat elke maand sy vrugte gee en waarvan die blare genesing bring vir die nasies. Die beeld van oorvloed en sondelose vreugdevolle lewe in volle gemeenskap met God en Jesus Christus deur die Gees. Alle volke verenig onder hulle een Hoof, Jesus Christus.

Jy lewe as gelowige in die tyd tussen die twee bome. In ’n gebroke wêreld is jy in Christus op pad na die Nuwe Jerusalem waar jy vir altyd die voorreg het om van die boom van die lewe te eet. Laat dié hoop

jou help om te volhard en standvastig Jesus, jou Here, te dien deur in God se skepping te heers as priesterkoning.

Sing: Skrifberyming 18-6:1, 3, 5

Ds. DJ (Daan) Bakker (Emeritus)

Vrydag 17 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 89
Fokusgedeelte: Psalm 89:2-5

Jou doop verseker jou van God se liefde en trou

Jou doop lê baie ver terug in jou lewe, maar elke doop van 'n verbondskindjie wat jy gesien het, herinner jou aan jou eie doop en God se verbond met jou en die beloftes van daardie verbond. Die digter van Psalm 89 herinner jou dat God se verbond met jou beteken dat God sy liefde en trou aan jou beloof het.

Die digter laat in die psalm die klem val op God se verbond met Dawid. God beloof aan Dawid, die koning op die troon van Israel, dat daar vir altyd iemand uit sy nageslag op sy troon sal sit. Sy geregtigheid en reg en sy liefde en trou sal daarvoor sorg. Vers 34: Maar my liefde sal Ek van hom nie terughou nie, my trou nie verbreek nie. Vers 35: Ek sal my verbond nie versaak nie, nie een van my beloftes terugtrek nie. God sal sy liefde en trou beveel om sy beloftes aan Dawid waar te maak. Die digter laat almal opkyk na die hemel. Doen jy dit maar saam met hom. Rig jou gedagtes na waar God in die hemel woon en waar al die hemelbewoners voor Hom buig en op sy bevel reageer. Hy wat oor alles in die hemel regeer, is ook die Skepper van alles wat jy in die hemelruim en op aarde kan sien. Hy is die Almagtige wat sy beloftes aan die wat aan Hom behoort, wil en kan waar maak. Kyk maar elke aand op na die maan en elke oggend na die sonsopkoms. Net so seker as hulle daar sal wees, net so seker sal God se liefde en trou daar wees om sy beloftes waar te maak.

Gelukkig is hulle wat hulle vertroue op God stel, want Hy sal elke belofte aan hulle vervul. Jy kan maar saam met die digter daarop "Amen, ja, amen" sê. Dis waar en seker. God het sy liefde en trou beveel en in die volheid die tyd sy belofte aan Dawid vervul en die Koning op sy troon gestuur, naamlik ons Here Jesus Christus. Hy het

deur lyde heen Koning geword. Deur sy lyde en sterwe aan die kruis het Hy vir jou sondeskuld volkome versoening gedoen.

As jy jou verlossing buite jouself in Jesus Christus soek is jy seker jou doop se beloftes is waar en amen in Jesus Christus. God se liefde en trou is vir jou soos die maan en die son elke dag daar. Hy sal al sy beloftes aan jou vervul. Gelukkig is jy as jy Hom daarin vertrou, want dan begin jy elke dag met 'n loflied oor God se liefde en eindig jy elke dag met 'n dankgebed oor God se trou.

Sing: Psalm 89-1:1, 2

Ds. DJ (Daan) Bakker (Emeritus)

Saterdag 18 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 104
Fokusgedeelte: Psalm 104:24

Die skepping openbaar God se wysheid

In Artikel 2 van die Nederlandse Geloofsbelydenis bely ons dat die skepping soos 'n mooi boek is waarin alle skepsels die onsigbare dinge van God kan sien, naamlik sy ewige krag en goddelikheid. Wanneer ons dus sien hoe die Here geskep het en steeds alles onderhou, sien ons nie maar net iets van die natuur nie, maar ons sien iets van God self. Ons as sy kinders word in hierdie Psalm weer vir hierdie wonderlike openbaring tot lof opgeroep.

En hoe kan ons die Here nie loof nie as ons saam met die Psalmdigter die talrykheid van die Here se werke kan besing. Wanneer ons sien hoeveel detail daar in die skepping van die Here is, selfs in die kleinste, eenvoudigste selletjie kan ons nie anders as om in lofsang uit te breek nie.

In ons fokusvers besing die Psalmdigter die talrykheid van die werk van God. Wanneer ons dink aan die hoeveelheid sterre en sterrestelsels, staan ons hieroor in verwondering. Die Here het in oorvloed geskape, en so voorsien Hy ook in oorvloed. Vir sy kinders oorsien Hy in die oorvloedige genade van Christus. So talryk soos die werke in die skepping is die genadewerke van ons Here Jesus wanneer Hy vir elkeen van ons ontelbare sondes aan die kruis betaal het.

Die Here se skepping is nie net oorvloedig nie, maar ook in wysheid geskape. Die natuurwetenskappe kan getuig van die wysheid wat in die natuurwette opgesluit lê, en nog steeds kan ons mense nie eers die begin van daardie wysheid verstaan nie. Bid daarom dat die Here deur die wysheid van Christus ons dwaasheid sal wegneem, sodat ons Hom in woord en daad sal loof.

Sing: Psalm 104-1:1, 2, 14, 15

Dr. C (Christiaan) Jooste (Waterberg)

Sondag 19 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 135
Fokusgedeelte: Psalm 135:3-6

Prys die Here wat alles doen wat Hy wil!

Hierdie Psalm begin en eindig met ’n oproep om die Here te loof en te prys. Die hoofrede waarom die Here geprys moet word, is omdat Hy alleen God is en daarom ook kan doen wat Hy wil. Die psalm noem dan drie bewyse dat die Here kan doen wat Hy wil.

- Die eerste bewys is die Here se optrede in die natuur. Hy toon sy mag in die skepping. Hy laat wolke opkom, Hy maak weerligstrale, Hy bring wind tevoorskyn. Net die Here kan dit doen en geen afgod kan Hom dit nadoen nie!
- Die tweede bewys is sy optrede in die geskiedenis van sy volk. Hy het hulle uitgekies en uitgered, en in die proses magtige volke en konings die onderspit laat delf. Hy, die lewende God, verbind Hom aan mense! Net die Here kan dit doen en geen afgod kan Hom dit nadoen nie!
- Die derde bewys is die feit dat Hy magtiger is as enige afgod. Hy is die enigste ware, almagtige God! Die afgode kan nie eens praat of sien of hoor of asemhaal nie. Daarteenoor kan God doen wat Hy wil, selfs in die natuur en ook in die lewe van sy volk!

As Nuwe-Testamentiese gelowiges kan ons dus die Here loof wat doen wat Hy wil. In Christus het Hy ons uitverkies en verlos, en só bewys dat Hy die enigste ware en almagtige God is. Hy is altyd daar vir ons en ontferm Hom tot in ewigheid oor ons. Ja, ons het genoeg redes om God te loof en te prys!

Sing: Psalm 135-1:2, 3 Dr. HPM (Malan) van Rhyn (Pretoria-Noord)

Maandag 20 Mei

Skrifgedeelte: Jesaja 24:1-23
Fokusgedeelte: Jesaja 24:16, 23

Die Voleindingsdag – vir die wêreld 'n verwoestende eindoordeel, maar vir die gelowige 'n lofgesang!

Ses feesdae: *Kersfees, Goeie Vrydag, Opstandingsondag, Hemelvaart, Pinkster* en tans die fees van afwagting op die *Wederkoms*! Dis tegelykertyd Voleindingsdag, Oordeelsdag oor die lewendes en dooies.

Sondag 19 (HK) vertel wat ons in gedagte moet hou: 'n gespanne verwagting. Christus kom as Regter uit die hemel. Hy het Homself in my plek voor God se regbank gestel. Alle vervloeking is van my weggeneem. Al God se vyande word in die ewige verdoemenis gewerp. Die uitverkorenes word na Hom geneem in die hemelse blydskap!

Jesaja 24 is 'n profesie wat na die ballingskap én voleindingsdag heenwys. 'n Profesie is 'n *vermaning* oor verkeerde dade; 'n *waarskuwing* daarby dat God heilig is en Hy duld geen ongehoorsaamheid nie. Die HERE se *oordeel* kom. Maar dis ook 'n boodskap van *troos vir die gelowige*: die HERE sal uitred as hulle getrou bly. Die profesie se *diepere dimensie* wys heen na die volmaakte Verlosser wat God sou stuur.

Jesaja 24:1 begin met die eindoordeel: 'n groot verwoesting kom. Die hemel en aarde gaan weer in 'n toestand wees soos dit in Genesis 1 was, naamlik woes en leeg. *Almal* treur. Weg is die vreugde. Niemand gaan ontkom nie! Selfs die engele gáán swaarkry (24:2, 21). Die HERE gaan hierdie dinge doen, want (24:5) sy heiligheid is gekrenk. Sy verbond verbreek.

Maar troos vir die gelowige: 'n oorblyfsel gaan oorbly op wie "ag gegee gaan word". Te midde van al die verwoestende strawwe van God gáán die gelowige *steeds juig* vanweë sy majesteit.

Jesaja 24:23 is die keersy van God se voleindingsdag. Die Wederkomsdag van Christus is die Verlossingsdag. Christus sal op Sionsberg as Koning heers. Die son en maan sal verdof wees in sy heerlike glansverskyning. Die gelowige sal hulle verheug. Teenoor die donker angswekkende nag staan die ligstraal van God waarbinne die gelowige genadiglik staan!

Deur die bloed van Jesus sal Hy ons só beskerm dat niks ons van Hom en van sy liefde kan skei nie. Vir die wêreld is die Wederkomsdag ’n verwoestende eindoordeel, maar vir jóú is dit ’n lofgesang!

Sing: Psalm 145-1:5, 10, 11

Ds. AH (Arie) Stavast (Emeritus)

Dinsdag 21 Mei

Skrifgedeelte: Jesaja 65:17-25
Fokusgedeelte: Jesaja 65:17-19

Die Voleindingsdag (2) – Die HERE skep nuwe hemele en ’n aarde!

Ons is steeds besig met die lang fees van afwagting op die wederkoms van ons Here Jesus … Heidelbergse Kategismus 22:58: *Ek ervaar nóú alreeds die begin van die ewige vreugde. Ek gaan volkome saligheid besit – ’n saligheid wat geen oog gesien; geen oor gehoor en in geen hart nog opgekom het nie. Die volkome saligheid se doel is om God ewig daarin te prys.*

Mense sug: “Die toekoms lyk na ’n donker gat!” God leer egter dat alles nie op ’n donker gat afstuur nie, maar op die wederkoms van ons Saligmaker! God regeer oor alles. Vir gelowiges gee Hy ’n heeltemal nuwe toekoms. Jesaja 65:16(b): “... die vorige benoudhede is vergete en verborge”!

Die HERE is die aktiewe Een – die Doener! Jesaja 65:17, 18 ,19, 24: “Ék skep …”; “Ék sal juig …”; “Ék antwoord en Ék verhoor …” (65:22, 25): “Mý volk en Mý uitverkorenes …” Waar? (65:25): “Mý hele heilige berg …” Nie die mens nie, maar die Almagtige neem die inisiatief – dán staan die wederkoms mos vas en seker!

Hy gáán alles nuut maak. Nuwe hemele en aarde. ’n Nuwe Jerusalem (blyplek, stad van vrede) met sy heilige berg, waarop die Seun sy versoeningsoffer gebring het.

Dáár gaan God en mens juig en bly wees (vs 18)! Geen gehuil of geskreeu nie (vs 19)! Geen voortydige afsterwe nie (vs 20). Hulle sal huise bou, hulle arbeid sal geseënd en genotvol wees (vgl. Pss. 91, 92, 127, 128). Die HERE beantwoord en verhoor hulle gebede nog voordat hulle vra (vgl. Matt. 6:25-34).

Die onmoontlike word moontlik: “Die wolf en die lam sal saam wei …!” Jesaja 65:25 wys heen na Jesaja 11:1, 6, 10, 12 en na Lukas 4:18, 19 – waar die Here Jesus Self sê dat dit alles in Hom in vervulling gebring word. In Openbaring 21 sê die Here Jesus dat Hý alles nuut maak!

Aan jou wat die Here dien, gee Hy ’n heeltemal nuwe toekoms. Hou jou oë gevestig op Jesus, die Leidsman van die geloof. Die Wederkomende kom! Volhard in die geloof! Nie ’n donker afgrond nie, maar ’n nuwe hemel en aarde! Bou dáárop die toekoms!

Sing: Skrifberyming 18-6:1, 3, 4

Ds. AH (Arie) Stavast (Emeritus)

Woensdag 22 Mei

Skrifgedeelte: Jesaja 66:1-24
Fokusgedeelte: Jesaja 66:2, 12, 13

Die Voleindingsdag (3) – Ewige troos, ewige straf!

’n *Vader* is mos iemand wat skep, regeer en in stand hou. ’n *Moeder* is mos iemand wat vertroos, versorg, vrede gee, sus, aanmoedig en nuwe lewe gee. God sê dat Hy tegelykertyd soos ‘n vader en ‘n moeder teenoor die *gelowige* gaan optree.

Die alomteenwoordige HERE spreek as die hemelse Vader – Hý het alles gemaak. “Die hemel is my troon en die aarde my voetbank.”

Twee soorte mense. Eerstens die *goddelose* wat téén God kies (vs 3-6). Die *skynheiliges* vertoon ’n *valse vertroue* op die uitwendige aktiwiteite by die tempel: Vroom word ’n offerlam geslag, maar agteraf word met ’n onrein dier ook gehandel … Hulle *verkies* wat God nie behaag nie. God sê dat Hy dan ook húlle ongeluk sal *verkies*.

Openlike *spotters* spot met die gelowiges: “Vind júlle maar julle vreugde in die Here – julle sal uiteindelik ontnugter word!”

Tweedens is daar die *gelowige* wat uit genade vír Hom kies: Hulle is diegene “wat arm en verslae van gees is, en wat bewe vir my woord”. Op húlle sal die HERE soos ’n liefdevolle *Vader* let!

Die HERE gaan óók soos ’n *moeder* wees (66:7-11). ’n Nuwe lewe (wedergeboorte) gaan soos ’n pynlose geboorte gegee word. Daar gaan vir hulle vreugde, blydskap, jubeling, versadiging, verkwikking en vertroosting wees.

Toekomstige heerlikheid en vrede word na Jerusalem gekanaliseer. Die gelowige sal gedra, gesus en getroetel word soos wat ’n moeder dit aan haar kind doen.

Maar die *goddelose* sal die HERE se vloek, gerigsoordele, vuur, woede, toorn en swaard ervaar (vs 15-17, 24). Tog sal elke knie voor Hom buig. Ewige dood: wurms sal nie ophou om te vreet en die vuur nie ophou om te brand nie!

Van oraloor sal al God se kinders versamel word. Apostels sal die evangelieboodskap van God in Christus bring. Ampsdraers sal aangewys word. Op die nuwe hemel en aarde sal al die gelowiges se name voortbestaan.

Volhard jý maar ootmoedig biddend voor die HERE – jy ís op pad na die vervulling van die Here se beloftes!

Sing: Psalm 131-1:1, 2, 3

Ds. AH (Arie) Stavast (Emeritus)

Donderdag 23 Mei

Skrifgedeelte: Joël 2:21-32
Fokusgedeelte: Joël 2:32a

Roep die Naam van die Here aan

Wanneer Babel as God se tugroede sy werk doen, sal dit volgens Joël 1:10-11 lyk soos wanneer swerms sprinkane die land tref! Juis daarom die dringende oproep in 1:12-16 tot bekering en verootmoediging. *Almal* moet daaraan gehoor gee, tot die *kinders* en suigelinge en selfs die *pasgetroudes* wat nog op hulle wittebrood is! Aan daardie grondige verootmoediging verbind die Here sy belofte van herstel. In vergelyking met die oordeel wat die volk ’n voorsmaak van die *dag van die Here* moes gee, sal hulle in die wonderlike herstel iets van die *herskepping* proe (2:21-27). In 2:28-32 stel die Here ’n radikale *geestelike* vernuwing in die vooruitsig, en wanneer dit kom, is die finale dag van die Here op hande met dié belangrike sleutel: “Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.”

Op Pinkster haal Petrus hierdie belofte van Joël volledig aan en sê dat dié profesie die verklaring is van wat hulle daar sien en hoor.

So gee Joël belangrike lig op *God se plan met die wêreld* en op

wat *verootmoediging* werklik is. As ons dié verootmoediging nie nou in tye van krisis as't ware inoefen nie, sal ons ook nie weet wat dit is om van harte die Naam van die Here aan te roep as die finale dag daar is nie! Om die Naam van die Here aan te roep, is – in die lig van Pinkster – om *Jesus* aan te roep en Hom aan te neem en ons klere in sy bloed te was.

Laat ons aan hierdie belofte om die Naam van die Here aan te roep, 'n belofte wat gelaai is met al die erns van die komende dag van die Here, daadwerklik gehoor gee!

Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2

Ds. DHP (Dirk) Wijnbeek (Emeritus)

Vrydag 24 Mei

Skrifgedeelte: Matteus 5:1-12
Fokusgedeelte: Matteus 5:8

'n Rein hart lei tot die ewige lewe

In hierdie Skrifgedeelte maak Jesus die verskil tussen gelowiges en ongelowiges baie duidelik. Hy noem die eienskappe wat gelowiges in hierdie wêreld behoort te vertoon.

Dit is duidelik dat hierdie nie eienskappe is waarmee ons gebore word nie. Nee, dit is eienskappe wat God alleen deur sy Gees aan jou kan gee. By elkeen van hierdie Godgegewe eienskappe word daar boonop 'n belofte gegee. In hierdie geval: "Geseënd is dié wat rein van hart is, want hulle sal God sien" (vs 8).

Mense wat rein van hart is, is nie net uiterlik rein nie, is nie net op die oog af rein nie. Nee, hulle harte, hulle diepste innerlike, is rein gemaak. God het dit deur sy Gees gedoen. As jou hart rein gemaak is, sal jy egter ook rein lewe, want die stand van jou hart bepaal jou lewenswyse. As jou hart rein gemaak is, is jy begerig om God bo alles lief te hê en jou naaste soos jouself. As jou hart rein gemaak is, dan wil jy die Woord van die Here in alles gehoorsaam en wil jy alle sonde in jou lewe uitroei. As jou hart rein gemaak is, wil jy die Here nie halfhartig nie, maar heelhartig dien.

Die belofte wat hieraan gekoppel is, is dat dié wat rein van hart is, God sal sien, met ander woorde dat hulle die ewige lewe sal beërwe

en vir ewig in God se heerlike teenwoordigheid sal lewe.

Mag God vandag aan elkeen van ons die genade gee om te lewe soos mense wie se harte Hy gereinig het!

Sing: Psalm 9:7 (1936)

Ds. HPM (Malan) van Rhyn (Pretoria-Noord)

Saterdag 25 Mei

Skrifgedeelte: Matteus 25:31-46 (AFR83)
Fokusgedeelte: Matteus 25:46

Christene doen van nature goed!

In Matteus 24 en 25 praat Jesus oor die toekoms (profetiese rede). Hierdie toekoms lê vir ons vandag nie meer in die verskiet nie, dis reeds hier. Ons leef nou in die laaste dae, die eindtyd (Rom. 13:11-13). Die laaste dae word afgesluit met die eindoordeel (vs 31-33). Skielik en onverwags sal dit gebeur (Matt. 24:42, 43).

Hoe gaan die eindoordeel wees? O, dit gaan 'n wonderlike hemelse gesig wees: verruklik en terselfdertyd skrikwekkend. Alle mense wat leef, ooit geleef het, klein en groot, sal 'n troon in die lug sien. Groot en majestueus. Op die troon sit Christus, die Seun van die mens, die verheerlikte Kind van Maria, en rondom Hom miljoene engele. Dan begin die engele in opdrag, en volgens die oordeel van Christus, die mense in twee groepe verdeel: regs word die skaapmense versamel en links die bokmense. Soos die herders in die outyd hulle skape en bokke vir die nag verdeel het.

Die mense regs is die geseëndes en ontvang die koninkryk (ewige lewe), die mense links is die vervloektes en gaan die ewige dood en vuur binne.

Hoe word verdeel? Regs is diegene met harte en dade soos Christus, geseënde wedergeborenes, van nature doen hulle oral goed (vs 35-40). Links is die klipharte en wegkykers, die vervloektes. Ons nuwe menswees in Christus en die Gees laat ons van nature goeddoen, al is dit nog onvolmaak.

Sing: Skrifberyming 7-2:1, 2

Dr. NP (Klasie) Heystek (Emeritus)

Sondag 26 Mei

Skrifgedeelte: Romeine 8:18-25 (AFR83/2020)
Fokusgedeelte: Romeine 8:23-25.

Die sug van die skepping roep ons om uit te strek na wat voor is

Die wêreld is vol lyding: siekte, moord, oorlog, noem maar op. Ook gelowiges ly daaronder. Ons geloof vrywaar ons nie daarvan nie. Die enigste onderskeid tussen gelowiges en die wêreld is die Heilige Gees as eerste gawe wat die geloof in ons vestig, ons herskep na die beeld van God sodat ons 'n nuwe lewe kan leef tot in ewigheid. Aan die verganklikheid van die liggaam, die omstandighede wat ons tref, is daar geen onderskeid nie. Ons sug ook. God het weens die mens se sonde die hele wêreld oorgegee aan die verganklikheid, selfs die natuur en die aarde.

Maar ons is erfgename van God, saam met Christus (vs 17). Ons sien uit na die dag wanneer ons ons erfenis (Ef. 1:11, AFR2020) betree: liggaamlik opgewek as volk van God in sy koninkryk, sy kinders, maar dan sigbaar in die onderskeid tussen heerlikheid en oordeel. Dan sal God vir almal bekendgemaak het dat ons sy kinders is.

Wanneer dae kom dat jy sug, dink daaraan dat God sy Gees aan ons gegee het, letterlik as 'n deposito van daardie erfenis – die eerste gawe. Sien die versekering daarvan in die feit dat jy uit die Gees lewe (Rom. 8:1-17), nie meer weggevoer deur die sonde nie. Jy dra sy vrug: liefde tot God en jou naaste (Gal. 5:13-26).

Hoor vers 22: Die sug is soos geboortepyne – die aankondiger van nuwe lewe in die heerlikheid van God die Vader en ons Here Jesus Christus. Bly opkyk en vorentoe: Nou kan ons die nuwe heerlikheid nog nie sien nie, hoewel die lyding en sug baie sigbaar is. Maar dit is wat hoop is: ons toekomsverwagting, seker in Christus se opstanding en verheerliking. Daarom wag ons daarop met volharding. Wat ons nou moet verduur in lyding, hoe erg ook al, weeg nie op daarteen nie.

Lees nou verse 38-39.

Sing: Psalm 130-1:1, 4; 130-4:1, 3; 42-1:1, 5; 42-3:1, 3, 5; Lied 517 (verwerking van Strydenburg/Badenhorst-gesang)

Ds. J (Jan) Malan (Emeritus)

Maandag 27 Mei

Skrifgedeelte: 2 Petrus 3:1-18 (AFR83/2020)
Fokusgedeelte: 2 Petrus 3:11-13

Volhard standvastig deur geloofsgroei in julle verwagting op die Here se dag wanneer hy alles gaan nuut maak

Die spotters sê: Niks verander nie, die wêreld bly boos. Wat help jou geloof? Die verganklikheid heers. Hulle vergeet: Soos God die wêreld geskep het, het Hy dit ook verdelg in die sondvloed. Dinge het nie maar dieselfde gebly nie. En die spotters en die verganklike hemel en aarde van vandag met al die goddelose mense is bestem vir die vuur op die dag dat die goddelose veroordeel en verdelg sal word. Elke reënboog is die Here se teken en herinnering daaraan.

Alles gaan nie maar net dieselfde bly nie. God se tyd is nie ons tyd nie (vs 8). In sy geduld wil Hy eers al sy kinders bymekaar maak. Ons praat van sy genadetyd. Maar die dag van die Here gaan kom – onverwags. Alle dinge gaan tot 'n einde kom!

Onthou, dink helder (vs 1) aan alles wat die profete en die apostels aan ons oorgedra het: Die Here se woorde (vs 2, 15-16). Profete verkondig die verwagting (vs 12) om te bemoedig, aan te spoor, die hoop lewend te hou. Moenie dat die spotters en die voortdraal van boosheid om ons en versugting in ons, die verwagting van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde verdoof nie. Ons leef in verwagting, afwagting, hoop.

Kom ons vat Petrus, as apostel 'n Nuwe-Testamentiese profeet, se wekroep op grond daarvan dat ons in verwagting leef, saam:

- Vers 14: Beywer julle om vlekkeloos en onberispelik, in vrede met God te lewe.
- Vers 17:Wees op julle hoede dat julle nie, hetsy deur dwalings of omstandighede, van julle standvastigheid beroof word nie.

Hoe?

- Vers 18: Sorg dat julle steeds toeneem in die genade en kennis van ons Here en Verlosser, Jesus Christus. Hy is in heerlikheid! Met ander woorde: Bly in gemeenskap met Hom. Die middel wat Hy ons daarvoor gegee het, is sy Woord en die gemeenskap van die heiliges.

Sing: Skrifberyming 14-1:1, 2; 15-7: 4, 5, 6; 18-7: 1, 12

Ds. J (Jan) Malan (Emeritus)

Dinsdag 28 Mei

Skrifgedeelte: Openbaring 21:1-8
Fokusgedeelte: Openbaring 21:1, 5a

God skep die nuwe hemel en die nuwe aarde

Die aarde, soos ons dit ken, sal nie vir ewig voortbestaan nie. In Openbaring 21:1 word 'n nuwe hemel en aarde beskryf.

Die woorde: "Kyk, Ek maak alles nuut" veronderstel dat alles in die mag van die sonde vasgevang is. In ons sware stryd hou ons genadiglik aan hierdie belofte van God vas. Hy heers en beheer alles en almal.

Dat Hy alles nuut maak, kan ons glad nie met ons beperkte verstand voorstel nie. Met Christus se wederkoms sal ons dit volmaak beleef. Dat Hy alles nuut maak, is in die onvoltooide teenwoordige tyd neergeskryf. Hy is dus lank reeds met hierdie proses besig. Met Christus se oorwinning oor die sonde, Satan en die dood het Hy reeds daarmee begin. As Begin en Einde van alles, sal Hy dit wat Hy in Christus begin het, voltooi.

Wat 'n helse verskrikking wag op die goddelose! Hulle eindbestemming is om vir ewig die oordeel van Godverlatenheid te beleef. Vir hulle is daar geen plek op die nuwe aarde onder die nuwe hemel nie.

Soms vergeet ons dat God se belofte van alles nuut maak, in die onvoltooide teenwoordigheid staan. Ons raak uitsigloos, moedeloos, haastig en opstandig. In kleingeloof staar ons onsself blind teen al die negatiewe dinge. Ons moet eerder op God en sy onbeskryflike heerlikheid en mag fokus. Om as volmaaktes vir ewig in ongestoorde gemeenskap in sy teenwoordigheid te lewe. Om Hom volmaak, vir ewig, te dien en te eer.

God die Heilige Gees staan ons in ons swakheid by. Hy rig ons lewens op God. Hy maak ons geestelik dors om op die nuwe aarde in volmaakte harmonie met God te lewe. Dood, leed, smart en pyn sal nie meer bestaan nie.

Sing: Skrifberyming 18-6:1-5

Ds. WP (Willem) van der Merwe (Emeritus)

Woensdag 29 Mei

Skrifgedeelte: Openbaring 21:9 – 22:5
Fokusgedeelte: Openbaring 21:10, 22

Die volmaakte en glorieryke teenwoordigheid van God in die nuwe Jerusalem

Adam en Eva is uit die paradys verban, voor God se vriendelike aangesig uitgedryf. As pelgrims is ons steeds in die swaar woestynpad. Ons is op pad na ons eindbestemming, die herstelde paradys. Ons kan onsself nie 'n ander wêreld voorstel as wat ons hier en nou beleef nie. Massa-onluste, opstande, rewolusies, oorloë, bloedige onderdrukking, geweld en moord – totale wetteloosheid wat ons voortdurend bedreig … In die opstandingskrag van Jesus Christus het ons egter 'n lewende hoop op die onuitspreeklike heerlikheid van God (1 Pet. 1:3, 4).

Johannes word deur die Gees na 'n hoë berg geneem. Van daar af word die heilige stad Jerusalem vir hom gewys (Op. 21:10). Die stad het van God af uit die hemel uit afgekom. Dit straal sy heerlikheid uit. Hy woon onder sy mense.

Die nuwe Jerusalem beskryf die woonplek wat God vir sy kinders bestem het. Die oorspronklike paradystoestand, wat herstel is, is deur God nuut gemaak. Elkeen wat uitverkies is, het deur die offer van die Lam toegang. Waar God se vriendelike aangesig, sy teenwoordigwees, tot in ewigheid beleef word en Hy volmaak, in ongestoorde gemeenskap, gedien en eer word.

Van kleins af is ons gewoond om 'n plek van aanbidding te hê. In die nuwe Jerusalem het Johannes nie 'n tempel gesien nie – "want sy tempel is die Here God, die Almagtige, en die Lam" (Op. 21:22). Met die wederkoms van Christus sal ons vir ewig volmaak by God wees. As almagtige Here God sal Hy altyd by ons wees. Sy Immanuel-belofte is dan vervul en ons sal nooit meer die gevoel hê dat Hy ver van ons is nie.

God is genadig. Hy maak ons deur alles heen gereed om van hierdie sondige, stukkende wêreld afskeid te neem. Om op die nuwe aarde onder die nuwe hemel sy onuitspreeklike heerlikheid te beleef. 'n Heerlikheid "wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor het nie", "en wat in die hart van 'n mens nie opgekom het nie …" (1 Kor. 2:9).

Sing: Skrifberyming 18-7:1, 3, 8, 9, 11, 12

Ds. WP (Willem) van der Merwe (Emeritus)

Donderdag 30 Mei

Skrifgedeelte: Openbaring 22:1-5 (AFR83)
Fokusgedeelte: Openbaring 22:1-5

Rykdom van die nuwe Jerusalem

Die nuwe Jerusalem, die stad wat in die woorde van Hebreërs 11 vaste fondamente het en waarvan God self die ontwerper en bouer is, daarna het Abraham uitgesien. Daarom het hy en Isak en Jakob in die beloofde land Kanaän soos vreemdelinge in ’n vreemde land in tente gewoon. “Daarom is God nie skaam om hulle God genoem te word nie; trouens, Hy het vir hulle ’n stad gereed gemaak” (Heb. 11:16).

Johannes is uitnemend bevoorreg om *direkte uitsig op dié stad van God* te kry! Dis onvergelykbaar heerliker as wat Moses op sy oudag vanaf die Pisgaberg ’n uitsig oor die beloofde land Kanaän gekry het. Die stad wat Johannes gesien het, is breër en langer en hoër as wat die oog kan sien. Die Allerheiligste van die tempel wat Salomo gebou het volgens die plan wat Dawid in ’n openbaring gekry het, was ’n kubus met die lengte en breedte en hoogte dieselfde afmetings. In die geval van die tempel was dit telkens net enkele *meters*; daarteenoor is die afmetings van die nuwe Jerusalem in *baie kilometers*! God bedink en doen *groot*!

Van die uitstaande sake wat Johannes dadelik gesien het, is dat daar op die nuwe aarde nie meer ’n *see* is nie en ook nie meer ’n *tempel* in die nuwe Jerusalem nie en dat die stad nie die son of maan nodig het om hom te verlig nie. Die enigste *water* waarvan daar sprake is – op die nuwe aarde het die see nie meer bestaan nie, Openbaring 21:1! – is die *rivier met die water van die lewe wat gestroom het uit die troon van God en van die Lam*. By dié rivier het die *boom van die lewe* gestaan, dié boom waarvan ons die eerste keer lees in Genesis 2. Na die sondeval is die toegang tot dié boom uitgesluit (Gen. 3:23-24). Dan spreek dit boekdele dat dié boom van die lewe nou langs die pad staan en die rivier met die water van die lewe aan die anderkant van die boom vloei, en ons ken die betekenis van ’n boom wat langs waterstrome geplant is (Ps. 1:3)! So getuig alles in die stad in oortreffende mate van die teenwoordigheid en die heiligheid van God en hoe Hy letterlik alles vir alles sal wees (1 Kor. 15:28).

Moses was destyds so uitnemend bevoorreg om van naby met die Here te doen te hê. Eksodus 33:11 sê dat die Here direk met Moses gepraat het "soos 'n man met sy vriend". En tog, toe Moses na 'n intense worsteling met God oor sy teenwoordigheid op die woestynreis gevra het: "Laat ek tog net u magtige verskyning sien", het God geantwoord (Eks. 33:20): "Vir My kan jy nie *sien* nie, want geen mens kan My *sien* en bly lewe nie." Dan is dit absoluut wonderlik om in Openbaring 22:4 te lees: "Hulle sal Hom sien, en sy Naam sal op hulle voorkoppe wees."

Kan die rykdom van die nuwe Jerusalem duideliker uitgespel word as juis hoe dit aan Johannes geopenbaar is? Dit is die rykste vervulling van wat in die harte van die gelowiges soos Abraham geleef het én van wat mense soos Moses persoonlik ervaar het! Mag God ons geestesoë so verhelder dat ons kan weet watter hoop ons roeping inhou en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy vir die gelowiges bestem het (Ef. 1:18)!

Sing: Skrifberyming 18-3:1

Ds. DHP (Dirk) Wijnbeek (Emeritus)

Vrydag 31 Mei

Skrifgedeelte: Openbaring 22:6-21
Fokusgedeelte: Openbaring 22:6-21

Lewende verwagting!

Moses was destyds bevoorreg en begenadig om die hele beloofde land te sien vanaf die top van Pisgaberg regoor Jerigo (Deut. 34:1). Johannes is deur die Gees meegevoer en 'n engel het hom na 'n groot hoë berg geneem. Van daar af het hy die nuwe Jerusalem gesien, die stad van God waarna Abraham al in sý tyd uitgesien het. Woorde kan nie regtig beskryf wat Johannes toe gesien het nie, omdat alles so in oortreffende mate is!

Hoe is dit moontlik dat die hele geskiedenis vanaf Genesis 1:1 tot by so 'n wonderlike punt kan kom? Dit is in die Openbaringboek uitgespel met 'n pad van ingrypings en onoorsienbare rampe wat 'n mens ook baie laat dink aan die plae en rampe waarmee Egipte destyds getref is. Al die dinge is baie ordelik in die Openbaringboek saamgevat in die

verseëlde boekrol in die hand van Hom wat op die troon sit. Net God kan so maak en net Hy het al so gemaak (Deut. 4:32-39)! Die finale en beslissende moment destyds vir Israel was die deurtog deur die Rooisee. Vir Egipte was dit 'n finale dag van afrekening; vir Israel was dit die finale oomblik van hulle verlossing. Ook wonderlik dat die lied wat Moses profeties na die deurtog deur die Rooisee gesing het, ook weer ter sprake kom in Openbaring 15, aangevul en verdiep deur die lied van die Lam.

Kyk na die geskiedenis; dáár is die voorsmaak van dit wat kom! God se plan, Hy wat van die begin af daar is en die eeue oorsien, sý bedoeling om alles wat in die hemel en alles wat op die aarde is onder een hoof te verenig, naamlik onder Christus (Ef. 1:10). Dit is die kernboodskap van die sewe seëls. Daarom in Openbaring ook soveel klem en fokus op die hemel en hoe alles vanuit die hemelse heiligdom geaktiveer word.

Met dié groot oorsig oor die geskiedenis bring Openbaring 22:6-21 ons terug by die lewe nou en al sy uitdagings. Daarom juis die versekering dat die bogenoemde uiteensetting van die geskiedenis waar en seker is, en die seën wat rus op elkeen wat die woorde van hierdie profetiese boek ter harte neem. Ook juis by herhaling die beskrywing dat Jesus is Wie Hy is: die Alfa en die Omega, die Eerste en die Laaste, die Wortel en Nakomeling van Dawid, die helder Môrester.

Dié sekerheid gee duidelike rigting en dryfkrag in ons daaglikse lewe. Dit is om die klere te was, met dié heerlike, wettige vooruitsig van reg hê op die boom van die lewe en ingaan deur die kosbare poorte van die stad. Ons kán met goeie reg verder kyk as Israel destyds nadat húlle deur die Rooisee gegaan het! Klere was – Openbaring 19:9 sê dat die bruid haar gereedgemaak het vir die bruilof van die Lam!

Dáárom ook die hartlike roep van die Gees en die bruid (ons roep nie alleen en op eie houtjie nie!): "Kom!" Dis die roep na Bo, en ook die roep na mekaar: "Elkeen wat dors het, elkeen wat die water van die lewe wil hê." Hierdie water is verniet, gratis!

Ons roep, en Hy antwoord: "Ja, Ek kom gou!"

Sing Skrifberyming 15-7:5

Ds. DHP (Dirk) Wijnbeek (Emeritus)

KWARTAAL 2

TEMA: DIE TWEEDE STEM VAN VERTROOSTING (Jesaja 40:3-5)

Hierdie stem troos die volk deur duidelik te maak dat niks God kan keer om nuut te maak nie. "Die opruiming van sondige gesindhede en die omkering van hoogmoed in nederigheid. Niks mag die HERE in sy triomftog teëhou nie!" (ds. JJ Cloete, Almanak 2012). (Die fokus is hier heiligmaking, vernuwing van die verloste mens na die beeld van Christus, voorbereiding van die nuwe hemel en die nuwe aarde, werk van die Heilige Gees, ensovoorts.)

JUNIE: God se vernuwingstroos werk deur die Heilige Gees

Saterdag 1 Junie

Skrifgedeelte: Genesis 1:1- 5
Fokusgedeelte: Genesis 1:2

Die Heilige Gees as Skepper en Herskepper

Die werk van God is trinitaries, wat beteken dat geen werk net deur een Persoon gedoen word nie. Saam met die Vader en die Seun het die Heilige Gees aan die skepping en die onderhouding, asook aan die algemene genade en algemene openbaring deel gehad en nog steeds deel.

Die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees is betrokke by die werk van die skepping. God is die Skepper van hemel en aarde (Gen. 1:1). God het alles geskep deur sy Seun, deur die Woord (Joh. 1:1-3; Heb. 1:2). Maar by dit alles tree die Heilige Gees op 'n besondere wyse op die voorgrond. Wat doen die Gees? Hy bring alles tot lewe (Gen. 1:2; Job 33:4; Ps. 33:6).

Ook in die herskepping van die mens met die daad van die wedergeboorte bring die Heilige Gees nuwe lewe. Alles wat lewe en beweeg, is tot lewe gebring deur die werking van die Heilige Gees (Eseg. 37:9; Joh.3:8). Waar harte oopgaan voor die Here, waar dooie sondaars lewend word, waar mense tot geloof in Christus kom, is dit deur die werking van die Heilige Gees. Die saad wat ontkiem in die grond, die rose in u tuin, u kind wat voor in die kerk sy/haar geloof bely, is net deur die heilige en salige werking van die Heilige Gees. Wat ons wel duidelik moet stel, is dat alle lewe van die Gees af kom, maar nie alle lewe is die Gees nie.

Maar daar is nog meer. Die Heilige Gees verfraai en versier ook die lewe. Ons sien dit by die bou van die tabernakel (Eks. 31:2-4) en die

tempel. Die Gees wat lewe skep, bring ook dit wat Hy geskep het tot volle ontwikkeling en ontplooiing. Hy maak bekwaam en Hy rus toe.

Dat die wêreld na die sondeval nie verwerp is nie, is net genade en net deur God se lankmoedigheid. Deur die onderhouding van die skepping regeer die Gees die skepping om die skepping so te lei na sy bestemming, die nuwe hemel en die nuwe aarde. Dit is waaraan ons as gelowiges deel gaan hê en daarna verlang ons elke dag.

Sing: Psalm 104-1:17, 18

Ds. PA (Peet) Coetzee (Emeritus)

Sondag 2 Junie

Skrifgedeelte: Genesis 41:1-56
Fokusgedeelte: Genesis 41:38

Die gawes van die Gees maak my effektief in die wêreld

Die HERE roep en rus toe. Josef se toerusting het al begin in sy kinderdae met die drome wat hy gehad het. Hy word bekend in die tronk as hy daar die drome van die bakker en skinker korrek uitlê. Dit is duidelik dat die Gees van God in hom was. In Efesiërs 4:12 beteken die woord “toerus” om af te rig, te oefen of om effektief te wees. Hierdie effektiwiteit waarmee die Gees vir Josef toerus, kom na vore in die droom van die farao wat hy kon uitlê, maar ook in die bestuursvaardighede wat hy sou benodig om die groot taak aan te pak om voldoende voorraadskure te bou en graan te berg voor die sewe jaar van groot droogte en hongersnood wat sou kom. Hier sien ons die Heilige Gees wat die bron van alle buitengewone gawes en kragte is, aan die werk.

Wanneer ons as reformatoriese Christene aandag vra vir die gawes van die Gees in die gemeente en in ons persoonlike lewe, moet ons nie die fout van die charismatiese beweging maak nie. Hulle begin by die Heilige Gees. Hoe werk die Gees van God? Die groot hervormer Calvyn het diep nagedink oor die vraag waar ons die gawes van die Gees in die gemeente moet soek. Hy begin met die baie belangrike opmerking dat ons nie by die Gees nie, maar by Christus moet begin. Christus moet deur die geloof in ons harte woon. Dan sal Hy ons meedeel wat Hy van die Vader ontvang het, naamlik die Gees en sy

gawes (Inst. 3.1.1). Dus: by ons soek na die gawes van die Gees in die gemeente en by lidmate is dit van die hoogste belang dat ons wedergebore is, innerlik nuut gemaak is deur die werking van Woord en Gees.

Ons vertrekpunt is dat elke gelowige 'n gawe van die Gees ontvang het. Waar Jesus deur middel van die Heilige Gees woning maak by die gelowige, kom die Gees nooit alleen nie. Hy bring sy gawes saam. Daar is dus in 'n gemeente met gelowiges 'n groot potensiaal aan gawes wat aan elkeen geskenk word om mekaar toe te rus vir hulle dienswerk (Ef. 4:12).

Sing: Psalm 8-1:4-5; Psalm 78-1:25

Ds. PA (Peet) Coetzee (Emeritus)

Maandag 3 Junie

Skrifgedeelte: Eksodus 31:1-11
Fokusgedeelte : Eksodus 31:2, 3, 6

Die Heilige Gees gee bekwaamheid

Dit is die Gees wat wysheid en verstand, kennis en bekwaamheid, vaardigheid en toewyding in sy algemene genade aan gelowiges en aan ongelowiges gee. Daarom kon Besaleël en Oholiab met hulle besondere gawes gebruik word om die tabernakel te bou en Hiram om die tempel te bou (1 Kon. 7:14). Deur God se algemene genade gee Hy deur die Gees gawes aan ongelowiges. 'n Voorbeeld vind ons by Kores, die heidense vors, koning van die Perse, dat hy tot diens aan die HERE geroep is (Jes. 45:1-7). Hierdie genadewerking van die Gees beteken egter nie dat Hy mense daardeur outomaties tot verlossing in Christus lei nie.

Die gemeente is die liggaam van Christus en daar moet oor daardie liggaam beheer uitgeoefen word. Die gemeente moet bestuur en versorg word. Daar is leiding en diens nodig. Die kerk kan byvoorbeeld goed sonder die gawe om wonders te doen, klaarkom, maar nie sonder die charismata (gawes) van die regte prediking, goeie administrasie of barmhartigheidsbetoning nie.

Met betrekking tot die geestelike gawes is daar 'n opdrag wat tot elke gelowige kom. Hy/sy moet oorweeg wat by sy/haar aard, sy/haar

bevattingsvermoë en roeping pas. Dit is opmerklik dat Calvyn met die gawes van die Gees aansluit by die natuurlike moontlikhede wat God aan die gelowige geskenk het. Calvyn neem by die vasstelling van iemand se gawes die natuurlike aanleg, 'n bepaalde opleiding en 'n bepaalde roeping as uitgangspunt.

Daar moet wel iets bykom. Ons moet nie dink dat 'n aangebore talent, 'n bepaalde vaardigheid of kapasiteit of 'n persoonlike begaafdheid outomaties as 'n charisma beskou kan word nie. In baie gevalle bly dit natuurlike gawes. Hulle word charismata wanneer die Heilige Gees daarop beslag lê, dit in sy diens neem. Wanneer die persoon met Christus gekruisig is, geheilig is tot diens in die koninkryk van God, dan kan selfs talente gawes van die Gees word.

Jy is deur God geplaas in 'n gemeente met jou talente en gawes. Ons moet vir onsself vra: "Waar het die Here my in sy gemeente 'n plek gegee en waar wil Hy my gebruik?"

Sing: Psalm 72-1:1; Skrifberyming 15-1:2 (Skb 72)

Ds. PA (Peet) Coetzee (Emeritus)

Dinsdag 4 Junie

Skrifgedeelte: Numeri 11:16-30 (AFR33/53)
Fokusgedeelte: Numeri 11:17, 25, 29

Die Heilige Gees troos in krisis en bring ons voor die Here

Ons word baie gou moedeloos wanneer ons druk van buite ervaar. Dit kan druk by my werk of skool wees, finansiële druk, ensovoorts.

Selfs Moses, die man van God, het moedeloos geword. In Numeri 11 is Moses moedeloos oor twee dinge:

- Die druk en las wat die volk op hom sit (Num. 11:11)
- Hulle onversadigbare lus vir vleis (Num. 11:4)

Die Here gee die uitkoms en oplossig vir altwee hierdie dinge wat Moses moedeloos maak:

- Vir die las van die volk, gee die Here leiers op wie Hy sy Gees sal laat rus, om Moses te help (Num. 11:16, 17)
- Vir die lus vir vleis, sal die Here soveel vleis gee dat die Israeliete daarvan sal walg. (Num. 11:18-20)

Die uitkoms vir vleis is buitekant die tent van ontmoeting. Die tent van ontmoeting was waar die Here in die besonder onder sy volk teenwoordig was. Die kwartels val nie in hierdie gebied nie. By die tent van ontmoeting, voor die aangesig van die Here, maak sy Heilige Gees die leiers vaardig. En die werking van die Heilige Gees kring selfs verder uit as net die tent van ontmoeting (Num. 11:25, 26).

Moses se uitroep en versugting na hierdie wonderlike gebeurtenis is dat die Gees op elkeen sal wees (Num. 11:29). Die uitkoms vir vleis kom nie eers in sy gedagtes op nie, want ons weet dat die Here alles gee vir sy bemindes in hulle slaap (Ps. 127).

Moses se versugting bly dat elkeen voor die HERE gestel sal word en voor Hom sal leef. Daarvoor bid ons getroue Hoëpriester nou. Die Heilige Gees herinner ons hier aan alles wat Christus gesê het. Hy herinner ons aan sy kosbare offer wat versoening gebring het. Hy bring ons voor die Here!

Ons moenie dat die alledaagse dinge ons moedeloos maak en laat bekommer nie. Ons word deur die Heilige Gees vertroos en voor die aangesig van God gestel, elke oomblik.

Sing: Psalm 146-1:6

Ds. MH (Marco) le Roux (Reitz/Lindley)

Woensdag 5 Junie

Skrifgedeelte: Rigters 6:24-40 (AFR33/53)
Fokusgedeelte: Rigters 6:34

Die Heilige Gees rus ons toe in die donkerste situasies

Gideon se geloof was deur die loop van sy lewe soms op ’n hoogtepunt en ander kere op ’n laagtepunt. Die genade is dat die Here elke keer met hom bemoeienis maak. Die Here soek ons op in ons laagtepunte en laat ons jubel op ons hoogtepunte. Die Here bring vir Gideon hier in die hoofstuk tot die punt dat hy kan uitroep: “Die HERE is vrede …” (Rigt. 6:24).

Dit het vir Gideon, deur die wil van die Here gedryf, gebring by die punt om die afgode te vernietig wat by sy pa se huis was (Rigt. 6:25-28). Hy het dit gedoen in gehoorsaamheid aan die HERE.

En tog, toe Gideon by sy groot opdrag kom, toe die Midianiete en die Amalekiete optrek teen die volk, twyfel hy weer (Rigt. 6:36-40). Die Here bly steeds geduldig met hom. Hy maak vir Gideon vol met sy Heilige Gees, sodat hy vaardig word en ander kan oproep vir die stryd (Rigt. 6:34). Die Here wys hier vir Gideon en ook vir ons wat sy hulp en toerusting aan ons doen en aan die ander rondom ons:

- Wie volg eerste op toe hy die ramshoring blaas? Sy eie familie (Rigt. 6:34). Daarna volg sy eie stam, en dan volksgenote. Die werk van die Heilige Gees kring uit!

Daar kom oomblikke in ons lewe wat donker en onseker is. Oomblikke waar ons in onsself onseker is. Die belofte en realiteit bly staan dat die Heilige Gees ons nie verlaat nie. Ons is met Hom vervul. Ons Hoëpriester, ons Here Jesus Christus het ook met al ons swakhede medelye. Hy bly geduldig met ons werk deur sy Heilige Gees. Die Heilige Gees vul ons met krag, liefde en selfbeheersing. Ons is toegerus in die donkerste situasies. Meer nog: die Trooster woon in ons!

Sing: Psalm 71-1:1, 13

Ds. MH (Marco) le Roux (Reitz/Lindley)

Donderdag 6 Junie

Skrifgedeelte: Rigters 11:1-12; 27-29 (AFR2020)
Fokusgedeelte: Rigters 11:29

Die Here roep wie Hy wil en maak hulle nuut

Wanneer ons die geskiedenis van Jefta lees, besef ons dat ons nie alles in een oordenking in berekening kan bring nie. Want Jefta is ’n onwaarskynlike persoon om vir die Koninkryk te roep. Hoekom is Jefta ’n onwaarskynlike persoon?

- Hy is die seun van ’n prostituut (Rigt. 11:1).
- Sy familie jaag hom daaroor weg en hy raak met verkeerde geselskap en vriende deurmekaar (Rigt. 11:2, 3).

Tog beskik die Here dat hy ’n leier word:

- Toe Jefta deur die oudstes van die volk genader word, het hy reeds die besef dat net die HERE die vyand in sy mag kan oorgee (Rigt. 11:9).
- Hy word nie leier voordat die Here dit uitwys en bevestig nie. Die

volksleiers stem hiertoe in (Rigt. 11:10, 11). Ons kan sê dat Jefta hier 'n roepingsbesef het – dat die Here alleen roep.

Die HERE maak hom toe vaardig as leier (Rigt. 11:29). Hy doen dit deur die werking van die Heilige Gees.

Ons voel ook baie kere onbekwaam omdat ons sonde en ons agtergrond ons aankla. Maar as die Here roep, dan kan ons dit nie teenstaan nie, al lyk ek na die mees onwaarskynlike persoon. Al is ek ook deur mense verwerp en weggestoot. Jesus Christus reinig ons deur sy kosbare bloed. Ons kry deel aan sy offer deur die geloof wat die Heilige Gees werk en tot stand bring. Die Here maak ons gewillig en bekwaam om sy wil en sy werk te doen!

Sing: Psalm 81-1:1, 12

Ds. MH (Marco) le Roux (Reitz/Lindley)

Vrydag 7 Junie

Skrifgedeelte: Rigters 15:1-20
Fokusgedeelte: Rigters 15:14

God se vernuwingstroos werk deur die Heilige Gees

Ons Vader gebruik mense soos die rigter Simson om die krag van sy Gees te openbaar. Ons lees in hoofstuk 14 dat Simson 'n vrou onder die Filistynse meisies raakgesien het. Sy ouers was teen die liefde, maar sy ouers het nie geweet dat die nuwe liefde van die HERE kom nie (Rigt. 14:4). Die Filistyne was nie van die Kanaäniete wat die HERE Israel verbied het om mee te trou nie.

Die HERE wou die nuwe liefde van Simson gebruik as 'n geleentheid teen die Filistyne. Agter die sterke Simson moet ons God se oneindige krag sien, wat wonderwerke doen en die onmoontlikste dinge laat gebeur. Dit is die Heilige Gees wat Simson vervul met krag om op hierdie ongewone manier oorlog te maak en te oorwin.

Die Filistyne storm juigend op hom af, want hulle dink hy is in hulle mag, maar eintlik is hulle in die mag van God. Daar waar die Heilige Gees werk, daar is vryheid. Die Heilige Gees breek die binding van ons vyande en in God se krag oorwin ons.

Dieselfde Heilige Gees bevry ons deur geloof in ons Here Jesus in ons te werk. Geloof is God se kragtoer wat ons troos en inspireer om daagliks teen ons doodsvyande te stry. Ons oorwinning oor die

vyande is deur ons Rigter en Leier behaal op Golgota (Jes. 33:22).

Moenie moedeloos raak oor die vyandelike oormag nie, ons vyande is verslaan. Simson self kon egter soveel meer gewees het as ’n instrument in die hande van die Heilige Gees. Die dubbele lewe wat hy as gelowige rigter geleef het, het op die ou einde die impak van sy bediening ingekort en ook sy lewe verkort.

Mens moet leef in gehoorsaamheid en onder die leiding van die Heilige Gees en nie ’n dubbele lewe probeer leef in diens van God, en dan lewer jy jouself weer uit aan die sondige wêreld nie.

Sing: Psalm 13-1:1-3

Ds. TJ (Tommie) van Vuuren (Heilbron)

Saterdag 8 Junie

Skrifgedeelte: 1 Samuel 10:1-16
Fokusgedeelte: 1 Samuel 10:6

God se vernuwingstroos werk deur die Heilige Gees

Saul is die eerste koning van die HERE se volk. Op die grootste dag van Saul se lewe, toe Samuel hom as koning gesalf het, het die HERE vir hom drie tekens gegee om sy geloof te versterk en om hom te leer dat hy as koning altyd op die HERE se woord en ondersteuning kan reken. Saul sou ook die Heilige Gees ontvang.

1. Saul sou twee manne teëkom by die graf van Ragel, op die grens van Benjamin. Hulle sou hom die goeie nuus gee dat sy pa se verlore esels gevind is (1 Sam. 10:2).
2. By die terpentynboom van Tabor sou drie manne hom ontmoet en vir hom kos gee (1 Sam. 10:3-4).
3. By Gibea sou hy ’n groep profete teëkom en die Gees van die HERE sou oor Saul vaardig word en hy sou profeteer en hy sou ’n ander mens word (1 Sam. 10:5-6).

Samuel spel dit vir Saul uit hoekom die HERE hierdie noue pad met hom loop (1 Sam. 10:7): “En as hierdie tekens vir jou uitkom, doen dan wat jou hand vind om te doen, want God is met jou.” En soos altyd wanneer die HERE praat, het alles gebeur – nog dieselfde dag. Juis daarom moes Saul geweet het dat hy kan reken op die woord en die belofte van die HERE. Hy moet net die HERE vertrou. Die

HERE sou deur sy Heilige Gees van die skaam, onwaardige Saul ’n kragtige instrument in sy hande maak. Die krag en mag van God maak ons nuttig en bruikbaar, maar Saul se lewensgeskiedenis is ’n diep teleurstelling.

Saul misluk, want Hy werk teen die Heilige Gees. Hy het nooit die vernuwing van die Heilige Gees omhels nie. Die geskiedenis van Saul dien as ’n waarskuwing vir ons. Die Heilige Gees sal ons nie dwing om te wees wat ons aanhoudend nie wil aanvaar nie. God vernuwe ons om Hom vrywillig lief te hê en dit te wys. Die Heilige Gees wil nie ’n onwillige en moedswillige mens indwing in ’n liefdevolle verhouding met God nie. Daar is ’n punt wat die mens moet besef dat die HERE deur sy Heilige Gees in ons werk en vir ons die mooie beskik. Moedswillige verharding weens volgehoue eiewilligheid en ongehoorsaamheid stel die HERE teleur en maak die Heilige Gees hartseer.

Alhoewel Saul soveel potensiaal gehad het en die HERE nooit aan Hom ontrou was nie, was sy lewe ’n teleurstelling. Sy lewe was ’n teleurstelling vol bitterheid, woede, toorn, geskreeu en lastering. Hy was nie vriendelik, vol van ontferming en het vergewe nie (Ef. 4:30, AFR53). Gaan lees van sy optrede teenoor Dawid en byvoorbeeld die wrede moord uit wraak op die priesters van Nob (1 Sam. 22:6-23). Saul is ’n ernstige waarskuwing aan ons, so lyk die lewe van ’n mens wat die Heilige Gees bedroef en wat uiteindelik deur Hom verlaat word.

Ons wil gelowiges wees wat ons geloof uitleef, wat eenvoudig, maar skaamteloos ons Christenskap uitleef. Ons wil nie in sonde volhard en die Heilige Gees bedroef nie, maar ons wil die nuwe lewe leef wat Christus vir ons verwerf het en wat sy Heilige Gees aan ons skenk.

Sing: Psalm 19-1:5-7

Ds. TJ (Tommie) van Vuuren (Heilbron)

Sondag 9 Junie

Skrifgedeelte: 1 Samuel 16:1-13
Fokusgedeelte: 1 Samuel 16:13

God se vernuwingstroos werk deur die Heilige Gees

Hoe oordeel ons? Wat is vir ons belangrik? En nog 'n volgende vraag: Hoe waardeer jy jouself as persoon? Die HERE kies nie volgens menslike maatstawwe nie. Dit wat vir mense tel, weeg nie altyd vir Hom die swaarste nie.

Samuel treur nog oor Saul, want hy is teleurgesteld in hom. 'n Mens kan maklik vassteek in jou verdriet en teleurstelling. God gryp in, want Samuel en sekerlik ook die volk kan nie vashaak in hulle ontnugtering nie. Ons Vader se plan moet voortgaan, ten spyte van mense se sonde en mislukkings.

Ons sorgsame HERE verwag nie van Samuel om sy lewe in gevaar te stel nie. Samuel kan met wysheid die gevaar vermy. Ons sien die HERE is baie ernstig oor sy beloftes aangaande hierdie volk en hulle verlossing. Hy sal nie toelaat dat Saul met sy moedswillige ongehoorsaamheid die HERE se plan in die wiele ry nie.

Die kerk van daardie dae het 'n nuwe leier nodig en die HERE het op een van Isai se seuns besluit. In die huis van Isai wys die HERE vir Samuel en vir ons dat Hy anders na mense kyk. Hy kyk na die hart, die innerlike van die mens.

Die hart van die mens is die oorsprong van die lewe (Spr. 4:23). Daar word die besluite geneem. Daar word die verhouding met God ervaar. Ons moet besef die HERE kyk ook na ons hart. Ons kan niks vir Hom wegsteek nie (Ps. 139). Hoe lyk u hart en wat is vir u belangrik in ander mense?

Wat wil die Heilige Gees ons leer? Deur Dawid te kies, wil die Here sy volk voorberei op die koms van Dawid se Seun, Jesus Christus. Soos Israel moet ons ook leer om nie te kyk na uiterlike voorkoms met betrekking tot God se Messias nie. Die HERE is vrymagtig (soewerein). Hy verlos ons op sy manier. Dawid se Seun kom in nederigheid en word daarom deur baie in sy eie tyd verwerp, omdat hulle nie God se hart in Hom raakgesien het nie.

Deur Hom wat onbeduidend was in die oë van mense het die Heilige Gees die kerk deur die eeue vernuwe en verlos.

Sing: Psalm 139-1:11, 12 *Ds. TJ (Tommie) van Vuuren (Heilbron)*

Maandag 10 Junie

Skrifgedeelte: 1 Samuel 16:14-23 (AFR83/2020)
Fokusgedeelte: 1 Samuel 16:14

Geen leë huis

Die hart van ’n mens is nie ’n leë huis nie. Dit word óf deur die Gees van God bewoon, óf deur ’n gees wat uit die verderf kom.

Saul het die Gees van God bedroef deur telkens ongehoorsaam te wees aan dit wat God hom beveel. Na die veldslag teen die Amalekiete het hy die direkte opdrag van God geïgnoreer en die beste van die buit vir homself geneem (1 Sam. 15:9). Later probeer hy hierdie daad met ’n leuen verdoesel (1 Sam. 15:15). Dit was toenemend duidelik dat God en wat God sê nie vir Saul prioriteit was nie. God was onwelkom in Saul se lewe.

Dan verlaat die Gees vir Saul en ’n bose gees betrek sy leë hart. Dat hierdie gees deur die Here gestuur is, bewys die almag van God, sonder wie se toelating geen skepsel hom kan roer of beweeg nie (HK So 10, V/A 28). Die gevolge in Saul se lewe is tragies. Sy hele lewensuitkyk verander. Hy raak buierig, angstig, agterdogtig en mismoedig. Soms is hy heeltemal buite homself gewelddadig (1 Sam. 18:11). Uiteindelik neem hy sy eie lewe (1 Sam. 31:4).

Goeie musiek het ’n kalmerende uitwerking. “Die duiwel vlug vir ’n psalm!” het ook Luther gesê. So bring Dawid se snarespel tydelike verligting vir Saul. Belangriker egter is dat ons uit hierdie gedeelte sal leer dat die groot voorreg van God se teenwoordigheid in ons lewe baie kosbaar is. Dit is immers net deur Christus se verdienste aan die kruis dat die Gees van God in ons woon!

Wanneer ons met dankbare harte nougeset volgens God se woord lewe, luister ons na die Gees en is Hy vir ons die Trooster. Dan is Hy by ons tuis en is ons harte en lewe vol van God se warm liefde.

Sing: Psalm 51-2:4

Dr. WC (Wim) Vergeer (Krugersdorp)

Dinsdag 11 Junie

Skrifgedeelte: 2 Samuel 23:1-7 (AFR53/2020)
Fokusgedeelte: 1 Samuel 23:5

Geloofsvertroue in die ouderdom

Dawid was in sy ouderdom verswak en van versorging afhanklik (1 Kon. 1). Sy sterfdag was naby. In sulke omstandighede verwag ’n mens woorde wat die agteruitgang van die liggaam, die vinnige verloop van die lewe en die verlies aan invloed en betekenis betreur. Maar in sy laaste woorde praat Dawid nie na die vlees nie, maar deur die Gees. Dit is duidelik: Al was Dawid uiterlik besig om te vergaan, deur die Gees van God is hy innerlik van dag tot dag vernuwe (2 Kor. 6:16).

Daarom is Dawid se laaste woorde positief en vol hoopvolle uitsig. Hy praat deur die Gees met volle vertroue daaroor dat al sy heil en al sy wense wel in vervulling sal gaan (vs 5). Die grond vir hierdie sekerheid lê in God se verbond met hom wat ewig, vas en seker is. Iemand uit sy nageslag sal vir altyd oor God se volk regeer (2 Sam. 7:16). Dawid sien in die geloof die vrug van hierdie verbond. Hy sien ’n regverdige en godvresende Heerser na vore tree wat ’n nuwe bedeling laat aanbreek. Hierdie nuwe bedeling sal wees soos die aanbreek van die lente.

Wat Dawid oor die horison van die tyd gesien het, is vir ons werklikheid. In sy laaste woorde het Hy profeties op Christus gesien. Daarom kan hy op sy sterfbed roem. Hy roem in die Here en sy genade. Hy is ten volle getroos deur die Gees se versekering dat Hy ingesluit is in God se ewige verbond.

Hierdie genadige troos is ook vir elke gelowige vandag beskikbaar. Die koms en verdienste van Christus laat ons optimisties uitsien na ’n ewige en heerlike toekoms. Al kry ons swaar onder die beproewinge van veroudering, ons weet dat ons getroue God, ons na die dag van aardse stryd sal opneem in sy heerlikheid.

Sing: Psalm 73-1:1,10

Dr. WC (Wim) Vergeer (Krugersdorp)

Woensdag 12 Junie

Skrifgedeelte: 2 Kronieke 15:1-19 (AFR83)
Fokusgedeelte: 2 Kronieke 15:2

As die Here Hom laat vind

Ons Skrifgedeelte beskryf hoe daar in die regeringstyd van koning Asa van Juda 'n wonderbaarlike verandering plaasgevind het. Mense wat voortdurend deur onrus en geweld bedreig is en nêrens veilig kon kom of gaan nie, het 'n lang tydperk van vrede beleef, met "rus na alle kante toe". Dit het so goed gegaan dat talle mense, selfs immigrante, besluit het om in Juda te kom woon.

Waar het hierdie voorspoed vandaan gekom? Om dit te verstaan, moet ons eers insien wat die rede vir die onrus en onveiligheid was. Die profeet Asarja maak dit duidelik bekend: Israel het sonder die woord van God gelewe. Die gevolg was dat hulle ook sonder die ware God geleef het en hulle tot afgode gewend het. Toe het die Here hulle verlaat en die magte van chaos en geweld toegelaat om onrus en nood oor hulle te bring.

Die keerpunt het gekom toe die volk hulle tot die Here bekeer, weer na sy wil gevra en hulle met 'n verbond aan Hom verbind het. Hierin het hulle koning die leiding geneem. In die feit dat hulle dit met soveel oorgawe, met hart en siel, en met groot vreugde gedoen het, sien ons die genadige werking van God deur sy Gees in mense se lewens. Dit is net die Here wat mense so kan bekeer.

Dit neem egter nie die mens se verantwoordelikheid weg nie. Om met hart en siel die Here in alles te soek, getrou volgens sy woord te lewe en Hom biddend om sy genade te smeek, bly steeds ons roeping. Kom ons laat ons midde-in ons eie omstandighede ook vandag deur die eenvoudige en troosryke waarheid van vers 2 lei: "As julle by die Here is, sal Hy by julle wees."

Sing: Psalm 31-1:1, 15, 17

Dr. WC (Wim) Vergeer (Krugersdorp)

Donderdag 13 Junie

Skrifgedeelte: Johannes 3:1-15 (AFR83)
Fokusgedeelte: Johannes 3:3, 5 (AFR2020)

Van nag-volgeling tot dag-dissipel – nét deur die Gees!

In die donkerte van die nag ... met die buitelyne van hulle gesigte in die flikkerende lamplig afgeëts, sit Nikodemus voor Jesus. Skaam om in die dag openlik saam met Jesus gesien en geassosieer te word. Tog, aangegryp deur die wondertekens (o.a. water in wyn) erken Hy Jesus as ’n Leermeester, selfs dat Hy van God af moet kom. Hy het ’n opregte begeerte om die waarheid oor en van Jesus te leer – uit die mond van die Leermeester!

Jesus antwoord ... en op die oog af lyk dit nie of Hy direk reageer op Nikodemus se stelling nie. Tog het sy antwoord álles te make met wat tussen Hom en Nikodemus aan die gebeur is.

En wat sê Jesus? Hy sê dat God nie net water in wyn kan verander nie, maar dat Hy ook ménse gaan verander: *Dit verseker Ek jou: As iemand nie opnuut gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.* En logies, geen mens kan tog hom/haarself laat gebore word nie. Nee, dit moet van Bo (= opnuut) kom! Jesus herhaal met baie beslistheid: *Dit verseker ek jou: As iemand nie uit water en Gees gebore word nie, kan Hy die Koninkryk van God nie ingaan nie.*

Het jy die byvoeging/uitbreiding gehoor: *van Bo* vervang Jesus nou met *uit water en Gees*. Water is onder andere ’n verwysing na die liggaamlike geboorte, maar dit moet óók uit die Gees gebeur.

Jesus wys hier op die grootste van God se wonderwerke, naamlik ’n geestelike lewendmaking, die wedergeboorte! Daar moet ’n nuwe lewe in mense gebore word ... om die koninkryk in te gaan!

Is jy ’n nag-volgeling ... of dag-dissipel van Jesus Christus? Stel jy net én dalk opreg belang in Jesus, óf verstaan jy dat jy nie die Koninkryk van God kan ingaan ... burger van sy genadevolle ryk kan word, deel kan hê aan die seëninge van dié koninkryk – as jy nie opnuut deur die Gees gebore is nie?!

Hierdie nuutgeboorte werk die Gees in mens deur die verkondiging van die evangelie wat Jesus hier verder aan Nikodemus vertel (1 Pet. 1:23-25). Hoor en luister jy nog dáárna?

Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2 *Dr. HC (Charl) van Rooy (Randburg)*

Vrydag 14 Junie

Skrifgedeelte: Johannes 6:60-71 (AFR83)
Fokusgedeelte: Johannes 6:63-64, 67-68

Dit is die Gees wat jou oortuig wie Jesus is!

Mense sukkel om in Jesus te (bly) glo vir Wie Hy is en wat Hy kom doen het – soos selfs getroue volgelinge hier, en selfs sy dissipels! Waarskynlik omdat ons almal op 'n manier op soek is na 'n Jesus wat bloot ons aardse lewens beter moet maak en ons planne moet waar maak.

Jesus het vir hulle gepreek – direk na die broodvermeerdering. Tot drie maal toe het Hy gesê: *Ek is die lewende brood wat uit die hemel gekom het. Wie my liggaam eet en my bloed drink ...* (vs 35-53).

Jesus se liggaam eet en sy bloed drink ... (vs 52)!? Die eerste oppervlakkige gedagte hieraan moes die mense sekerlik laat gril het ... en die Skrifgeleerdes se hare laat regop staan het. Die Joodse wette het hulle immers verbied om bloed te drink (Lev. 17:10-11).

Natuurlik het Jesus dit nie letterlik bedoel nie. Dit was simboliese taal om te verduidelik dat ons vir Jesus in ons diepste, innerlike mens-wees moet inneem en in 'n intieme verhouding met Hom moet wees. Presies soos wat aardse kos deel van jou hele liggaam, van jou kroontjie tot jou toontjie, word wanneer jy dit eet! En ... algaande het dit tot hulle deurgedring wat dit beteken om Jesus se *liggaam te eet en sy bloed te drink*. Hulle het begin besef dat Jesus van hulle vra:

- Om in Hom te *glo* as dié Een wat God uit die hemel gestuur het om mense te kom verlos en weer sal moet opvaar. Dus, Hy is die enigste ware Messias!
- Maar ook om nou vanuit 'n geloofsverhouding met Hom te gaan leef, jou hele lewe aan Hom toe te wy, jou deur Hom te laat lei – in alles wat jy dink en sê en doen!

Hoe kom ons tot die oortuiging wie Jesus werklik is en kry sodoende deel aan die ware lewe wat Hy bied? Nét deur die Gees wat iemand lewend maak – die Gees wat die woorde wat Jesus gesê het, gee en geloof in Hom wek!

Wil jy ook omdraai omdat sy Woord te erg is ... of gaan jy by Hom bly omdat Hy die Woord het wat die ewige lewe gee? Ja, dieselfde Woord wat ek en jy vandag kan lees!

Sing: Lied 177 *Dr. HC (Charl) van Rooy (Randburg)*

Saterdag 15 Junie

Skrifgedeelte: Johannes 7:37-39 (AFR83)
Fokusgedeelte: Johannes 7:37-39

Die Gees laat die lewende water, Jesus se verlossing, uit ons stroom!

As iemand dors het, kom na My toe ... Kom skep! Kom drink! Dit is die roepstem, die genaderoep van Jesus tot elkeen wat dors geword het, werklik dors is! Dis 'n uitnodiging vir elkeen wat moeg geploeg is in die woestynsand van ons sondevervalle bestaan op aarde.

Dit is 'n uitnodiging tot uitkoms en heil vir elke sondaar, elke moedelose, elke twyfelaar, ja, tot elkeen wie se lewe besig is om uit te dor – dalk as gevolg van verkeerde optrede en keuses, geweldige drukte by die werk, mislukkings en bekommernis oor jou finansiële situasie of landsekonomie, dalk vrese as gevolg van die gevolge van sondes ... stukkende verhoudings ...

Dit is sy genaderoep tot mense soos ek en jy ... wat weerklink het op die laaste dag van die Huttefees, die fees ter herdenking van die waterwonders wat die Here op die woestyntog vir sy volk voorsien het.

Op dié dag was daar 'n seremonie, die hoogtepunt, wat Watervergieting genoem was. Dit het só verloop: In 'n plegtige optog het die priesters vanaf die tempel geloop en water by die Siloam-fontein gaan skep. Dan het hulle weer teruggeloop tempel toe en die fonteinwater oor die brandofferaltaar uitgegiet. Terwyl die watervergieting plaasgevind het, moes die hele volk juigend die woorde van Jesaja 12:3 uitroep: *Met blydskap sal julle water skep uit die fonteine van redding ...*

Net Jesus kan werklik ons dors les, omdat Hy self een keer tot die dood toe dors was – aan die kruis! Maar vir Hom was daar nie lafenis nie. 'n Spons vol suur wyn op 'n hisoptakkie was al ... En toe het Hy gesterf ... om daardeur die fontein van lewende water oop te breek, die egte salige lewe vir ons by God te skenk!

Nie maar drupsgewys nie, maar oorvloedig stroom die lewende water. Luister na Jesus se woorde: *Met die een wat in My glo, strome lewende water sal uit sy binneste vloei.*

En dit is moontlik, omdat elkeen wat in Jesus glo, die Heilige Gees ontvang. Die strome lewende water is niks anders nie as die kragtige

werk van die Heilige Gees wat die lewende water uit ons binneste laat stroom.

Die Gees oorstroom die dorre dood wat ons lewens omring ... sodat oral waar ons kom, dieselfde lewenskrag van die Gees sal deurbreek.

Is dit só met jou? Die vraag is: Is jóú dors geles?

Sing: Psalm 42-1:1, 3

Dr. HC (Charl) van Rooy (Randburg)

Sondag 16 Junie

Skrifgedeelte: Johannes 14:15-31 (AFR 1953/2020)
Fokusgedeelte: Johannes 14:25, 26

Die Gees leer en onderrig ons

Tydens sy hele lewe op aarde het Jesus Christus sy dissipels geleer en onderrig oor die dinge van die Vader. Sy onderrigtyd op aarde het amper tot 'n einde gekom. Hy self gaan hulle nie meer leer nie, daarom belowe Hy dat die Heilige Gees hulle verder sal leer en onderrig.

Die Parakleet. Die Parakleet is iemand wat namens iemand anders help, 'n voorspraak. Die Parakleet sal in hulle werk en hulle verder leer wat hulle moet weet oor hulle verlossing. Hy onderrig ons deur die Woord, Hy verander ons, Hy maak ons heilig, Hy leer ons elke dag.

In Handelinge 2:33 lees ons oor Christus: *"Nadat Hy tot aan die regterhand van God verhoog is en die belofte van die Heilige Gees van die Vader ontvang het, het Hy die Heilige Gees uitgestort en dit is wat julle sien en hoor."*

Wat die Heilige Gees ons laat sien en hoor, is dat ons volkome verlos is deur Jesus Christus. Hy leer ons alles wat nodig is om te weet oor ons verlossing. Hy leer ons ook om oor die verlossingswerk te gaan praat. Om te gaan verkondig dat almal wat in Christus glo gered is.

Die Heilige Gees, die Parakleet, herinner ons elke dag aan alles wat Jesus Christus aan sy dissipels geleer het. Dit is wat Christus aan ons belowe het en wat nou 'n werklikheid is. Wanneer die uitverkorenes van God dit in geloof omhels, word hulle wedergebore kinders van

God. Dan word die gelowige kinders van God ingelei in die "klaskamer" van die Parakleet, waar ons alles leer wat God aan ons openbaar.

Daarom moet ons die Woord van God bestudeer en met kinderlike ontsag na Hom luister. Daarom moet ons bid dat die Gees ons ore en oë sal oopmaak en ons harte sal ontvanklik maak. Daarom het ons sekerheid dat Christus steeds by ons is. Dat Hy die Heilige Gees uitgestort het om elke kind van God na Hom toe te lei, dat Hy ons steeds leer en onderrig, dat ons kan weet: Ons is verlos.

Psalm 143-1:8

Ds. J (Jaco) Cronje (Bloempark)

Maandag 17 Junie

Skrifgedeelte: Handelinge 2:1-13 (AFR53/83/2020)
Fokusgedeelte: Handelinge 2:3

Die Gees wat ons verander tot gelowiges

Op die dag van die Pinksterfees toe almal bymekaar was, het die belofte van Christus, dat Hy die Heilige Gees vir die gelowiges sal gee, 'n werklikheid geword. Daar was 'n geluid soos 'n kragtige stormwind en tonge soos vuur het aan hulle verskyn. Waar hierdie tekens in die verlede tekens was van God se oordeel, is dit hier iets wat verander, suiwer maak, louter. Die Gees brand skoon en suiwer gelowiges se harte. Met veranderde harte gaan die gelowiges uit om God se wil te gaan doen en om te gaan praat *"oor die groot dade van God"* (vs 11).

Wanneer ons lees van die gebeure op Pinksterdag, dink ons aan die groot dade van God wat Hy in Christus gedoen het. Ons, sy kerk, is deur sy Gees nuutgemaak en gawes gegee om as nuwe gelowiges te gaan leef. Dit is slegs genade dat elke kind van die Here, deur die Gees verander is. Wanneer ons dan werklik besef hoe groot die dade is wat die Here doen, wil ons soos daardie veranderde, nuutgemaakte gelowiges gaan leef. Ons wil gaan vertel en gaan wys hoe die Here elkeen van ons uit ons deurmekaar staat gevat het en ons weer verenig het met ons Vader.

Die Heilige Gees wek ons op om ons gawes te gaan gebruik tot eer van Hom wat groot dade in elkeen van ons lewens verrig het. Wat vir

ander soos onverstaanbare gebabbel klink en lyk, is vir diegene wat ook vervul is met die Gees, ’n wonderlike boodskap. ’n Boodskap van God se wonderlike genade en sy teenwoordigheid in en deur sy Gees.

Sing: Skrifberyming 8-2:2, 5, 7

Ds. J (Jaco) Cronje (Bloempark)

Dinsdag 18 Junie

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 12:12-31 (AFR53/83/2020)
Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 12:13

Die Heilige Gees maak ons ’n eenheid met verskillende gawes

Christus het vroeër vir elke gelowige sy Gees gegee om te troos en te help. Al die gelowiges is ook “gedoop met die Gees” en so is al die gelowiges saamgevoeg as ’n eenheid, ’n liggaam. Die liggaam bestaan uit verskeie ledemate en Christus het ook vir hierdie ledemate besondere gawes gegee sodat die liggaam reg kan funksioneer. Deur die Heilige Gees is daar nou ’n eenheid. Elke ledemaat het genadegawes ontvang en hierdie gawes vul mekaar aan. Omdat elke ledemaat gelyktydig bydra tot die regte funksionering van die liggaam, is elke ledemaat absoluut noodsaaklik. Die een ledemaat is nie belangriker as die ander nie.

Saam gebruik die Gees die afsonderlike gawes sodat die eenheid van die kerk na vore kom. Elke ledemaat word aangespoor om daardie besondere genadegawe so te gebruik dat dit tot voordeel van die liggaam as geheel sal dien. Elke lidmaat, groot of klein, oud of jonk, word deur die Gees op so ’n besondere manier gebruik dat die kerk kan reg funksioneer.

In Filippense 2:4 lees ons: *“Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan die van ander.”*

Na sekere gebeure in die wêreld het mense baie individualisties begin leef. Die ledemate het mekaar nodig. ’n Ledemaat wat hom of haarself isoleer van die res van die liggaam, veroorsaak dat die liggaam nie reg kan funksioneer nie. Net so ook as die een ledemaat neerkyk op ’n ander op grond van hulle gawes, misken hulle ook die genade wat in daardie gawes vasgevang is.

God het elkeen van ons op sy besondere wyse, uit genade, in die

liggaam gevoeg. Hy het elkeen van ons besondere gawes gegee deur die Heilige Gees wat in ons besig is. Gaan gebruik jou gawe, tot eer van God en tot voordeel van die liggaam.

Sing: Psalm 116-1:9

Ds. J (Jaco) Cronje (Bloempark)

Woensdag 19 Junie

Skrifgedeelte: Romeine 8:1-11 (AFR83)
Fokusgedeelte: Romeine 8:6

Die Gees gee lewe en vrede!

In die tydperk vóór Jesus Christus se kruisiging was die wet van Moses die "gewete van die mens"! Die wet het die koers en rigting van elke mens bepaal. Die wet het die mens voortdurend herinner aan die sonde en die straf daarop, naamlik die dood. Die wet het wel gepoog om die mens in toom te hou, maar die sondige natuur van die mens was voortdurend in opstand teen hierdie band en het die toesig van die wet nie aanvaar nie. Daarom is en was alle mense vóór Christus skuldig aan sonde, met veroordeling tot die dood, behalwe hulle wat deur die offers gereinig is (die offers wat heengewys het na Christus se verlossingswerk).

Met Jesus Christus se kruisiging is die wet egter vervul, en het die doel van die wet verander met 'n nuwe inhoud en betekenis. Nou, ná Christus, is die wet nie meer die "gewete van die mens" nie, maar stuur Christus sy Gees om in God se uitverkore kinders te woon en te werk! Nou staan gelowiges nie meer onder toesig van die wet nie, maar onder toesig van die Gees.

En die Gees wek die nuwe lewe deur die wedergeboorte van die hart. Hy skenk die geloof, Hy verklaar die Woord en Hy herinner ons aan Christus se volkome verlossingswerk en sy vervulling van die wet, die offers en die seremonies. Hoewel die mens dus nog met die sterflike liggaam (8:11) leef, maak die Gees ons lewend in Christus!

En in Christus kan daar aan die eise van die wet voldoen (8:4) word, want nou is dit nie meer ons dade wat tel nie, maar ook ons dankbare harte in Christus vir sy volkome daad van verlossing!

En omdat die Gees oor ons harte en ons gedagtes die wag hou, vorm Hy “die gewete van die mens”, sodat ons in en deur Christus, ook in vrede met die Vader kan leef. Daar is dus nou (werklik) geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie (8:1)!

Sing: Psalm 33-1:1, 2, 3

Ds. OJ (Ockie) Struwig (Frankfort)

Donderdag 20 Junie

Skrifgedeelte: Romeine 8:12-17 (AFR83)
Fokusgedeelte: Romeine 8:16, 17

Die Gees gee oortuiging en sekerheid

Die Gees van Christus wat in ons woon, gee nie alleen lewe en vrede (8:6) nie, maar ook sekerheid oor die hede en die toekoms! En hierdie sekerheid wat die Gees gee, beantwoord twee van die mens se grootste vrae naamlik: Wie is ek, en waarheen is ek oppad?

Op die vraag wie is ek, kry ons die duidelike versekering dat almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God (8:14). En dit is ’n geweldige troos in ’n deurmekaar en onsekere wêreld, want kinders van God is nie slawe nie, maar vrygemaaktes; kinders van God lewe nie meer in vrees nie, maar in dankbaarheid; kinders van God is nie kinders van die wind nie, maar het ’n liefdevolle Vader (8:15). En daarom beleef kinders van God in hierdie lewe sy onverdiende guns en goedheid, sy bewaring en beskerming, sy genesing en versogring, sy vertroosting en bemoediging. Hierdie seëninge kom van ’n liefdevolle Vader in die hemel, na sy kinders op aarde! Maar die sekerheid wat die Gees ons gee, strek ook verder tot in die ewigheid! Omdat ons kinders van God is, saam met Jesus Christus, is ons ook erfgename saam met Christus (8:17)! En daarom sal Christus se heerlikheid ook eendag ons heerlikheid word! Dit is die heerlike belofte van die ewige lewe wat die Gees aan ons gee. Daar is dus vir God se uitverkore kinders geen rede tot twyfel nie, alleen maar opregte dankbaarheid vir ons enigste troos in lewe en in sterwe!

Sing: Skrifberyming 5-4:1-6 (Paastriomf)

Ds. OJ (Ockie) Struwig (Frankfort)

Vrydag 21 Junie

Skrifgedeelte: Romeine 8:26-39 (AFR83)
Fokusgedeelte: Romeine 8:31

Die Gees gee krag en troos

Daar is drie dinge waarteen God se kinders voortdurend stry: die sondige natuur van die mens, die gebrokenheid van die wêreld waarin ons leef en die aanvalle van die bose.

Die sondige natuur van die mens is ’n swakheid waarmee elke mens gebore word. Vir ons as uitverkore kinders van God is daar egter baie hulp in dié verband. Nie alleen het ons die Heilige Gees as gawe van God ontvang nie, maar die Heilige Gees ken ons ook beter as wat ons onsself ken. Hy deurgrond die hart en die gedagtes van die mens, en weet waar ons tekortskiet. Daarom tree Hy ook vir ons in en pleit vir ons met versugting wat nie met woorde gesê kan word nie. So word die skamele gebed van die gelowige ’n daad met kragtige werking, want die Gees gee daaraan krag.

Die Heilige Gees verhef ook die uitverkore kinders om in hulle woorde en dade uit te staan bo die gebrokenheid van hierdie wêreld. Nie alleen herstel Hy die beeld van God in die kinders van God nie, maar herinner Hy ons ook aan ons roeping, vryspraak en heerlikheid in Christus. En deur die heiligmaking van die Gees kry doodgewone kinders van God dit reg om kragtig as oorwinnaars oor die verleiding van hierdie wêreld te heers.

En dan gee die Heilige Gees natuurlik ook die moed van oortuiging aan God se kinders, om nie te swik voor die aanvalle van die bose nie. Die twyfel wat die bose saai, word gekelder deur die werk van die Gees, deur die verkondiging van die Woord en die gebruik van die sakramente. Die aanklaer word nou die aangeklaagde, omdat die Gees ons die krag verleen om met oortuiging te kan bely dat niks (ook nie die bose nie) ons sal kan skei van die liefde van God wat daar is in Christus Jesus ons Here nie! Watter groter troos en watter groter oortuiging is daar, as om te weet ons is meer as oorwinnaars ook deur die krag van die Gees. Dank God daarvoor!

Sing: Skrifberyming 3-3:1, 2, 3, 4

Ds. OJ (Ockie) Struwig (Frankfort)

Saterdag 22 Junie

Skrifgedeelte: Galasiërs 4:1-7
Fokusgedeelte: Galasiërs 4:6 (AFR2020)

Die Gees roep in en deur ons: "Abba, Vader!"

God het sy Gees uitgestuur tot in ons harte en Hy roep: "Abba, Vader!" Die woord "Abba" dui op 'n intiem persoonlike band met die Vader. Dit is soos wanneer 'n kind sê "Pappa" of in Engels "Daddy".

Hoekom het God sy Gees uitgestuur tot in ons harte sodat Hy in ons en deur ons roep "Abba, Vader"? Die antwoord is: Omdat ons God se kinders is. Die Gees se roep "Abba, Vader" is die bevestiging van 'n wonderlike vertroosting wat ons het, naamlik dat God ons Vader is en dat ons sy kinders is en dat daar 'n intiem persoonlike verhouding tussen Hom en ons is. Dit is die Heilige Gees se stem van vertroosting in ons harte.

Dit is 'n wonderlike reg en 'n voorreg wat God aan ons gegee het om sy kinders te wees. God het ons voor die grondlegging van die wêreld uitgekies en ons voorbestem om ons deur Jesus Christus as sy kinders aan te neem (Ef. 1:4-5). God het sy Seun uitgestuur sodat Hy ons kon loskoop daarvoor (Gal. 4:4-5). Dít was 'n baie duur prys wat Hy vir ons betaal het, naamlik sy dood aan die kruis. Só het ons volwaardige kinders van God geword, met al die regte en voorregte daaraan verbonde, wat in besonder behels dat ons erfgename geword het (Gal. 4:7). Ons erf alles wat aan God behoort. Wat 'n ryke erfenis!

Ons het hierdie wonderlike reg en voorreg deur die geloof alleen ontvang. Nie geloof plus nog iets soos die besnydenis of die wet van Moses nie, maar geloof alleen – dít is waaroor dit in die boek Galasiërs gaan. Ons ontvang die aanneming tot kinders van God deur die geloof alleen. Dít is die Gees se getuienis deur die Woord aan ons.

Sing: Skrifberyming 2-4:1, 2, 3

Ds. JL (Jannie) van der Schyff (Welkom)

Sondag 23 Junie

Skrifgedeelte: Galasiërs 5:13-26
Fokusgedeelte: Galasiërs 5:16 (AFR2020)

Lewe deur die Gees en nie die vlees nie

Ons ou mens is saam met Christus gekruisig, sodat ons sondige bestaan tot niet gemaak kan word en ons nie meer slawe van die sonde sal wees nie (Rom. 6:6). As dit so is, hoekom sukkel ons soms om van sekere sondes ontslae te raak? Dit is omdat iets van ons vlees nog aan ons kleef – noem dit die lyk van ons ou mens wat doodgemaak is, as jy wil. Op een of ander manier is ons nie heeltemal ontslae van die vlees nie.

Daar is egter ook ’n ander werklikheid in ons as gelowiges se lewe. Ons het die Gees van God in ons (Rom. 8:9). Hy woon binne-in ons.

Die gevolg is dat daar ’n stryd tussen die Gees en die vlees is, want die twee opponeer mekaar (Gal. 5:17). Dit is ’n stryd wat in elke gelowige se lewe voorkom en sy hele lewe lank duur.

Ons vertroosting is dat ons nie slagoffers van hierdie stryd hoef te wees nie. Dit is moontlik om die vlees teen te staan, naamlik deur die Gees. Die Gees stel ons in staat om ons vleeslike begeertes in toom te hou. Daarom die opdrag in Galasiërs 5:16: “Leef deur die Gees, dan sal julle beslis nie die begeertes van die vlees uitvoer nie.”

Om deur die Gees te lewe, behels om die pad van die lewe saam met Hom te stap, treetjie vir treetjie. Dit behels dat Hy ons lewe beheers. Die Gees en nie die vlees nie bepaal wat ons doen en nie doen nie. Dit beteken dat die sonde al meer afneem in ons lewe en die goeie al meer toeneem in ons lewe.

Ons is deur geloof in Christus alleen verlos, nie om die vlees te dien nie, maar om deur die Gees te lewe.

Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2

Ds. JL (Jannie) van der Schyff (Welkom)

Maandag 24 Junie

Skrifgedeelte: Efesiërs 3:14-21
Fokusgedeelte: Efesiërs 3:16 (AFR2020)

Die bede om deur die Gees versterk te word, is ’n vertroosting

Die toestand van die kerk kan ’n mens soms moedeloos maak. Daarom moet ons bid vir die kerk.

Dít is wat Paulus gedoen het. Nadat hy in Efesiërs 3:14 vir die gelowiges gesê het dat hulle nie moedeloos moet word as gevolg van sy verdrukking ter wille van hulle nie, sê hy in Efesiërs 3:15: “Om hierdie rede buig ek my knieë voor die Vader ...”

Paulus se gebed is ’n stem van vertroosting vir die kerk. Hy bid dat God na die rykdom van sy heerlikheid aan hulle die seëninge sal gee wat hulle geestelik sal verryk en dat aan Hom, wat die mag het om in en deur sy kerk baie meer te doen as wat ons besef, al die eer en heerlikheid toekom.

Die eerste seëning waarvoor Paulus bid, is “om deur sy Gees met krag na die innerlike mens versterk te word” (Ef. 3:16). Innerlike krag is baie belangrik. Innerlike krag is nodig vir heiligmaking. Innerlike vernuwing is nodig om vernuwe te word na die beeld van Christus. Innerlike opregtheid is nodig vir uiterlike opregtheid.

Innerlike krag word deur die Heilige Gees aan ons gegee. Daarom kan en moet ons bid om deur God se Gees met krag na die innerlike mens versterk te word. Wanneer ons dit bid, het ons die troos dat God inderdaad sy Gees aan ons sal gee (Luk. 11:13).

Die bede om deur die Gees versterk te word, lei tot verdere seëninge, naamlik dat Christus in ons woon terwyl ons in die liefde gewortel en gegrond is (Ef. 3:17), dat ons besef hoe onmeetbaar groot die liefde van Christus is en dit sal ken (Ef. 3:18-19) en dat ons gevul word met al die volheid van God (Ef. 3:19). Dít is alles vir ons ’n vertroosting.

Sing: Skrifberyming 15-1:1, 2, 3, 4

Ds. JL (Jannie) van der Schyff (Welkom)

Dinsdag 25 Junie

Skrifgedeelte: Efesiërs 4:22 – 5:5
Fokusgedeelte: Efesiërs 4:22-25, 5:1 (AFR83/2020)

Leef die nuwe lewe: Volg die Here se voorbeeld

Ons begin met ’n kort reeks van drie dagstukkies wat gaan oor die “nuwe lewe wat ons in Christus” het en hoe ons hierdie nuwe lewe moet leef (Ef. 4:22-24).

Die eerste drie hoofstukke van Efesiërs het vir ons gewys dat die Here ons uit genade, sonder ons werke gered het “om goeie werke wat God voorberei het, te doen, en daarvolgens te leef” (Ef. 2:10). Nou, in die laaste drie hoofstukke van die brief, word die praktyk van hierdie nuwe lewe met sy goeie werke vir ons uitgepak. Die vernuwende werk van die Heilige Gees moet deurslag vind in ons lewe.

Daar is heelwat praktiese sake wat die apostel aanspreek – kom ons raak net enkeles aan in ons Skrifgedeelte:

- Ons ou lewe was ’n lewe van leuens. Noudat ons die nuwe lewe leef, moet ons ons lewens leegmaak van ieder en elke leuen en vul met die waarheid. Veral dan moet ons as gelowiges ons onderlinge eenheid bewaar deur die waarheid met mekaar te praat (Ef. 4:25).
- Ook sondige woede moet uit ons nuwe lewe gewis word. Daar is tye wanneer dit geregverdig en selfs goed is om kwaad te word. Die regte woede is daar om vuur en vlam die eer van God, reg en geregtigheid op aarde te herstel. Ons moet egter baie versigtig wees met woede en vinnig daarmee afreken en sondige woede (gebore uit selfsug) moet geheel en al geen houvas in ons vind nie (Ef. 4:26).
- Ons nuwe lewe behels ook dat ons in alle eerlikheid moet werk om sover dit vir ons moontlik is, in selfstandigheid onsself te onderhou. Ons moet ook werk met die oog op ons medegelowiges en ons naaste, sodat ons vir hulle van ons verdienste kan uitdeel. Diefstal hoort tuis by die ou mens, maar nie in die nuwe lewe in Christus nie (Ef. 4:28).

In alles kom dit daarop neer dat ons die Here se voorbeeld volg (Ef. 5:1), sodat ons ons lewe as offer in liefde gee vir die Here en vir ons naaste (Rom. 12:1, 2). So breek ons met die ou mens en leef ons die nuwe lewe in Christus!

Sing: Skrifberyming 27(12-2):1-5

Ds. GM (Marnix) Boersema (Graaff Reinet)

Woensdag 26 Junie

Leef die nuwe lewe: In die lig

Skrifgedeelte: Efesiërs 5:6-14; Handelinge 19:11-20
Fokusgedeelte: Efesiërs 5:8, 9 (AFR83/2020)

Daar was in Efese ’n donker onderwêreld van towery, duiwelbeswerings, heksery, mediums en spiritiste. Daar was ’n baie winsgewende industrie rondom die verkoop van boekrolle vol towerspreuke, towerwoorde, ensovoorts. Heelwat mense wat daar in Efese gelowiges geword het, het op ’n stadium hulle towerboeke in die publiek verbrand. Hulle het uit die donker in die lig getree.

Toorkuns en heksery is nog volop in ons tyd. Daar is ook ’n donker onderwêreld in Suid-Afrika. As Christene bring ons dit wat in die donker is, aan die lig, as ons leef in die lig en God se lig uitstraal. ’n Baie belangrike vraag wat ons dus moet vra, is: “Hoe moet ek lig wees in ’n donker wêreld vol onreg en leuens?”

Die apostel leer ons hoe. Hy begin deur vir ons te wys dat ons wesenlik anders is as wat ons was. Die Here Jesus het ons uit die donker na die lig gebring (Ef. 5:8). Nou moet ons ook lewe in die lig as mense van die lig. Dit wat goed, reg en waar is moet van ons uitstraal, soos ligstrale (Ef. 5:9). Eintlik kan ons dit nog beter sê: Die Here is die bron van alles wat goed, reg en waar is en ons is die weerkaatsing daarvan in hierdie wêreld.

- “Goed” beteken hier om iets van waarde te doen vir iemand anders. Jy doen iets moreel goed.
- “Reg”, soos dit in hierdie vers gebruik word, dui op geregtigheid. Dit is daardie dinge wat in lyn is met God se standaard van geregtigheid en regverdigheid.
- “Waarheid” beteken hier dit wat ooreenstem met die realiteit. God se waarheid.

Hier is my en jou oproep vir hierdie week: Leef in die lig – soek na dit wat God sê goed, reg en waar is en doen dit! So bring ons dit wat in die donker is, aan die lig.

Sing: Psalm 89-1:7, 8

Ds. GM (Marnix) Boersema (Graaff Reinet)

Donderdag 27 Junie

Skrifgedeelte: Efesiërs 6:10-20
Fokusgedeelte: Efesiërs 6:10-13 (AFR83/2020)

Leef die nuwe lewe: Trek die volle wapenrusting aan!

In die afgelope paar dagstukkies het ons gelees hoe die vernuwingswerk van die Heilige Gees deurslag vind in ons lewe as Christene. Enigeen van ons wat in alle erns die nuwe lewe wil leef, kom gou agter dat dit regtig moeilik is! Dit moet ons ook nie verbaas nie, want ons is in 'n geestelike oorlog. Ons is in 'n geestelike stoeigeveg met demoniese opponente (Ef. 6:12).

Hier is die goeie nuus: die bose magte is reeds aan Christus onderwerp (Ef. 1:21) en Hy heers bo elke mag en gesag. Die geeste het nie meer dieselfde mag wat hulle gehad het nie, tog is hulle in hierdie laaste dae steeds aktief besig om oorlog te voer teen die mensdom en veral teen die Bruid van Christus (die kerk). Maak geen fout nie: Ons is in 'n aktiewe oorlog, totdat die Here Jesus Christus weer kom om hulle in die poel van vuur te werp.

Hoe veg ons in hierdie oorlog? Nie in eie krag nie. Die Here Jesus Christus stel sy krag vir ons beskikbaar deur sy Heilige Gees. Ons moet sterk word in die Here se krag (Ef. 6:10). Hoe doen 'n mens dit? Deur by die Here te gaan haal wat Hy reeds vir jou gegee het – sy wapenrusting:

- Die gordel: Maak en hou jouself gereed vir oorlog met die Here se Woord en waarheid (Ef. 6:14).
- Die borsplaat: Leef 'n lewe in gehoorsaamheid aan die Here (Ef. 6:14).
- Die skoene: Geanker in die Here se vrede, beweeg ons vooruit om die evangelie te bring (Ef. 6:15).
- Die skild: Kruip gelowig weg agter die Here se beloftes, wanneer die duiwel aanval met wanhoop, dwaalleer, vervolging en ongeloof (Ef. 6:16).
- Die helm: Die duiwels gaan vir die kop – hulle wil jou denke binnedring en veral twyfel oor jou verlossing saai. Vind sekerheid van jou redding deur gereeld saam te aanbid met medegelowiges en die sakramente te vier. Vernuwe jou denke (Ef. 6:17; Rom. 12:1,2).

Sing: Skrifberyming 53 (14-3):1-4

Ds. GM (Marnix) Boersema (Graaf Reinet)

Vrydag 28 Junie

Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 5:12-28
Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 5:23, 24 (AFR83/2020)

God maak ons deur die Heilige Gees meer en meer heilig en aan Hom toegewyd

Die eerste brief aan die Tessalonisense word in verse 12-22 afgesluit met ’n klompie laaste opdragte. Dit is nie nuwe opdragte nie, maar ’n herhaling van wat vroeër in die brief staan. Dit is belangrike opdragte en Paulus wil dit verder by die gelowiges van Tessalonika inskerp. Maar hy besef dat hulle nie die opdragte maklik sal kan uitvoer nie. Hulle is jong gelowiges, baie van hulle so pas bekeer uit die heidendom. Baie van die wêreldse dinge het nog aan hulle gekleef.

Daarom bid hy in vers 23 dat God self hulle sal help. Hy is die God van vrede wat hulle heilig maak. Die gelowiges van Tessalonika was reeds geheilig. God het hulle in Christus geheilig deurdat hulle sondes vergewe is. Dit is iets wat afgehandel is. Maar dit beteken nie dat hulle sondeloos is nie. Heilig beteken ook om iets of iemand “eenkant neer te sit” en so “af te sonder” vir ’n besondere doel of taak. Die 1983-vertaling sê dat God julle aan Hom toegewyd maak. Dit is ’n voortdurende proses, ’n deurlopende proses van heiligmaking waar die gelowige meer en meer toegewyd aan God moet lewe. En so is ons op pad na die einddoel wanneer ons eendag volmaak, sonder sonde, absoluut heilig sal wees.

Die sondaarmens sukkel egter daarmee. Daarom dat die God van vrede ons daarmee help. Hy doen dit deur die Heilige Gees. Hy verander en vernuwe ons in elke opsig, sodat ons al hoe heiliger word. Hy belowe ook dat Hy ons ook geheel en al in ons volledige menswees, na gees, siel en liggaam tot met die koms van ons Here Jesus Christus, sal bewaar. Dan sal ons onberispelik en vlekkeloos, volmaak heilig wees.

En as ons miskien nog sou twyfel? Ons kry die heerlike versekering. God is getrou. Hy sal dit doen.

Sing: Skrifberyming 14-1:1

Ds. AL (Abri) Pelser (Bethlehem)

Saterdag 29 Junie

Skrifgedeelte: 1 Petrus 4:12-19
Fokusgedeelte: 1 Petrus 4:14 (AFR83)

Belediging ter wille van Christus is die bewys dat die Gees van God op ons bly

Gelowiges ken lyding. Dit voel soms asof jy in ’n oond vasgevang is en die temperatuur hou aan styg. Die druk bou op. Dit is presies wat met die woordjie “vuurproef” bedoel word. Dit wys op die proses waardeur onverwerkte metaal onder hoë temperatuur gesmelt word, sodat dit gesuiwer kan word. Dit proses vind plaas in ’n smeltoond. Die onsuiwerhede word afgeskep en die suiwer metaal bly oor. Die gelowige se swaarkry en lyding is ’n vuurproef, ’n pynlike proses van toetsing.

So word ons geloof gelouter en sterk gemaak. Die uiteinde is heerlik! Daarom kan ons oor lyding bly wees. Wat meer is, ons is bevoorreg om daardeur te deel in Christus se lyding.

En hoe het Hy nie gely nie! Uiteindelik het Hy aan die kruis gehang. Daar het God se oordeel oor ons sondes op Hom gebrand, soos in ’n vuurproef. Hy het die toets deurstaan en oorwin. Deur sy lyding en sterwe het daar vir ons verlossing gekom. Deur sy pyn kan ons die pyn van die lewe hanteer.

Wat meer is: Ons is geseëndes, want lyding is ook die bewys dat die Heilige Gees op ons bly. Onder lyding word spesifiek belediging genoem. Belediging is ’n vernietigende vorm van vervolging. Met haat en venyn word iemand onregverdig gekritiseer, gevloek en uitgeskel. Hieronder kan ook spot en hoon verstaan word. Die Heilige Gees gee ons die krag om die beledigings reg te hanteer. Die Heilige Gees help ons om hierin Christus na te volg. Ons lees immers in 1 Petrus 2:23 dat Hy, toe Hy beledig is, nie terug beledig het nie.

Dit is so moeilik vir ons. Ons wil terug beledig. Maar as geseëndes kry ons dit reg om selfs met ’n seënwens te antwoord. Ons kan ... want die Gees van heerlikheid, die Gees van God is op ons.

Sing: Psalm 118-1:7

Ds. AL (Abri) Pelser (Bethlehem)

Sondag 30 Junie

Skrifgedeelte: 1 Johannes 4:1-6
Fokusgedeelte: 1 Johannes 4:2 (AFR83)

Die Heilige Gees help ons om te onderskei tussen die Gees van die waarheid en die gees van die dwaalleer

As geliefde kinders van God leef ons in die wêreld en daarom moet ons waaksaam wees teen allerhande gevare wat ons as gelowiges bedreig. Jesus waarsku in sy Profetiese Rede dat daar valse christusse en vals profete na vore sal kom om selfs die uitverkorenes te mislei (Matt. 24:24). In 1 Johannes 4:1 word ons as gelowiges opgeroep om nie enigeen te glo wat sê dat hy die Gees van God het nie.

Elkeen moet eers deeglik ondersoek word of sy gees van God afkomstig is. Om dit te toets, is daar ’n duidelike maatstaf. Dit is die belydenis dat Jesus werklik die Christus is wat mens geword het.

Daar was destyds ’n ene Serintus met sy volgelinge wat nie wou aanvaar dat Jesus, die Seun van God, waarlik mens geword het nie. Hulle het beweer dat Hy ’n skynliggaam op aarde gehad het. Daarom het Hy nie waarlik gesterf en waarlik uit die dood opgestaan nie! Die apostel Johannes verwys waarskynlik na die dwaling wanneer hy sê dat elkeen wat nie bely dat Jesus werklik die Christus is wat mens geword het, nie die Gees het wat van God afkomstig is nie.

Daar is niks nuuts onder die son nie! Daar is vandag dwaalleraars wat dieselfde leer verkondig en daarom moet ons deeglik ondersoek instel en onderskei tussen die Gees van die waarheid en die gees van die dwaalleer.

Ons kry ook die versekering dat ons aan God behoort en dat die valse profete klaar oorwin is. God wat in Christus by ons is, is groter as die duiwel en het die duiwel reeds oorwin. Daarby het ons die Gees van die waarheid, wat ons in die hele waarheid lei (Joh. 16:13) en in ons woon. Hy help ons om te onderskei (Joh. 14:26) tussen die Gees van die waarheid en die gees van die dwaalleer.

Sing: Psalm 25-1:2

Ds. AL (Abri) Pelser (Bethlehem)

KWARTAAL 3 – DIE CHRISTEN SE IDENTITEIT

TEMA: DIE DERDE STEM VAN VERTROOSTING (Jes. 40:6-8)
Hierdie stem troos deur aan die volk te verkondig dat, alhoewel hulle self soos gras is wat vinnig verdor, hulle die Woord van God het wat ewig bly. God laat sy kinders op aarde nie in hulle nietigheid alleen nie, maar gee hulle die troos dat hulle die Een wat almagtig is en ewig leef, dien. Hy openbaar dit deur sy Woord en sy werke.

Julie: God vertroos gelowiges in hulle nietigheid

Maandag 1 Julie

Skrifgedeelte: Jesaja 40:6-8 (AFR83/2020)
Fokusgedeelte: Jesaja 40:6-8

God se Woord bly vir ewig

God troos sy volk na baie jare in ballingskap. Hulle het voluit, klaar geboet vir hulle sonde (vs 2). Hulle kon na hulle land terugkeer. 'n Nuwe tyd waarin hulle God se heerlikheid sou ervaar, het aangebreek. Hy waarsku hulle egter dat hulle nie op mense, hulle vermoëns of prestasies moes vertrou nie. Hulle moes ook nie dink dat iemand soos 'n Dawid van ouds na vore sou kom om van hulle weer 'n wêreldmoondheid te maak nie.

Hulle troos was nie dat hulle nou nie meer sou swaarkry en dat hulle vry was om te doen wat hulle wil nie. Hulle troos was ook nie te vind in die mense saam met wie hulle bevry is of dat geloofs- of volksgenote billik oor hulle sou regeer nie.

Mense, selfs hoogs begaafdes, goeie leiers en voorbeeldiges is almal soos die gras van die veld. Een dag is hulle daar en die volgende dag is hulle weg. Menslike prestasies en bydraes verloor hulle impak soos 'n veldblom wat verwelk.

Waarin het die Israeliete se troos gelê? Is daar iets wat dan nooit tot niet gaan nie? Ja, daar is: Die Woord van die God wat self geen begin of einde het nie.

Hy hou al sy beloftes. Die groot troos van sy beloftes wat Hy getrou nakom, is dié Woord. In Jesaja kry ons baie beloftes oor die Woord wat Mens sou word. Hy het sy volk van meer as 'n aardse ballingskap bevry. Hy het ons bevry van die duiwel en sonde wat ons slawe gemaak het.

God het reeds soveel van sy beloftes nagekom. Ons kan seker wees Hy gaan die res ook nakom. Daarom kan ons uitsien na die dag wanneer ons lewens nie meer met gras of veldblomme vergelyk word nie.

Sing: Psalm 25-1:1, 5

Ds. EJ (Edmund) de Beer (Laeveld/Tzaneen)

Dinsdag 2 Julie

Skrifgedeelte: Jesaja 43:1-13 (AFR83/2020)
Fokusverse: Jesaja 43:1-4

Moenie bang wees nie!

Al is ons verlostes en God se kinders, ervaar ons elke dag die gevolge van ons ongehoorsaamheid. God gee troos en hoop vir sy kinders wat nog in hierdie stukkende wêreld bly.

Hy het aan die Israeliete in ballingskap verklaar dat hulle vir hulle sonde klaar geboet het (Jes. 40: 2). Hy het hulle ook vertel van die Dienaar wat sou kom en hulle donkerte in lig verander (Jes. 42:16).

God troos sy volk terwyl hulle in afwagting leef op die koms van sy Dienaar. Hy herinner hulle dat Hy hulle geskep het. Hy het hulle tot stand laat kom uit mense wat totaal verlore was. Hy gaan hulle nie nou los nie.

Al ervaar hulle vyandskap en gebrokenheid, hoef hulle nie bang te wees nie. Hulle is nie soos die ander volke nie. Hy weet presies wie hulle is. Hy ken hulle by die naam, want hulle behoort aan Hom.

Hy het reeds ’n pad met hulle gestap. Hy het hulle verlos uit Egipte en deur die waters van die Rooisee en die Jordaanrivier gelei. Op grond van wat Hy reeds gedoen het het, kan hulle daarvan verseker wees dat Hy hulle steeds sal beskerm en bewaar.

Hulle is so belangrik vir Hom dat Hy bereid is om ander nasies as ’n losprys te gebruik sodat sy volk vry sal wees van slawerny en onderdrukking.

Hierdie verse troos elke gelowige wat ly as gevolg van die lyding en stukkendheid wat ons oor onsself bring.

God se Dienaar, ons Here Jesus, is onderweg na die aarde toe. Terwyl ons op sy koms wag, hoef ons nie bang te wees nie, want

ons Here het self die losprys vir ons bevryding betaal. God is deur sy Gees met ons tot die dag dat ons Here weer kom.

Sing: Psalm 126-1:1, 2

Ds. EJ (Edmund) de Beer (Laeveld/Tzaneen)

Woensdag 3 Julie

Skrifgedeelte: Genesis 3:9-19
Fokusgedeelte: Genesis 3:9-19; NGB, Art 17

God soek die mens op

God se koms na die tuin het altyd met ’n gees van afwagting gepaardgegaan. God sou altyd iets bring. ’n Dier wat wag op ’n naam en een dag selfs ’n lewensmaat. Ook wanneer God net gekom het om met sy heerlike teenwoordigheid by sy skepping te wees, was dit vir Adam en Eva die hoogtepunt van die dag.

Nou, ná die vreeslike dag van verleiding en val, was alles anders. God kom aan en die mens sidder. “Bome val op ons en blare bedek ons!” Adam en Eva het straf en die dood nie geken nie. Hulle het nie geweet dat hulle deur die sonde hulle losgeskeur het van God, wat hulle ware lewe is, nie (NGB, Art 14). Hulle het net geweet dat dit hierdie keer anders is. Die vrymoedigheid, die mooi oop verhouding, was weg. Hulle was bang en kruip weg.

Ja, alles WAS anders. Dierevriende word vyande. Skaamte, selfsug, beskuldigings en verwyte word deel van die verhouding tussen mense en pyn en die drang na oorheersing kom daarmee saam. Sweet, bloed en trane word hulle deel op ’n vervloekte aarde. Alles en almal het anders geword.

Net God nie. God sou ook hierdie keer nie met leë hande na die tuin toe kom nie. Hy sou sy genade saambring. Hy staan as ’t ware reeds met die liggaam van sy eie Seun, die tweede Adam, in sy hande by die ingang van die tuin en roep met trane in sy oë: “WAAR IS JY, ADAM?”

Hoe vreeslik die gevolge van die sonde ook in jou lewe, jy het ’n God wat jou in genade opsoek. Jy kan maar ophou wegkruip en Hom in hierdie dag met afwagting tegemoet gaan. Hy bring altyd iets saam.

Dr. WC (Wim) Vergeer (Krugersdorp)

Donderdag 4 Julie

Skrifgedeelte: Genesis 18:6-19:38 (AFR33/53)
Fokusgedeelte: Genesis 18:23-26

Voorbidding

Voorbidding is ’n belangrike opdrag wat die Here aan ons gee. Dit beteken dat jy vir ander bid. Dan moet jy egter nie met God praat asof Hy jou gelyke is nie.

Abraham het in nederigheid met God oor Sodom gepraat. In hierdie stad het lelike dinge gebeur (Gen. 19). Abraham was nie bly omdat God die mense gaan straf nie. Hy pleit vir Sodom om genade. Hy trek nie God se woord in twyfel nie. Hy gee ook nie voor dat Sodom se sonde nie so erg is nie. Miskien is daar in hierdie goddelose stad nog mense wat God dien. En die regverdige Regter sal nie gelowiges as gevolg van ongelowiges se sonde vernietig nie.

Abraham besef dat hy klein en nietig voor God is. Daarom bely hy: ”Ek het gewaag om met die Here te spreek alhoewel ek self stof is” (vs 27). Die besef dat hyself uit genade gered is, laat sy hart na ander uitgaan.

Dit is hierdie besef wat jou dring om in volle vertroue priesterlik vir ander in te tree by God. Ons kan en mag nie koud en onbetrokke staan teenoor die wêreld waarin ons leef nie. Die Here wag en gee ag op ons gebede ter wille van ander sondaars, want Hy het uit genade sy eie Seun gegee om vir ons in te tree toe ons sy vyande was. Daarby tree Jesus nou nog vir ons by die troon van God in.

Pleit jy elke dag by God ter wille van jou medegelowiges en die sondige wêreld waarin ons leef?

Sing: Psalm 61-1:1,4

Ds. AP (Abraham) Krüger (Emeritus)

Vrydag 5 Julie

Skrifgedeelte: Numeri 15
Fokusgedeelte: Numeri 15:22-41

Wees heilig omdat jou God heilig is

Afgode is niks meer as menslike gedagtes nie. Ons Here God styg egter bo die mens se denke en dade uit. Hy is die totaal Andere. Hy is heilig, sonder sonde en ongeregtigheid. Daar is geen duisternis in Hom nie, sê Jakobus. Daarom wil hy dat sy kinders ook heilig dink en lewe.

In die gedeelte waarop ons vandag fokus, sien ons dat die Here wel onopsetlike sondes vergewe wanneer die voorgeskrewe soenoffer gebring word. Opsetlike sondes word egter nie vergewe nie, want die Here is met voorbedagte rade geminag en verneder. Dit geld vir sowel die hele gemeente (vs 22-26) as vir ’n individu (vs 27-31).

’n Konkrete voorbeeld word genoem: ’n Man wat moedswillig op ’n Sabbat hout bymekaar gaan maak het, is op bevel van die Here buite die laer gestenig. Ons moet dit altyd aangaande die Here onthou. Voor ons praat en voor ons doen, moet ons vra: Here, wat wil U hê moet ek doen? Op God se bevel het die Jode vier blou klossies aan die vier hoeke van hulle oorkleed gedra. Dit het hulle aan God se gebooie herinner.

Die Heilige Gees herinner ons aan die wil van God. Bid daarom vir ’n rein gewete. Goddank daar is net een sonde waarvoor die Vader in Christus nie vergifnis skenk nie: die sonde teen die Heilige Gees. Wie die Gees weerstaan, kom nie tot inkeer en bekering nie en kan daarom nie vergifnis ontvang nie.

Sing: Skrifberyming 38:3 (melodie Ps. 18)

Dr. NP (Klasie) Heystek (Emeritus)

Saterdag 6 Julie

Skrifgedeelte: 1 Konings 17:8-16; Jakobus 5:16-18 (AFR83)
Fokusgedeelte: 1 Konings 17:8-16

God sorg in die moeilikste van moeilike tye!

Die profeet Elia (sy naam beteken "Jahwe is my God") bots trompop met die goddelose koning Agab van Israel, sy vrou (Isebel van Sidon) en die afgod Baäl. Die boodskap van die Woord is dat reën, kos en lewe uit die hand van die Here kom. Hy hou sy verbondsbeloftes op alle plekke, in alle tye en omstandighede. Elia as gewone mens moes dit leer om God volkome te vertrou.

Die kanne en die kruike van die weduwee van Sarfat is onder die Here se beheer. Daar is nie grense vir die Almagtige God, die Skepper van hemel en aarde, se genade en sorg nie. Ons sien die belangrikheid van gehoorsaamheid in die voorsiening vir die weduwee. Dit is duidelik dat sy in die Here geglo het, want sy erken dat die Here sy God leef (vs 12). Maar sy moet steeds die opdrag van Elia gehoorsaam om vir hom water te gaan haal en 'n roosterkoek van die laaste bietjie meel en olie te maak.

Dit is wanneer sy die opdrag gehoorsaam dat die Here se belofte sigbaar word in die wonder dat die kruik met meel nie leeg raak en die fles met olie nie leeg loop nie.

Dit is vandag steeds so. Ons moet God alleen vertrou en gehoorsaam in alle tye en omstandighede. Ons is nie die slagoffers van ons omstandighede nie, maar moet die Here daagliks dank vir my beroep, my loopbaan, my bankrekening en my besittings. Want dit is aan ons geleen as gereedskap om Hom daarmee te dien, te eer en te prys vir sy sorg in hierdie land waar ons geplaas is.

Ons roeping is om die Here te dank vir ons versorging en met ons middele sy genade te verkondig.

Sing: Psalm 2-1:1

Ds. SP (Sarel) Venter (Pietersburg)

Sondag 7 Julie

Skrifgedeelte: 1 Konings 17:17-24
Fokusgedeelte: 1 Konings 17:17-24

God hou lewe en dood in sy hande

Na ’n tyd in Sarfat word die weduwee se seun siek en hy sterf. Die moeder se woorde aan Elia is verstaanbaar. Die Here het dan juis vir Elia na haar gestuur om haar en haar seun op ’n wonderbaarlike wyse in die lewe te hou. Dit lyk asof dit die Here se bedoeling is om hulle te laat lewe. Maar ook vra hierdie vrou haarself af in haar enorme verdriet en wanhoop of die doel van die Here nie moontlik anders is nie?

Elia gaan pleit in sy binnekamer vir genade. Sy gebed word deur die Here verhoor en die seun lewe weer. Die moeder bely in haar blydskap dat die Here die Almagtige God is. Hy is die houer van lewe en dood. Hierdie vrou in die hartland van die Baälaanbidding ontdek wat die getrouheid van die God van Israel vir ’n mens beteken. Om op Baäl te vertrou, was betekenisloos. Baäl belowe voedsel, maar kan nie reën gee nie. Hy belowe lewe, maar kan dit nie gee nie, want elke afgod is magteloos.

Hierdie gebeure rig ons geloofsoë op die betekenisvolste gebeurtenis in die geskiedenis van die wêreld – Jesus se kruisdood en opstanding. Die Here doen iets wat niemand nog ooit kon doen nie – Hy oorwin die dood. Die Seun van God staan uit die graf op en oorwin sonde en die dood. En Hy gee ewige lewe aan almal wat hulle vertroue in Hom alleen plaas. God is getrou en onmeetbaar groot. Hy is die God van die kosmos en in beheer van die droogte en reën, die kraaie, die kanne en die kruike, ook van die lewe en die dood.

Ons lewe elke dag uit die genade wat ons in Jesus Christus het. Hy het inderdaad alle mag in die hemel en op die aarde. Hy is die weg, die waarheid en die lewe tot in ewigheid.

Sing: Psalm 2-1:6

Ds. SP (Sarel) Venter (Pietersburg)

Maandag 8 Julie

Skrifgedeelte: Job 14:1-12
Fokusgedeelte: Job 14:4

By wie vind jy jou toevlug?

Job vra die vraag in vers 4: Wie kan rein uit onrein laat voortkom? Die antwoord is onomwonde: Niemand nie!

Om hierdie stelling te bewys, word die lewe van ’n mens vergelyk met ’n blom en ’n skaduwee. Vers 2 is duidelik dat die blom verwelk en die skaduwee is iets wat verbygaan. Alles is met ander woorde tydelik. Net soos die lewe van die mens, tydelik en vol onrus (vs 1). Die toekoms lyk so bleek. Alles word deur God bestuur. Wie kan verander?

Dit voel soms asof ’n mens se lewe in ’n doodloopstraat is. Asof niks reg wil loop nie. Dit lyk op die oog af asof jy nie kan verander nie. Wie kan die rein uit die onrein laat voortkom? Niemand nie!

Dit maak jou jaloers as jy na die natuur kyk. Vir ’n boom is dit moontlik dat hy weer kan uitloop as hy afgekap is. Daar is lewe, al lyk dit dood. Hoekom moet die lewe vir ons as mens anders wees? Hoekom moet ons soos water verdamp en soos ’n rivier opdroog? Is daar dan nie vir ons ’n toevlug nie?

Dit is Paulus wat aan ons die troos bied as ons Romeine 11:17 lees: Party van die takke is uitgekap en jy, ’n wilde olyf, is tussen die ander takke op die mak olyf ingeënt. So het jy deel gekry aan die lewensap van die mak olyf se wortel.

Hierdie verwysing is na niemand anders nie as Jesus Christus. Al lyk dit asof daar vir ons geen toevlug is en geen toekomsverwagting nie, dan laat dit ons besef dat daar lewe is in Christus. Hy is deur die Gees ons enigste toevlug. Deur die geloof ontvang ons lewe. Christus skenk die lewe. Ons moet ingeënt wees in Hom sodat ons weer kan lewe, groei en besef daar is ’n toevlug tydens ons swaarkry en beproewing. Daarom is die antwoord op die vraag in vers 4: niemand op aarde nie. Maar in Christus is daar lewe en ’n toevlug.

Sing: Psalm 65-1:4

Ds. N (Neville) Boy (Thabazimbi)

Dinsdag 9 Julie

Skrifgedeelte: Psalm 6:1-11
Fokusgedeelte: Psalm 6:5

Die Here help, want Hy is getrou

Daar is ’n worsteling by Dawid in hierdie Psalm. In die eerste plek is hy siek. In daardie tyd is daar geglo dat siekte kom as gevolg van ’n spesifieke sonde wat gepleeg is. Daarom die gedagte in vers 1 dat daar gebid word dat die Here hom nie straf in sy toorn nie. Hy besef dat sy enigste uitweg en toevlug by die Here lê. Hierdie siekte maak hom gedaan. Hy is uitgeteer en hy kwyn weg. Meer as dit egter beleef Dawid dat sy teëstanders bydra tot sy omstandighede. Vers 8 vertel hoe die optrede van sy teëstanders daartoe lei dat hy ook verswak.

Ons beleef in ons lewens baie beproewings wat maak dat ons gespanne raak, rondom ons finansies, ons skoolwerk, ons huwelike. Baie keer speel ouderdom ’n groot rol en ons gesondheidstoestand. Dit dra daartoe by dat ons meer bekommerd raak omdat ons soms gediagnoseer word met een of ander kwaal of toestand wat maak dat ons besef dit is daar om te bly. Dit gaan nie weg nie. So ook die weerstand wat ons beleef in ’n samelewing wat nie wil aanvaar dat God God is nie. Hulle wil nie die Woord as waar aanvaar nie.

Dawid se uitweg: Neem my weer onder u sorg, Here, en red my lewe. Help my, want U is getrou (vs 5). Hierdie uitroep van Dawid is vervul in Jesus Christus wat verlossing geskenk het vanuit die sonde en ons verlos het van die toorn van God. Ons kan nie anders nie. Ons moet ook tot God bid. Neem my weer onder u sorg.

Deur sy Gees staan Hy ons by en skenk aan ons krag om te midde van ons swaarkry en beproewing te beleef hoe ons getroos word en krag ontvang om staande te bly te midde van aanslae van die samelewing en ons eie persoonlike probleme. Daarom kan Dawid uitroep in vers 10 dat die Here geluister het na sy smeking en sy gebed aangeneem het. Die Here het gehelp, want Hy is getrou aan elkeen wat Hom dien en Hom aanroep in hulle lewens. God is jou enigste uitweg.

Sing: Skrifberyming 17-2:5, 6 (18)

Ds. N (Neville) Boy (Thabazimbi)

Woensdag 10 Julie

Skrifgedeelte: Psalm 62
Fokusgedeelte: Psalm 62:10 (AFR83)

Vertrou op God alleen vir bevryding

Wanneer ’n mens Psalm 62 lees, identifiseer jy sommer gou met die omstandighede en die emosies van die digter. Hy ervaar stres, teenkanting en bedreiging. Dinge wat ons in die tyd waarin ons leef, ook dikwels ervaar.

Daarom word hierdie Psalm soms die stres-psalm genoem. Ons moet egter bietjie dieper lees. Dis eintlik ’n lied waar die digter innerlike rus besing. Hy leer die leser hoe om op aanvegting, teenkanting en stres te reageer. Hierdie is waardevolle raad, want Dawid het ondervinding van teenstand en bedreiging.

Sy praktiese raad is, verrassend genoeg, om te wys wat mens nie in hierdie tye van stres moet doen nie. Jy moet nie op mense vertrou nie. Hulle is oneerlik, vertrou op aardse skatte en val terug op geweld. As jy dink jou uitkoms lê by ander mense, maak jy ’n fout. Hulle weeg niks in God se skaal nie. Mense van hierdie wêreld is soos ’n asempie. Hulle raad en steun beteken niks.

Dawid se raad is dat jy op God alleen vir bevryding moet vertrou. Sy onderrig kom hier in die vorm van ’n geloofsbelydenis. Hy praat uit eie ervaring. In hierdie lewensles van die digter hoor ons Jesus se woorde eggo: “Julle moet nie ontsteld wees nie, glo in God; glo ook in My” (Joh. 1:14).

In ’n wêreld vol stres vind die gelowige geborgenheid by God alleen. So word ’n donker gemoed gelig. Hy alleen het mag om jou van jou probleem te bevry. Bly op Hom vertrou, Hy sal jou nooit in die steek laat nie.

Sing: Psalm 62-1:1, 6

Ds. CB (Christo) Swanepoel (Lyttelton)

Donderdag 11 Julie

Skrifgedeelte: Psalm 73 (AFR83)
Fokusgedeelte: Psalm 73:26

God wys vir jou ’n toekoms waar jy naby Hom sal wees

Hoe kyk jy na die lewe? Wat sien jy raak in die wêreld waarin jy woon? Die aktualiteit van Psalm 73 laat ’n mens verstom staan en fronsend dink … Dit klink of die psalm sommer in hierdie jaar geskryf is.

Daar is ’n raaisel wat ontrafel moet word. Dit lyk of ons omring is deur onregverdigheid. Net soos vir Asaf is dit sake wat net nie so hoort nie.

Die gedig worstel met twee pole. Aan die een kant sien hy voorspoed en vreugde. Die ander kant is vol swaarkry en lyding. Wat die ergste van alles is, die swaarkry sien hy by die gelowiges raak.

Die leser van die gedig hou egter goeie moed. In vers 2 sê die digter dat hy “byna” koers verloor het. Ons wag dus gespanne op sy insig en antwoord op die raaisel. Ons soek ’n antwoord by die digter op die onregverdigheid wat ons vandag nog om ons sien. Hy sing dat hy diep nagedink het om dié moeilike probleem te verstaan (vs 16).

Stadigaan skemer Asaf se oplossing deur. Sy antwoord? Hy het besef dat hy verder sal moet kyk. Die raaisel is opgelos.

Sy groot antwoord deel hy met die leser in vers 26. Hy kyk deur die swaar en dan besef hy aan wie hy behoort.

Die woord “behoort” sê ook vandag vir ons alles. Dit is hoe ver jy moet kyk. Jy behoort aan jou Saligmaker, Jesus Christus. Hy het dit weer moontlik gemaak dat jy naby aan God kan wees.

Sing: Psalm 73-1:10

Ds. CB (Christo) Swanepoel (Lyttelton)

Vrydag 12 Julie

Skrifgedeelte: Psalm 90:1-6
Fokusgedeelte: Psalm 90:1

Verganklik, maar nie verlore nie

Reuse tsunamibranders wat na onsigbare aardbewings onder in die dieptes van die see gebore is, het in die onlangse verlede die mens se tydelikheid beklemtoon. So sukkel ons almal daagliks om vas te staan in die strome en golwe van die tyd wat oor ons spoel. Ons het hierdie lewe net op bruikleen. Dit kan enige tyd weer teruggevra word.

In Psalm 90 lees ons dat die Here vir ons ’n skuiling, ’n huis op ’n rots bied in onsekere tye. Hierdie vastigheid is geborge in die ewige God. Alhoewel ons bestaan as mense soos dié van verganklike gras is, is die Here getrou. Alhoewel die mens onder God se oordeel staan en deur die Here se grimmigheid vergaan, bly God vir ons ’n toevlug. Ja, ons is nie dakloos nie. Ons het ’n huis. God is ons huis.

Dit is ’n psalmwoord wat ons net reg kan verstaan nadat ons ook die Johanneswoord gelees het: “En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon (Joh. 1:14). Letterlik staan daar in die Grieks: Die Woord het ons “getabernakel”. Daardeur is Moses se gebed in Psalm 90:13 verhoor. God het teruggekeer. Jesus Christus het sy bloed laat stort sodat u en ek nie sal vergaan onder God se toorn nie.

Ons is steeds verganklik, maar nie verlore nie. Met Christus se wederkoms word ons beklee met onverganklikheid en die sterflike word beklee met onsterflikheid (1 Kor. 15:54). Dan is ons in die ouerhuis van die Vader tot in ewigheid!

Sing: Psalm 90-1:1

Ds. G (Gustav) Opperman (Emeritus)

Saterdag 13 Julie

Skrifgedeelte: Psalm 90; HK Sondag 4, Vraag 10
Fokusgedeelte: Psalm 90:7

God se toorn oor die sonde

As Moses in Psalm 90 sê: “Ons vergaan onder u toorn”, praat hy uit ondervinding. Gedurende Israel se woestynreis het hy gesien hoedat ’n hele geslag vergaan het onder God se toorn as gevolg van hulle ongehoorsaamheid en ongeloof.

Die toorn of woede van ’n mens is aan ons goed bekend. Dit gaan gewoonlik met ’n hewige emosionele gemoedsopwelling gepaard en kom dikwels in heftige woorde en selfs pynigende dade tot openbaring.

As daar in die Skrif oor God se toorn gepraat word, word dieselfde woorde gebruik as vir die toorn van ’n mens. Dit is te verstane, want God kan nie met ons op ’n ander wyse praat as in die woorde van ’n mens nie. Tog is daar ’n duidelike verskil tussen die toorn van God en die toorn van mense. Die toorn van mense is gevul met sonde en meesal baie selfsugtig. Daarteenoor is God se toorn heilig en sonder smet.

Daar is volgens die Skrif geen teenstelling tussen die liefde van God en die toorn van God nie; inteendeel, dit staan in die nouste verband met mekaar. Die toorn van God kan dan ook as die vuur van sy gekrenkte en beledigde liefde aangedui word. God se toorn word deur die sonde gemotiveer. God se toorn is die onvermydelike reaksie van elke poging tot ontwrigting van sy liefde, veral as dit in menslike trots en arrogansie gedoen word.

Daarom sê God Self ook dat Hy jaloers is (Eks. 20:5) en selfs dat sy Naam Jaloers is (Eks. 34:14; 1953-vertaling). In Nahum 1:2 (1953-vertaling) word gesê: “’n Jaloerse God en ’n wreker is die Here, ’n wreker is die Here en vol grimmigheid; ’n wreker is die Here vir sy teëstanders, en Hy behou die toorn oor sy vyande.”

Die toorn van God is ’n openbaring van die wese van God (Rom. 2:8). Tog word meesal van God se toorn gepraat as dit op sy straf vir die sonde betrekking het (Eks. 32:10).

Daarom is die toorn van God iets wat die mens moet vrees (Ps. 6:2). Dit blyk uit die volgende uitsprake: “Dit is verskriklik om in die hande van die lewende God te val” (Heb. 10:31). “Want ons God is ’n

verterende vuur" (Heb. 12:29). Ons kan slegs van die toorn van God bevry word as ons in die Seun glo en Hom gehoorsaam (Joh. 3:36).

Sing: Psalm 90-1:1

Dagstukkie Almanak 2016

Sondag 14 Julie

Skrifgedeelte: Psalm 90:10-12 (AFR33/53)
Fokusgedeelte: Psalm 90:10-12

Leer om elke dag te tel

Kan dit tog waar wees dat 'n mens se lewe net moeite en verdriet, hartseer en rampe is? Kan dit regtig so wees dat die lewe net een groot smart is waaruit ons nie vry kom nie? Vir so baie gelowiges word hierdie woorde 'n werklikheid. Die uitnemendste en die beste deel van hulle lewe is net swaarkry.

Moses is self iemand wat swaar gedra het aan sy verlede. Hy moes sy volk agterlaat op 40 vanweë 'n moord wat hy gepleeg het. Vir 40 jaar was hy 'n swerwer in die woestyn. So het hy self 80 jaar geword toe die Here hom roep uit die wildernis. Vir die laaste 40 jaar van sy lewe het Moses nog swaarder gedra aan die sorge van God se volk, sodat hy selfs by Here daaroor gekla het. Wie van ons sal uithou met 'n gemiddeld van 400 begrafnisse per dag?

Tog hoor ons hier 'n diepe geloofsvertroue en wyse hart wat God berei het. Daar is geen mens wat God kan beskuldig dat sy lewe 'n straf is nie. Daarvoor het die Seun van God self die straf gedra. Ons vertroosting is juis te vind in ons swaarkry en beproewing.

Daarom moet ons leer om elke dag te tel. Dat ons dae sal tel soos rande in ons beursie. Dat elke kosbare dag ons sal opwek tot wysheid en 'n lewe van Godsvrees. Dan kan ons terugkyk in ons lewe en sien dat die goeie dae die swaar dae was. Die dae toe ons volkome op God vertrou het, dit is die dae waarin Hy ons self bewaar het. Tel jou dae met 'n wyse hart.

Sing: Psalm 90-1:7, 9

Ds. LJE (Lourens) Venter (Centurion)

Maandag 15 Julie

Skrifgedeelte: Psalm 103:18-28
Fokusgedeelte: Psalm 103:22

Die lof van die Here is my diepste roeping

Die Here is Koning oor sy ganse skepping. Psalm 103 roep die gelowige onderdaan van God op om Hom in alles te loof. Meer nog, die ganse skepping hoor hierdie oproep. In vers 22 word dit juis duidelik.

In die oproep sien ons twee sake wat ons lof aan die Here raak. In die eerste plek sien ons dat al sy werke opgeroep word om Hom te loof. Dit is die doel van die ganse skepping, ons ingesluit. Ons moet ons Maker loof. Nou is die vraag: Waar moet ons dit doen? Op al die plekke van sy heerskappy. God is nie net die Koning wanneer ek Bybel lees, by die kerk is of met godsdiens besig is nie. Van die skoolbanke tot by die tehuis vir bejaardes, van die kerk tot by die werk, Sondag tot Sondag, staan sy ganse skepping onder sy heerskappy.

Laastens kan ons weet dat die lof van die Here my diepste roeping is. Lof aan God raak my in my siel en ek moet myself aanspoor om van my siel af uit die lof van God te besing, te verkondig en uit te leef. Hoekom? Omrede Hy in Christus sy Koningskap en heerskappy so oor ons geopenbaar het dat ons Hom kan loof. Koninklik het Christus aan die kruis gesterf, omdat ons van die sondeval af gedurig in opstand teen God se heerskappy is.

Christus maak ons deur die gawe van sy Gees weer gewillig om onder die heerskappy van die Here te buig en dit uit te roep: “Loof die Here, o my siel!”

Sing: Psalm 150-1:1-3

Dr. C (Christiaan) Jooste (Waterberg)

Dinsdag 16 Julie

Skrifgedeelte: Psalm 117 en 118
Fokusgedeelte: Psalm 118:6

Lewe sonder vrees in die teenwoordigheid van die Here

Wie van ons kan vandag soos die digter van Psalm 118 sê: “Ek ken geen vrees nie”? So dikwels word ons harte vol kommer en vrees oor die toekoms van ons kinders of kleinkinders. Dalk vrees jy ’n ongeneeslike siekte of die gedagte om eendag oud te wees. Ons is dikwels diep in ons harte vol vrees.

Wat kan ons as kinders van die Here met al ons vrese doen? Psalm 118 lei ons na ’n antwoord: Lewe elke dag bewustelik saam met God. Dink aan God wat voortdurend by jou is. Dink aan God wat vír jou is en elke oomblik met jou is. Daar – saam met God, in sy teenwoordigheid en bewus van Hom en sy liefde vir jou – net daar kan ons van ons vrese ontslae raak. Die Here sê dit self in Jesaja 43:5 aan jou: “Moenie bang wees nie, Ek is by jou.” Dis wat Dawid in Psalm 23:4 getuig: “Selfs al gaan ek deur donker dieptes, sal ek nie bang wees nie, want U is by my.”

God kan en wil vandag by jou wees en jou van jou vrese verlos. Dit kan gebeur omdat Hy sy Seun oorgegee het om die grootste angs deur te gaan – die angste van die hel. Daar het Hy sy enigste Seun verlaat sodat Hy nou elke dag by elke kind van Hom kan wees. Jesus was die steen wat deur die bouers afgekeur is (vs 22). Sy eie volk het Hom verneder, uitgewerp, verstoot, gekruisig. Tog het Hy die belangrikste steen in die gebou geword. Hy is die Hoof van die gebou vol stene, die Koning van sy kerk.

Prys die Here vandag omdat jy ’n steen kan wees in dié gebou, ’n mens wat ware vrede in sy teenwoordigheid kan geniet.

Sing: Psalm 27-1:1

Ds. L du P (Wicus) van der Vyver (Silverton)

Woensdag 17 Julie

Skrifgedeelte: Psalm 127
Fokusgedeelte: Psalm 127:2b (AFR83/2020)

God vertroos gelowiges in hulle nietigheid

Het jy al nagedink oor jou nalatenskap? Baie voel gedrewe om ’n indrukwekkende nalatenskap op te bou, terwyl ander weer naarstigtelik spook om dit wat hulle reeds het vir die toekomende geslag te bewaar. Weerskante van die spektrum heers die vrees dat die lewe uiteindelik sal uitloop op niks – sonder sin, betekenis, impak of doel. Dat daar aan die einde van jou lewe gesê word, soos die Prediker dit weemoedig stel: “Alles is tevergeefs ... alles kom tot niks.”

In elkeen van ons se lewe kom daar ’n tydstip waar ons die lewe nugter in die oë moet kyk en hierdie nugterheid tot op ’n spitspunt moet dryf. Want ons moet besef dat tevergeefsheid ’n realiteit is waarmee ons moet rekening hou. In ons fokusverse gebruik Salomo driemaal die woord “tevergeefs” om ’n lewe sonder God, ’n lewe los van God, te beskryf. As die Here nie in jou lewe is nie, as Hy nie aktief bou, beskerm, gee en seën nie, is alles ’n gejaag na wind. Dit maak nie saak hoeveel ons bou, hoe versigtig ons bewaar, of hoe hard ons werk nie, sonder God is alles wat ons doen, futiel en dwaas.

Vir die gelowige kind van die Here geld presies die teendeel! Ons word deur die Heilige Gees geroep om ons aan God se soewereine Koningsheerskappy en voorsienende Vaderhand te onderwerp, ons lewe buite onsself in Christus te soek en altyd kinderlik nederig afhanklik aan Hom te bly. Wie so leef, wil God in genade aanneem en vir hulle geld die troosryke belofte: “Vir dié wat Hy liefhet, gee die Here dit in hulle slaap.”

Die kosbaarste wat God ons gegee het, is sy enigste Seun wat deur sy kruisdood en opstanding vir ons ’n ewige erfenis verwerf en verseker het. Christus se nalatenskap gee die deurslag en sy nalatenskap bepaal of ons lewe waarde – ewigheidswaarde – het!

Sing: Psalm 127-1:1, 2

Ds. CJ (Innes) Nagel (Louis Trichardt)

Donderdag 18 Julie

Skrifgedeelte: Psalm 142
Fokusgedeelte: Psalm 142:5, 6 (AFR83/2020)

God vertroos gelowiges in hulle nietigheid

Dawid bevind hom in haglike omstandighede. Hy is ’n voortvlugtende wat saam met ’n klompie lojale volgelinge wegkruip in Adullam-grot. Hy is doodsbenoud, geestelik uitgeput, moedeloos en swak. Wat sy gevoel van magteloosheid verder verskerp, is die feit dat hy geen steun of hulp van ander verwag nie. Hy kla: “Ek soek hulp, maar niemand wil my help nie.” Sy vriende was immers in dieselfde bootjie as hy. Hy sug: “Daar is vir my geen vlugkans nie en niemand gee vir my om nie.”

Dawid staan egter stewig geanker in sy geloof, hy bely: “U is my toevlug, buiten U het ek geen deel in die land van die lewendes nie.”

Hoe verskriklik moet dit wees om in ’n wêreld van miljoene mense alleen, stoksielalleen te voel en te moet sê: “Ek het niemand nie ...” Dis ’n pynlike ervaring, maar om jou van God én mens verlate te voel, is beslis die ellendigste van alles.

Genadiglik wil die Here nie hê dat ons alleen en verlate moet wees nie. Reeds na die skepping van Adam het Hy gesê: Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom ’n hulp maak wat by hom pas. Toe skep God vir Adam ’n ander mens, ’n medemens. Waar daar eers eensaamheid was, kom daar nou gemeensaamheid.

Bowenal begeer God ook gemeenskap met die mens. Daarom kom Hy Self, in die vleeswording van Jesus Christus, aarde toe om die intieme gemeenskapbande wat deur die sonde versteur is, te herstel. Ja, Christus het aan die kruis Godverlatenheid gely, sodat God se kind – ek en jy – nooit deur God verlaat sal word nie.

Voel dit vandag vir jou asof jy niemand het nie? Onthou tog dat jy in Jesus Christus Iemand het – Immanuel – God met ons. Dank God vir Hom wat aan die kruis niemand gehad het nie om vir jou waarlik dié Iemand te word.

Sing: Psalm 142-1:3, 4

Ds. CJ (Innes) Nagel (Louis Trichardt)

Vrydag 19 Julie

Skrifgedeelte: Psalm 144:1-10
Fokusgedeelte: Psalm 144:1, 2

Vertrou die Here

Suksesvolle mense lyk soms so gelukkig en voorspoedig, maar hulle het ook hulle uitdagings, probleme en vyande. Selfs 'n koning beleef omstandighede waarin hy magteloos en hulpeloos is. Met al sy leermagte en raadgewers was die magtige koning Dawid nie bestand teen die ontrouheid van bondgenote en hulle gemene streke, bedrog en leuens nie.

In sekere omstandighede voel jy as mens so onmagtig:

- Hoe gaan jy dit regkry om hierdie siekte te hanteer?
- ... om hierdie uitdaging by die skool aan te pak?
- Hoe kry jy jou huwelik weer op dreef?
- Hoe kan jy die spanning by die werk hanteer?

Dawid besef dat God se mag verder strek as sy eie mag en die mag van sy vyande. Ja, dat God heers oor alle omstandighede en magte buite sy beheer.

Dawid vertrou op die Here vir twee dinge:

- Eerstens dat God hom sal help om sy verantwoordelikhede na te kom: God leer sy hande om te veg, sy vingers om oorlog te voer.
- Tweedens dat God sal sorg vir die dinge waaroor Hy nie beheer het nie: dat God sy volk aan hom onderdanig sal maak en hom sal red van sy vyande.

Christus het vir ons gedoen wat ons nie kan nie ... Hy het ons sondeskuld betaal en ons verlos van die mag van Satan. Sy Woord en sy Gees gee vir ons egter die krag om ook te kan doen wat Hy van ons vra. Dit is om in alle omstandighede te volhard in ons geloof, in ons hoop en in ons liefde. So verander ons moeilikste uitdagings in geleenthede om aan Christus getrou te wees en Hom te dien.

Vertrou op die Here en jy sal vind dat jy instaat is om te doen wat Christus van jou vra, wat ookal jou uitdagings en jou omstandighede mag wees.

Sing: Psalm 18-1:13, 15

Ds. CJ (Christo) van Vuuren (Hartbeespoort)

Saterdag 20 Julie

Skrifgedeelte: Job 25
Fokusgedeelte: Job 25:2

Kan jy God beoordeel?

In die vorige hoofstuk kyk Job na die lewe om hom en dan verstaan hy nie vir God nie. Hy sien hoedat weerlose mense uitgebuit word en onregverdig behandel word. Niemand help hulle nie. Hy sien hoe arm mense skarrel om te bly leef en in die bittere koue amper sonder klere moet gaan slaap. In die nag staan die moordenaar en dief op om te roof. Hoekom laat God dit toe?

Ons sien vandag dieselfde dinge, maar ons sal God nie verstaan vanuit die sondige wêreld nie. Ons moet eerder die wêreld probeer verstaan vanuit wie God is.

Bildad verskuif die fokus na God toe en besef dan: In hierdie sondige wêreld is nie vrede nie. Hier is ook nie geregtigheid en regverdigheid te vinde nie. Die boosheid van die mens is daarvoor te groot. Die mens is voor God 'n wurm!

God egter is verhewe bo die sondige wêreld. Dit lei ons gedagte in twee rigtings.

- Eerstens: Ons is nie in staat om God se besluite te beoordeel nie. Christus het ons juis geleer om te bid: Laat U wil geskied ... Weerhou jouself dus om God te wil beoordeel uit wat die sondige mens hier op aarde aanvang.
- Tweedens: Vrede word net by God gevind; geregtigheid en troos vind jy by jou hemelse Vader.

Daarvoor het God sy Seun gestuur om met ons vrede te maak deur sy offer aan die kruis. Hierdie vrede vind jy in God se vergifnis en in die troos van die Heilige Gees.

As jy die prooi word van onreg, of jy word ontstig deur die onreg om jou, is dit dikwels jou enigste troos dat Christus ook hiervan weet, dat Hy jou gebede hoor en dat niks sy oordeel met sy wederkoms sal ontsnap nie. Dan kom lê die Heilige Gees sy vrede in jou hart.

Sing: Psalm 4-1:1, 2

Ds. CJ (Christo) van Vuuren (Hartbeespoort)

Sondag 21 Julie

Skrifgedeelte: Jeremia 17:1-13
Fokus gedeelte: Jeremia 17:7 (AFR2020)

Wees vertroos as jy op die Here alleen vertrou

Jeremia is die gestuurde profeet van God aan die volk Juda kort voor hulle ballingskap na Babilonië, wat 70 jaar sou duur as straf, maar ook as loutering as gevolg van hulle voortdurende sonde en afvalligheid. In die hoofstuk meld Jeremia ses van die sondes wat teen Juda aangeteken was, tog bevat ons teks van vandag net vier van die ses.

- *Afgodery* het hoogty gevier onder die volk van God in die beloofde land wat die Verbondsgod aan hulle geskenk het. Hierdie afgodediens en beelde het hulle lewens en land besoedel. In plaas daarvan dat die Wet van God op hulle harte gegraveer was, is hulle sonde nou ingeëts, totdat vergifnis gevra word.
- *Ongeloof* was die vrug van hulle sonde en praktyke wat veroorsaak het dat hulle meer op mense staatgemaak het as op God. So vergelyk die profeet dan ook die ongeloof wat uitloop op ’n dorre land teenoor die vaste geloof en vertroue wat uitloop op ’n vrugtevolle boom by n waterstroom. So sal die land van melk en heuning ook verander in ’n dorre verlatenheid sodra Juda in ballingskap gaan. Ongeloof was altyd vir die volk van God ’n probleem deur die geskiedenis en het hulle telkemale tot verval gebring (Num. 13-14).
- *Gierigheid* het hulle harte oorgeneem, die rykes het die armes uitgebuit. Geeneen het sorg gedra vir die ander nie, die hele volk het in verdeeldheid geleef en die howe was korrup. Jeremia gebruik in hoofstuk 6:13 ook ’n spreekwoord soos hier in vers 11 om die dwaasheid van gierigheid en rykdom aan te toon.
- *Veragting* van God het tot in die hoogste sale van Juda plek gevind. Selfs die troon van Juda was bevlek met sonde en skaamte in teen stelling met die troon van God wat skyn in heerlikheid. Juda het voor ’n verskriklike oordeel gestaan en die wat hulle rug op God draai, se naam sal in stof geskrywe staan om te vergaan met hulle.

As ons hierdie teks lees en oordink en luister na die sonde en dwalinge van God se volk, Juda, waar staan ons in die oordeel van God? Afgodery word so maklik deel van ons daaglikse bestaan wat ons so vinnig in ongeloof bring, omdat ons vertroue nie meer in ons

Here geanker is nie. Gierigheid vir roem en besittings of rykdom raak so maklik die dryfveer van ons gedagtes en werke dat ons vinnig ons God verag omdat Hy vereis dat ons in ons besig wees vir Hom moet tyd maak.

Soet klink die woorde van Jeremia vir elke sondaar mens: “Geseënd is die man wat op die Here vertrou, wie se vertroue die Here is.”

Sing: Psalm 1-2:1, 2

Ds. HM (Herman) Stavast (Wierdapark)

Maandag 22 Julie

Skrifgedeelte: Jeremia 31:1-40
Fokusgedeelte: Jeremia 31:23-25 (AFR2020)

Daar is troos en herstel in die beloftes van God

Gister het ons gelees hoedat Jeremia die sondes van die volk van God uitspel en ook die straf wat God beplan, verkondig. Vandag vind ons die groot kontras in ons gelese gedeelte teenoor bogenoemde. God is getrou, en nou bring Jeremia die beloftes van herstel en seën na die verbondsvolk van God.

Jeremia bring die belofte van God van herstel aan die verbondsvolk ten spyte van hulle sonde en die straf van ballingskap. Die volk van God sal herstel word in hulle terugkeer na Jerusalem. Hierdie woorde van Jeremia sien twee horisonne, die nuwe horison wanneer die volk Juda sal terugkeer na Jerusalem en opbou en uitbou sal plaasvind. Maar dan ook die tweede horison van die saambring van al die kinders van God uit die nasies van die wêreld met die wederkoms. Die profesieë of beelde wat God aan Jeremia gee in sy slaap, het baie meer betekenis as die hier en nou van die volk van God in hulle tyd en omstandigheid.

Hier sien ons die nuwe begin en die vooruitsig van die nuwe verbond wat God met sy kinders elkeen persoonlik tot stand sou bring in sy Seun (vs 29-30) Die ou verbond was om mense se gedrag te bepaal met regulasies en wette, maar die nuwe verbond sal die karakter van die mens verander. Dit sal die hart van die mens vernuwe om met die hele wese die wil van God te soek en Hom te loof en prys.

Ons leef in die nuwe verbond wat deur Jesus Christus vir ons gebring

is en ons leef met ons oë op die tweede horison van die wederkoms van Christus. Wat 'n voorreg om die beloftes van God te ontvang en ook te leef met die wat reeds in vervulling gekom het. Vertrou God alleen in alles wat jou hart oordink, want Hy kan nie ontrou wees aan sy beloftes nie.

Sing: Skrifberyming 14 (8-1):1, 2

Ds. HM (Herman) Stavast (Wierdapark)

Dinsdag 23 Julie

Skrifgedeelte: Matteus 11:25-30
Fokusgedeelte: Matteus 11:28 (AFR53)

Die Redder roep: Kom na My toe!

Die Here Jesus jubel oor sy kerk van verlostes. *Ek loof U, Vader, Here van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en verstandige mense en dit aan kindertjies geopenbaar het.* Christus loof God, wat Homself openbaar aan mense wat verag word vir hulle eenvoud, maar hulle gló wat God sê. Die Vader is lofwaardig vir die besluit om 'n gemeente uit te kies uit 'n wêreld vol sondaars. Ja, Vader, want so was dit u welbehae.

Die evangelie van redding deur genade sonder verdienste, ontneem sondaars se selfbeskikking. Alles is aan My oorgegee deur my Vader, en niemand ken die Seun nie, behalwe die Vader; ook ken niemand die Vader nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun dit wil openbaar. Sonder Christus kan niemand met die Heilige Vader versoen word nie en sonder die Vader se begenadiging ken niemand die Verlosser nie. Jesus rig met volkome gesag 'n uitnodiging wat volkome red. Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee.

Wêreldse mense worstel nie vermoeid en belas met hulle eie sonde nie. Daarom gaan die genaderoep van Christus hulle verby. Begenadigdes, in wie die Gees werk, ontvang die uitnodiging wat vertroos. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele.

Ons Here Jesus Christus eis totale onderwerping in biddende vertroue. Sy belofte is lewensveranderend en omvattend. Lewe en dood,

hemel en hel, is gekoppel aan vertroue op God, sentreer in Hom. Ongelowiges wat sy evangelie verag, gaan in hulle moedswillige sonde verlore. Uitverkorenes ontvang bemagtiging, jou Verlosser beloof veilige toevlug. Die vas en seker rus van vergifnis, wat Hy gee, sal jou siel oplig en vlerke gee, om Hom altyd te loof en te prys. Hy maak jou vermoeide en belaste lewe 'n voorregtyd, onder die sorg van die Heilige Gees. Jubel elke dag voor die Here. My juk is sag en my las is lig.

Sing Psalm 48-1:1, 5

Ds. LJ (Lou) Erasmus (Naboomspruit)

Woensdag 24 Julie

Skrifgedeelte: Matteus 26:36-46
Fokusgedeelte: Matteus 26:39, 42, 46 (AFR53)

Die Here offer Homself, welwetende wat gevra word!

Jesus nader die einde van sy lydensweg. Gewoond om tyd in gebed te spandeer, gebruik Hy sy voorkeur-bidplek op die Olyfberg, Getsemane.

Ten volle mens op aarde is sy voorkennis te groot vir een mens om te dra. My siel is diep bedroef tot die dood toe; bly hier en waak saam met My. Die oordeel van God wek vrees. Hy bid. *My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil.* Die Here stel 'n voorbeeld, Hy berei voor! Hanteer jou angs, vlug in vertroue na die Toevlug, gebruik die gebedshouding van ootmoed.

Ons mensheid is te klein vir hoër dinge, selfs die apostels is moeg. Jesus spreek tot ons gewetes, waarsku teen gebrek aan toewyding. Gemeenskap met God neem tyd. Spandeer wat nodig is. Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak. Inherente luiheid verwater ons geloof in agterlosige versuim. Ons versoekings is moedeloosheid, gebrek aan vertroue, twyfel aan God.

Die Here van gebed vertoon gebedsvertroue. My Vader, as hierdie beker nie by My kan verbygaan sonder dat Ek dit drink nie, laat u wil geskied. Opregte gebed het 'n tydsduur wat mensekrag beproef, selfs

die binnekring van apostels kán nie uit hulleself gee wat nodig is nie. In Christus se innige gemeenskap met die Vader ontvang ons groot genade ... die kerk slaap terwyl Jesus, ons Voorbidder, handel.

Vertroue groei in Godvererende gebed. Jy oortree nie om dieselfde gebed drie maal te bid oor dieselfde saak nie. Selfonderwerping bring die bidder voor God se besluit.

Jesus spreek sy krisis aan deur na sy Vader te gaan in die aktiewe stryd. Kyk, die uur is naby, en die Seun van die mens word oorgelewer in die hande van sondaars. Berustingskrag word ontvang. Gewilliglik dra Hy die verskriklike oordeel, onderwerp Homself aan die onreg van sondaars. Ómdat dit nie anders kan nie, tree Hy vorentoe, as plaasvervangende offer. Staan op, laat ons gaan. Leef dan in geloofsvertroue!

Sing: Psalm 146-1:3, 6, 8

Ds. LJ (Lou) Erasmus (Naboomspruit)

Donderdag 25 Julie

Skrifgedeelte: Romeine 6:15-23
Fokusgedeelte: Romeine 6:23

God gee lewe – leef daarom!

Ons is verlos, maar dit beteken nie dat ons nou ’n vrypas het om sonde te doen nie. Ons het sonde gedoen omdat ons slawe van die sonde was, want as slawe kon ons nie anders nie. Die duiwel is wel ’n baie slinkse baas wat sy slawe laat dink dat hy hulle ryklik sal vergoed. Op die oog af maak hy hulle gelukkig in hulle slawerny.

Die waarheid is egter dat die eintlike loon van die sonde die dood is. Hier gaan dit nie oor die biologiese dood nie, maar ’n vreugdelose, pynlike doodsbestaan wat vir ewig duur. Genadiglik het God ons van die heerskappy van die duiwel bevry. Die gelowige is nou vry sodat hy weer die wil van God kan doen.

Ons kan dit doen, omdat ons reeds die grootste geskenk van alle geskenke ontvang het, naamlik die lewe wat ons Here Jesus Christus namens ons verdien het. Die slaaf van die duiwel sloof homself af onder die heerskappy van sy harde, wrede baas om uiteindelik die dood as loon te ontvang. Die gelowige daarenteen het deur die

genade van God reeds die lewe as genadegawe ontvang sodat hy voluit kan lewe.

God het die ware lewe as 'n genadegawe gratis aan jou gegee. Lééf daarom voluit tot sy eer.

Sing: Psalm 116-1:5, 7, 9

Ds. HB (Bernard) Hattingh (Warmbad)

Vrydag 26 Julie

Skrifgedeelte: Romeine 14:1-12
Fokusgedeelte: Romeine 14:8, 9

Lewe tot eer van die Here!

Gelowiges – hulle is die "ons" van wie hier gepraat word – lewe tot eer van die Here en hulle sterf tot eer van die Here. Hoor jy dit? Alleen gelowiges kan tot eer van die Here lewe. Alle mense is in sonde vasgevang (Rom. 1-3). Sonde beroof God van sy eer. Alleen wanneer ons van die mag van die sonde verlos is, kan ons lewe tot eer van die Here.

Jesus Christus verbreek die houvas van die sonde op ons deur sy sterwe en opstanding. Hy verlos ons van die doodsbestaan in sonde. Hy vernuwe ons deur die Heilige Gees sodat ons kan onderskei wat die wil van God is. Verlos deur Jesus Christus kan gelowiges tot eer van die Here lewe. Dit doen ons wanneer ons onder leiding van die Heilige Gees volgens die wil van God lewe. Dit beteken ook dat ons dankbaar en diensbaar in liefde lewe. Dit is die kern van God se wil – dat ons in liefde sal lewe vir Hom en ons naaste!

Liefde vermy selfsug. Liefde gee ruimte – ruimte vir verskillende opinies en standpunte, ruimte om net groente of alles te eet, ruimte dat een dag belangriker as die ander of alle dae ewe belangrik kan wees.

Dit is nodig dat ons vandag in liefde ruimte aan mekaar gee in ons land en in ons kerk. Ons het leefruimte nodig om God te eer in alles wat ons doen. Mag ons in liefde aan mekaar lewensruimte gee om as verlostes deur Jesus Christus tot eer van God te lewe en te sterwe!

Sing: Skrifberyming 8:1, 2

Ds. FM (Freek) Dreyer (Noordrand)

Saterdag 27 Julie

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 12:1-10
Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 12:9-10

Christus se krag beskut my!

Paulus het gesukkel met die “doring in die vlees”. Hy bid ernstig tot die Here! Die Here antwoord: “My genade is genoeg!”

Moeilike omstandighede takel ons af en maak ons geestelik moeg. Dalk beleef jy ook vandag, ek is te moeg en sien nie meer uitkoms nie. Biddend roep jy tot die Here: My hemelse Vader, help my! My probleme en omstandighede oorweldig my. My siekte, my finansiële uitdagings, my werksdruk, my huwelik, my boelies en my geloofstwyfel wen my. Op my eie kan ek nie hierdie omstandighede hanteer nie.

Die Here antwoord Paulus se gebed. Sy antwoord is nie om die omstandighede te verander of die doring weg te neem nie. Die swakheid en pyn is nog daar. Deur die werking van die Heilige Gees word Paulus herinner aan die genade van die Here. Die grootheid van die Here se genade kan nie gemeet word nie (Ef. 3:16-19). Die Here se genade is vir ons oorvloedig! Christus se kruisdood is vir ons genoegsaam, ook in al ons omstandighede is ons meer as oorwinnaars deur die liefde in Jesus Christus.

Maak weer ten volle staat op die Here! Christus se krag beskut my! Al is ek swak, God werk kragtig en vertroos my in my swakheid. Juis wanneer ons swak is, vermeerder ons geloof en vertroue in die Here.

Die Here gebruik persone met swakhede en tekortkominge om kragtig in die koninkryk te werk!

Onthou dat wanneer jy op jou swakste is, werk die Here kragtig in jou en werk nog steeds met jou!

Sing: Psalm 103-1:1, 7, 9

Ds. ID de V (Danie) Potgieter (Rietvallei)

Sondag 28 Julie

Skrifgedeelte: Galasiërs 4:8-20
Fokusgedeelte: Galasiërs 4:13-14

Christus moet gestalte in jou lewe kry!

Wat ’n mooi en ernstige oproep sien ons nie hier van Paulus aan die Galasiërs nie. Hy het die eerste keer aan hulle die evangelie gebring terwyl hy siek was. Die gebruik was om van siek persone af weg te bly. Nie net kon jy self siek word nie, maar dit was beskou as ’n straf vanaf die gode. Tog het hulle goed gedoen aan Paulus deur hom te ontvang en sodoende het hulle die evangelie gehoor – hulle is deur God gekies en is vrygemaak van die slawerny van sonde. Christus het ook aan hulle die verlossing gebring! So het die Here self Paulus se siekte gebruik as geleentheid om die evangelie aan die Galasiërs te bring.

Na Paulus se vertrek is daar egter dwaalleraars wat hulle wil beroof van die bevryde lewe deur die geloof en hulle wil bind met ’n slaafse, onvrye en onmondige lewe wat gekoppel word aan die uitvoering van feeste wat die Here nie beveel het nie. Paulus se besorgdheid is duidelik saam met die oproep. Moenie terugkeer na dit wat bind en wegneem van die evangelie nie, maar laat Christus in julle gestalte vind.

Hoe maklik kan ons ook nie vaskyk in gebruike en tradisies en fees-geleenthede wat die Here nie beveel het nie. Hoekom is dit vir ons as mense so moeilik om te aanvaar dat ons nie deur ons eie optrede of gedrag gered word nie, maar slegs deur die kruisdood van Jesus Christus?

Mag Christus in ons gestalte vind! Mag die gemeente waar die Here jou geroep het waarlik Efesiërs 4:13 uitleef: “... totdat ons almal kom tot eenheid in geloof en in kennis van die Seun van God, en tot ’n volwassenheid wat in ooreenstemming is met die volgroeide gestalte van die volheid van Christus” (AFR2020).

Sing: Skrifberyming 20-1:3, 6, 7

Ds. ID de V (Danie) Potgieter (Rietvallei)

Maandag 29 Julie

Skrifgedeelte: 2 Timoteus 1:1-18 (AFR83)
Fokusgedeelte: 2 Timoteus 1:6-11

Blaas jou genadegawes weer aan soos ’n vuur!

As ek in die Bosveld gaan kamp, dan maak ek elke aand ’n vuurtjie met lekker bosveldhout, wat goeie, warm kole maak. Die volgende oggend as jy ontbyt maak, dan blaas jy net die as van die kole af, sit ’n bietjie fyn houtjies op en blaas die kole van die vorige aand totdat die vuur weer brand. Dit is hierdie beeld wat Paulus gebruik om Timoteus aan te moedig om die genadegawes wat hy ontvang het, weer aan te blaas sodat sy hart warm vir die evangelie klop.

Genadegawes, onder andere ons geloof, bly nie outomaties brandend nie. Jou geloof, jou genadegawes moet voortdurend gekoester en opgeskerp word, uit die Woord en met gebed deur met God besig te wees. Blaas die vuur aan! Blaas jou geloof weer aan die brand! Brand van ywer vir God en sy koninkryk!

Paulus is op hierdie stadium in Rome ’n gevangene. Paulus staar die dood in die oë. 2 Timoteus 4:6: “… Die tyd van my dood is voor die deur.” Maar Paulus dink nie net aan homself nie, hy is nie op homself gefokus nie, hy is gefokus op sy taak as apostel. Paulus skryf aan die jong predikant Timoteus en bemoedig en versterk hom in die geloof. Timoteus het ook gedurig aanmoediging nodig, soos almal van ons (1 Kor. 16:10-11). Paulus praat hom voortdurend moed in en versterk hom in sy dienswerk.

Wat is genadegawes? Die genadegawe waarvan hier gepraat word, is spesifiek om die Woord uit te dra, om te preek, om te getuig van die verlossing deur Jesus Christus (1 Tim. 4:14).

Genadegawes moet met ywer gebruik word. Deur die Gees, die wedergeboorte, word ons in staat gestel om God te dien.

Bid voortdurend vir vervulling van die Heilige Gees. Die probleem is dat selfliefde en egoïsme tot vrees lei. Vrees dat alles nie meer sal wees soos wat ek dit wil hê of gewoond aan was nie. Ons kan maklik bekommerd raak dat ons aansien, mag of geld of besittings of voorregte kan verloor.

Maar as ons biddend deur die werking van die Heilige Gees leef, ervaar ons die werking van 2 Timoteus 1:7: “Die Gees wat God ons

gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing."

Om hierdie rede word ons herinner om die genadegawes wat God gegee het, elke dag weer soos 'n vuur in ons lewens aan te blaas.

Sing: Psalm 119-1:17; Psalm 31-1:1, 17

Ds. GS (Gerrit) Kruger (Centurion)

Dinsdag 30 Julie

Skrifgedeelte: Jakobus 1:12-18 (AFR83)
Fokusgedeelte: Jakobus 1:12; 1 Korintiërs 10:13

Weerstaan versoekings deur standvastig in die geloof te bly!

As mense is ons geneig om God die skuld te gee as daar swaarkry of versoekinge in ons lewens is. Dit is so maklik om God te verwyt as daar swaarkry kom in ons lewens, 'n versoeking en dan wil ons die skuld op God plaas. Hoekom het God dit toegelaat? Hoekom het God dit met my laat gebeur? Hoekom het God toegelaat dat ek getrou het en nou skei, of dat ek nie goed gedoen het in my eksamens nie, of dat ek in die een of ander versoeking gekom het?

Duidelik in ons Skrifgedeelte lees ons dat dit die verkeerde gesindheid en verstaan van versoekinge is. Want God versoek ons nie. God wil nie dat ons sonde moet doen nie. God wil nie dat ons verkeerde keuses maak nie. Dit is onsself wat weens die verleidinge van Satan, die wêreld en ons eie vlees in die versoeking kom. Adam en Eva het weens die versoeking en verleiding van Satan sonde gedoen, alhoewel hulle geweet het wat die regte ding is om te doen. Hulle het toegegee aan die versoeking en sonde gepleeg. God versoek niemand nie. Ons lees in 1 Korintiërs 10:13: "Geen versoeking wat meer is as wat 'n mens kan weerstaan, het julle oorval nie. God is getrou. Hy sal nie toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; as die versoeking kom, sal Hy ook die uitkoms gee, sodat julle dit kan weerstaan."

God beproef ons wel. God bring soms swaarkry en beproewing in ons lewens, of 'n volk se lewe, sodat hulle sterker in die geloof daaruit kan kom. Dink maar aan Romeine 5:3-5. Daar lees ons spesifiek dat

ons ons kan verheug in die swaarkry omdat dit volharding kweek en egtheid van geloof en dat ons ook daarom ’n vaste en sekere hoop verkry. Hierdie hoop is die sekerheid van ons ewige lewe in ons Here Jesus Christus.

As die versoekinge ons egter oorval, moet ons biddend, in diepe afhanklikheid van God bly lewe. God is altyd getrou. God sal nooit toelaat dat ons bo ons kragte versoek word nie. God het juis die Heilige Gees as Trooster aan ons gegee om ons in hierdie lewe te rig en te lei. Deur ’n Geesvervulde lewe lei God ons in genade om as nuwe mense te leef, mense van die lig. Deur sy krag en genade moet ons altyd strydend bly teen die versoekinge.

Op die bestemde tyd sal daar ook vir ons uitkoms wees en ’n heerlike ewige lewe by ons Hemelse Vader. Bly vertrou, want God is getrou!

Sing: Psalm 146-1:3, 8

Ds. GS (Gerrit) Kruger (Centurion)

Woensdag 31 Julie

Skrifgedeelte: 1 Petrus 5:6-11 (AFR2020)
Fokusgedeelte: 1 Petrus 5:10-11

Sterk in die Here se krag

Verneder jou onder God se krag, en jy sal krag in sy sterkte vind. Of soos die apostel Paulus elders getuig: As jy swak is in jouself, is jy sterk in die Here se krag. So baie maal wil gelowiges op hulle eie kragte steun. U ken tog sekerlik hoe sommige gelowiges met bravade sal getuig dat hulle geloof nie sommer sal wankel nie. “Ek het tog die Here aan my sy, ek sal hierdeur kom.”

Hier staan egter ’n opdrag, ’n bevel: Onderwerp jou aan God. Stel jouself onder God se kragtige hand. As jy jouself wil verhef, sal jy tot ’n val kom, maar as jy jou gewillig onder God se almag stel, sal Hy jou self oprig.

Daarom kan jy jou bekommernis op die Here werp, want Hy het die vermoë om in alle omstandighede deur sy almag uitkoms te bring. Dit beteken egter nie dat jy maar kan agteroor sit en niks doen nie. Wees nugter en waaksaam. Wees op jou hoede. Staan die duiwel teë. Dra jou deel van die lyding van Christus met blymoedigheid.

Vir elkeen wat so in die geloof hulle krag en sterkte in God vind, sal Hy self ons lewe volmaak, bevestig en grondves deur sy ewige heerlikheid in Christus Jesus. Hy wat ons die volmaakte gehoorsaamheid geleer het in wat Hy gely het. Hy wat verneder is tot die dood toe, sodat ons deur sy dood verheerlik kan word. In sy krag is ons sterkte.

Dan kan ons saam bely dat die God van alle genade, wat ons geroep het tot sy ewige heerlikheid in Christus, nadat ons ’n kort tydjie gely het, ons volmaak bevestig, versterk en grondves! Aan Hom die heerlikheid en eer tot in ewigheid

Sing: Psalm 145-1:1, 10, 11

Ds. LJE (Lourens) Venter (Naboomspruit)

KWARTAAL 3 – DIE CHRISTEN SE IDENTITEIT

TEMA: DIE DERDE STEM VAN VERTROOSTING (Jes. 40:6-8)
Hierdie stem troos deur aan die volk te verkondig dat, alhoewel hulle self soos gras is wat vinnig verdor, hulle die Woord van God het wat ewig bly. God laat sy kinders op aarde nie in hulle nietigheid alleen nie, maar gee hulle die troos dat hulle die Een wat almagtig is en ewig leef, dien. Hy openbaar dit deur sy Woord en sy werke.

Augustus: God troos sy kinders deur sy almag

Donderdag 1 Augustus

Skrifgedeelte: Genesis 14:8-20
Fokusgedeelte: Genesis 14:19-20 (AFR53)

God moet geprys word omdat Hy sy almag tot voordeel van sy kinders aanwend!

Dit is ’n troosvolle gedagte dat ons ’n almagtige God dien. Dit beteken ons kan moed skep wanneer dinge swaar gaan, want ons God is almagtig. Hy kan enigiets doen. Niks is te groot of te moeilik vir Hom nie. Hy het byvoorbeeld net gepraat en daarmee het Hy ’n heelal geskep. Hy is die Allerhoogste, die almagtige Skepper, daarom moet Hy geprys word!

Ons lees dikwels in die Bybel dat God sy almag aanwend tot voordeel van sy kinders. Gewoonlik in gevalle waar Hy sy kinders uit moeilike en gevaarlike omstandighede moet red, toon Hy sy almag. Ook hier waar Abram die ontvoerde Lot uit die kloue van konings en hulle leërs moet gaan red met net meer as 300 man. Die oorwinning is duidelik die werk van die almagtige God. Daarom sing Melgisedek ’n loflied in vers 19-20 waarin hy die Allerhoogste prys vir die verlossing wat Hy bewerk het deur Abram se teenstanders in sy hand oor te lewer.

Die heel beste voorbeeld waar God sy almag aanwend om sy kinders te verlos, is natuurlik in die sterwe en opstanding van Jesus Christus. In sy almag wek die Vader sy Seun op uit die dood. In sy almag oorwin ons Here Jesus die dood deur op te staan uit die dood. In sy almag verpletter die Vader die werke van die bose. In sy almag wek die Gees die gelowiges op tot ’n nuwe lewe van gehoorsaamheid en dankbaarheid.

Daarom: Wanneer dit swaar gaan, kan ons op ons almagtige hemelse Vader vertrou om uitkoms te gee. Wanneer ons sy almag in ons lewens ervaar, kan ons lofliedere sing en Hom dank met ’n lewe van diens en dankbaarheid.

Sing: Psalm 46-1:1

Dr. HPM (Malan) van Rhyn (Pretoria-Noord en Aros)

Vrydag 2 Augustus

Skrifgedeelte: Genesis 17:1-8
Fokusgedeelte: Genesis 17:7 (AFR53)

Die almagtige God troos ons met die verbondsbelofte om vir ons en ons nageslag ’n God te wees

Dit is ’n troosvolle gedagte dat die almagtige en soewereine God met swak en sondige en nietige mense ’n verbond gesluit het en dat hierdie verbond ons nageslag ook insluit!

Ons het troos nodig, veral in die tyd waarin ons leef. Watter groter troos is daar as juis dit, dat God Hom aan ons verbind met ’n verbond, ’n ewige ooreenkoms. In ons Skrifgedeelte maak God allerhande beloftes aan Abram oor ’n groot nageslag en ’n land. Maar die hoofbelofte staan in ons fokusgedeelte: “En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as ’n ewige verbond, om vir jou ’n God te wees en vir jou nageslag ná jou.”

Net so min as wat ons die wese van God kan peil, net so min kan ons die diepte en die rykdom van hierdie belofte van die ewige en almagtige God, om vir ons ’n God te wees, deurgrond. Die troos hiervan strek ver en wyd en diep. Uiteindelik lei God se getrouheid aan hierdie belofte om vir ons ’n God te wees tot ons verlossing in Christus. Omdat God sy belofte gehou het om vir ons ’n God te wees, het Hy ook vir ons ewige verlossing bewerk deur sy Seun, Jesus Christus. Hierdie troos word mooi verwoord in ons belydenis in Sondag 1 van die Kategismus.

Die Gees van God maak ons so dankbaar daarvoor dat God ’n ewige belofte met ons gesluit het om ons God te wees, dat ons ook die eise van die verbond met vreugde nakom deur naby God te lewe en opreg te wees.

Sing: Psalm 105-1:1, 5

Dr. HPM (Malan) van Rhyn (Pretoria-Noord en Aros)

Saterdag 3 Augustus

Skrifgedeelte: Genesis 49:1-2, 22-26
Fokusgedeelte: Genesis 49:23-25 (AFR53)

Deur sy almag hou God sy kinders staande in moeilike tye

Ons lees in Genesis 49 hoedat Jakob sy seuns seën en in vers 22-26 lees ons die spesifieke seën wat hy aan Josef toesê. In vers 23 en 24 lees ons van boogskutters wat vir Josef aanval, maar dat hy staande sal bly "deur die hande van die Magtige van Jakob". Dit is natuurlik 'n verwysing na die almagtige God van die verbond. In vers 25 word Hy beskryf as "die Almagtige wat jou seën met seëninge van die hemel daarbo". In sy seën aan Josef lê Jakob dus duidelik klem op die almagtige God wat sy kind staande hou in groot beproewings.

Ons leef in 'n land en in 'n tyd waarin dit soms voel of ons ook teen 'n oormag te staan gekom het, waarin dinge net te veel vir ons raak. Elkeen van ons beleef ook persoonlike krisisse wat ons eie swakheid en afhanklikheid van God blootlê. Ons het behoefte daaraan dat ons deur die hande van die Magtige van Jakob staande gehou sal word, dat die Almagtige ons sal seën met seën uit hemelse geweste.

In Christus het ons die belofte dat God ons so sal bewaar dat daar nie eens 'n haar van ons koppe sal val sonder sy beskikking nie. Ook dat Hy ons in hierdie lewe sal bewaar, so lank as wat Hy ons in sy diens wil gebruik. Ook dat sy bewaring tot in ewigheid sal wees, dat Hy ons sal bewaar vir die ewigheid.

Loof en prys Hom, want Hy wil dit doen as ons liefdevolle hemelse Vader, en Hy kan dit doen as die Magtige van Jakob, die almagtige God van die verbond!

Sing: Psalm 33-1:2, 11

Dr. HPM (Malan) van Rhyn (Pretoria-Noord en Aros)

Sondag 4 Augustus

Skrifgedeelte: Deuteronomium 10:12-22
Fokusgedeelte: Deuteronomium 10:14-15, 17-18

Die troos van God se grootheid en uitverkiesende liefde, in ons liefde vir Hom

Om die Here van harte lief te hê, Hom te dien en te gehoorsaam, klink na 'n baie eenvoudige en maklike opdrag. Tog kry ons keer op keer in die Bybel die oproep om die Here lief te hê. Hoe maklik val ons nie maar weer terug in ons liefde vir onsself nie? Ons dien ons eie behoeftes en luister net na ons eie begeertes. Om die Here bo alle dinge lief te hê, bly vir ons 'n moeilike taak.

Waar die volk nou op die punt staan om in die beloofde land in te trek, onderrig Moses hulle vir oulaas in die Here se Wet, wat aan ons leer hoe ons God moet liefhê. Maar saam met die opdragte gee hy ook 'n motivering hoekom ons God moet liefhê en gehoorsaam, naamlik: God se grootheid en sy uitverkiesende liefde.

Hy wys ons op God se grootheid wanneer hy sê dat alles in die hemel en op aarde aan die HERE behoort (vs 14). Selfs die hoogste hemel, met ander woorde dit wat bo die mens se waarnemingsvermoë is, behoort aan die HERE. Hiermee word God se absolute soewereiniteit oor die skepping beklemtoon. Hy word nie deur ons as mense omgekoop of deur ons goeie werke verplig om iets te doen nie. Hy is die grote, magtige en gedugte God aan Wie alle lof en eer en heerlikheid toekom (vs 17)!

Hierdie grote God het egter in sy liefde ons uitverkies uit al die skepsels en uit alle mense, om sy kinders te wees. Hy het uit loutere genade ons deel laat kry aan die verbond wat Hy met Abraham gesluit het – sodat Hy vir ons 'n God is en ons sy kinders! Ons kan net daarin deel omdat Christus ons met God versoen het. Waar God ons weens ons liefdeloosheid moes straf met die dood, het Christus die volle prys vir ons sondes betaal.

Kom ons vind ons troos in God se grootheid (sy almag) en in sy uitverkiesende liefde. 'n Troos waarmee die Gees ons lei om Hom van harte lief te hê en te eer in ons hele lewe.

Sing: Psalm 40-1:4

Ds. PR (Retief) Gouws (Bergsig)

Maandag 5 Augustus

Skrifgedeelte: 2 Samuel 7:18-29
Fokusgedeelte: 2 Samuel 7:22-23, 28-29

Daar is geen teleurstellings in die Here se grootheid nie

Ons kan net dink wat 'n teleurstelling dit moes gewees het toe Dawid gehoor het dat hy nie die tempel vir die HERE mag bou nie (sien vs 5, 13). Tog hoor ons geen teleurstelling in sy gebed nie. Veel groter is sy dankbaarheid oor die belofte van God se genade in sy huis, wat oor geslagte heen sal strek. Stamelend sing hy 'n loflied oor God se grootheid, wat duidelik word in God se dade.

God se grootheid word sigbaar in dit wat Hy met Israel gedoen het. Hy het hulle uit genade sy volk gemaak en hulle met magtige dade uit Egipte verlos. In die woestyn het Hy hulle wonderbaarlik versorg en gelei, om hulle in die beloofde land te vestig. In Kanaän moes die volke erken dat hulle gode niks is nie teenoor die God van Israel wat kragtig sy volk bewaar. Dit alles gebeur in ooreenstemming met God se belofte wat Hy soveel jare gelede aan hulle voorvader Abraham gemaak het.

Hoe reageer ons op God se beloftes aan ons? Staan ons dalk teleurgesteld omdat God se beloftes nie altyd volgens ons behoefte is nie? Ons soek voorspoed, geluk en welvaart, terwyl die HERE 'n lewende verhouding met Hom beloof, waar Hy ons God is en ons sy kinders. Maar hoeveel groter en ryker is sy belofte nie? 'n Belofte waar ons waarlik God se grootheid sien. Want om in 'n lewende verhouding met Hom te kan wees, moes Christus ons met sy kruisoffer verlos van die slawerny van die sonde. En hoe wonderbaarlik versorg en lei Hy ons nie na ons beloofde land, die hemelse heerlikheid by God, nie! Waar die verhoogde Christus, as ewige Koning uit die nageslag van Dawid, nou God se raadsplanne tot uitvoering bring.

Kom ons vind troos in God se grootheid wat besonder sigbaar word wanneer Hy sy beloftes in Christus vervul. Kom ons wees verseker dat Hy al sy beloftes aan ons hou, omdat Hy as almagtige God ons met die goeie kan en wil versorg.

Sing: Psalm 105-1:1, 5

Ds. PR (Retief) Gouws (Bergsig)

Dinsdag 6 Augustus

Skrifgedeelte: Nehemia 1
Fokusgedeelte: Nehemia 1:5-6

God se almag en trou is ons troos wanneer ons bouwerk misluk

Hoeveel keer word ons nie ook soos Nehemia hartseer en bedroef gelaat wanneer ons bouplanne in God se koninkryk nie uitwerk soos ons gedink het nie? Ons doen bouwerk aan ons eie geloofslewe, ons bou aan ons huwelike, ons probeer om die gemeente op te bou, maar telkens voel dit of die bose 'n stokkie voor ons planne steek! Dit voel of ons net misluk en of die Here se eer wegbly.

In sy moedeloosheid vlug Nehemia in gebed tot God. Hy doen dit, want hy ken en bely die HERE as "God van die hemel, grote en gedugte God". Hy weet dus dat God almagtig is, oor alle dinge regeer en ons daarom kan help. Maar nog meer, Hy is die HERE wat getrou bly aan sy verbond wat Hy met ons gesluit het, en daarom wil Hy ons ook help. Só moet ons kennis van God en ons vertroue op Hom ons tot gebed en dade laat oorgaan, wanneer die lewe begin druk.

Die kennis van God se almag en trou bring ons egter tot 'n besef van hoe ver ons tekortskiet in ons gehoorsaamheid aan God. Nehemia bely sy eie sonde, asook die van sy familie en die van sy volk. In ons selfondersoek sien ons tog raak hoe ons God nie altyd liefhet soos Hy van ons vra nie. Besef ons ooit dat ons dikwels deel van die probleem is? Laat ons dit voor die Here bely!

Tog kan ons soos Nehemia onsself beroep op God se beloftes en ewige trou. Selfs al dwaal ons af, bly die HERE getrou en lei Hy ons terug na Hom toe. Christus was immers getrou tot in die dood toe, sodat ons, verlos van die sonde, ons Here weer kan liefhê en dien! Laat ons dus nie uit eie krag probeer bou nie. Kom ons plaas ons vertroue op Hom wat alle mag het en sy kerk bou en bewaar deur sy Woord en Gees.

Sing: Psalm 25-1:5, 6

Ds. PR (Retief) Gouws (Bergsig)

Woensdag 7 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 9
Fokusgedeelte: Psalm 9:10-11 (AFR53)
Loof God, want by Hom kan jy skuil

Blydskap en hartseer is dikwels sekondes uitmekaar. Baie van ons kan ons geheel en al met die stelling vereenselwig, heel moontlik ook u. Dawid se lewensreis getuig beslis hiervan, dan gaan dit goed en dan sleg, dan is daar vrede en dan oorlog, dan bou hy en dan vlug hy.

Lees ons die eerste drie verse van Psalm 9, is ons eerste gedagte dat Dawid dit sekerlik geskryf het in een van die goeie tye van sy lewe. Dawid loof, juig, en psalmsing tot die HERE, die Allerhoogste. Hy wil vertel van God se wonderwerke in sy lewe.

Lees ons Psalm 9 verder, is dit duidelik dat dit nie die geval was nie. Ons lees van vyande, haters, poorte van die dood, goddelose en heidene wat almal op Dawid aanstorm. Hoe kan Dawid in sulke tye 'n loflied sing? Die antwoord lê in ken en vertrou.

- KEN – Dawid ken God in diepte. Hy spreek Hom aan as die Verbondsgod, die getroue God wat ewig is en regverdig regeer oor die ganse skepping.
- VERTROU – Dawid vertrou God met sy hele lewe. Hy gaan skuil by God en weet dat Hy hom nooit sal verlaat nie, maar altyd by hom is.

Jesus Christus roep ook ons toe om by Hom te kom skuil (Matt. 11:28). Hy is die Koning van alle konings (1 Tim. 6:15). Wanneer u Hom ken, sal u Hom vertrou.

Vertroue in die HERE bring sekerheid en stabiliteit, dit maak jou hart bly selfs in tye van benoudhede. Vertroue op mense, jouself, jou gesondheid, jou beursie, jou vindingrykheid, jou, jou, jou bring geen stabiliteit nie, omdat dit vol ontrouheid en veranderlikheid is.

Sing vandag 'n loflied of u nou bly of hartseer is, want by God deur Jesus Christus kan u skuil en Hy sal u nooit verlaat nie.

Sing: Psalm 9-1:1, 6, 7

Ds. HL (Henk) Stavast (Nylstroom)

Donderdag 8 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 46
Fokusgedeelte: Psalm 46:2-5

God is ’n toevlug in die nood

Ellende, verlossing en dankbaarheid is die drie hoofdele van die Heidelbergse Kategismus. Ons fokusgedeelte kan ook maklik in die drie dele saamgevat word. Die kinders van Korag is deur God geïnspireer om hulle nood, hulle uitkoms en hulle blydskap te verwoord. Deur hulle psalmlied wys God ons ook op ons nood, waar ons uitkoms lê en hoe dit ons sal verbly.

Natuurlik wil niemand in nood verkeer nie, en tog ervaar elkeen van ons benoudheid in hierdie lewe. Moeilike weë kan egter tog geseënde weë wees. Die Psalmdigters het ontsettende nood ervaar, dit het vir hulle soms gevoel asof hulle hele lewe geskud en geruk word. Die nood het amper gevoel soos bruisende watermassas wat hulle oorspoel en waarin hulle gaan verdrink.

U kan miskien op die oomblik ook sulke benoudheid beleef en dan roep God deur die psalm tot u. God roep deur die psalm tot u om by Hom te kom skuil. Die kinders van Korag kan nie uit hulleself tot God vlug nie (lees maar Num. 16), dis alles net deur genade deur die versoening van Jesus Christus en die werking van die Heilige Gees. Wat ’n groot troos, deur Jesus Christus ons Middelaar kan ons, kan u, na die Almagtige God vlug en by Hom skuil. Ons vlug tot God deur gebed en smeking, deur vas te hou aan sy Seun, ons Koning, deur die voorbeeld wat Jesus Christus vir ons nagelaat het.

Die psalmdigters wys dat deur by God te skuil, hulle nood verander het in blydskap, blydskap te midde van beproewinge. Die bruisende water maak plek vir stroompies wat verkwik en nie verwoes nie. Dit laaf en laat die dors verkwyn, so openbaar Jesus Christus dat die wat drink van die water wat Hy hulle gee, nooit meer dors sal kry nie (Joh. 4:14), maar dat hulle verkwik sal word en met blydskap ook vir ander sal vertel.

Erken u nood, gaan skuil by God en vertel met blydskap God se genade werke in u lewe aan ander!

Sing: Psalm 46-1:1, 6

Ds. HL (Henk) Stavast (Nylstroom)

Vrydag 9 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 89:7-15
Fokusgedeelte: Psalm 89:7-15 (AFR83)

Vind jou troos en beskerming by God

Baie mense sien hulleself as slagoffers van magsmisbruik, misdaad, korrupsie, geweld, oneffektiewe regeringstrukture. Hulle voel weerloos en uitgelewer, slagoffers van die situasie. Vreugde en vrede is skaars in hulle lewens. Soveel voel onveilig, onseker. Hulle is opsoek na ankers en beskerming.

Waar moet jy beskerming soek in hierdie tyd? Daar is net één plek: by God. Hy is God. Niks en niemand kan met Hom vergelyk word nie. Daar is selfs in die hemelse vergadering heilige ontsag vir Hom. Sy krag is groot. Sy trou oral. Hy heers nie net in die hemel nie, maar ook hier op aarde. Hy heers selfs oor die see en het die seemonster Rahab verslaan. Seemonsters was ’n simbool van krag in die antieke tyd. Rahab was beeld van Egipte waaruit God hulle wonderdadig gelei het.

Nader: God is skepper van alles, jou ingesluit. Sy heerskappy is gebou op reg en geregtigheid.

Liefde en trou is kenmerkend van wat God doen en verwag. Jy is immers na sy beeld, as sy verteenwoordiger geskape.

Kyk hoe groot is God se liefde vir jou. Hy het jou nie in jou sondenood gelaat nie. Hy het Jesus Christus gestuur om jou met Hom te versoen en jou deel van sy huigesin te maak. Hy gee aan jou krag deur die Heilige Gees om in geloof aan hom vas te hou.

Hy is by jou in hierdie stukkende wêreld. Hy verwag van jou liefde en trou. Jy is immers beeld en verteenwoordiger van God.

Sing: Psalm 91-1:1, 6

Dr. PJ (Peet) Vermeulen (Wapadrant)

Saterdag 10 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 91
Fokusgedeelte: Psalm 91:1, 14 (AFR83)

Vertrou op God, jou toevlug en beskerming

Die tyd waarin ons leef, vra wysheid. Tragies dat daar so baie valse inligting as waarheid versprei word, byvoorbeeld dat jy as gelowige net aan Psalm 91 moet vasgryp en dit sal jou vrywaar van siekte. Wanneer mense dan siek word, is die gevolgtrekking: Dit help nie om te glo nie, want dit werk nie.

Psalm 91 is ’n wysheidspsalm. Hierdie wysheid gaan daaroor om reg voor God te leef. Psalm 91 begin:

Hy wat by die Allerhoogste skuiling vind
en die beskerming van die Almagtige geniet,
hy sê vir die Here:
“U is my toevlug en my veilige vesting,
my God op wie ek vertrou.”

Dit gaan daaroor dat jy wat by die Allerhoogste skuiling vind, onwrikbaar op God vertrou. God se reaksie op jou as gelowige vind jy in vers 14:

“Omdat hy My liefhet, sal Ek hom red,”
sê die Here.
“Omdat hy My ken, sal Ek hom beskerm.
Wanneer hy My aanroep, sal Ek sy gebed verhoor;
in sy nood sal Ek by hom wees,
Ek sal hom red en hom in sy eer herstel.”

Psalm 91 is nie ’n absolute versekering dat jy, gelowige, nie sal siek word nie, maar ’n versekering dat God by jou wat Hom liefhet, sal wees. In jou nood sal Hy jou red en jou in jou eer herstel.

Dit is presies wat op Golgota gebeur het. In jou grootste nood, jou sondenood, het Jesus Christus jou gered. Hy het die straf vir jou sondeskuld gedra sodat jy vrygespreek is. Daarby het Hy aan jou sy Gees en die ewige lewe gegee sodat jy in jou nood kan weet: Niks kan jou van God se liefde skei nie (Rom. 8:32).

Sing: Psalm 91-1:1, 6

Dr. PJ (Peet) Vermeulen (Wapadrant)

Sondag 11 Augustus

Skrifgedeelte: Job 34:10-15
Fokusgedeelte: Job 34:12

Wanneer slegte dinge met goeie mense gebeur

Die vraag is so oud soos die mensdom self: “Waarom gebeur slegte dinge met goeie mense?” Hierdie vraag is egter nie heeltemal so oud soos die mensdom self nie. Voor die sondeval het die mens nie hierdie vraag gevra nie, omdat daar geen swaarkry was nie. Tragedie, pyn, hartseer en rampe is die direkte gevolg van die sondeval. Dit het eerstens tot gevolg dat ons ons lyding met ons verdorwe verstand probeer verstaan. Tweedens moet ons onthou dat selfs ons beste werke so vol sonde is dat ons niks van God verdien nie – allermins sy seën.

In die boek Job sien ons die worsteling met hierdie vraag in ’n tweegesprek tussen Job en sy vriende. Job se vriende is oortuig dat daar sonde in Job se lewe moet wees waarvoor hy gestraf word, en daarom gaan dit so sleg met hom. Job hou egter vol dat hy niks verkeerd gedoen nie – sodanig dat hy God se geregtigheid bevraagteken!

In ons gedeelte maak Elihu dit baie duidelik dat God nie onregverdig KAN wees nie. Hy is immers God, en sy hele wese is geregtigheid. Hy is die Almagtige Skepper van hemel en aarde, en ons as sy skepsels kan Hom nooit bevraagteken nie. Hy het ons met sy hande gevorm en sy lewensasem in ons geblaas. Alles wat ons is en het, kom van God af – ons kan op niks aanspraak maak nie. Ons verdorwe verstand maak dit onmoontlik vir ons om God se almag en sy gevolglike optrede te verstaan. Al waaraan ons kan vashou, is dat wat Hy ook al laat gebeur, in sy liefdevolle regverdigheid omvat is.

God demonstreer sy regverdigheid vir ons in Jesus Christus. Vir ons sonde verdien ons niks anders as die ewige dood nie. God se regverdigheid kan hierdie onreg nie ignoreer nie – dit moet gestraf word. Maar God put geen sadistiese genot daaruit om ons te laat ly vir ons sonde nie. Nee, Hy straf ons sonde aan Jesus, sodat ons regverdig voor Hom kan staan. En wanneer Jesus uit die dood opstaan, dan weet ons dat alle pyn en lyding in hierdie wêreld reeds deur Hom oorwin is.

Wanneer die seer van hierdie wêreld ons wil oorweldig, kan ons vashou aan die Almagtige God wat regverdig regeer, en weet dat niks ons van sy liefde in Christus kan skei nie.

Sing: Psalm 73-1:1, 6

Ds. JD (Dreyer) Potgieter (Meyerspark)

Maandag 12 Augustus

Skrifgedeelte: Jesaja 6:1-7
Fokusgedeelte: Jesaja 6:1-7

Presies hoe heilig is God dan?

God is heilig, maar besef ons werklik wat dit beteken? Het ons enige idee van die grootheid, die heiligheid en die almag van God? Selfs die Bybel laat ons slegs toe om na God te kyk deur 'n loergaatjie. Tog, met net 'n effense begrip daarvan, behoort dit ons lewe heeltemal te verander.

In Jesaja 6 lees ons oor die roeping van Jesaja as profeet. Hy moet gaan om die Woord van die Here aan die volk Israel te verkondig. Die teks begin egter nie met Jesaja as mens nie, maar met 'n beskrywing van die heilige God van hemel en aarde. Jesaja moet dadelik verstaan Wie hom roep. En die teks is skrikwekkend – God sit op 'n troon, maar Jesaja kan Hom nie werklik sien nie. Hy is omring deur rook en vuur. Selfs die serafs wat Hom dien, bedek hulle gesigte met twee vlerke. GOD IS HEILIG.

Jesaja word beskryf as 'n godvresende man, en tog is hy vreesbevange wanneer hy God in al sy glorie sien. Hy weet hy is onwaardig om in God se teenwoordigheid te verskyn. Erger nog, hy woon onder 'n volk wat in verskriklike sonde verval het. In daardie tyd het Israel eintlik boedel oorgegee in hulle stryd teen die sonde. Hulle het geweet dat God nie veel langer sy oordeel oor hulle sonde sou uitstel nie, dus het hulle maar besluit om in die vlietende plesier van sonde voort te lewe. Dit is hier waar die spreekwoord vandaan kom: "Laat ons eet en drink en vrolik wees, want more sterf ons."

Wanneer Jesaja God se heiligheid sien, kom hy weer onder die besef van sy sonde. Hy is onheilig, onrein en onwaardig. Hy verdien om te sterf. Maar die engel demonstreer God se genade wanneer hy

Jesaja se mond met ’n gloeiende kool aanraak. Die Bybel is duidelik dat die loon van die sonde die dood is. Verder beskryf die Bybel ook die dood as ’n plek wat brand met vuur. Dus simboliseer die kool teen Jesaja se lippe die afbrand van sy sonde. Hy is nou regverdig en heilig voor God – waardig om voor die heilige God te mag verskyn.

Jesaja se reaksie hierop is dat hy bereid is om sy hele lewe aan God te wy en gehoorsaam sy roeping as profeet uit te voer. Wanneer ons diep onder die indruk kom van God se heiligheid, dan behoort dit ons te dring om uit te roep na ons Verlosser, Jesus Christus. God het aan die kruis ons sonde op Jesus doodgebrand sodat ons volkome geregtig voor Hom kan staan en gewillig ons hele lewe aan Hom kan wy.

Wat is jou en my reaksie wanneer ons gekonfronteer word met God se heiligheid?

Sing: Psalm 48-1:1

Ds. JD (Dreyer) Potgieter (Meyerspark)

Dinsdag 13 Augustus

Skrifgedeelte: Jesaja 9:1-6
Fokusgedeelte: Jesaja 9:1, 5

Verlos uit die duisternis deur die almag van God

Jesaja 9 is ’n profesie van die geboorte van Christus. Die eerste hoorders hiervan het waarskynlik verstaan dat hulle uit die donker land van Babilon gered sal word om weer terug te keer na die beloofde land van hulle voorvaders. Tog besef ’n mens onmiddellik dat daar iets meer agter hierdie profesie is as blote redding uit hulle huidige omstandighede. Dat hierdie teks op Jesus Christus se koms wys, word in Matteus 1 en 4 bevestig.

Ons teksgedeelte praat van ’n volk wat in donker ronddwaal. Die grondteks skep dieselfde idee as die “donker dieptes” waaroor Dawid in Psalm 23 dig. Dis donker, dit vervul jou met vrees en jy voel ver van redding. Tog is Dawid nie bang nie, omdat hy weet dat God hom sal red – en Jesaja sinspeel ook hierop. Daarom word daar onmiddellik troos en redding verkondig.

Jesaja verkondig ’n Lig wat die volk uit die donker sal kom red,

wat hulle vreugde sal bring. Hy sal 'n Vredevors wees, Een wat met wysheid en geregtigheid regeer, 'n Ewige Vader vir sy volk. Dit kan Hy alles doen, want Hy is "Magtige God". Dink aan Johannes 1 waar Jesus Christus baie duidelik die Lig genoem word wat na die wêreld toe kom.

Dit is by Jesus as "Magtige God" waar ons vandag 'n oomblik wil stilstaan. God self verlos ons van sy oordeel. Jesus kon net op een manier die straf op ons sonde dra, en dit is deurdat Hy volkome God en mens is. Daar word vandag dikwels na Jesus verwys as 'n besondere mens, selfs 'n profeet wat 'n verskil gemaak het aan die lewens van die mense om Hom, en ons word dan opgeroep om hierdie voorbeeld van Hom te volg.

Tog is ons teks duidelik: Die Redder van die volk is Magtige God! Daarom kon Hy die oordeel van God op ons sonde aan die kruis dra, en ook die dood oorwin. Jesus as Magtige God is 'n kernbelangrike feit van ons geloof. Dit raak ons saligheid ten diepste. Sonder Jesus se godheid is daar verlossing nie. Jesus se Almag het my en jou uit die donkerste van ellende, ja, uit die dood self gered. Daarom kan ek en jy in die Lig lewe.

Sing: Psalm 23-1:1

Ds. JD (Dreyer) Potgieter (Meyerspark)

Woensdag 14 Augustus

Skrifgedeelte: Jesaja 40:12-31
Fokusgedeelte: Jesaja 40:25, 28

"Met wie kan julle God dan vergelyk? Met watter beeld kan julle Hom gelykstel?"

Ons God is die lewende, almagtige Skepper van hemel en aarde, wat oor alles en almal heers. Daar is niks in die skepping waarmee ons Hom kan vergelyk of uitbeeld nie. Hy is die Skepper, die onderhouer, die wyse en die Een wat in beheer is van alles en almal. Uit Hom, deur Hom en tot Hom is alle dinge. Die hele wêreld het deur sy krag tot stand gekom en is in sy wysheid gevestig, en selfs die hemel is met sy insig oopgesprei. Hoe kan enigiemand dan die skepsel en die Skepper gelyk wil stel? Dis onmoontlik!

Maar weet u hoe goed is God vir die wat aan Hom behoort? God het vir ons sy beeld gegee, nie alleen deur sy Woord aan ons bekend te maak nie, maar op ’n tasbare en sigbare wyse het God sy sigbare Beeld na die wêreld gestuur: Jesus Christus, ons Here.

Hy wat die beeld van God, wat deur die sonde geskend is, weer in ons kom herstel het. Hy het van ons sterflike, verganklike liggaam die woonplek van die Heilige Gees gemaak. Sodat dit nou ons roeping is om deur ’n lewe van dankbare gehoorsaamheid aan God, meer en meer aan Hom gelykvormig te word en so die beeld van God te vertoon. Ons lewe moet getuig van dankbare gehoorsaamheid aan God se Woord.

Sing: Psalm 2-1:1, 6

Ds. MJ (Thys) Erasmus (Pretoria-Magalieskruin)

Donderdag 15 Augustus

Skrifgedeelte: Jeremia 10
Fokusgedeelte: Jeremia 10:10, 16

Moenie die gewoontes van die heidennasies aanleer nie

Die verskil tussen God se volk en die heidene word telkens in die Skrif beklemtoon. Daarom mag God se volk Hom nie op dieselfde wyse aanbid as wat die heidene doen nie. In die woorde van Jeremia 10:2: *“Moenie die gewoontes van die heidennasies aanleer nie.”*

Feit van die saak is dat al is ons God se kinders, lewe ons nog steeds in ’n wêreld wat Hom nie ken nie. ’n Wêreld waarin ons maklik verlei kan word om God op ’n ander manier te dien as wat Hy in sy Woord vir ons geopenbaar het.

Daarom bring hy hierdie trooswoord van die Here na die nageslag van Jakob wat al in ballingskap weggevoer is. Hy wil hulle waarsku om nie die heidense praktyke en die beeldediens van die Babiloniërs en Assiriërs oor te neem nie. Hulle moet getrou bly aan die diens van die waaragtige en lewende God.

In hierdie gedeelte wys Jeremia op twee maniere waarin die heidene hulle afgode gedien het:

- Hulle het onder meer tekens in en van die hemel afgelees, omdat dit as ’n soort openbaring van die gode gesien is.
- Verder het hulle beelde gemaak om hulle gode uit te beeld en selfs die natuurelemente aanbid.

Vir elke ding was daar ’n sogenaamde god, want so hoor ons in vers 2 hulle was bang daarvoor. In wese is al hierdie dinge mense se eie bedinksels en die vrug van sondige begeertes en vrese. Die gevaar is dat ons ons eie vrese, gewoontes en tradisies belangriker kan ag as God self.

Daarom teken Jeremia die skerp teenstelling tussen God en die beelde wat mense van Hom het. Beelde is en bly nietighede en mensewerk. Ondanks al die werk en moeite wat die heidene insit om volgens hulle tradisie en gewoontes vir hulle afgodsbeelde te maak, is alles wat hulle doen nietigheid. So ’n beeld kan nie eers op sy eie voete bly staan nie. Dit moet met ’n hamer en spykers vasgeslaan word sodat dit nie sal omval nie. In teenstelling met ons HERE wat die hele skepping staande hou.

Sing: Psalm 115-1:2,3

Ds. MJ (Thys) Erasmus (Pretoria-Magalieskruin)

Vrydag 16 Augustus

Skrifgedeelte: Daniël 2:26-49
Fokusgedeelte: Daniël 2:31-35

Die wêreldryke

Nebukadnesar se droom beskryf die wêreldryke soos dit sal wees vanaf die Ryk van Babel tot die Romeinse Ryk.

- Die eerste boodskap van die droom is dat die wêreldryke, selfs al word hulle in die praktyk al groter en sterker, tog in wese minderwaardig word: goud, silwer, brons, yster en klei.
- Die tweede boodskap is dat die aardse ryke ook nog vernietig sal word, fyngemaal sal word soos kaf op die dorsvloer.
- Derdens leer ons dat daar ’n nuwe ryk sal kom wat vir altyd sal bly. Dit sal gebeur sonder menslike toedoen: die God van die hemel sal dit doen!

Al het Nebukadnesar dan daarin geslaag om die volk van God te

oorwin en die diens van die Here in Jerusalem voorlopig tot stilstand te bring, moet hy deur hierdie droom nogtans weet dat daar ’n God in die hemel is! Wie na die geskiedenis kyk, moet weet dat die laaste woord oor die mensdom se geskiedenis aan die Here behoort en dat sy koninkryk ’n ewige ryk is, die enigste ryk met permanensie en met ’n toekoms.

Sing: Psalm 2-1:1, 2

Ds. DHP (Dirk) Wijnbeek (Emeritus)

Saterdag 17 Augustus

Skrifgedeelte: Daniël 3:19-30
Fokusgedeelte: Daniël 3:28

Lof aan God begin by vertrouensvolle oorgawe

Wat is jou doel hier op aarde? Jy leef omdat die Here aan jou ’n ontsaglike taak opgedra het: Hy moet DEUR JOU al die lof en eer ontvang. Gebeur dit in jou lewe? Gee iets ’n ander doel as dit waarvoor jy dit gemaak het, en dit misluk. Lof en eer aan God, jou lewensroeping, BEGIN BY JOU VERTROUENSVOLLE OORGAWE AAN DIE HERE.

Net drie manne verontagsaam Nebukadnesar se bevel en weier beslis om sy beeld te aanbid. Hiervoor is hulle bereid om te sterf. Nebukadnesar word wit van woede. Hoe durf drie Joodjies in ballingskap hom teëgaan! Maak die oond nog sewe maal warmer! Sadrag, Mesag en Abednego se onverskrokke, standvastige, vertrouensvolle oorgawe aan die Here laat Nebukadnesar misluk in wat hy doen. Nebukadnesar en sy oond misluk. Die vuur doen hierdie manne niks. Die doel van sy hele seremonie misluk. Die bordjies is verhang!!

Niemand anders nie as Nebukadnesar bring nou lof en eer aan die Here. Hy erken dat die lof en eer aan die ware God behoort. Nou is hy die een wat nie sy eie beeld aanbid nie. En dit alles gebeur deur drie eenvoudige manne wat vas bly staan het. Drie manne wat hulle lot, hulle lewe vertrouensvol oorgegee het aan die Here.

Daar begin die sukses van jou lewensroeping, en van jou lewe. ’n Onnatuurlike gebeurtenis: die drie manne verbrand nie. Sal so iets vandag nog gebeur? Elke tree wat jy as gelowige gee, is onnatuurlik.

Jy moes ook in die vuuroond van God se toorn verbrand het, omdat die mens nie aan Hom al die eer gegee het nie, maar sy eie god wou wees. Christus tree egter tussenbeide en dra die vuurgloed van God se toorn. Ons het nuutgemaak, as't ware ongeskonde uit die vuuroond gekom. Nou kan ons ons lewensdoel uitleef: om aan Hom al die eer te gee.

Mag jy die doel dien waarvoor Christus jou uit die vuur van God se oordeel gered het.

Sing: Psalm 9-1:1, 7, 15

Ds. HJ (Hennie) Briel (Kimberley/Boshof)

Sondag 18 Augustus

Skrifgedeelte: Maleagi 1:1-5
Fokusgedeelte: Maleagi 1:2a

God se barmhartige liefde en sy soewereine haat

In die Bybel lees ons herhaaldelik hoe die Here se liefde aan sy kinders openbaar word. Die evangelie is immers die evangelie van God die Vader se liefde vir sy kinders. Die liefde van die Here het egter geweldige implikasie in die lewe van elke gelowige.

Die profeet Maleagi verkondig aan Israel wat die implikasie is van die feit dat die Here hulle as volk liefgehad het. Hy het in sy liefde Israel uit die slawerny van Egipte verlos. Die voorbeeld van Jakob en Esau wys daarop dat die Here nie die persoon aansien nie, maar dat Hy uit sy vrye genade sy liefde openbaar aan wie Hy wil.

Die teendeel van God se liefde, ondanks die sonde van Jakob, is die haat wat Hy vir Esau gehad het. Die liefde van die Here vir sy volk word juis in sy haat vir Esau duidelik. Ons moet nie verstaan dat die Here op grond van onregverdige motiewe vir Esau gehaat het nie, maar juis op grond van sy regverdigheid.

Esau het die seëninge van die verbond verag en ontrou daarmee omgegaan. Dit wek die Here se toorn oor die mens. Elkeen van ons verdien die Here se haat, want ons het onreg gedoen en in sonde verval, maar Christus het vir ons die regverdige haat van die Here gedra, sodat ons die ewige lewe kan hê.

Die openbaring van die Here se liefde vir Jakob en sy haat vir Esau raak elkeen van ons direk in ons daaglikse bestaan. Die eerste gevolg van die openbaring van liefde en haat roep die volk op om sy Naam in alles te verheerlik. Die Naam van die Here word verheerlik, want Hy is getrou aan al sy verbondsbeloftes. Die grondgebied van Edom is lank reeds vernietig, maar die Here gee herstel aan sy volk. Hy hou ons in stand en versorg ons sodat ons Hom altyd sal eer.

Sing: Psalm 75-1:1, 2, 6

Dr. C (Christiaan) Jooste (Waterberg)

Maandag 19 Augustus

Skrifgedeelte: Maleagi 1:6-14
Fokusgedeelte: Maleagi 1:6

Die Here eis sy eer op

As gereformeerde gelowiges weet ons dat die eer van die Here in alle dinge gesoek moet word. Die vraag: “Hoe kry God sy eer?” staan in die sentrum van die gelowige se lewe. In die tyd van Maleagi wil die Here die saak met sy volk uitmaak oor sy eer, want dit het in hulle daaglikse bestaan duidelik geword dat hulle sy eer nie meer voorop stel nie.

Die feit is dat alle eer God toekom. Die eer van die Here moet erken word in die feit dat Hy die skepper van alle dinge is, dat Hy as Koning oor alle dinge regeer en dat Hy die Vader is wat sy kinders in sy goedheid versorg. Ons het nou die roeping om die Here te erken as die Een wat alle eer te alle tye toekom.

Die hartseer feit is egter dat die volk van die Here Hom nie die eer en erkenning gegee het wat Hom alleen toekom nie. Hulle het nie ag gegee op die manier waarop die Here homself aan hulle bekendgemaak het nie. Dit het duidelik geword in die manier hoe hulle die Here aanbid het en die offers wat hulle met medewete van die priesters gebring het. Die eer van die Here is nie net ontneem deur ongehoorsaamheid nie, maar deur ’n louheid in hulle aanbidding en offerdiens. Die doel van die offers was juis om die eer en die heerlikheid van die Here sigbaar te maak, maar wanneer ons in geestelike louheid verval word God van sy eer beroof.

Waar die eer van die Here skade aangedoen word, sal Hy egter sy eer herstel. Dit word duidelik in die soenverdienste van ons Here Jesus Christus. Deur sy sterwe aan die kruis het Hy vir ons die versoening van al ons sondes bewerk sodat ons met ons Vader versoen is.

Nou het ons die roeping om hierdie evangelie van versoening uit te dra sodat die heerlikheid en die eer van die Here oor die hele aarde bekend sal word. Eindelik sal elke knie voor Hom buig en Hom alleen dien en verheerlik.

Sing: Psalm 146-1:1, 6

Dr. C (Christiaan) Jooste (Waterberg)

Dinsdag 20 Augustus

Skrifgedeelte: Lukas 1:26-38
Fokusgedeelte: Lukas 1:34-35

'n "Onmoontlike" geboorte

Die geboorte van elke mens is 'n wonderwerk van God. Wat is lewe? Hoe gebeur dit dat elke mens sy eie, unieke karakter het? Hoe gebeur dit dat 'n kind die liggaamlike en geestelike trekke van sy ouers oorerf? Al het die wetenskap verbasend veel ontdek op die voorgeboortelike terrein, kon dit die ware oorsprong van lewe, buite die almag van God om, nog nooit bevredigend verklaar nie.

As die begin en geboorte van 'n gewone mens so 'n groot wonder is, dan is dit nog veel meer die geval met Hom wat God en mens in een Persoon was, gebore in die krip te Betlehem. Só beskryf die engel aan Maria die oorsaak van haar liggaamlike verwagting van die Christuskind: "Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu."

Christus se geboorte was dus 'n geboorte uit die menslike onmoontlike. Dit was nog 'n groter wonder gewees as die "onmoontlike" verwagting en geboorte van Isak. "Sou iets vir die HERE te wonderbaar wees?" (Gen. 18:14).

Christus is inderdaad 'n geskenk van God aan sy mense – 'n groter geskenk as enige kersgeskenk! Ook was ons Here nie lydelik by sy geboorte of menswording gewees nie. Nee, Hy het die menslike natuur aangeneem, dus self 'n aktiewe rol gespeel. Christus se hele

menswording en lydenspad was ’n vrywillige soenoffer gewees. In niks was Hy ingedwing nie. So is ons Here dan as die Wonderkind gebore uit die kuise en nederige maagd Maria. En as ons in die feesgety geskenke aan mekaar gee, vrolik en gesellig is, dan moet ons nooit in ons blydskap die grootste Bron van Blydskap, die ewige Geskenk van God aan sy mense, uit die oog verloor nie: Jesus Christus, die Wonderkind van Betlehem, ons Verlosser!

Sing: Skrifberyming 1:1-3

Dr. IL (Izak) Bekker (Emeritus)

Woensdag 21 Augustus

Skrifgedeelte: Markus 5:1-20
Fokusgedeelte: Markus 5:1-20

Varke tel, of dienskneg van die Koning?

Ontwrigting is kenmerkend waar koninkryk en wêreld mekaar ontmoet. Mense word uit hulle rustige bestaan geruk en gedwing tot keuses wat nie sonder gevolge is nie.

In hierdie verse hoor ons van die oorwinning van die Lig oor duisternis. Opvallend is egter die verskillende reaksies op die gebeure. Die inwoners van die omgewing sien die deurbraak van die koninkryk raak in hierdie man wat ’n verskrikking was in die omgewing. Hulle sien die krag van Jesus, maar hulle reaksie is vrees. Daarom smeek hulle Hom om uit hulle gebied uit weg te gaan. Hulle is meer begaan oor die varke wat hulle verloor het, as oor die seëninge van die koninkryk wat in hulle midde teenwoordig is.

By die besetene wat van die legioen duiwels verlos is, is daar blydskap. Hy vereenselwig homself ten volle met die koninkryk en smeek vir Jesus om saam met hom te gaan. Volledige vereenselwiging bring ook gehoorsaamheid. Hy ontvang ’n opdrag en gehoorsaam dit.

Die koninkryk het in ons tyd vir baie ’n verleentheid geword. Sommige mense sou verkies om geen keuse te maak nie. Dan kan elkeen mos voortgaan met sy eie lewe en doen wat hy graag wil doen. Op dié manier is hulle egter besig om die verlies aan varke belangriker te ag as geestelike wins.

Besef dat God elke gelowige in hierdie wêreld wil gebruik. Hy neem

ons nog nie saam met Hom nie, maar stuur ons na ons eie omgewing. In hierdie opdrag is daar geen ruimte vir ’n keuse nie. Óf die koninkryk is vir jou ’n verleentheid, óf dit is ’n geleentheid tot diens.

Tel jy varke of dien jy die Koning?

Sing: Psalm 105-1:1, 2

Ds. BC (Ben) Smit (Pretoria-Meintjeskop)

Donderdag 22 Augustus

Skrifgedeelte: Markus 14:53-65
Fokusgedeelte: Markus 14:53-65

Blind, doof, stom vir die Waarheid

Die Waarheid staan voor hulle, en hulle moet leuens uitdink om hulleself te bluf. God die Seun staan voor hulle, en hulle beskuldig Hom van godslastering. Die Woord staan voor hulle, antwoord hulle, en hulle is stokdoof. Die Almag van God, die Lig in die duisternis, staan voor hulle, en hulle knyp hulle oë styf toe en probeer alles om die Lig te ignoreer.

Dit is vir ons skokkend dat mense so kan optree. Die leiers van die Israeliete, hulle wat die Woord van God die beste moet ken, wat moet leiding gee, is die wat lieg, doof is, blind is. “Is jy die Christus?”, word aan Hom gevra. “EK IS”, kom die antwoord. En dan, net spoeg en vuishoue, hande wat sy gesig klap.

Jesus is in die laaste paar ure voor die uitvoering van God se Groot Verlossingsplan, en selfs met dit wat voorlê, veral besig om ’n spieël voor die mense te hou. Hoe gaan jy reageer teenoor die Waarheid, gaan jy die Lig sien, gaan jy die Weg volg? Hierdie spieël is vir ons ook bedoel, om te kan sien hoe ons reageer, is hierdie vrae vir ons belangrik, sien en hoor ons dit alles?

Is daar situasies waar ons ook eerder die leuens volg, waar ons ons eie oë toeknyp en eerder die donker en die sonde volg? As die Joodse Raad se optrede ons met afgryse vul, dan kan ons tog nie soos hulle optree nie, dan moet daar vir seker niks van hulle optrede in ons lewe gesien word nie.

Wanneer jy deel kry aan die verlossing in Christus, deur God se almagtige genade, is jy deel van sy kinders. Dan wandel ons in die

Waarheid van die Woord, in die Lig van ons Verlossing, met die geklank van die Woord en die stem van die Heilige Gees in ons harte.

Sing: Psalm 103-1:1, 2

Ds. SJL (Lohan) Linde (Pretoria-Wonderboom-Suid)

Vrydag 23 Augustus

Skrifgedeelte: Johannes 11:17-27
Fokusgedeelte: Johannes 11:17-27

Alles sal verander

Hierdie geloofsbelydenis van Marta is besonders. Dit is ons troos en hoop in ons lewe. Nie net hier op aarde nie, maar die ewige hoop waaraan elke gelowige reeds deel het. Wanneer ons voor ons Here en Verlosser geplaas word, en die genade vloei deur jou wese, dan word jou hart van klip verander in 'n hart van vlees.

Saam met al die ander wonderlike seëninge wat ons dan ontvang, is die gawe om soos Marta in hierdie situasie te kan optree. Om te kan sê: "Maar selfs nou glo ek, weet ek, hou ek vas aan die Opstanding en die Lewe." Haar broer vir wie sy baie lief was, is pas oorlede, maar wanneer Jesus voor haar staan, is sy steeds vervul met hoop en troos en geloof, met die wete dat hierdie nie die einde is nie, dat wanneer ek in Jesus Christus glo, daar soveel meer is.

"Wie in my glo, sal lewe, al sterwe hy ook." Daar is so baie om na uit te sien in die lewe hierna, maar Jesus fokus ook weer Marta se aandag op dit wat nou hier voor haar gebeur. "Ek is hier vir jou, vir Maria, en vir Lasarus." Nou. Nie net vir eendag nie. Glo jy dit? Jesus gee vir elkeen wat in Hom glo die belofte dat alles sal verander. Nie eendag nie, dadelik. En daarom moet ons glo. Glo in die Opstanding en die Lewe, glo in die Christus, die Seun van God, die Een wat na die wêreld toe moes kom.

Dit is wat ons nou dryf, ons nou saam meesleur na die wonder toe van dit wat kom, maar ons ook die troos en krag gee om hier op aarde aan te hou strewe na dit waarvoor God ons geroep het, en hier geplaas het.

Sing: Psalm 23-1:1, 2

Ds. SJL (Lohan) Linde (Pretoria-Wonderboom-Suid)

Saterdag 24 Augustus

Skrifgedeelte: Johannes 14:1-7
Fokusgedeelte: Johannes 14:2

’n Woonplek vir elkeen

In elke mens se lewe speel ’n woonplek ’n baie groot rol. Dit maak nie saak of jou woonplek in ’n luukse woonbuurt of ’n alledaagse huisie langs die pad is nie. Elke mens is tog dankbaar om te kan sê: Ek bly daar. Vir hierdie huis kan ons so hard werk, so swoeg en sweet. 20 of 25 jaar lank kan ons gereeld elke maand ons swaarverdiende geld gee vir die huispaaiement. Na die tyd is jou huis afbetaal en het jy aan die instansie wat die geld geleen het, vier huise se rente betaal. Dan, na jare se stryd om af te betaal, jou tuin mooi te maak en alles net gerieflik, neem die kragte so af dat daar na ’n kleiner plekkie verskuif moet word. So dikwels kos die kleiner plekkie baie duurder as my mooi groot huis. So worstel die mense oor sy woonplek en kom nie tot rus nie, totdat alles eindig in ’n klein stukkie grond, ’n rusplekkie in die graf.

Is dit nou waar alle mense se lewe eindig? ’n Christen se lewe eindig nie so nie. Christus gee ’n heel ander perspektief op ons siening oor ’n woonplek. Hy gaan om vir ons woonplek gereed te maak in die hemel. Teenoor ons aardse woonplek wat verganklik is, is die hemelse onverganklik. Teenoor die daaglikse instandhouding op aarde is die woonplek gebou waar geen mot en roes verniel nie. Teenoor ons tralies en veiligheidshekke is die woonplek gebou waar geen diewe inbreek en steel nie. Teenoor ons groot skuldlas om ons huislenings af te betaal, is die woonplek klaar betaal.

Eintlik was die skuld so groot dat geen mens dit ooit sou kon afbetaal nie. Dit kon alleen betaal word met die liggaam en bloed van ons Here Jesus Christus. Ons aardse wonings, hoe klein of gerieflik dit ook al mag wees, is maar tydelike verblyf vir die kind van die Here; dit is maar ’n tentwoning.

Sien u ook uit om in te trek in die hemelse woonplek, ewig by God?

Sing: Psalm 84-1:1, 2

Ds. PA (Peet) Coetzee (Emeritus)

Sondag 25 Augustus

Skrifgedeelte: Johannes 15:1-7
Fokusgedeelte: Johannes 15:4

God se vereiste vir vrugdra

Hoeveel tyd gee jy vir die Here? Hoeveel vrug dra jy? Gewoonlik is die lidmate wat die dagstukkies lees, betrokke by die kerk, reël funksies en vergaderings, en hulle is betrokke by die uitdra van die evangelie. Hulle het baie tyd vir die Here!

Dit is goed en reg dat jy vir die Here werk. Die gelowige se lewe is egter altyd ’n lewe van balans. Jy het tyd vir die Here, maar hoeveel tyd spandeer jy met die Here? Die wedergeboorte is die inenting in die wynstok, Jesus Christus. Jy kan dus nie vrug dra as jy nie in Christus is nie. Om in Christus te wees, vra tyd met God. Dit vra tyd met God in gebed, Bybellees en -studie, anders is die tyd wat ek met die Here bestee, onproduktief. Ek moet eers tyd met God bestee om tyd vir die Here te gee.

My goeie vrugte wat ek dra, word dus nie bepaal deur hoeveel ek vir die Here werk nie, maar hoeveel ek met die Here verkeer. Hierdie woorde is ook waar vir ons predikante. Ons werk soveel ure vir die Here dat ons geneig is om tyd met God af te skeep. Die wanbalans het ’n baie negatiewe invloed op jou bediening!

Wil jy dus baie vrugte dra (vs 5)? Moet dan nooit te besig raak en jou gebed, Bybellees, Bybelstudie en kerkbesoek agterweë laat nie. Hoe meer tyd jy met die Here deurbring, hoe produktiewer sal jy vir die Here kan werk!

Sing: Psalm 84-1:2, 6

Ds. PA (Peet) Coetzee (Emeritus)

Maandag 26 Augustus

Skrifgedeelte: Handelinge 16:16-34 (AFR83)
Fokusgedeelte: Handelinge 16:30b, 31a

Wat moet ek doen?

Wat moet ek doen om gered te word? Dit is die vraag van die tronkbewaarder van Filippi. Wat moet ek doen? Kan ons iets doen om gered te word? Die antwoord van Paulus en Silas is kort: "Glo in die Here!"

Is geloof iets wat 'n mens doen, of beteken dit juis dat jy ophou om iets te doen? Is geloof nie juis dat jy jou laat red deur die Here Jesus nie en dat jy self niks doen nie? Alles is tog net genade van sy kant af.

Geloof ís iets wat ons moet doen. Wat ons moet doen, is om te glo. Geloof is tog om op te hou om op jouself te vertrou en jou hele lewe in die hande van die Here te laat. Dit is om op te hou om jouself te probeer red deur allerhande dinge te moet doen voor God jou genadig sal wees. Geloof is om jou heeltemal oor te gee aan jou Redder. Geloof is om alles van jou Verlosser te verwag.

Wat jy moet doen, is om niks te doen nie, want om iets te doen, kan jy nie! Dit is so moeilik, want ons wil nie ons eie swakheid aanvaar nie. Ons spook en spartel liewer om onsself te red, maar dit werk nie. Kyk eerder gelowig op na jou Redder en God! Gryp Hom vas en vertrou Hom! Dit is tog nie die daad van jou geloof wat jou red nie, maar die Een in wie jy glo.

Ten diepste is geloof nie iets wat jy doen – of nie doen nie. Geloof is 'n lewende verhouding met Jesus Christus. Dit is 'n verhouding waarin ek nie wys op wat ek alles doen nie, maar na Hom. Daar hang Hy aan die kruis, vir my! Daar sterf hy, vir my! Daar staan Hy op, vir my! Dit is die Een in wie ek glo! Dit maak die geloof aktief. Dan kan jy sien wat jy in die geloof doen: liefde, bewys jou oorgee aan God, diens lewer en dankbaar wees, omdat jy 'n geredde kind van God is!

Sing: Psalm 68-1:9

Ds. RG (Roelie) Aucamp (Emeritus)

Dinsdag 27 Augustus

Skrifgedeelte: Romeine 6:1-11
Fokusgedeelte: Romeine 6:2

Lewendig dood

Wanneer ons iemand as lewendig dood beskryf, is dit geen kompliment nie. Ons ken hierdie gesegde as ’n beskrywing van iemand wat uitermatig traag is. Traagheid wat soms so langsaam is dat niks gebeur nie. Maar nou in ons teksgedeelte beskryf Paulus ons as dood. Met ander woorde lyke wat eintlik niks kan doen nie.

Natuurlik praat hy oor ons geestelike lewe. Want ons teksgedeelte is immers ’n antwoord op ’n oortuiging wat die direkte eweredigheid tussen die sonde en genade wil uitbuit. Tog besef ons dat, alhoewel ons volmaak gered is in die sterwe en opstanding van Christus, ons tog nog sondig in hier op aarde. Maar hierdie sonde is dan soos daardie laaste stuiptrekkings van ’n liggaam wat reeds gesterf het. Die genade wat ons ontvang in die verlossing in Christus is ook genoeg vir hierdie laaste stuiptrekkings, trouens dit is die rede vir die vreemde stelling in vers 1 van hierdie teksgedeelte. Maar ons word opgeroep om hierdie sterwende sonde in ons heeltemal te laat sterf.

Wat ons aan die ander kant meer moet versorg en laat groei, word beskryf in vers 11. Ons moet lewe in Christus Jesus en groei in ons geloof en belydenis van hierdie waarheid. Moenie ’n lewende dooie vir die sonde wees vandag nie, maar wees ’n lewende heilige en aan God welgevallige offer.

Sing: Psalm 116-1:1, 2, 3

Ds. FR (Franscois) Pretorius (Phalaborwa)

Woensdag 28 Augustus

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 6:14-18
Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 6:14

Eksklusiewe heiligheid van die gemeenskap van die gelowiges

Die mens is nie geskep om alleen te wees nie. Van die vroegste tye af het die mens al besef dat hy meer kan regkry wanneer hy saam met ander mense werk. En daarby weet ons dat wanneer hierdie samewerkingsooreenkomste formeel gedokumenteer en wetlik vasgemaak is, is dit beter vir albei partye.

Die eerste voorbeeld hiervan word deur die Here self aan ons gegee in die vorm van die huwelik tussen man en vrou. Maar verder gaan die gemiddelde mens in sy lewe ook baie ander samewerkingsooreenkomste aan, party formeel ander informeel. ’n Mens kan sê dat die mens as ’t ware soos osse saam met ander mense ingespan word om sekere doelwitte te bereik.

En dit is nou hier waar die waarskuwing van Paulus so duidelik word in ons teksgedeelte. Hoe kies ek hierdie jukke waaronder ek ingespan gaan word? Wat is uiteindelik vir my die bepalende faktor van my gejuktheid? En dan antwoord Paulus hierdie vraag met die opdrag dat my medegejukte heilig moet wees. Met ander woorde hy/sy moet ’n gelowige Christen wees, want watter gemeenskap het die lig met die duister?

Vra ek en jy nog na die geloofsoortuigings van persone waarmee ons kies om mee saam te werk? Of voel ons dat kerk, besigheid en ontspanning vandag niks met mekaar te doen het nie? Tog wil die Here vandag nog vir ons ’n Heilige Vader wees, met heilige kinders. Kom ons hou ons vennootskappe in hierdie lewe eksklusief, heilig en tot eer en verheerliking van God alleen.

Sing: Psalm 2-1:1, 6

Ds. FR (Franscois) Pretorius (Phalaborwa)

Donderdag 29 Augustus

Skrifgedeelte: 2 Tessalonisense 1:3-12
Fokusgedeelte: 2 Tessalonisense 1:10

Volhard, hoop, bid!

Die Christene in die gemeente van Tessalonika kry swaar en is moedeloos. Hulle worstel met die vraag na lyding en lees in hulle omstandighede van swaarkry dat die wederkoms van ons Here Jesus op hande is. Hierdie siening het daartoe gelei dat baie van hulle ophou werk het en net gesit en wag het vir die groot dag van die wederkoms. Met verloop van tyd het hierdie Christene geestelik moeg en moedeloos begin word … Wanneer kom ons Here dan om 'n einde te maak aan al hierdie swaarkry en onreg teen ons?

Dit is teen hierdie agtergrond dat Paulus 'n brief van bemoediging aan hierdie gemeete rig. Die hede, erken hy, is baie moeilik en uitdagend ... wetteloosheid, magsvergryp, misleiding en afvalligheid. Die antwoord op die onsekerheid van die hede lê in die sekerheid van die wederkoms in die toekoms. Paulus lei hierdie moedelose Christene na Hom wat ewig is, en wat die hede na die toekoms stuur. Ons Here is tans met ons oppad, Hy kom weer.

Maar totdat ons Here Jesus weer kom? *Volhard in goeddoen – dit is julle roeping! Hou vas aan die belofte van die wederkoms – dit is julle hoop! Bid deurentyd om sterk te staan midde in die werklikheid van die hede – dit is julle vaste anker!*

Ons vandag, in Augustus 2024, leef in dieselfde uitdagings van onreg en wetteloosheid as die Christene van destyds in die stad Tessalonika. Ons worstel ook met die vraag na onreg en wetteloosheid en swaarkry. Ons Here, wat ewig is, ken ons hede! Sy antwoord aan ons bly steeds dieselfde:

- Volhard in goed-doen – dit is ons roeping midde-in die stukkend van hierdie wêreld!
- Hou vas aan die belofte van die wederkoms – dit bly ons hoop!
- Bid deurentyd om sterk te staan midde-in die werklikheid van die hede – dit is ons vaste anker!

Ons Here regeer ... nou en vir altyd!

Sing: Skrifberyming 14-1:1, 2

Dr. SP (Fanie) van der Schyff (Pretoria-Brooklyn)

Vrydag 30 Augustus

Skrifgedeelte: Openbaring 4
Fokusgedeelte: Openbaring 4:8b, 11

Duisternis kan die Lig nooit oorweldig nie

Ons Here maak 'n skrefie van die hemel vir Johannes oop ... genoeg om te kan sien wat in die toekoms gaan gebeur. Die eerste wat hy sien, is die hemeltroon met "Iemand" wat op die troon sit. Hy wat die troon beklee, is die ewige hemel-Koning oor alles en almal, altyd. Alles begin immers uit Hom, vloei deur Hom en keer terug tot Hom!

Rondom die troon sien Johannes verskeie hemelwesens wat ons Here dien. Eers gewaar hy 24 ouderlinge op trone rondom die troon van God. Hulle is saamgestel uit die 12 stamme van die Ou Testament en die 12 apostels van die Nuwe Testament. Saam verteenwoordig hierdie 24 ouderlinge die "heilige algemene Christelike kerk" deur al die eeue heen. Die kerk waarvan jy en ek vandag ook nog deel is.

Digby die troon sien Johannes sewe fakkels brand en daar word aan hom bekendgemaak dat dit die sewe Geeste van God is. Hierdie is beeldspraak van Goddelike krag wat oraloor versprei, net soos die lig van die fakkels die donker verhelder. Die duisternis kan die Lig nooit oorweldig nie.

Johannes sien ten slotte ook vier bonatuurlike lewende wesens wat vol oë is. Hy onderskei eerstens 'n leeu – koning en verteenwoordigend van die wilde diereryk. Die tweede is 'n bul – koning en verteenwoordigend van die mak diereryk. Die mensgesig wat hy derde sien, verteenwoordig natuurlik alle mense op aarde deur al die eeue heen, en die arend is die koning en verteenwoordiger van die voëls. Hierdie vier lewende wesens verteenwoordig letterlik alles op aarde wat lewe.

Laastens beleef Johannes 'n massakoor. Die vier lewende wesens en die 24 ouderlinge, ja, "al wat kruip en roer en sweef ... al wat asem het en leef" besing die heerlikheid van die Hemelkoning!

Hy heers vir ewig en altyd en aan Hom alleen kom alle mag en krag en heerlikheid toe tot in ewigheid. In Christus Jesus ons Here is Hy ook jou Hemelkoning. Hy is ook met jou oppad na ewige heerlikheid!

Sing: Skrifberyming 5-3:4, 5

Dr. SP (Fanie)van der Schyff (Pretoria-Brooklyn)

Saterdag 31 Augustus

Skrifgedeelte: Openbaring 2:8-11
Fokusgedeelte: Openbaring 2:8b

Julle behoort aan my

Hierdie besondere brief aan die gemeente van Smirna (vandag in Turkye) is deur ons Here Jesus self geskryf. Hy stel Homself bekend as die "Eerste en die Laaste" (vs 8). Hy wat moes ly en sterf as betaling van sy kinders se sonde, maar wat as Oorwinnaar opgestaan het uit die dood en ewig lewe. Van Hom kom die troosvolle versekering: "Ek ken julle ..."

Ons Here ken die werklikheid van die stukkend van hierdie lewe, ook ons leefwêreld van vandag, 2024. Hy ken verdrukking, kwaadstokery teen sy kinders en armoede (vs 9). Daar mag 'n tyd kom dat kinders van ons Here, ter wille van hulle geloof, selfs in die tronk gegooi kan word (vs 10). Moeilike tye, sê "Hy wat ons ken".

Die antwoord van ons Here op die werklikheid van moeilike omstandighede, klink nie, moet ons erken, met 'n eerste oogopslag na 'n boodskap van bemoediging nie. Ons Here gee eenvoudig twee opdragte: Moenie bang wees nie, en bly getrou!

Waarom hoef ons nie bang te wees nie? Ons Here verklaar met groot sekerheid: "Ek ken julle verdrukking en julle armoede, en tog is julle ryk" (vs 9). Dit is asof ons Hom hoor sê: "Ek weet presies hoe lyk julle leefwêreld en dat julle swaarkry. My troos aan julle is dat julle ryk is ... skatryk!" Hierdie rykdom kan nie gemeet word in rand en sent nie, nee, dit gaan oor julle identiteit. Julle rykdom en troos lê daarin dat julle aan My behoort. Ek is die Eerste en die Laaste wat alles weet en alles beheer en julle is myne.

Sê dit nie vir jou genoeg nie? Daarom hoef jy niks hier op aarde te vrees nie. Groter as enigiets wat jou bang maak of ontstel, is Ek.

Glo dit en vertrou My!

Sing: Skrifberyming 15-3:1, 3, 5

Dr. SP (Fanie) van der Schyff (Pretoria-Brooklyn)

KWARTAAL 3 – DIE CHRISTEN SE IDENTITEIT

TEMA: DIE DERDE STEM VAN VERTROOSTING (Jes. 40:6-8)
Hierdie stem troos deur aan die volk te verkondig dat, alhoewel hulle self soos gras is wat vinnig verdor, hulle die Woord van God het wat ewig bly. God laat sy kinders op aarde nie in hulle nietigheid alleen nie, maar gee hulle die troos dat hulle die Een wat almagtig is en ewig leef, dien. Hy openbaar dit deur sy Woord en sy werke.

September: Die Woord van God is 'n deurlopende herinnering aan sy troos teenoor sy kinders

Sondag 1 September

Skrifgedeelte: Genesis 15:1-21
Fokusgedeelte: Genesis 15:5; Jesaja 40:6-8

God gee aan ons duidelike bewyse van sy genade

Abram as gelowige het soms getwyfel aan die beloftes van ons Here. Die Here het hom egter die versekering gegee dat hy nie daaraan hoef te twyfel nie deur aan hom te sê: "Kyk nou op na die hemel en tel die sterre as jy hulle kan tel. En Hy sê vir hom: So sal jou nageslag wees."

Twee keer maak die Here dieselfde feit dus aan Abram duidelik. Twee keer bevestig die Here sy Woord met tekens – die eerste keer wys die Here vir Abram op die sand van die see en hier in ons gelese gedeelte op die sterre in die hemel.

Met die beeld van die sterre het die Here dit aan Abram duidelik gemaak dat dit om meer as net sy klein probleem gaan. Dit gaan altyd allereers oor God en sy plan vir die wêreld. Die groot nageslag wat God daarom ook later wel aan Abram gegee het, was nie in die eerste plek ter wille van Abram nie, nee, dit was ter wille van God se plan. Dit was omdat God Abram se nageslag uitgekies het. Hy het sy nageslag uitgekies, nie net sodat hulle vir Hom 'n volk kon wees nie, maar ook sodat sy Seun uit hierdie volk gebore kon word.

Deurdat God vir Abram na die sterre laat kyk het, het Hy hom in sy geloof versterk. So kan ons ook maar, wanneer ons twyfel in ons geloof of wanneer ons twyfel in die Here se sorg, kyk na sy skepping.

Ons kan kyk na die feit dat die son vandag opgekom het en ons kan kyk na die sterre in die hemelruim, want daarin leer die Here ons dat Hy almagtig en getrou is; dat Hy ons nooit sal begewe of sal verlaat nie, want Hy hou altyd sy beloftes.

Sing: Psalm 8-1:1, 3

Ds. JN (Josef) Hibbert (Pietersburg-Noord)

Maandag 2 September

Skrifgedeelte: Deuteronomium 18:15-22
Fokusgedeelte: Deuteronomium 18:15 (AFR53)

Luister na Jesus Christus, die Profeet van God

Daar is slegs een Profeet na wie die kerk moet luister en dit is Jesus Christus. Sy Woord bly vir ewig. Waar daar wel in die Ou Testament ook ander profete was, moet ons onthou dat die Gees van Christus vooruit in hulle gewys en getuig het. Hulle het dus alleenlik opgetree omdat God hulle daartoe gebruik het. Jesaja maak dit immers duidelik dat die mens maar soos gras is en dat geen mens se woord dus vir altyd kan standhou nie.

Nog voordat Jesus gekom het, het Moses dit reeds aan die volk duidelik gemaak dat sy Woord die hoogste gesag het en dat hulle na Hom moet luister. Op die berg van verheerliking, waar Petrus, Johannes en Jakobus saam met Jesus was en Moses en Elia met Jesus gesprek gevoer het, het God dit weereens uit die hemel duidelik gemaak dat daar na Jesus geluister moet word as Hy sê: “Dit is my geliefde Seun in wie Ek ’n welbehae het. Luister na Hom!” (Matt. 17:5).

Johannes skryf verder: “In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God.” Ons kan dus nie redeneer dat ons nie na Jesus kan luister omdat Hy nie meer as mens hier op die aarde is nie. Ons het die hele Woord van God en daarin spreek Jesus met ons. Jesus se profesieë het in die verlede waar geword en al sy ander profesieë gaan beslis nog waar word. Ons kan en mag Hom dus nie verwerp nie! Niks kan van sy Woord weggelaat of bygevoeg word nie. Mag ons, gelei deur die Heilige Gees, weer opnuut besef dat God se Woord standhou tot in ewigheid. Sy Woord,

sy Seun, ons enigste Profeet, is ons toekoms. Aan Hom kan en moet ons gehoorsaam wees.

Sing: Psalm 40-1:4

Ds. JN (Josef) Hibbert (Pietersburg-Noord)

Dinsdag 3 September

Skrifgedeelte: 1 Samuel 3:1 – 4:1
Fokusgedeelte: 1 Samuel 3:10

Samuel – deur die HERE geroep

In die tyd van Samuel was die Woord van die Here skaars. Min mense het in verhouding met die Here geleef. Selfs Samuel, wat in die huis van 'n priester opgegroei het, het die Here nie geken nie (1 Sam. 3:7). Daarom praat die Here direk met Samuel. Hy gee vir hom 'n boodskap. Hy vertel vir hom wat Hy met die volk gaan doen. Die volk Israel sal die Here tot stilstand ruk. Die verbondsvolk moet onthou Wie die Here is. Hierdie boodskap moet Samuel as profeet verkondig. Dit is baie belangrik, want uit die volk moet die Verlosser gebore word. As hulle van die Here wegdwaal en tot niet gaan, dan kan Jesus Christus nie gebore word nie. Daarom gryp die Here in en bewerk Hy hervorming onder sy volk.

Vandag hoor ons die Here se stem uit sy Woord. Uit die Bybel. Daardeur praat die Here direk met ons. Hierin hoor ons die lewende evangelie. Die werke van Jesus Christus is in sy volheid aan ons geopenbaar. As Christene is elkeen van ons geroepe dienaars van die Here. Ons mag dien in die amp van die gelowige. Daarin is ons priesters, profete en konings. As priesters is ons geroep om 'n lewe van dankbaarheid voor God te leef. As profete om sy Woord te verkondig, dit met woord en daad. As konings is ons geroep om die skepping te beskerm en te bewaar. Die Here stel ons aan as rentmeesters.

Die Here het jou gemaak om Hom te dien en eer. Dit is die doel van jou lewe. Daar waar jy is, daar mag jy jou lewenskrag gebruik tot sy eer, tot opbou van sy koninkryk. Met alles wat jy is en het. Die Here is Koning!

Sing: Psalm 97-1:1

Ds. GP Meijer (Gerben) (Waterkloofrand)

Woensdag 4 September

Skrifgedeelte: 1 Samuel 15:1-3; 7-10; 17-19; 22-35
Fokusgedeelte: 1 Samuel 15:22, 23

Gehoorsaamheid is beter as offerandes

Wat 'n tragiese verhaal. Saul wat deur Samuel op bevel van God tot koning gesalf is, oortree die duidelike Woord van God. Hy moes die Amelekiete met die banvloek tref, maar die versoeking om van die beste van die kleinvee en beeste te hou, was te groot. As hy hieroor gekonfronteer word deur Samuel, het hy 'n "goeie" verskoning. Om aan die Here, "'n God" (vs 15) te offer. Dít nadat hy vir homself 'n gedenkteken laat oprig het! Eiewilligheid en selfverheffing dus by Saul. Daarby was hy bang om as ongewild by sy manskappe bekend te wees. (Dit was algemeen vir daardie tyd om buit te neem van 'n verslane vyand.)

Wie nie heeltemal op die Here vertrou nie, soek maklik die guns van mense. Samuel wil met hierdie stuk sonde van Saul niks verder te doen hê. En hy profeteer dat die koningskap van Saul weggeneem sal word en aan iemand beter as hy gegee sal word (Dawid). Dis hier waar Samuel se woorde diep tref: "Gehoorsaamheid is beter as offerande." Geen gemene saak het te make met die sonde (afgodsdiens) waar dit om die saak van die koninkryk van God gaan. Die Amelekiete het Israel immers in die verlede kwaad aangedoen – vandaar die bevel van God om hulle uit te delg met alles wat hulle besit. En hulle was ook afgodsdienaars.

Hoe moet ons oor Saul se sonde en verlies aan koningskap dink? Wanneer die Here ons opdrag gee om volgens sy Woord te leef, bedoel Hy dit. Geen eiewilligheid. Geen agterdeure oophou nie. Geen "Ek kom nou nie so gereeld in die kerk, maar ek gee darem 'n dankoffer"-tipe redenasie nie. Daarby: Wanneer sukses behaal word in byvoorbeeld 'n besigheid of loopbaan, kom die eer die Here toe en nie die mens nie.

Leer uit wat Jesus Christus gedoen het: "... Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem ... Hy was gehoorsaam tot in die dood ..." (Fil. 2:7, 8).

Sing: Skrifberyming 14-1:1, 2, 3

Ds. JF (Koos) Mouton (Emeritus)

Donderdag 5 September

Skrifgedeelte: 1 Konings 6:1-13 (AFR83)
Fokusgedeelte: 1 Konings 6:11-13

Die Bybel herinner ons dat God sy beloftes hou

Die Bybel is vol van God se beloftes – meer as 1000 van hulle. Soms staan hierdie beloftes vir ons vas en dan gee dit vir ons moed, vul ons met hoop. Soms kom die twyfel, veral wanneer dit swaar en moeilik gaan, die teëspoed jou tref: Sal God doen wat Hy beloof het? Dink maar by die sterfbed ... voor ’n groot operasie ... as die reën wegbly ... voor ’n groot toets/eksamen. Dan het ons iets om aan vas te hou: die Bybel wat ons herinner dat God sy beloftes hou.

Ons Skrifgedeelte is ’n bevestiging daarvan: Salomo wat besig was om die tempel te bou. Die vervulling van ’n belofte wat God destyds aan Dawid in 2 Samuel 7 gemaak het: dat hy nie die tempel sou bou nie, maar sy seun, Salomo. In sy genade het God gesorg dat dit gebeur.

En as hierdie belofte besig is om in vervulling te gaan ... dan kom daar nog ’n belofte. ’n Belofte dat God tussen sy volk sou woon en hulle nie sou verlaat nie. ’n Belofte wat in Christus sy volle betekenis gekry het toe Hy as Immanuel na die wêreld gekom het, “God met ons”. En as Jesus, nadat Hy sy werk hier op aarde volbring het, na die hemel opvaar, dan vaar Hy op met ’n belofte “Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld” (Matt. 28:20b). Dan het “al hierdie dae” die betekenis van elke dag, elke omstandigheid, elke oomblik en situasie.

En hoe is Hy “al die dae” by ons? Deur die Heilige Gees wat ons verseker van God se nabyheid en teenwoordigheid in ons lewe. Nog ’n belofte (Joh. 14 en 16) wat met Pinkster (Hand. 2) in vervulling gegaan het. Mag die wete dat God sy beloftes hou u vul met moed en hoop vir al die uitdagings en eise van die lewe.

Sing: Psalm 105-1: 5

Ds. PC (Nelius) van Rooy (Elandskraal)

Vrydag 6 September

Skrifgedeelte: 2 Konings 1:1-18 (AFR1983/2020)
Fokusgedeelte: 2 Konings 1:2, 3

In tye van nood ... gryp vas aan God en die beloftes van sy Woord

'n Geweldige krisis het koning Ahasia getref: hy het deur die traliewerk van sy venster geval en hom ernstig beseer. So ernstig dat hy gewonder het of hy van sy beserings sou herstel. Maar in plaas daarvan om in sy nood aan God vas te gryp ... Hom te raadpleeg ... stuur hy boodskappers na Baäl-Sebub, die god van Ekron, om by hom te hoor of hy van sy beserings sou herstel (Baäl-Sebub = god van die vlieë, 'n doelbewuste verdraaiing van Baäl-Sebul = god van die siekte). Dit was verkeerd in die oë van die Here. Daarom het God se oordeel hom getref: hy sou nie van sy siekbed opstaan nie. Hy sou van sy beserings sterf (vs 4). Hierteenoor het Elia aan God en sy woord vasgegryp en bly lewe. Selfs toe sy lewe bedreig was.

Die hartseer van hierdie gebeure: Hoe dikwels sien mens nie hierdie gebeure in mense se lewe herhaal nie? Hoe dikwels gryp mense, selfs gelowiges, nie na allerlei strooihalms (geld, vaardighede, mense, een of ander idee of filosofie) as hulle in die nood is, net om teleurgesteld te staan as hierdie sogenaamde "uitkoms" nie help nie?

Hoor dan die woord van die Here: "Is daar dan geen God in Israel nie ..." In Christus het daar vir ons 'n antwoord gekom, want in Christus het ons 'n God, 'n hemelse Vader wat met liefde en deernis na ons kyk, wat hartstogtelik oor ons begaan is. Soveel so dat Hy sy Seun gegee het om vir ons sondes te sterf en te betaal; sy Woord om aan vas te gryp.

Daarom, in tye van nood en krisis, gryp vas aan God, gryp vas aan sy Woord en die beloftes van sy Woord, want die Bybel is 'n deurlopende herinnering van God se troos aan jou. Mag die Heilige Gees jou verseker dat daardie beloftes en troos nie net vir ander bedoel is nie, maar ook vir jou.

Sing: Skrifberyming 43:2, 4 (15-7)

Ds. PC (Nelius) van Rooy (Elandskraal)

Saterdag 7 September

Skrifgedeelte: 2 Konings 2:19-25
Fokusgedeelte: 1 Konings 19:16-17

Niemand sal by die oordeel van die Here verbykom nie

Die verhaal van die 42 klein seuntjies wat deur bere verskeur is, kom skokkend oor. Verskriklik. Dit was egter nie onskuldige kinders nie. Hulle verteenwoordig die ontroue volk van God wat vanaf die oupas (en voorgeslagte) tot die kleintjies deurdrenk is van verwerping van hulle God. Wat die Here se profete spot, sy Naam beveg en hulle wend tot afgodery. Daarom kry Elisa opdrag om Gasael (generaal van die Arameërs) en Jehu (generaal van Israel) tot konings te salf. Deur die swaarde van Gasael en Jehu gaan die Here baie straf – onder andere die huis van Agab uitroei. Maar wie hulle swaarde vryspring, sal hom vasloop in die swaard van Elisa.

In kort wil dit sê dat niemand by die oordeel van die Here sal verbykom nie – ook nie klein seuntjies nie! Baie dink dat die Ou Testament met sy oordele en bloed 'n kontras is met die kruis en vergifnis van die Nuwe Testament. Maar dan het u nog nie Openbaring 14 tot 16 gelees nie. Daar lees ons dat die toorn van God bloed laat styg tot by die tooms van die perde, 1 600 kilometer ver (Op. 14:20).

Die Here het Elisa geroep met 'n swaard (1 Kon. 19:17), en tog sou Elisa ook baie wonders doen. Die wonders vertel van God se groot ontferming oor en versorging van mense in nood. Hy reinig 'n bitter fontein, wek 'n seuntjie op, laat 'n byl dryf, gee damme vol water aan 'n dorstige leër, voed 'n honderd man, genees 'n melaatse, maak 'n giftige pot met bredie voedsaam, en vul met 'n bietjie olie baie houers sodat 'n weduwee haar skuld kan betaal.

Daar was nog een insident wat ons moet noem. Elisa het die vyandige soldate wat gestuur was om hom te vang, blind Samaria ingelei. Die koning van Israel het toe aan Elisa gevra: "Moet ek hulle doodmaak?" Die antwoord was nee, sit vir hulle 'n ete voor (2 Kon. 6:22-23). Dit is die evangelie in die Ou Testament.

Eendag sal ook ons, deur sonde verblind, ons oë agter die hemelse poorte oopmaak en die doodstraf verwag. Maar danksy die kruis wag daar dan geen swaard op ons nie, maar 'n uitnodiging tot die Lam se bruilofsmaal (Op. 19:9).

Sing: Skrifberyming 18-3:8, 9 *Dagstukkie Almanak 2011*

Sondag 8 September

Skrifgedeelte: 2 Konings 7(AFR33/53)
Fokusgedeelte: 2 Konings 7:1, 2

Niks is vir God onmoontlik nie

Die HERE is almagtig en getrou – dit is dwaas om Hom nie te glo nie Die getroue Verbondsgod is aan die woord. Hoor. Dit is nie 'n gissing nie. Wat Hy sê, sal wees. Hy praat nooit verniet nie. Glo Hom. Daar is niks leuenagtigs in Hom nie. Hy is die HERE.

Met hierdie Naam het Hy Moses na Egipte gestuur met die boodskap van verlossing. Hulle mag nie in Hom twyfel nie. Hy is gereed om sy belofte te vervul. Hy doen dit met sy almagsdade. Dink aan die Rooisee, die Jordaan, Jerigo se mure, manna, kwartels, water uit 'n rots. Onmoontlik ...? Nee, dit is die HERE wat dit doen. Dit is Hy wat die Arameërs 'n oorlogsgedruis laat hoor. Dit is Hy wat hulle op die vlug dryf. Dit is Hy wat kos op die markplein in Samaria gee.

Dit is met Hom wat die adjudant spot. Hoe sal Hy kan help? Die antwoord is kort: Hy sal dit sien, maar nie daarvan eet nie. Net so was dit (vs 20). Die man betwyfel die waarheid van God. Hy spot met sy almag. Hy is skepties. Hy beoordeel die HERE volgens sy siening van sake. Spottend bevraagteken hy die HERE.

Dit lê nie op ons weg nie. Die HERE is nie gebind aan ons feite en afleidings nie. Teen alle verwagtinge in, teen alle berekeninge in, kan Hy gou en maklik sake verander. Hy sê net ... en dit is. Dit is net soos die water uit die rots. Niks is vir Hom onmoontlik nie. Hy stuur die kraaie om vir Elia kos te bring. Hy laat 'n heidense wêreldheerser na sy kind, Daniël, luister. Hy maak die bekke van die leeus toe. Hy kan alles wat Hy wil.

Kan 'n mens dan sê: Onmoontlik? Glo Hom as Hy sê Hy is naby om jou te help. Glo, Hy het sy Seun tot redding gestuur. Dit is net soos Hy gesê het. Hy het gesterf. Hy is opgewek. Hy kom weer. Baie vra: Hoe kan een uit 'n maagd gebore word? Hoe kan een uit die dood opstaan? So vra hulle: Hoe kan dit en dat wees? – tot hulle eie verderf! Glo! Glo as God in Christus vir ons is, wie kan teen ons wees?

Sing: Psalm 81-1:11, 12

Ds. PJ (Petrus) Jansen van Nieuwenhuizen (Marble Hall)

Maandag 9 September

Skrifgedeelte: 2 Konings 20:1-11
Fokusgedeelte: 2 Konings 20:1-6

Die Here gedenk Hiskia se smeekgebed vir sy eie lewe

Selfs vir ’n kind van die HERE is dit ’n skok om te hoor dat jy terminaal siek is. Die rou emosie daarvan word weergegee in koning Hiskia se onmiddellike afsondering (vs 2) van almal. Hoe seer om te moet hoor dat jy jou gesin moet groet, want jy gaan sterf!

Vir Hiskia is sy afsondering egter ’n onmiddellike vasgryp aan God, om hom op sy HERE te beroep, en te pleit dat die HERE sal dink aan sy trou en oorgawe en regdoen in diens van sy HERE. Na hierdie kort gebed breek dit in Hiskia se binneste. Hy huil bitterlik. Was dit oor die naderende dood? Was dit oor die besef van sy eie gebreke as hy hom beroep op wat hy gedoen het? Was dit uit wanhoop, uit aanvaarding? Was dit oor geliefdes wat sou agterbly? Sekerlik sou hierdie emosies, en nog veel meer, deur hom woel.

Wat egter die belangrikste is, is wat die HERE toe sê en doen! Weereens vestig Hy die aandag op sy verbond (vs 5). Dit is die grond waarop Hy Hiskia se gebed verhoor, die grond vir die kosbaarste Goddelike verklaring wat ’n lydende kind van die HERE maar kan hoor: “Ek het jou gebed gehoor, Ek het jou trane gesien; kyk, Ek sal jou gesond maak …”

In Jesus Christus, wat ons lyding op Hom geneem en ons siektes gedra het, is hierdie wonderdadige God, wat selfs die son weer hoër kan skuif (vs 11), ons Verbondsgod. Hy kyk na jou en Hy hoor jou, om sy Seun ontwil. Hy sien jou trane, Hy hoor jou bede en Hy maak jou gesond.

Sing: Psalm 16-1:4

Ds. JH (Harry) Cilliers (Emeritus)

Dinsdag 10 September

Skrifgedeelte: Psalm 119:1-8
Fokusgedeelte: Psalm 119:1

Geluk in die wet van die HERE

Stel jou die volgende vir ’n oomblik voor: Die voortdurende verande-rende heuwellandskap waardeur jy ry; die knetterende kampvuur waarlangs jy sit; die golwe van die see wat ritmies die een na die ander op die strand breek. Iets van die beeldskone herhaling uit die natuur kry ons oor die wet in Psalm 119. Die Psalm kan ’n lied sonder einde genoem word. Pragtig digterlik word daar gesing oor die wil van die Here. Omdat dit so lank is, is dit nie so maklik om te lees nie. ’n Paar aanwysings kan hierby help.

Die terugkerende woorde oor God se wet (opdragte, voorskrifte, be-palings, bevele ens.) draai almal rondom een sentrale tema. Dit is dat God ons aan Hom verbind. Hy spreek ons aan en wys ons die pad om te volg. Aangrypend dat in die psalm “die wet” nie bestaan nie, maar wel “u wet”. Een saak wat duidelik is in hierdie Psalm: God is in sy gebooie teenwoordig.

Die Psalm is een en al gebed. ’n Dienaar van die Here spreek sy God aan en hy word deur Hom aangespreek. Daar is ’n deurlopende dialoog aan die gang. Dit word ingelei met twee saligsprekinge. Gelukkig is mense, gelukkig is hulle wat die wet van die HERE volg. Daarin is ware geluk. Daar is nie ’n ander gedeelte in die Bybel wat so vol van liefde vir God se gebooie is nie. Hier klop die hart van dissipelskap. Hier ontvang jy onderwys oor jou lewe in navolging van Jesus Christus. Die wet was die kosbaarste gawe aan die volk wat voor Jesus geleef het.

Vandag ontvang ons dit in Hom. Hy het immers gekom om die wet te vervul en nie af te skaf nie. Met oorgawe mag ons sing: Met my hele hart soek ek U; laat my tog nie afdwaal van u bevele nie.

Sing: Psalm 119-1:1

Ds. GP (Gerben) Meijer (Waterkloofrand)

Woensdag 11 September

Skrifgedeelte: Psalm 119:9-16
Fokusgedeelte: Psalm 119:9

Een van die belangrikste vrae

Vers 9 begin sekerlik met een van die belangrikste vrae vir gelowiges. Hoe sal ’n jongmens sy lewenspad suiwer hou? Belangrik dat hierdie vraag reeds aan die begin van ’n verbondskind se lewe gestel word. Liewers vroeër as later. Die antwoord hierop is eenvoudig: Deur te hou by u Woord.

Dit is nie altyd so maklik nie. In ’n wêreld vol van sonde is daar baie beproewings. Dit is die moeilikheid waarvoor die mens geplaas word, om lewenslank te volhard in die geloof en om in ’n wêreld vol van sonde jou lewenspad suiwer te hou. Vir ’n jongmens is dit ’n pragtige ambisie. Daar is nie iets belangriker as dit nie. Deur die geloof word kinders van die Here in ’n lewe van dankbaarheid gedryf. Ons het ’n onmiskenbare roeping om die stryd teen die sonde aan te gaan.

Hiervoor gee Psalm 119 kragtige leiding. Veral as ons dit in verband bring met die woorde van Jesus Christus. Jesus wat vir ons die wet van die Here saamvat in ons liefde vir God en mekaar. Vers 10 lees ons met Hom voor oë: “Met my hele hart soek ek U; laat my tog nie afdwaal van u bevele nie.” As jy die Psalm lees, is dit goed om die Here se gebooie konkreet voor oë te stel: het jou naaste lief, moenie oordeel nie, gee as iemand iets vra, vergeef hom wat jou iets skuldig is, moenie bekommer nie, moenie skinder nie, wees rein, wees heilig, ensovoorts. Psalm 119 help ons op die lewenspad.

Hoe kan ’n mens, jonk of oud, sy lewenspad suiwer hou? Deur te hou by die Here se Woord, want: “As u woorde oopgaan, gee dit lig; dit gee insig aan onkundiges.”

Sing: Psalm 119-1:4

Ds. GP (Gerben) Meijer (Waterkloofrand)

Donderdag 12 September

Skrifgedeelte: Psalm 119:25-32
Fokusgedeelte: Psalm 119:32

Houvas in moeilike omstandighede

In hierdie verse ervaar die Psalmskrywer ’n aantal moeilikhede. Hy is hartseer oor die feit dat hy aan aardse dinge gebonde is. Dat hy deur soveel slegte dinge op die aarde geraak word. Hierin getuig hy van die invloed van die goddelike Woord op ’n hart wat geraak is deur soveel negatiwiteit en hartseer. Die Woord van die Here roep by hom gebed op (vs 25-29). Dit bevestig die keuse wat hy gemaak het (vs 30). Dit werk geesdriftigheid om met ywer op die pad van die geloof te volhard. Die Woord is die bron van hulp waar jy geestelik of liggaamlik beproef word.

Bemoedigend dat die Psalmskrywer selfs in tye van nood entoesiasties bly oor die Woord. In alle omstandighede is die Bybel ’n houvas. Deur die Woord gee die Here leiding ondanks die omgewing waarin jy jou bevind. Daarom kan kinders van die Here van sy Woord geniet. Kan jy nie ophou om daarmee besig te bly nie. Wil jy deurlopend die Woord van die Here hoor. Verlang jy daarna om weer tyd te neem en te lees. Jy word wakker met die Here in jou gedagtes en met Hom raak jy aan die slaap. God is aanwesig en deur Christus nou betrokke in jou lewe. Met sy Woord word dit ’n realiteit.

’n Lewe saam met die Here word geken aan geloofsgroei. In navolging van Jesus Christus mag ons hierin deel. In vers 32 staan: “Die pad van u bevele volg ek geesdriftig, want U verruim my insig.” In ons stryd teen die sonde, in ons deurstaan van die beproewing in ons lewens, word ons geloof soos goud gelouter. Daarin verruim die Here jou insig. Dan raak jy deur die liefde van God, wat jy deur Christus ontvang en deur die Gees mag uitleef, los van jou ek-gerigtheid en soek jy die wil van God.

Mag ons so groei in ons toewyding en dankbaarheid aan God.

Sing: Psalm 119-1:10

Ds. GP (Gerben) Meijer (Waterkloofrand)

Vrydag 13 September

Skrifgedeelte: Jesaja 40:6-8; Psalm 119:33-40
Fokusgedeelte: Psalm 119:33 (AFR53)

HERE, gee aan my u ewige Woord!

Is dit nie so dat dit al hoe moeiliker raak om te glo wat ons hoor nie? Wat ons vandag hoor, is môre weer verkeerd. Wat kan ons nog glo? Dit is dan troosvol om hierdie woorde te hoor: die woord van ons God hou stand in ewigheid. Hierin is vastigheid en ewige sekerheid.

Maar as ons eerlik is, word die woorde van ons God teenoor die mens se woord gestel – teenoor die mens self, naamlik dat die mens tydelik is en wat hy is, gou verdor en verwelk ... ook my idees en planne.

Dit is ’n gedagte wat ongemaklik sit, want ons wil graag iets daarstel wat hou, lank hou. Om ’n nalatenskap agter te laat, waarvoor jy onthou word, is ’n prestasie.

Maar al wat standhou in ewigheid, is God se woord. Wanneer ons God op sy woord neem en glo wat Hy in Jesaja 40:8 sê, dan is dit tog nodig dat ons sy ewige woorde moet leer ken – Hom ken.

Dan begin ons nie net iets ken wat ewig sal staan nie. Dit is dan nie net woorde wat altyd waar sal bly nie. Maar ons leer Iemand ken wat ewig is – ons God.

Dit is die ewige lewe, dat ons Hom ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat God gestuur het (Joh. 17:3). Ons kom in ’n ewige verhouding met Hom ... wat ewigheidswaarde het ... wat standhou in ewigheid.

As ons die belangrikheid daarvan begin verstaan, dan begin ons besef waarom die Psalmdigter so herhaaldelik en so naarstiglik die HERE vra om sy woord te mag ken in Psalm 119:33-40. Ons hoor hoedat hy vra en begeer om die insettinge en wet en gebooie en getuienisse te mag ken en doen. Hy wil daarin en daarvan geleer word. Want dit is hoe om in verhouding met God te leef – volgens sy woord.

Dit is egter duidelik, die Psalmdigter het dit nie in homself nie. Hy het nodig dat die HERE dit aan hom gee en hom dit leer. Dit is veilig om te sê dat hy besef dat die HERE hom moet leer wat dit beteken om in verhouding met Hom te lewe. Dit is volgens die waarheid van God se ewige Woord: Gewis, ek het ’n begeerte tot u bevele (vs 40).

Sing: Psalm 119-1:11, 12 *Ds. DJ (Dirk) Dykstra (Nigel)*

Saterdag 14 September

Skrifgedeelte: Jesaja 40:6-8; Psalm 119:65-72
Fokusgedeelte: Psalm 119:65, 68, 71 (AFR53)

HERE, doen aan my volgens u ewige Woord!

Dit is ’n moeilike saak om met die skeptisisme van ons tyd saam te leef. Mense is so skepties wanneer daar beloftes gemaak word. Ons sal sekerlik sê: Tereg, want hoeveel van die beloftes wat gemaak word, word werklik nagekom? Hoeveel van wat gedoen moet word, word ooit gedoen? Dan lewe ons skepties oor wat deur mense gesê word.

Dit is weereens troosvol om hierdie woorde te hoor: *die woord van ons God hou stand in ewigheid*. Hierop kan ons vertrou en hoop. Want teenoor die woorde van mense wat maklik gesê word en nie sommer gedoen word nie, het ons God se woord wat nie net ewig staan nie, maar ook deur Hom uitgevoer word.

Die woord in die oorspronklike beteken nie net dat die woord van God sal standhou nie, maar dat dit vervul sal word, asook bewys sal word. God se woord is met ander woorde ’n uitvoerende woord. Dit wat God sê, dit doen Hy ook. Hy tree op volgens sy woord. Hy sê nie een ding en doen ’n ander ding nie.

Jy het nooit nodig om te wonder waar jy met die HERE staan nie. Hy staan op sy woord. Ons kan Hom daarom op sy woord neem, en sal nooit beskaamd staan nie. Wat Hy sê, doen Hy – Hy vervul sy woord.

Ook die Psalmdigter getuig daarvan, as hy sê: *U het goed gedoen aan u kneg, HERE, na u woord*. Hy hou by sy woord. Hy hou Homself by sy woord. Daarom is dit so ’n wonderlike saak om God se woord te ken. Daarmee leer ons Hom nie net ken nie, ons leer sy optrede ook ken.

Wanneer ons dan sy optrede, getrou aan sy woord, sien – al is dit deur die dal van doodskaduwee – soos wat Josef beleef het, rig dit die kind van God se oë op die HERE. Want ons is nie onbekend met sy optrede nie. Ons het sy woord leer ken, en weet Hy tree daarvolgens op. Ons het vertroue in wat Hy doen, al is dit in ons swaarste aanvegtinge.

Hy is daarom nie vir ons ’n vreemde God wanneer omstandighede moeilik of swaar en uitdagend word nie. Nee, ons sing saam met die

Psalmdigter: *U is goed en doen goed; leer my u insettinge ... dit is goed vir my dat ek verdruk was, sodat ek u insettinge sou leer*.

Sing: Psalm 119-1:23, 24, 25

Ds. DJ (Dirk) Dykstra (Nigel)

Sondag 15 September

Skrifgedeelte: Jesaja 40:6-8; Psalm 119:97-104
Fokusgedeelte: Psalm 119:98-100,104 (AFR53)

HERE, leer my die wysheid van u Woord!

As jy al gehoor het van plagiaat, weet jy dalk dit beteken om 'n ander se gedagtes en argumente oor te neem en te sê dis jou eie. So dit is nie jou oorspronklike idees nie, jy het dit by iemand anders gesteel.

Ons sal dit sekerlik nie beskryf as wys nie: nie wyse optrede nie, as-ook nie die manier om wysheid te bekom nie – om as 'n wyse persoon te probeer bekend staan ... deur ander se idees te gebruik.

Maar wanneer ons graag vashou aan wat Jesaja 40:8 sê, kom ons eie idees en wysheid nie in gedrang nie? As ons glo: die woord van ons God hou stand in ewigheid ... dan is dit tog nie ons woorde waaraan ons vashou nie? Dis mos nie ons gedagtes wat ons leer nie. Dis mos nie ons woorde wat ons vir ander vertel nie. Dis mos nie ons idees wat ons aan ander oordra nie.

Dit is so, ons hou dit nie voor as ons eie nie. Ons maak nie asof ons dit uitgedink het nie. Maar dan moet ons erken dat wanneer ons van hierdie waarhede van God se woord getuig, dit nie ons oorspronklike idees is nie. Dit is Godgegewe. Dis sy woord.

En tog sê die Psalmdigter dat hierdie woorde van God hom wysheid gee: *Ek is verstandiger as al my leermeesters, want u getuienisse is my bepeinsing* (vs 99, vgl. vs 98, 100, 104).

Hier sien ons 'n wonderlike saak: Iemand anders se woorde maak ons wys – God se woord. Dit is nie ons idees en gedagtes nie, maar dit verander ons denke sodat ons verstandig word en wys word.

Wysheid, vir die kind van God, kom nie uit homself op nie. Dit is nie om konstant aan die voorpunt van nuwe denke en idees te wees nie. Soos toe hulle op die Areopagus wou hoor wat Paulus sê (Hand.

17:21). Dit is beslis nie om die agenda van die dag te dryf of in jou lewe te integreer of om seker te maak dat jou teologie dit weerspieël nie. Dit is om die woord van God, wat onveranderlik is, te bepeins ... te bewaar ... te bespreek.

Wysheid is om jou agenda te laat vaar en God se wet se agenda te bedink. Om wys te wees voor God is om jou idees te laat vaar en sy gedagtes en argumente in jou lewe te integreer. Dit is om sy woord lief te hê – Hom lief te hê.

Sing: Psalm 119-1:37, 38

Ds. DJ (Dirk) Dykstra (Nigel)

Maandag 16 September

Skrifgedeelte: Psalm 119:137-144
Fokusgedeelte: Psalm 119:144

Vashou aan die wet van God bring insig

Swaarkry is vir niemand lekker nie. Swaarkry maak dat 'n mens perspektief en hoop verloor.

Die digter van Psalm 119 beskryf iets hiervan in ons teksgedeelte. Hy praat van ontsteltenis oor sy teëstanders (vs 139), hy beskryf homself as gering en verag (vs 141) en bely dat hy angs en benoudheid beleef (vs 143). Dit is duidelik dat hy swaarkry.

Tog is sy swaarkry nie iets wat hom platslaan nie. Sy behoud is dat hy in alles steeds bly vashou aan die Woord en die wet van die Here. Die wet leer ons hoe om in ons verhouding met God op te tree – teenoor Hom en mekaar. So word die wet meer as maar net 'n stel reëls: dit word die raamwerk waarbinne ons verhouding met God vorm kry.

Die wet van die Here is nie iets wat ons op 'n strakke meganiese manier nakom net om uit die moeilikheid te bly nie. Die wet gee inhoud en diepte en vorm aan ons verhouding met die almagtige God van die heelal. Dit bind ons dag na dag nog vaster aan Hom.

Hoe meer ons met die wet te doen het, hoe meer het ons met God self te doen. In swaarkry is dit 'n bron van konstante troos en hoop. Want om die wet van die Here te gehoorsaam, ook in swaarkry, is om elke dag nog nader aan Hom te groei. Hoe nader ons aan God

groei, hoe meer insig gee Hy ons in die verstaan van die lewe en ons omstandighede.

Dan verstaan ons opnuut dat ook nie die ergste swaarkry ons kan platslaan nie, want ons hemelse Vader wat ons liefhet, was selfs bereid om sy enigste Seun te gee om die straf op ons sonde in ons plek te dra. En daar is niks wat ons van sy liefde kan skei nie.

Sing: Psalm 119-1:50-52

Dr. EJ (Rassie) Smit (Wapadrant)

Dinsdag 17 September

Skrifgedeelte: Psalm 119:169-176
Fokusgedeelte: Psalm 119:171-172

Insig in die wet van die Here laat my loof en sing

Hoe meer ons met die wet te doen het, hoe meer het ons met God self te doen. Hoe nader ons aan God groei in gehoorsaamheid aan sy wet, hoe meer insig gee Hy ons in die verstaan van die lewe en ons omstandighede (Ps. 119:144).

Nou is die mooie: Hoe meer insig ons kry uit ons groeiende verhouding met God, hoe meer ons verstaan wat die sin van ons lewe is saam met Hom, hoe sterker groei ons dankbaarheid. Dit dring ons meer en meer om Hom te loof en prys.

Wanneer ons werklik besef hoe diep ons sondenood is (wat die wet ons leer), verstaan ons hoe onbeskryflik die genade van die Here is. Hy het sy eie Seun gegee om ons hieruit te verlos. Hy gee ons nuwe lewe saam met Hom – en dit begin reeds hier op aarde. Ons verdien dit nie, maar Hy doen dit omdat Hy ons liefhet.

Wie sal nie in lofsange wil uitbreek nie! Die digter van Psalm 119 lei ons hierin:

- vers 171: Die lof sal oor my lippe stroom, want U leer my u voorskrifte.
- vers 172: Ek sal u woord besing, want al u gebooie is regverdig.
- vers 175: Laat my lewe dat ek U kan loof, laat u bepalings my steun wees.

Om die wet van die Here te gehoorsaam, is nie ’n las nie. Inteendeel:

dit is iets wat ek graag doen, want dit laat my sy onbeskryflike genade vir my (verlore sondaar!) raaksien.

Sing: Psalm 119-1: 61-63

Dr. EJ (Rassie) Smit (Wapadrant)

Woensdag 18 September

Skrifgedeelte: Jeremia 17
Fokusgedeelte: Jeremia 17:17, 18 (AFR2020)

Verskrikking, vreesbevange, verpletter ...

Die boek Jeremia is ’n besondere profeteboek. Jeremia, die onverskrokke man van die lewende Here is aan die woord. Die man met ’n boodskap. ’n Doodgewone mens wat teen ongeveer 650 vC in Anatot, ’n klein dorpie digby Jerusalem, gebore is. Net maar mens, maar tot profeet en dáárom tot ’n byna bomenslike opdrag geroep.

Jeremia, getrou aan sy roeping, stry teen die aanbidding van afgode, sosiale ongeregtigheid én sy mense se vals vertroue op Egipte en die tempel. Jeremia luister na die Here se stem en voorskrifte, maar die Here se volk nie ... En die Godsvolk se hardheid van hart en onverskilligheid van gemoed het Jeremia nie net as profeet nie, maar ook as mens ontstel. Die wisselvalligheid van ’n mens se hart en ook hoe hartseer ’n mens se hart kan wees, het Jeremia “siek” gemaak.

En Jeremia 17:17, 18 staan opgeskryf. Verskrikking, vreesbevange en verpletter as kernwoorde – tiperend van die menskind Jeremia se belewenis. Tog pak verskrikking hom beet. Hy is vreesbevange en voel verpletter. En Jeremia pleit om “genesing” van sy gemoed ...

- Moenie vir my ’n verskrikking wees nie, o Here!
- Moenie dat ek vreesbevange voel nie!
- Moet my nie verpletter nie!

Ook u profetestem as mens en die mense lag en spot? En ’n mens voel soos Jeremia. Verskrik, vreesbevange, verpletter. Maar tog om tot God te bid om genesing van ’n mens se gemoed. Om ons hoogste Profeet en Leraar, Jesus Christus te hoor sê:

“In die wêreld ervaar jy (julle) swaarkry;
maar hou moed;
Ek het reeds die wêreld oorwin ... (Joh. 16:33)

Jeremia se profetestem in sy binnekamer is die stem en taal van gebed. U kan by Jeremia leer. In dag en tyd om Christus wil te sê:

"Here, gee dat ek my aan U sal toewy;
help my, soos U belowe het.
Laat loop my op die regte weg
en maak my lewend deur U reg ... (Ps. 119-2:8)

Verskrik, vreesbevange, verpletter? Nee! Te roep, tot vreug herbore: Verlos en nie verlore!

Sing: Psalm 119-1:25

Dr. PH (Pieter) Heystek (Pretoria-Montanapoort)

Donderdag 19 September

Skrifgedeelte: Johannes 1:1-18
Fokusgedeelte: Johannes 1:14 (AFR83)

Die Woord wat mens geword het, én die mens wat gewoon mens is ...

Neem Johannes 1:14 in u hand. Beleef die werklikheid én die waarheid van veel meer as bloot informasie oor die Woord wat mens geword het. Kniel voor God se aangesig en besef onder leiding van die Heilige Gees dat Johannes 1:1-18, maar spesifiek vers 14, die kern van die evangelie verwoord!

"DIE WOORD HET MENS GEWORD EN ONDER ONS KOM WOON!"

En die "Woord" het 'n naam, tewete Jesus. In Hebreeus, "die Here help, die Here is heil". 'n Gewone (naam)woord vir alles behalwe 'n gewone "Woord"! Jesus is die "Woord" se naam. Die Jesus-naam, die "Woord"-naam waarvan Ursinus sê:

"Hierdie naam (Jesus) is soos 'n kort evangelie van ons saligheid,
'n sterk skild teen alle aanvegtinge!"

Die "Woord" se naam is Jesus. Hy maak salig. Welgeluksalig is die mens wat met liggaam en siel aan Jesus Christus behoort. Mens onder ons en in sy persoon die misterie van God met die gewoonheid van 'n sterfling verbind het.

Die Saligmaker het onder ons, by ons kom woon. Hy breek deur alle selfopgerigte skerms van eiewaan en eiegeregtigheid. Hy laat die

sondaar sy/haar sondenaaktheid sien. Hy maak die verborgenhede van die koninkryk van God vir menskinders verstaanbaar. Hy stap die lewenspad saam! Hy help! Hy verstaan ... Verlosser en Saligmaker.

Lewenslange troos, opgeskryf en aangegee tot in vandag se tyd: die kern van die evangelie. Die Woord het vlees geword. Om in dag en tyd te bely:

"Ek voel my sterk, aan U verbonde;
my mond vind tot u lof
gedurig ruimer stof ... (Ps. 71).

Sing: Skrifberyming 4-8:1, 2

Dr. PH (Pieter) Heystek (Pretoria-Montanapoort)

Vrydag 20 September

Skrifgedeelte: Handelinge 19:11-20 (AFR53)
Fokusgedeelte: Handelinge 19:11-20

In die Naam van Jesus

In die Naam van Jesus beveel ek jou: Word gesond! Ek spreek die bloed van Jesus oor jou uit. Jesus seën jou.

So hoor ons mense beveel en spreek en seëninge oplê. Met oortuiging en passie.

Dis nie net iets van ons tyd nie. Die sewe seuns van Skeva het dit reeds gedoen, in die dae toe Paulus op sy derde sendingreis was. Skeva was 'n Joodse owerpriester, 'n man van statuur. Sy sewe seuns trek voordeel uit hulle pa se status. Hulle kom staan in die kollig. Hulle het dit gewaag om die Naam van die Here Jesus te noem oor dié wat bose geeste gehad het. Hulle sê: "Ons besweer julle by die Jesus wat Paulus verkondig!"

Paulus het nie op die sewe manne se waagstuk gereageer nie. Die bose gees wat hulle wil uitdryf, doen die praat- en doenwerk: "Jesus ken ek, en van Paulus weet ek, maar julle, wie is julle?" Die sewe jongmanne het nie ligtelik van hulle dwase pratery afgekom nie. Hulle word kaal uitgetrek en raak gewond. Hulle moes vlug vir hulle lewe.

Die saak is duidelik. Pas op hoe jy die Naam van Jesus gebruik. Dit is die Naam bo alle name. Jesus is heilig. Sy Naam is heilig. Sy heilige Naam is geen towerstaffie wat jy na jou smaak kan rondswaai

nie. Sy heilige Naam is nog minder 'n publisiteitsfoefie waarmee jy vir jouself wins durf maak. Die seuns van Skeva het dit ondervind.

Radikaal daarteenoor staan die vervolg van die geskiedenis. Die sewe seuns se optrede en die ingrypende gevolge daarvan het bekend geword aan al die Jode en Grieke wat in Efese woon. Vier dinge gebeur:

- vrees het op hulle almal geval;
- die Naam van die Here Jesus is grootgemaak;
- baie van die wat gelowig geword het, het belydenis kom doen en hulle dade bekendgemaak;
- verskeie van die wat met towery omgegaan het, het die boeke bymekaargebring en voor almal verbrand.

Hierdie vier groot dinge wys op die regte, eerbiedige gebruik van Jesus se heilige Naam. Sy Naam moet grootgemaak word. In sy Naam kom daar daadwerklike, kragtige bekering. In sy Naam is daar vergifnis van sondes. So groei die woord van die Here en word dit met krag sterk – ook in ons lewens.

Sing: Psalm 145-1:1, 2

Dr. GJ (Gerard) Meijer (Oos-Moot)

Saterdag 21 September

Skrifgedeelte: Efesiërs 3:1-13 (AFR53)
Fokusgedeelte: Efesiërs 3:13

Die moeite werd

Die gemeente in Efese ly. Paulus sit in die tronk. Sy verdrukking in die tronk is hulle verdrukking. Die Efesiërs leef konkreet en werklik met Paulus mee. In hierdie opsig is hulle wat hulle moet wees. As een lid in die liggaam van Christus – die kerk – ly, moet almal immers saam ly (1 Kor. 12:26).

Paulus se reaksie op die gemeente se lyding is aangrypend. Hy bid dat hulle nie moedeloos moet word nie. Die feit dat hy in die tronk sit, moet nie maak dat hulle geloof verslap nie. Hulle moenie ingee en toegee onder druk nie. Paulus se gevangeneming moet hulle eerder opbeur en versterk. Want, so skryf hy in vers 1, hy sit ter wille van

hulle in die tronk. Sy gevangenskap is in hulle belang.

Dit klink vergesog, maar dit is allermins. Want hoekom sit Paulus in die tronk? Die Jode het hom laat arresteer en hom aan die Romeine uitgelewer. Die rede vir sy arrestasie is die feit dat hy Christus verkondig: aan Jode sowel as aan heidene. Paulus se arrestasie moes bydra tot sy diensbaarheid aan die lewende Christus en die verkondiging van sy evangelie aan vele volke.

Vanuit die tronk verduidelik Paulus hoe die Woord van Christus nie toegesluit kan word nie. Deur ’n openbaring het Christus aan Paulus die verborgenheid (misterie) van die evangelie bekendgemaak. Die verborgenheid is dat nie-Jode ook in die rykdom van God se genade mag deel. Almal wat God in sy welbehae uitverkies het, uit elke stam en volk en taal, het deel aan Christus se volkome verlossingswerk. Almal wat tot geloof in Christus kom, is Christus se mede-erfgename. Hulle is medelede van die liggaam en mededeelgenote aan die belofte in Christus deur die evangelie. Wat ’n rykdom!

Die magte van die duisternis verag hierdie evangelie. Hulle probeer dit dooddruk. Hulle meen dat die voortgang van die evangelie gestop word as Paulus toegesluit is. Hulle is so verkeerd! Christus kon nie stilgemaak word toe Hy gesterf het en begrawe is nie. Hy oorwin die dood en die graf. Hy staan op en laat sy Naam wêreldwyd verkondig. Christus se getroue dienaars kan nie stilgemaak word nie, ook nie as hulle toegesluit word en met hulle lewe moet boet vir die verkondiging van die waarheid nie.

Paulus se swaarkry ter wille van die evangelie is dubbel en dwars die moeite werd. Geen lyding kan te groot wees as dit gaan oor die voortgang van die bediening van God se Woord nie. Met hierdie wete moet ons mekaar bemoedig.

Sing: Psalm 67-1:2

Dr. GJ (Gerard) Meijer (Oos-Moot)

Sondag 22 September

Skrifgedeelte: Kolossense 3:5-17
Fokusgedeelte: Kolossense 3:15-17

Begrawe jou eie ek

Wat in jou hart leef, word uiteindelik dade. Die Here wil hê dat vrede jou hart moet vul, want dan sal jy ook vrede na buite toe uitleef. Vrede is nie iets wat jy uit jouself het nie. Christus gee dit vir jou. Dit is immers ’n vrug van die Heilige Gees se werk in jou.

Die vrede wat God gee, se karakter is heeltemal anders as die vrede wat tussen mense heers.

- In Johannes 14:27 het Jesus gesê: “Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie.”
- En in Filippense 4:7 skryf Paulus: “Die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.” In Kolossense 3:15 staan dat Christus se vrede in jou lewe, in jou hart die deurslag moet gee. Dit impliseer dat vrede soos ’n skeidsregter in jou lewe moet optree – letterlik: regeer. Wanneer daar allerlei onaangename dinge op jou pad kom – soos rusies en harde woorde – moet vrede die laaste sê daaroor hê. Daarom staan daar in vers 15 ook nog: “God het julle immers geroep om as lede van een liggaam in vrede met mekaar te lewe.”

Dit het van Christus die grootste offer ooit gekos om vrede tussen ons en God tot stand te bring. Jy moet besef dat dit ook van jou selfverloëning en ’n offer sal kos om in vrede met ander te lewe. Jy sal jou eie ek moet begrawe as jy vrede in jou hart wil hê én vrede wil uitleef.

Sing: Psalm 16-1:5

Dr. AH (André) Grové (Emeritus)

Maandag 23 September

Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 2:13-16
Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 2:13

Die kragtige Woord wek energie by my op

Inflasiekoerse het ’n uitwerking op almal. Daar is baie dinge wat inflasie laat styg, soos geld se waarde wat nie gedek word deur die waarde in goud nie, en onproduktiwiteit. Natuurlik is daar baie meer oorsake, maar in die woorde herken ons die neiging van gelowiges om mooi woorde uit die Bybel te gebruik wat nie deur dade gedek word nie (byvoorbeeld liefde en vergifnis). Ons veroorsaak sodoende dat ’n inflasiekoers aan die Woord gekoppel word.

Tessalonika was geleë op die Via Egnatia en was ’n kruispunt van die internasionale verkeer van destyds. Tessalonika was ’n strategiese gemeente. Die strate het gewemel van toeriste en mense van allerlei beroepe. Paulus is verheug dat dié gemeente, waaruit hy moes vlug, dit kon regkry om ’n uitsaaistasie van God se Woord te word. Hulle Woordvoorbeeldige lewens was ’n kragtige klankversterker wat oor die bekende wêreld weergalm het. In 1 Tessalonisense 2:13 word die rede gevind, naamlik: die Woord werk in gelowiges en het ’n uitwerking.

Die begrip werk of die uitwerking daarvan is die woord wat ons vir energie gebruik. Energie is ’n krag wat beweging of ’n handeling veroorsaak. Daarom is ’n energieke mens iemand met ’n kragtige strewe en ’n kragdadige optrede. Dink gerus aan die werking van kernkragenergie, die opwekking van elektrisiteit en die effek wat dié energie bewerk. Die Woord van God is veel meer as woorde waarvan die ink gestol het. Die energieke Woord werk, dit werk selfs in die lewens van diegene wat nie veel erg aan God se Woord het nie.

Hierdie Woord keer nooit leeg terug nie. In gelowiges se lewens bring die Woord vol van energie ’n uitwerking voort wat in dade sigbaar moet word. Woord-energie bring ’n drang voort om voluit van God se Woord te leef en laat die lewenswiele draai oral waar ek my voete plaas. Die krag van die Woord is immers in sy boodskap opgesluit. Die dinamiet van God se werking in en deur sy Seun kan nie anders as om beweging en energie voort te bring nie. ’n Energieke Woord roep om energieke gelowiges!

Sing: Psalm 89-1:6 *Prof. FP (Ferdi) Kruger (TSP)*

Dinsdag 24 September

Skrifgedeelte: 2 Timoteus 3:10-17
Fokusgedeelte: 2 Timoteus 3:14, 15 (AFR83/2020)

Die Bybelse leer troos in troostelose tye

Ons leef in moeilike tye! Paulus waarsku Timoteus oor die swaar tye wat in die laaste dae sal kom (2 Tim. 3:1-5). Die mense se werke bly boos ten spyte daarvan dat hulle altyd aan die leer is. Want hulle kan net nie tot die volle begrip van die waarheid kom nie (2 Tim. 3:7).

Paulus was self as geleerde eers met bose werke besig. Al sy geleerdheid kon hom ook nie tot die volle begrip van die waarheid bring nie. Eers toe Christus Homself aan hom openbaar, leer hy die Waarheid ken. Die Waarheid is nie net ’n intelligente konsep nie, maar ’n persoon, Jesus Christus! Jesus het self getuig; “Ek is die weg, die waarheid en die lewe ...” (Joh. 14:6). Só bekeer God Paulus tot die regte leer en lewe.

Paulus skryf aan Timoteus wat ’n gelowige ma en ouma gehad het en self ook tot geloof gebring is. Hy het die waarheid dat Jesus die enigste Verlosser is, self omhels en volg Paulus na, soos Paulus Jesus navolg. Daarom getuig hulle albei se lewenswandel, lewensdoel, geloof, geduld, liefde en volharding téén die wêreld en beleef hulle vervolging.

Ten spyte van vervolging moes Timoteus bly by dit wat hy geleer het. Hy ken immers sy leermeesters en die bron waaruit die leringe kom, naamlik die Heilige Skrifte. Geskrifte wat oor eeue en deur uiteenlopende individue onder God se inspirasie saamgestel is. Dié Skrifte wat verkeerdhede regstel en dwaalleringe bestry om sodoende die regte leefwyse te kweek.

Ons is gelowiges wat die Waarheid uit God se Woord aangeneem het. Al hoe ons ware troos kan bly beleef, is op dié smal weg wat na die lewe lei. Om met geloofsvertroue vas te hou aan die lering uit God se Woord, ten spyte van die misleiding, vyandskap en vervolging.

Sing: Psalm 25-1:1, 2, 4

Ds. GA (Regardt) Venter (Krokodilrivier/Brits)

Woensdag 25 September

Skrifgedeelte: 2 Timoteus 4:1-8
Fokusgedeelte: 2 Timoteus 4:2, 3 (AFR83/2020)

Ons leef in ’n tyd waar die gesonde Bybelse leer verwerp word

As uitverkore gelowiges het Paulus en Timoteus met ’n ander lewensdoel gelewe. Hulle geloofsoë het verder gesien as die aardse stryd. Hulle het destyds al gefokus op die koms van Christus wat lewendes en dooies sal oordeel. Daarom die erns om God se Woord, die Bybelse evangelieboodskap te bly verkondig.

Timoteus as jonger persoon moes sonder om skaam te wees dié woord tydig en ontydig verkondig. Die woorde van God was destyds al onwelkom. Sentimente soos: “Dit is nie nou die tyd nie!” sou baie se uitgangspunt wees. Want alhoewel God se Woord troos, weerlê en bestraf dit die ongelowiges en vleeslike gelowiges se sonde en dwase oortuigings.

Destyds al het mense vir hulle leermeesters bymekaargemaak om te preek wat hulle wil hoor. Mense wat getuig dat hulle aan God glo, maar nie verder wil luister wanneer sy woorde hulle verkeerdhede aanspreek nie. Al wat hulle wou hoor, is motiverende en strelende boodskappe.

Só word baie mense vandag nog slagoffers van ’n ander evangelie wat reg klink, maar vol misleidende halwe waarhede is. In ’n wêreld vol fopnuus en mensgesentreerde spiritualiteit is baie min mense toegewyd aan die gesonde leer van die Bybel wat sondes duidelik uitwys sodat ons daarvan kan bekeer.

Om fisiese genesing te kan beleef, is die ongemak van behandeling of ’n operasie onafwendbaar. Geestelike genesing gaan ook gepaard met die ongemak wanneer die Woord ons sondes uitwys. Die Heilige Gees oortuig en werk in ons om Christus se kruisdood te omhels as die enigste geneesmiddel vir sonde sowel as die dood.

Ware geloof werk só bekering van sonde en ’n ywer om tydig en ontydig te getuig teenoor mense wat geestelik siek is as gevolg van hulle ongeloof en sonde. Selfs al verwerp die meeste die genesende leer uit die Woord.

Sing: Psalm 119-1:1, 17

Ds. GA (Regardt) Venter (Krokodilrivier/Brits)

Donderdag 26 September

Skrifgedeelte: Hebreërs 4:12-16
Fokusgedeelte: Hebreërs 4:13, 15

Jesus sien jou vir wie jy is …!

Hoe tree die mens dikwels op? Ons dink ons kan ons sondes vir God wegsteek (soos Adam en Eva; en soos ons wel vir mense doen); of: Ons steur ons bloot nie aan God nie, en leef rustig in die sonde voort (soos die Israeliete in die woestyn gedoen het). Maar wat is die werklikheid? Ons staan voor die Alwetendheid van God! Vers 13 sê "alles lê oop en bloot voor sy oë. Aan Hom moet ons rekenskap gee". Ja, Jesus sien jou vir wie jy is …!

Maar hierdie ontdekkende krag van die alwetende God is nie net 'n verskrikking nie, dit is ook 'n heerlike troos! Vers 14 beskryf hierdie vertroosting van God soos volg: "Terwyl ons dan nou 'n groot Hoëpriester het wat reeds deur die hemele gegaan het, Jesus, die Seun van God, laat ons vashou aan die geloof wat ons bely." Ons moet daaraan vashou dat ons 'n groot Hoëpriester het, Jesus, die Seun van God. Hy is groot, want Hy het volbring wat geen aardse priester ooit kon doen nie. Die aardse hoëpriesters kon eenmaal per jaar die allerheiligste betree en dan moes hulle vir hulle en die volk versoening doen. "Jesus Christus het één offer vir die sondes gebring en vir altyd aan die regterhand van God gaan sit" (Heb. 10:12). "Deur die één offer het Hy dié wat vir God afgesonder word, vir altyd volkome van sonde vry gemaak" (Heb. 10:14).

En waar Hy reeds deur die hemele gegaan het, is Hy ons Voorspraak by die Vader. Hy pleit nou vir ons behoud op grond van sy middelaarswerk. En die wonderlike is dit: ons Hoëpriester, wat nou ook ons Voorspraak is, het medelye met ons swakhede. Hy het begrip, empatie met ons swakhede, omdat Hy ook weet watter versoekinge oor ons kom en wat dit van ons vra om dit te weerstaan. Hy het dit immers (na sy mensheid) aan eie lyf gevoel toe Hy deur Satan versoek is. Maar waar ons dikwels struikel en val, kon Hy staande bly, want Hy is ook God. Hy het nie gesondig nie, Hy kon vir ons die oorwinning behaal, daarom kan Hy ons help!

Hy kan ons help, maar dan moet ons nie voor God vlug nie. Ons moet ook nie blindelings voortploeter in die sonde nie. Vers 16 sê: "… gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon …" Ons moet,

soos ’n Dawid van ouds, ons sondes aan God bekendmaak. As ons gelowig pleit op die soenverdienste van Jesus Christus, dan sal ons die vertroostende woorde hoor: Ek sien jou wie jy is (’n vuil, wegwerplike sondaar!), maar Ek sien jou ook wie jy in Christus Jesus is (skoongewaste, verloste kind van God)!

Sing: Skrifberyming 20-2:1, 4, 5, 6, 7

Ds. AB (Braam) van der Walt (Plett/Knysna)

Vrydag 27 September

Skrifgedeelte: Hebreërs 11:1-19
Fokusgedeelte: Hebreërs 11:1; HK, Vraag 21

Ken en vertrou

Van kleintyd af word aan ons vertel dat geloof twee woorde is: “ken” en “vertrou”. Vir baie van ons is dit ’n bekende handleiding vir katkisasie, maar lees Hebreërs 11:1 weer. Dit is die teks wat vir ons die mooiste sê wat geloof is.

Geloof is die verwagting van dit wat gewis en seker is. God se beloftes is gewis en seker, want God het sy beloftes met ’n eed bevestig (Heb. 6:13, 14). Hulle staan as ’t ware soos ’n paal bo water. Hoe die wind ook al waai, watter strominge daar mag wees, hoe onstuimig die lewe mag word, die beloftes staan soos ’n paal bo water. Ons mag dit alles vir waar aanvaar. Hoe meer hierdie beloftes gehoor en gelees word, hoe dieper word ons kennis.

Tweedens is geloof om oortuig te wees van wat ons nie sien nie. Ons kan God en Christus nie sien nie. Net so is Christus se verdienste, vergewing van sondes, geregtigheid en saligheid werklikhede wat ons nie kan sien nie. Maar God het dit in Christus bevestig en aan ons toegesê. Wanneer kennis hieroor meer word, word ons in ons oortuiging gevoed, sodat ons God se beloftes met vertroue ons eie kan maak.

Die begin van hierdie geloof is Jesus Christus, wat ons met sy bloed as sy eiendom gekoop het en deur sy Gees ons verseker van wat God belowe.

Sing: Skrifberyming 12-3:1, 2

Ds. CA (Carel) Jansen (Secunda)

Saterdag 28 September

Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:13-25
Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:22-25 (AFR53)

In die verganklike word gelowiges geroep tot onderlinge gemeenskap met mekaar kragtens die wedergeboorte

Ons teks beskryf hoe die gemeenskap lyk wat uit die mens voorkom as dit Jesaja 40 aanhaal wat leer: *"Want alle vlees is soos gras en al die heerlikheid van die mens soos 'n blom van die gras. Die gras verdor en sy blom val af ..."*

Gras en blomme kan dikwels baie mooi wees, en net so kan die mens met sy politiek, wetenskap en tegniek baie bereik, wat dikwels ook mooi lyk, besing en geprys word. Maar uiteindelik verdor die gras en die blom val af en dan bly niks mooi oor nie, kyk maar hoe lyk lande deur politieke plundering, kyk hoe lyk gemeenskappe, die hele aarde wat agteruitgaan weens ons sogenaamde vooruitgang, daar is besoedeling, vergiftiging van see en riviere, aardverwarming, noem maar op.

Teenoor die gemeenskap wat die mens daarstel wat verganklik is en nooit kan standhou nie, is die gemeenskap wat God bring, onverganklik. Ons bepaal en maak nie die gemeenskap van die heiliges en die meelewing met mekaar nie, God doen dit deur sy vrymagtige verkiesing.

Die liefde vir mekaar, die onderlinge gemeenskap met mekaar kom volgens vers 22 en 23 voort *"... uit 'n rein hart, deur die lewende woord van God wat tot in ewigheid bly"*.

Die onderlinge liefdesgemeenskap in die kerk begin by die wedergeboorte, God werk deur sy Gees die nuwe opstanding lewe, in en deur Christus, in ons. Dit is die lewe wat nie onderworpe is aan verganklikheid nie, omdat dit nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike saad kom.

Hierdie ware lewe kom van die Heilige Gees van God, deur die lewende Woord Christus en die verkondiging van Hom deur die geskrewe Woord, dit wat ewig is en bly. Daarom kan die onderlinge gemeenskap van gelowiges deur die wisseling van gebeure ook nie tot niet gemaak word nie en staan dit vas en is onaantasbaar.

In die beproewinge wat oor ons lewe kom, in die stukkende wêreld om ons, wil die Here ons troos met hierdie gemeenskap van die

heiliges. Daarom moet ons vashou aan die lewende Woord wat tot in ewigheid bly en in liefde vashou aan mekaar uit ’n rein hart, ’n gemeenskap wat ook ewig bly.

Sing: Psalm 133-1:1, 2

Ds. CJJ (Jaco) Putter (Potgietersrus)

Sondag 29 September

Skrifgedeelte: 2 Petrus 1:16-21
Fokusgedeelte: 2 Petrus 1:16-21 (AFR53)

God se Woord skyn soos ’n lamp in die donker tot ons troos

Dwaalleraars het die apostels beskuldig dat hulle kunstig verdigte fabels nagevolg het toe hulle Christus bekendgemaak het (vs 16) maar Petrus leer dat hy, Jakobus en Johannes saam met Christus op die berg van verheerliking was (vs 17, 18), hulle het sy heerlikheid gesien, hulle het God se stem gehoor toe Hy gesê het: Dit is my geliefde Seun in wie Ek ’n welbehae het. Hulle is drie oor- en ooggetuies van die gebeure.

Die profetiese getuienis van die Ou Testament en die apostoliese getuienis van die Nuwe Testament is goddelik/gesaghebbend. Dit is dieselfde boodskap, want die Ou Testament profeteer Christus se koms en die Nuwe Testament beskryf die vervulling daarvan.

En dit alles het geskied deur die werk van die Heilige Gees – deur Hom gedrywe het die heilige mense van God gespreek (vs 21). Die woord “gedrywe” kom uit die skeepvaart, vir ’n skip wat deur die wind voortgedrywe word. Die skip het die wind in sy seile om dit in die regte rigting te stuur. Dit is ook beeld van ’n stormwind wat met onweerstaanbare krag meevoer. Die Heilige Gees het die profete en apostels so aangedryf/gestuur dat hulle God se woorde aan die mense sou deurgee. Hy het letterlik sy woorde uitgeblaas en in hulle gedagtes ingeblaas sodat hulle na hulle eie styl gespreek het, maar dit was volkome God se Woord.

En omdat die hele Woord deur God geïnspireer is, noem ons teks dit ’n profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos ’n lamp wat in ’n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte (vs 19). Lank nadat die profete en

apostels heengegaan het, skyn die lamp van die Woord nog in ’n donker wêreld, omdat dit die Woord van God is waarin sy Gees spreek. Hierdie lamp lei ons op die regte pad te midde van die duisternis van Satan se aanslae en die sonde, en troos ons.

Maar dan moet die Woord reg uitgelê word. Vers 20 leer duidelik dat geen profesie van die Skrif ’n saak van eie uitleg is nie, die mens kan nie die Woord wil interpreteer om die betekenis daarvan vas te stel nie. Die regte uitleg kan net deur die Heilige Gees, die Skrywer van die Woord kom deur die Skrif homself te laat verklaar, Skrif met Skrif te vergelyk. Dan skyn die waarheid van die Woord soos ’n lamp in ’n sonde-duister wêreld.

En dit is ’n lamp wat sal bly skyn totdat Jesus Christus, die blinkende en glansende, helder môrester weer sal verskyn, tot die voltooiing van ons verlossing. Dan eers sal die lig van die lamp van God se Woord vervang word deur die Lig Jesus Christus wat in ewigheid die Lamp sal wees wat alles sal verlig. Tot op daardie dag sal God ons deur sy Woord en Gees teen die kwaadwillige planne van Satan beskerm wat hom teen God se Woord en kerk rig, en sal Hy ons elke dag vertroos met Christus, die enigste troos.

Sing: Psalm 119-1:39

Ds. CJJ (Jaco) Putter (Potgietersrus)

Maandag 30 September

Skrifgedeelte: 1 Johannes 2:7-17
Fokusgedeelte: 1 Johannes 2:14 (AFR83)

Kragtige oorwinnaars met die lewende Woord

So maklik kan ons meer soos verloorders leef as oorwinnaars. Die onseker gelowiges aan wie Johannes skryf, beleef ’n moeilike geloofstryd. Dinamiese dwaalleraars wil hulle van God weglei. Die druk word net te veel. Daarom herinner die Here hulle deur Johannes aan ononderhandelbare sekerhede waaruit hulle krag kan put.

Van hierdie vaste sekerhede druk hy uit met die woorde: Ek het vir julle geskrywe, jongmense, omdat julle sterk is en die woord van God in julle bly en julle die Bose oorwin het (1 Joh. 2:14). Hulle ís sterk, en hulle hét die Bose oorwin.

Hoe kan hy dit sê vir sukkelende gelowiges? Dit werk só: Wanneer jy in Jesus Christus glo, proe jy iets van sy oorwinning – nog nie volledig nie, maar dit is daar. Ons leef nie meer onder die gesag van die bose en sonde nie. Ons leef onder die gesag van Christus wat klaar vir ons die bose aan die kruis oorwin het. Satan is 'n oorwonne vyand. Christus werk sy oorwinning kragtig in jou lewe deur. Dit gaan oor die posisie van die Christen. Jy is 'n oorwinnaar deur Christus! Daarvoor het Hy gely en gesterf. Ja, jy sukkel en val, maar jy kan weer opstaan.

Hierdie sekerheid van oorwinning word deur die Woord in ons versterk. Die evangelie van Christus, die swaard van die Gees, word deur die Heilige Gees in die gelowige gegraveer (Jak. 1:21). Hierdie Woord verseker ons van die oorwinning in Christus en maak ons sterk. Hoe meer van die Woord in ons, hoe meer kragtige oorwinnings.

Leef dan vanuit die oorwinning van Christus – nie vanuit jou eie swakhede nie. Dank Hom vir bestaande oorwinnings en oorwinnings wat nog kom. Dis nie net jongmanne in die hitte van die stryd nie, maar alle gelowiges wat elke nuwe dag vanuit dié Bybelse sekerheid van oowinning moet leef.

Sing: Skrifberyming 5-4:1, 3, 5, 6

Ds. JGL (Deon) van der Walt (Oudtshoorn)

KWARTAAL 4

TEMA: DIE VIERDE STEM VAN VERTROOSTING (Jes. 40:9-11)
Jesaja 40:9-11 verkondig die troos van herstelde verbondsgemeenskap

Oktober: Troos van die verbondsgemeenskap

Dinsdag 1 Oktober

Skrifgedeelte: Genesis 15:1-6
Fokusgedeelte: Genesis 15:6 (AFR83/2020)

Ons vertrou nie op leë beloftes nie

Die verbond van die HERE begin met ’n belofte. In vandag se Skriflesing hoor ons ’n belofte van die kant van die HERE af, en dit word opgevolg deur ’n vraag van die kant van Abram af.

Voordat die HERE sy verbond met Abram gesluit het, het Hy hom eers geroep (Gen. 12:1-3) en daarna hom uit die hand van die Egiptenare gered (Gen. 12:10-20). Abram reageer deur God te aanbid (Gen. 13:18). Abram het God geglo sonder enige bewys dat God se beloftes sal waar word (Heb.11:1, 8-12). Abram ervaar nie dat die belofte van ’n nageslag waar word nie, en is bekommerd oor die voortbestaan van sy nageslag. Hy vra die HERE daaroor uit. Die HERE antwoord Abram deur sy belofte te bevestig, en aan hom die sterrehemel te wys. Die HERE se belofte van ’n nageslag staan so vas soos wat Abram al die sterre in die hemel raaksien.

Die begin van die verbond wat die HERE met sy kinders sluit, is gegrond op sy beloftes aan sy kinders, en dit is net so seker as wat ons bestaan op hierdie aarde ’n werklikheid is. Miskien was jy al in jou lewe in ongeveer dieselfde situasie as Abram. Daar word van jou gevra om in God te glo of op sy beloftes te vertrou. Jy gee dalk van jou finansiële voordele prys of laat ’n voordelige en goeie geleentheid by jou verbygaan omdat jy eerder gehoorsaam aan die Here wil bly. Jy raak moedeloos, want dit lyk nie of jou omstandighede vinnig gaan beter word nie. In tye van swaarkry word daar van jou as ’n Christen verwag om op die Here te bly vertrou.

Dit is nie leë beloftes waarop ons vertrou nie, maar is vervul en word vir ons werklikheid in Jesus Christus.

Sing: Psalm 119-1:33

Dr. J (Jan) Lion-Cachet (Klerksdorp)

Woensdag 2 Oktober

Skrifgedeelte: Genesis 15:7-21
Fokusgedeelte: Genesis 15:18-21 (AFR83/2020)

Christus is die groot offer

Soos die gedeelte wat ons gister gelees het, begin hierdie gedeelte ook met ’n belofte van die HERE en word dan opgevolg deur ’n vraag van Abram oor die belofte. In hierdie Skrifgedeelte gaan dit oor die land wat die HERE aan Abram gee. Abram glo in die beloftes van die HERE, maar ’n lewende geloof moet altyd versterk word, soos wat ons geloof met ons deelname aan die heilige Nagmaal elke keer weer versterk word as ons dit gebruik.

Die HERE rig ’n verbond op met Abram by wyse van ’n uitgebreide seremonie. Abram berei die diere voor vir die verbondseremonie. Maar voor die seremonie plaasvind, oorval ’n diep slaap hom, en God gaan dan voort om sy verbond alleen met Abram te sluit. In ’n skrikwekkende en donker moment bevestig die HERE dat Abram se nageslag die beloofde land in besit gaan neem en verseël dit deur tussen die offerdiere deur te beweeg. In die proses maak die Here Homself aan Abram bekend as die rook van ’n oond en die vuur van ’n fakkel.

Die rook van ’n oond en die vuur van ’n fakkel illustreer God se ewige teenwoordigheid by sy kinders op die aarde. God se beloftes bly nooit in die lug hang nie, maar word bevestig in God se liefde deur Jesus Christus wanneer Hy na die aarde toe kom en aan die kruis sterwe.

Jesus Christus is op die ou end die groot offer wat gebring moes word sodat versoening tussen sy kinders en God moontlik kan wees. Die Heilige Gees word uitgestort en mense sien tonge, asof van vuur, aan hulle verskyn, verdeel en op elkeen van hulle neerdaal (Hand. 2:3). Elkeen van God se beloftes is sonder enige twyfel ingemessel in ons bestaan, en ons kan altyd op sy goedheid en almag staatmaak.

Sing: Psalm 91-2:1

Dr. J (Jan) Lion-Cachet (Klerksdorp)

Donderdag 3 Oktober

Skrifgedeelte: Genesis 17:9-14
Fokusgedeelte: Genesis 17:9 (AFR83/2020)

Vermaan en verplig tot ’n nuwe gehoorsaamheid

Enige verbond het twee partye wat deur wedersydse bepalings opgerig is. As bepalende deel van die verbond tussen die HERE en Abraham was die belofte dat Hy vir hom en sy nageslag ’n God sal wees, vir hom die hele land Kanaän as eiendom vir altyd sal gee en sy nageslag buitengewoon sal vermeerder.

’n Belangrike teken in gehoorsaamheid van die verbond van Abraham se kant af was om elke manlike persoon onder hulle op die ouderdom van agt dae te besny. Hierdie daad van gehoorsaamheid is ’n sigbare teken vir Abraham en sy nageslag dat hulle God sal aanbid en gehoorsaam. Die gehoorsaamheid is nie ’n manier om God se guns of seën te verdien nie, maar gewortel in ’n hart wat God vertrou en liefhet in reaksie op sy genade en beloftes.

In die Nuwe Testament kom die doop in die plek van die besnydenis. Ons word gedoop in die Naam van die Vader, wat sy ewige genadeverbond met ons oprig, in die Naam van die Seun, wat ons in sy bloed van al ons sondes was, en in die Naam van die Heilige Gees, wat in ons wil bly en ons heilig maak. Christene word deur die doop vermaan en verplig tot ’n nuwe gehoorsaamheid – om die Drie-Enige God aan te hang, te vertrou en lief te hê, van die sondige wêreld en sy verleiding af te sien en ’n godvrugtige lewe te lei. En as ons weens ons sondige natuur en swakheid in sondes val, mag ons nie daarmee aangaan nie, maar tot bekering kom.

Soos in die dae van Abraham, is dit vandag nog net so waar en sal dit tot in ewigheid waar bly. Tydens die heilige doop belowe die ouers dat hulle hierdie kernwaarhede aan hulle kinders sal leer en deur die kerk sal laat leer.

Sing: Psalm 105-1:1, 5

Dr. J (Jan) Lion-Cachet (Klerksdorp)

Vrydag 4 Oktober

Skrifgedeelte: Genesis 6:9-22
Fokusgedeelte: Genesis 6:11-13, 18

Noag se gehoorsaamheid in die belofte van God se nuwe verbond

Wanneer ons die Skrif bestudeer, moet ons altyd die Ou Testament interpreteer in die lig van die nuwe verbond in Christus. Jesus het dit self in sy bediening bevestig (Matt. 5:17-20). Ons bely dat die doel van die ou verbond Christus is. Die gelowiges wat voor Jesus gekom het, het hartstogtelik verlang dat God sy koninkryk sal vestig (Heb. 11:13-16). 'n Voorbeeld van hierdie verlange vind ons in hierdie gelowiges se gehoorsaamheid.

Noag is 'n paradigma van koninkrykslewe, want die geregtigheid wat hy beoefen het, het uit geloof voortgevloei (Heb. 11:7). Hierdie heiligheid was geensins die basis vir sy regverdiging nie – God het hom steeds deur sy geloof alleen aangeneem. In sy kommentaar oor Noag se geregtigheid in die lig van die goddeloosheid van sy generasie, bied Johannes Calvyn insig in hoe hierdie gelowige uit die ou verbond vir ons 'n model is. Waar God verklaar dat almal op aarde verderflik geraak het (vs 12), moes dit vir Noag besonder moeilik gewees het om te volhard om God voor die vloed gehoorsaam te aanbid. As Noag dit egter in sy dag kon doen, kan ons wat onder die heerliker nuwe verbond leef, soveel meer dieselfde doen, deur die krag van die Gees (Hand. 1:8; 2 Kor. 5:17). Calvyn skryf: "Soos egter die unieke deug van Noag hier geprys word, laat ons dus onthou dat ons geleer is wat ons behoort te doen, al het die hele wêreld na sy eie vernietiging gehaas."

As Christene is ons almal besorg om Christus in die middel van ons lewens te plaas. Om Jesus egter in die middel van ons aandag te plaas, behels meer as net intellektuele instemming met sy lering of 'n mondelinge bevestiging van vertroue. Soos die apostel Jakobus duidelik maak, is ons nie Christusgesentreerd of navolgers van Hom as ons nie die voorbeelde volg van diegene wat met God gewandel het en goeie werke van gehoorsaamheid gedoen het nie (2:14-26).

Sing: Psalm 40-1:4

Ds. GD (Orrie) Oosthuizen (Vaalharts)

Saterdag 5 Oktober

Skrifgedeelte: Eksodus 6:1-8
Fokusgedeelte: Eksodus 6:1-8

Die HERE sorg self vir redding as verbondsvervulling

Daar kom oordeel vir daardie sondaars wat hulle nie van hulle goddeloosheid bekeer en op Christus vertrou vir redding nie, die gevreesde tweede dood – die ewige poel van vuur – wat in Openbaring 20:11-15 beskryf word.

God is egter genadig en verlustig Hom nie in die vernietiging van die goddeloses nie (Eseg. 33:11). Daarom het ons Skepper 'n weg gebaan vir gevalle mans en vroue om uit hierdie oordeel gered te word, 'n weg wat ook waarborg dat hulle seën in die nuwe hemel en aarde sal geniet. Hierdie manier van ontsnapping is eenvoudig, en dit was in wese dieselfde deur die geskiedenis. Al wat nodig is om uit die oordeel gered te word en in 'n volle, geseënde verhouding met die Here herstel te word, is om Hom as die groot Verlosser te omhels. Deur alle pogings om onsself te red uit die weg te ruim, kan ons bevry word van die staat waarin ons gebore is – verraaiers wat weier om voor God as Koning te buig en eerder onsself dien.

Dit is die punt van Eksodus 6:1-8. Deur Moses op te roep om die Israeliete uit Egiptiese slawerny te lei, het die HERE belowe om die Een te wees wat hulle van hulle laste sou red en hulle in 'n nuwe verhouding met Homself sou verlos. Al wat die Israeliete moes doen, was om hulle planne van selfredding te laat vaar en eerder te wag dat God sy uitgestrekte arm beweeg en die Egiptenaars oordeel (vs 6-8).

Om 'n mens se lot in die hande van die HERE, die Verlosser te plaas, bly die enigste manier om uit die oordeel gered te word. As Nuwe-Testamentiese gelowiges weet ons dat dit Christus, die Verlosser is wat uiteindelik God se belofte vervul om sy volk van ewige sondeslawerny te bevry (Matt. 1:21). Geloof alleen in die groot Verlosser verlos ons uit ballingskap. Ons moet dit slegs maar omhels en glo.

Sing: Psalm 116-1:1, 2, 5

Ds. GD (Orrie) Oosthuizen (Vaalharts)

Sondag 6 Oktober

Skrifgedeelte: Genesis 9:7-17
Fokusgedeelte: Genesis 9:8-11

God se uitbreiding van die verbond met die mens

Ons verstaan ’n verbond as ’n ooreenkoms tussen twee of meer partye wat wedersydse regte en verantwoordelikhede uiteensit. Meeste verbonde van hierdié aard word gesluit tussen mense wat instem tot ’n reëling wat beide partye bevoordeel. Albei betaal ’n prys en albei verwag boetes as hulle nie aan die bepalings van die verbond voldoen nie.

Verbonde tussen God en mense neem egter noodwendig ’n ander karakter aan, omdat mense nie as gelykes met God kan onderhandel nie. Dit is daarom telkens God wat self die inisieerder is van uitbreidings op die aanvanklike verbond soos met Adam gesluit in die paradys.

“En Ek, kyk, Ek sluit my verbond met julle” (vs 9a). Dit is God wat hierdie verbond inisieer. God neem Hom voor om nie weer alle lewe deur vloedwaters te vernietig nie, en vereis geen spesifieke reaksie van Noag en sy gesin nie. God sê nie: “Ek sal instem om nie weer alle lewe deur vloedwaters te vernietig AS jy so en so sal doen nie.” God sê eenvoudig: “Ek sluit my verbond met julle: Nooit weer sal alle vlees deur die waters van die vloed uitgeroei word nie; ja, daar sal nie weer ’n vloed wees om die aarde te verdelg nie.”

Goddelike verbonde is nie altyd onvoorwaardelik nie. Soms vereis God ’n reaksie. ’n Paar jaar later sal God vir Abram vra om gehoorsaam te wees en te trek vanuit sy mense na ’n ver land op grond van geloof en vertroue. Nog ’n latere uitbreiding by Sinai bring die uitverkiesde volk onder Goddelike wetgewing wat hulle onderskei van die heidene rondom hulle.

So word daar ook op ons as gelowiges in die Nuwe Testament, wat lewe in die nuwe verbond in Christus, geen voorwaarde gestel anders as dat ons die nuwe lewe in Christus met ons hele wese sal omhels nie. Gehoorsaamheid aan God se wet vloei vir ons voort as ’n teken van ons omhelsing.

Sing: Psalm 105-1:5

Ds. GD (Orrie) Oosthuizen (Vaalharts)

Maandag 7 Oktober

Skrifgedeelte: Jesaja 49:8-17
Fokusgedeelte: Jesaja 49:14-16 (AFR83/2020)

Die Here vergeet ons nie

Wanneer ons allerlei moeilikhede ervaar, is ons vinnig om te sê en voel dat die Here ons verlaat het, dat Hy ons vergeet het. Dit is ’n logiese lyn wat ons beperkte menslike verstande trek, daar is immers miljarde mense op aarde, en elkeen het hulle eie moeilikhede. God kan onmoontlik aandag aan almal en alles gee, iewers moet Hy iemand vergeet. Israel het so gedink tydens hulle ballingskap. Hulle is deur ’n vyandige, heidense volk in ’n oorlog verslaan, hulle land is in besit geneem, hulle stede en tempel is platgeslaan en hulle is na ’n vreemde land weggevoer.

Maar kan dit gebeur, kan God sy kinders vergeet of sommer net verlaat? Natuurlik nie!

Wanneer ons na die hele hoofstuk van Jesaja 49 kyk, sien ons dat vers 14 die enigste vers is wat deurtrek is met klagte, al die ander verse is gevul met God se beloftes. Die struktuur van hierdie teks getuig self dat God se beloftes altyd meer en sterker is as ons eie twyfelinge. Ons sien net in die volgende vers hoe God die retoriese vraag vra: Kan ’n vrou haar kind vergeet? Dit kan nie gebeur nie, en selfs al sou dit gebeur, sal God nooit sy kinders vergeet nie. Hy gee aan ons die gerusstellende woorde in vers 16 dat Hy ons name in sy handpalms ingraveer.

Bo en behalwe hierdie gerusstellende belofte dat God ons nie verlaat nie, het ons die groter troos in Jesus Christus. Hy is aan die kruis deur God verlaat sodat ons nooit meer deur God verlaat sou word nie.

Daarom kan die gelowige die wonderlike vrede en vreugde hê dat God altyd by hulle is, selfs al voel dit nie altyd so nie. As ons aan hierdie wonderlike waarheid vashou, kan ons die Here altyd loof soos in vers 13: *Jubel, hemel! Juig, aarde! Sing vrolik, berge! Die Here het vir sy volk uitkoms gegee, Hy het Hom ontferm oor sy volk wat in nood was.*

Sing: Psalm 116-1:1, 5

Ds. P (Philip) Hattingh (Bloemhof/Christiana)

Dinsdag 8 Oktober

Skrifgedeelte: Jesaja 54:5-14
Fokusgedeelte: Jesaja 54:7-8 (AFR83)

Ek het my gesig maar net ’n oomblik verberg

Israel is weggevoer in ballingskap as gevolg van hulle sondige opstandigheid teen die Here. In Babel is hulle mismoedig omdat hulle voel asof hulle alles verloor het – in besonder die tempel. Vir hierdie Israeliete voel dit asof die Here hulle heeltemal verlaat en weggegooi het. Jesaja vergelyk hulle daarom met ’n vrou wat deur haar man verstoot is, maar steeds aanhou roep na hom.

Dan kom die hoopvolle nuus, want hierdie verstoting is nie vir ewig nie. Ons lees in Hosea 11:8 dat die Here dit nie oor sy hart kan kry om Israel te vernietig nie, sy liefde brand eenvoudig te sterk vir sy verbondsvolk. Hierdie verstote vrou word getroos met die belofte van herstel: die Here het maar net vir ’n oomblik sy gesig verberg. Daar is niks wat God se liefde vir sy verbondsvolk kan keer nie, selfs nie Israel se volgehoue sonde en opstandigheid nie. Hierdie tugtiging is maar net tydelik en die Here gebruik dit om sy volk weer nader aan Hom te lei.

Vandag kan gelowiges ook geweldige groot troos hieruit put. Ons word ook met ’n vrou vergelyk, maar ’n besondere vrou! Ons is die bruid van Christus wat Hy so liefgehad het dat hy bereid was om sy kosbare bloed vir haar te stort sodat sy losgekoop kan wees van die vloek van die sondeskuld. Juis daarom kan ons altyd op Hom bly vertrou. Ons kan altyd vertrou dat die Here sy verbondsbeloftes sal onthou.

Wanneer dit vir ons voel asof ons soms alleen is of dat die Here sy gesig van ons verberg, moet ons onthou om terug te gaan na die Here se beloftes. Hy gooi nooit sy kinders wat Hy liefhet, weg nie. Ons het die waarborg dat Hy in sy ewige troue liefde Homself oor sy kinders sal ontferm.

Sing: Psalm 30-1:2, 7

Ds. P (Philip) Hattingh (Bloemhof/Christiana)

Woensdag 9 Oktober

Skrifgedeelte: Jesaja 56:3-8
Fokusgedeelte: Jesaja 56:6-7 (AFR53)

Die verbondsgemeenskap – vir almal!

Vir die Jode het die Sabbat ’n besondere waarde. Aanvanklik was dit bloot net ’n rusdag wat ’n gesonde ritme tussen werk en rus gebring het. Na die uittog uit Egipte het dit ’n ekstra betekenis gekry omdat die volk moes terugdink aan die vryheid wat God aan hulle gegee het van hulle slawerny in Egipte (Deut. 5). Soos ons in Eksodus 31:16 lees, is die onderhouding van die Sabbat ook ’n teken van die verbond.

Tydens die ballingskap het die Sabbat ’n ryker betekenis gekry omdat die Israeliete nie meer ’n tempel gehad het waarheen hulle kon gaan om gewyde byeenkomste te hou nie. Die ballinge het in hierdie tyd steeds saamgekom en daardeur die verbondsgemeenskap onderhou. Deur die Sabbat te onderhou, was dus simbolies van die nakoming van die hele wet van God en het ’n identiteitsmerker van ’n ware Israeliet geword.

Jesaja dra nou ’n hoopvolle belofte oor aan die nie-Israeliete en die ontmandes. Beide hierdie groepe is by die tempelaanbidding uitgesluit en daarom ook by die verbond en verbondsgemeenskap. Hierdie belofte is aan elkeen wat die Here se knegte wil wees en sy Sabbat onderhou: Hulle sal met vreugde ontvang word in die tempel van die Here omdat dit ’n huis van gebed vir die volke is.

Om die Here se knegte te wees en Hom as verbondsgemeenskap te dien, is nie iets wat net vir Israel beskore is nie. Almal wat die Here soek, het nou die geleentheid om hom te ontmoet in die samekomste van sy verbondsvolk. Vandag is elke gelowige deel van hierdie verbondsvolk deur ons geloof in Jesus Christus. Daarom herdenk ons as gelowiges steeds die Sabbat (wel op ’n Sondag) as rus- en aanbiddingsdag waar ons met ander gelowiges bymekaarkom om Jesus Christus se opstanding te herdenk.

Sing: Psalm 84-1:1, 6

Ds. P (Philip) Hattingh (Bloemhof/Christiana)

Donderdag 10 Oktober

Skrifgedeelte: Eksodus 19:1-8 (of Eksodus 19:1 – 20:21)
Fokusgedeelte: Eksodus 19:4-6 (AFR2020

Die kerk is die Here se spesiale eiendom (vanweë die Verbondswoord!) vir die wêreld

Eksodus 19:1 – 24:18 is ’n hoogtepunt in die Here se Woord, want die Here sluit die verbond, wat Hy met die aartsvaders opgerig het (Genesis), nou met sy hele volk. Eksodus 19 gaan hoofsaaklik oor die volk se voorbereiding om hulle heilige God te ontmoet in hierdie verbondsluiting. En in die verbondsluiting gee die Here sy tien Verbondswoorde (Wet) vir sy volk – Eksodus 20.

Alreeds in Eksodus 19:5 sê die Here dat sy volk sy persoonlike en spesiale eiendom sal wees, selfs al behoort hulle en ook die hele aarde aan Hom. Die Here kies die klein ou slawevolkie om spesiaal vir Hom te wees. Waarin is hierdie spesialiteit en besonderheid geleë? In die Here wat met sy Verbondswoorde (Eks. 20) na die klein ou volkie toe kom. Besef hoe spesiaal jy is, omdat jy die Here se Woord het, sy Woord kan lees elke dag en kan saamkom in sy erediens elke Sondag rondom sy Woord!

In vers 6 sê die Here ook sy volk sal vir Hom ’n koninkryk van priesters wees. Dit beteken die HERE se volk is sy tussengangers tussen Hom en die wêreld (priesters het ingetree tussen die Here en sy volk). Reeds vanuit Genesis 12:3 leer ons dat die bedoeling van die verbond ook is dat al die geslagte van die aarde geseën word.

En hier lees ons weer iets hiervan. Die volk is die Here se spesiale eiendom tot die wêreld – sy priesters. Hoe? Deur in sy Woord en sy wet te lewe, elke oomblik van hulle lewe. Jy is ’n televisie vir die wêreld! Leef in die Here se wet en in sy Woord voor die wêreld wat na jou kyk. Luister getrou na die Here se stem (Eks. 19:5). Ja, ons as sy kerk skiet hierin ver tekort. Tog so belangrik: die Here het voorsien!

Van die priesterskap vir die wêreld lees ons in Jesaja 49:6: “Ek gee jou as ’n lig vir nasies, sodat my heil sal strek tot aan die uiteindes van die aarde.” En ook nog later in Lukas 2:32: “’n lig wat vir die nasies tot openbaring dien ...” Net soos die volk Israel ver tekortgeskiet het om die Here se priesters te wees, skiet ons ook ver tekort. Maar die Here het voorsien – Jesaja 49 en Lukas 2 gaan oor ons Here Jesus

Christus. In Jesus Christus, deur sy Heilige Gees in ons, kan ons wandel in die Here se Verbondswoord – tot aanskoue van die wêreld.

Sing: Psalm 135-1:1, 2

Ds. R (Reinhart) Boersema (Vryburg)

Vrydag 11 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:22 – 2:10
Fokusgedeelte: 1 Petrus 2:4-5 (AFR53)

Kom na die kosbare, lewende Hoeksteen van die kerk

Die kerk van die Here is spesiaal en besonders! 1 Petrus 2:9 is amper 'n woordelikse herhaling van Eksodus 19:5-6 (gister se dagstukkie). En net soos gister, lees ons ook hier in 1 Petrus 1 en 2 dat die kerk se besondersheid veral gaan oor die Woord. Petrus skryf (1:23) dat hulle wedergebore is deur die lewende woord van God wat tot in ewigheid bly. Dit is die Woord waarna hulle moet verlang (2:2) soos wat pasgebore kindertjies verlang na hulle moeder se melk. In die Woord kom daar groei. Soek die lewende Woord van die Here op!

Hoekom so die klem op die Woord? 2:3 – want die Woord gaan oor die Here van die Woord en dat Hy goed is, dat sy getroue verbondsliefde bestaan tot in ewigheid. Hy maak ons as sy kerk besonders en uniek. Die beeld wat in vers 5 gebruik word, vergelyk ons, as die kerk, met 'n gebou. Die uniekheid van hierdie gebou is die kosbare en die lewende Steen waarop die gebou gebou word. Alles gaan oor hierdie kosbare en lewende Steen. Hierdie Steen is ons Here Jesus Christus. Hy is die bepalende faktor: as jy in Hom glo en na Hom toe kom – jou hele lewe na Hom draai (2:4), as Hy vir jou kosbaar is (2:7) – dan word jy soos 'n lewende steen opgebou. As jy Hom verwerp, dan gaan jy val en struikel (2:7). Daar is 'n nuwe lewe in hierdie kosbare en lewende Hoeksteen. Kom na Hom toe! In Hom en in sy Woord is ons die eiendom van God, is ons 'n koninklike priesterdom tot aanskoue van die wêreld (2:9: "om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig"), is ons 'n heilige volk. In Hom word ons meer en meer 'n geestelike huis (2:5), 'n huis van die Heilige Gees.

Sing: Psalm 34-1:1, 5 *Ds. R (Reinhart) Boersema (Vryburg)*

Saterdag 12 Oktober

Skrifgedeelte: Deuteronomium 6:1-9
Fokusgedeelte: Deuteronomium 6:5 (AFR53)

Ons moet die Here liefhê vir sy Wet wat Hy vir ons gegee het

Die Wet dien as ’n spieël vir gelowiges (Rom. 3:19-20). Die Heilige Gees werk in ons om ons lewe teen die Wet op te meet. Tog om die Wet week in en week uit te hoor, kan ons moedeloos laat, want ons weet ons kan dit nie alles onderhou nie.

Maar dan volg die bekende woorde van Deuteronomium 6, en die troos wat daarin opgesluit lê vir ons. Net na die Here weer die Wet gegee het aan die volk in Deuteronomium 5, gee Hy vir ons die beginsel hoe om die Wet, al die gebooie te onderhou. En dit is die liefde!

Die opdrag is eenvoudig: Hou die gebooie/insettinge van die Here, al jou dae. Nie net jy nie, maar jou kinders, en hulle kinders na hulle. Die volk is op pad om die beloofde land in te neem (wat oorloop van melk en heuning, vs 3). Vir hierdie land het hulle dan ’n wet gekry waarvolgens hulle elke dag moet lewe. Die Here het hulle verlos uit Egipte – hulle is nie meer slawe nie, Hy lei hulle deur die woestyn en versorg hulle.

Alles trek saam in vers 5, met die oproep vir ons elkeen vandag steeds: “Daarom moet jy die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag.”

Vir ons as gelowiges in Christus verander hierdie opdrag nie. Christus gee die opsomming van die Wet in Matteus 22:37-40, waar Hy meld dat liefde, in die eerste plek vir die Here, en dan vir jou naaste die hele Wet saamvat. Daarom, as ons die Wet hoor, moet ons elke keer dink wat Hy vir ons gedoen het.

Sing: Psalm 18-1:1

Ds. ID (ID) Nagel (Uitschot)

Sondag 13 Oktober

Skrifgedeelte: Psalm 118
Fokusgedeelte: Psalm 118:1-4, 29 (AFR83)

Loof die Here, want Hy is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie

Loof en getuig, want aan die Here se liefde is daar geen einde nie. Dit is wat op 'n uitermatige wyse vir ons in hierdie lofgedig navore kom. Hierdie Psalm begin deur die digter wat die gemeenskap, wat óns nooi om saam met hom die Here te loof (vs 1-4). Die res van die Psalm vertel vir ons dan die rede vir die skrywer se lofprysing.

Die Psalm was ook deur die volk gesing tydens die Pasga, waar die volk hulle bevryding uit Egipte herdenk. Ons sien dit baie mooi uitkom in vers 26-27 wat handel oor die een wat in die Naam van die Here kom. Dus die een wat die volk gaan kom verlos.

In die Nuwe Testament kry ons dan ook hierdie verwysing na die psalm, en na die een wat kom in die Naam van die Here. Ons lees in Matteus 21:9: "Prys die Seun van Dawid! Loof Hom wat in die Naam van die Here kom! Prys Hom in die hoogste hemel!"

In ons Here Jesus Christus trek die liefde van God ten diepste saam. Hy is die Een wat in die Naam van die Here gekom het om ons, sy kinders, te red. Hierdie reddingsdade van die Here is die grootste bewys dat daar aan sy liefde geen einde is nie. Daarom kan ons ook getroos lewe hier op aarde, te midde van groot verdrukking of hartseer met die wete: "God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê.

Loof die Here, want Hy is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie.

Sing: Psalm 118-1:1, 2

Ds. ID (ID) Nagel (Uitschot)

Maandag 14 Oktober

Skrifgedeelte: Jesaja 6:1-12
Fokusgedeelte: Jesaja 6:6-8

In diens van die Here

In dié hoofstuk lees ons dat Jesaja die HERE sien op sy troon, wat as hoogste Koning regeer. In daardie dae het die lengte van ’n koning se kleed die grootheid van sy rykdom en mag aangedui. Hier sien Jesaja die HERE as koning en sy majesteit en sy mag is so groot dat die soom, die onderste punt van sy kleed, die hele tempel vul!

Verder lees ons van serafs wat Hom dien. Hulle is geskep om in sy teenwoordigheid te wees, en tog maak hulle hulle gesigte en hulle voete met hulle vlerke toe. Hulle roep uit: *Heilig, heilig, heilig is die HERE van die leërskare!* Daarom kan niks wat nie heilig is in sy teenwoordigheid bestaan nie.

Jesaja besef die werklikheid van die situasie. Hy is ’n man wat vol sonde is en hy is deel van ’n volk wat vol sonde is. Daarom roep hy uit: *Wee my, want ek is verlore.* Hy is besig om te vergaan, want hy het die Koning, die HERE van die leërskare gesien. En hy kan nie voor hierdie Heiligheid bestaan nie.

Tog bewys die HERE groot genade aan Jesaja. Daar kom ’n seraf (wat handel op bevel van die HERE) en vat met ’n tang ’n gloeiende kool van die altaar af en raak met die kool aan Jesaja se lippe. Die seraf sê sy skuld is weg en sy sonde versoen. Hy mag nou voor die HERE staan.

Nadat Jesaja verlos is van sy verlorenheid, hoor hy die HERE vra: “Wie sal Ek stuur?” En in reaksie hierop antwoord Jesaja: Stuur my. Die HERE stuur vir Jesaja om aan die volk te gaan sê dat hulle sal hoor, maar nie verstaan nie en dat hulle nie sal bekeer en gesond word nie.

Die HERE van die leërskare is heilig, heilig, heilig. Niemand het die reg om in sy teenwoordigheid of diens te staan nie. Tog kry gelowiges die voorreg. Ons word heilig gemaak in Christus en ons mag nou in die HERE se diens staan. Daarom moet ons ook van hierdie groot verlossing getuig.

Sing: Psalm 89-1:1, 6

Ds. AP (Peet) van der Westhuizen (Wolmaransstad)

Dinsdag 15 Oktober

Skrifgedeelte: Jesaja 43:1-7
Fokusgedeelte: Jesaja 43:4

Die HERE verlos sy volk

In ons teksgedeelte lees ons van die HERE wat deur sy profeet met sy volk praat. Dit gebeur te midde van die ballingskap waarin die volk weggevoer is weens hulle ontrouheid aan die verbond. Want in die boek Jesaja lees ons dat Jesaja deurlopend, soos baie van die ware profete van sy tyd, waarsku dat as die volk nie bekeer nie, dan gaan die Here die vloeke wat aan die verbond gekoppel is, oor hulle bring. Hierdie vloek het daarop uitgeloop dat Israel en Juda later in ballingskap weggevoer is waaruit Israel nooit teruggekeer het nie en slegs 'n deel van Juda teruggekeer het.

Hier lees ons egter dat die profeet 'n boodskap van troos aan 'n gebroke volk bring. Die volk het hoop omdat die HERE hulle liefhet. Hier belowe die HERE aan die volk herstel, nie omdat hulle so besonders is nie, maar omdat Hy vir hulle omgee.

Die gedeelte het 'n besonderse literêre styl, wat genoem word 'n *inclusio*. In hierdie styl hou die teenoorstaande sinne met mekaar verband en word die middelpunt beklemtoon. Met ander woorde, vers 1 en vers 7 gaan beide oor die HERE wat die volk geskape het, vers 2 en 6 handel oor die HERE se beskerming en vers 3 en 5 gaan oor die HERE wat Sy volk sverlos en versamel.

Die kern van die gedeelte is vers 4. Die volk is vir die HERE kosbaar en Hy het hulle lief. Daarom gee Hy mense in die volk se plek en volke vir hulle lewe. Die HERE verlos sy volk, nie omdat hulle getrou was aan Hom nie (inteendeel), maar omdat Hy hulle liefhet.

So is dit ook met die HERE se volk in die Nuwe Testament. Deur Jesus Christus word ons deel van sy volk en word ons ook verlos en beskerm. Daarom leef ons elke dag lewens in gehoorsaamheid aan God.

Sing: Psalm 146-1:1, 8

Ds. AP (Peet) van der Westhuizen (Wolmaransstad)

Woensdag 16 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Konings 19:1-21
Fokusgedeelte: 1 Konings 19:14, 18

By moedeloosheid – gaan dit om sukses of seën?

Ons leef in ’n suksesgedrewe samelewing. Jy móét slaag en iets bereik …! Arme Elia – juis toe hy gedink het dat hy sukses behaal het, tuimel alles inmekaar. Soos ’n boef vlug hy vir sy lewe. Al sy werk onder die volk van God, sy moed voor die goddelose Agab, sy geloofsvoorbeeld, sy gebede, sy geloof was tevergeefs! “Ek het baie geywer vir die HERE … ék het alleen oorgebly … hulle soek mý lewe …” Misluk! “… die kinders van Israel het ú verbond verlaat, ú altare afgebreek en ú profete … gedood …” Ek én u … het misluk!

Die Bybel is vol van sulke mislukkings: Adam, Eva, Jakob, Petrus. En Christus aan die kruis … morsdood!? En jou en my lewe – vol van mislukkings, nè?! Die goeie wat ek wil, doen ek nie; en die kwade wat ek nie wil nie, doen ek wél … (Rom. 7:15-24).

Vir die moedelose Elia sê die HERE: Dink ’n bietjie weer! Ek het ’n groter plan as jou korttermyn sukses-idee. Ek maak deur verdrukking, benoudheid en mislukkings heen vir My ’n volk bymekaar wat volhard in die geloof. “Ek sal seweduisend in Israel laat oorbly wat nie vir Baäl aanbid het nie” (vs 18). Die gelouterde oorblyfsel uit alle volke en tye sal die Nuwe Jerusalem beërwe. Dit gaan nie om jóú sukses nie, maar om God se seën!

Het jy al só na jóú lewe en mislukkings gekyk? Wou God jou nie miskien daardeur seën, jou daardeur louter om jou óók deel van daardie volk van Hóm te maak nie? Hulle roep: “Hosanna!”, en ’n week later: “Kruisig Hom!” Jesus sterf vernederend aan ’n vloekhout! Geen sukses vir Jesus nie – menslik gesproke ’n mislukking? Maar tog, sý kruis was die grootste seën ooit! Ook vir jou. Die “mislukking” van die kruis bring Jesus uit by die sukses van die opstanding en die ewige lewe.

Vir die moedelose Elia (en vir jou) sê die HERE: Daar is werk vir jou in my koninkryk! “Gaan salf vir …” (vs 15-18). Volhard in die beproewinge en in die geloof. God is op pad na Sion. Jou swaarkry in die geloof is vir jou wins in Christus!

Sing: Psalm 42-1:1, 5, 7

Ds. AH (Arie) Stavast (Emeritus)

Donderdag 17 Oktober

Skrifgedeelte: Johannes 17
Fokusgedeelte: Johannes 17:4, 24

Jesus bid vir ons oorwinning!

Dit is nou laataand op Paasvrydag. Jesus het vroeër die aand sy dissipels se voete gewas, paasfees saam met sy dissipels gevier en die brood vir Judas gegee Maar Hy doen daardie aand meer as dit. Die aand laat, net voor Hy gaan sterf vir die sonde van almal wat Hy so tot die uiterste liefhet, gaan staan Hy tussen sy dissipels. Dit word stil in die vertrek. Hulle het reeds so baie belewe. Maar hulle voel aan dit is nog nie klaar nie. Jesus versoek hulle: Kom ons bid nou saam. Jesus bid.

Die gebed bestaan uit twee groot dele: verse 1-8, waar Jesus soos die hoëpriester altyd moes doen, eers vir Homself bid. Dan verse 9-26: Jesus se voorbidding vir ons. Wat die diepste tref in die eerste deel van die gebed, is die onwrikbare gebedsekerheid. Ons hoor niks van ’n versugting, somberheid, wanhoop van ’n idealis wie se drome aan skerwe lê nie. Hy het die toekoms wat voor ons lê, vir ons oopgemaak.

Daarom ook die tweede deel. Ons staan elke dag van ons lewe midde-in ’n ongenadige en meedoënlose wêreld wat ons kasty en uitmergel. Ons Hoëpriester se gebed is nie egter net vir ons ’n voorbeeld van hoe ons midde-in die worstelinge en stryd moet vorentoe kyk en ons koppe oplig, omdat ons kan weet dat ons reeds oorwinnaars is, nie. Ons mag nou reeds leef, onder al die druk, die smart en onsekerheid van ’n gevaarlike wêreld, met ’n heerlike sekerheid: Jesus het in sy testament vir ons ’n erfdeel by sy hemelse Vader op die nuwe aarde beskik. Hy het dit klaar gekoop en klaar betaal. Ons kan nou reeds leef soos mense wat nie vir hulle self ’n erfporsie hoef uit te werk en te verdien nie nie. Ons hoef nie elke dag in ’n kompetisie gewikkel te wees nie.

Ons kan net vorentoe gaan en ons koppe optel, want ons gaan ’n seker toekoms tegemoet.

Sing: Skrifberyming 3-3:1, 4

Dr. ME (Etienne) Schalekamp (Emeritus)

Vrydag 18 Oktober

Skrifgedeelte: Kolossense 1:3-8
Fokusgedeelte: Kolossense 1:5

Hoop as gawe

Geloof, liefde en hoop is die basiese komponente van Christenwees. Geloof en liefde is gegrond op die hoop (vs 5) en dit besit ons. Die hoop is ’n godgegewe gawe en ’n werklikheid. Dit is vir ons ’n anker van die siel en hou ons veilig vas aan Jesus Christus (Heb. 6:18). Hy is priester vir ewig volgens die priesterorde van Melgisedek (Heb. 7:17). Hy het immers eens en vir altyd ’n offer vir die sondes gebring toe Hy Homself geoffer het (Heb. 7:27). Hy het reeds vir ons ’n plek gereed gemaak en Hy bewaar dit nou in die hemel as waarborg. Ons moet volhard in die hoop op ons Here Jesus Christus (1 Tess. 1:3).

Hy is ons hoop op die heerlikheid (Kol. 1:27). Dit sal finaal aan ons geopenbaar word met sy wederkoms, want ons gaan saam met Hom verskyn en in sy heerlikheid deel (Kol. 3:4). Ons moet ons gedagtes op die dinge daarbo rig waar Christus aan die regterhand van God sit (Kol. 3:1). Hy is die draer en waarborg van hierdie hoop – die hoop om saam met Christus en by God te lewe.

Ons weet reeds van hierdie hemelse hoop deurdat ons die evangelie, die woord van die waarheid, gehoor het. Dit het ons en die hele wêreld bereik. Dit dra vrug in ons lewe, deurdat God dit in ons laat groei deur die Gees, wat dit in ons werk (Kol. 1:8). Hierdie hoop is ’n genadegawe van God en ons het dit onverdiend van God ontvang.

Sing: Skrifberyming 9-4:6

Ds. P (Pierre) Cilliers (Daniëlskuil/Duineveld)

Saterdag 19 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Samuel 15:13-23
Fokusgedeelte: 1 Samuel 15:22

Opregte gehoorsaamheid kom uit die hart

’n Groot gevaar in die beleef en uitleef van godsdiens is dat dit in uiterlike seremonies en gebruike kan verval en vasval – of dat ons dit net doen omdat dit gewoonte of gebruiklik is. Gereelde

erediensbywoning, Bybellees, bid en Bybelstudie kan ook ongelukkig net ’n uiterlike handeling word wat mense beïndruk, maar God koud laat.

Daarom moes Saul destyds en ons vandag opnuut, hoor: Gehoorsaamheid is belangriker as offers. Anders uitgedruk: Opregte gehoorsaamheid is vir God belangriker as die uiterlike gebruike. Nog anders gestel: Dit wat uiterlik gesien word, moet vanuit ’n opregte hart kom. Saul het nie alles gehoorsaam wat God van hom verwag het nie. Hy het in sy wysheid so bietjie van die opdrag van God afgewyk. In die oorlog teen die Amalekiete kry hy opdrag om alle lewe uit te wis.

Hy doen feitlik alles, maar bring tog onder andere van die vee terug na sy land. En as hy deur Samuel daaroor gekonfronteer word, is sy slim en waterdigte rede maar dit is bedoel om aan God te offer. Dit terwyl die gehoorsame offer eintlik sou wees om alle lewe uit te wis soos die opdrag was. Dit word duidelik: So ’n offer gebore uit ongehoorsaamheid met menslik gesproke mooi bedoelings, staan God nie aan nie.

Laat ons daaruit leer, ons wat in Jesus nuut gemaak is en as regverdiges voor God lewe: Dit wat God in sy Woord vra, bedoel Hy. In ons nuut wees moet ons nie wil aanpas om God anders te wil dien as wat Hy vra nie. Opregte gehoorsaamheid is wat Hy vra en ’n gehoorsaamheid wat onsself nou wil gaan vasstel, is nie aanvaarbaar nie.

Buig voor die stem van die Woord en die Heilige Gees en bid dat wat jy godsdienstig uiterlik na vore bring, geanker sal wees in opregte gehoorsaamheid in ’n neergebuigde hart. Mense kan dalk ’n rat voor die oë gedraai word, maar voor God lê elke mens soos ’n oop boek. Ons sou wou sê dat Saul se oortreding baie gering was, maar só erg was dit in God se oë dat Saul sy koningskap verloor het.

In jou verlos wees en met die hulp van die Heilige Gees kan jy met opregtheid erediense bywoon, bid, Bybellees en jou gawes gebruik. Dan word dit offers waaroor God Homself verheug.

Sing: Psalm 119-1:63

Ds. P (Piet) Fanoy (Emeritus)

Sondag 20 Oktober

Skrifgedeelte: Romeine 6:15-23
Fokusgedeelte: Romeine 6:17, 18

Is jy die soort slaaf wat nooit sal wil wegloop nie?

Persoonlike vryheid is deesdae baie belangrik Om slaaf te wil wees, klink vreemd. Tog is Paulus dankbaar oor ’n bepaalde soort slawerny (vs 18). In Paulus se dae het baie slawe swaar geleef. Jy sou nie sommer vrywillig een wou wees nie. Slawerny het dikwels lyding tot die dood toe beteken. Daar is ’n ander slawedrywer wat mense ook tot in die wreedste dood in verniel (vs 17). Dis die duiwel wat jou tot sonde verlei.

Paulus is bly oor ’n ander soort slawerny. Hy dank die Here as mense die besitting geword het van ’n heeltemal nuwe eienaar. Die eienaar is Christus. Saam met Hom het ons uit die sondedood opgestaan – die dood waarheen die duiwel, slawedrywer, ons sleep. ’n Christen behoort ook aan iemand wat jou hele lewe beheer. Die verskil is net, jy wil graag aan Hom behoort. Jesus sê immers: “My juk is sag en my las is lig” (Matt. 11:30). Hy spreek jou vry van die wrede slawerny van die sonde wat jou uiteindelik willoos al dieper die sonde indryf. Satan por sy slawe aan om hulle al meer teen God te verhard.

Hoe meer jy egter ’n toegewyde dienskneg van Christus word, hoe meer tree daar ’n merkwaardige verandering in jou verhouding met Hom in. Omdat jy Hom innig liefhet, wil jy net sy slaaf wees en Hom met jou hele hart volg. Jy weet ook Hy het jou lief. Christus het jou immers met sy bloed gekoop.

Sing: Skrifberyming 5-3:1, 2

Ds. KA (Anton) Janse van Rensburg (Emeritus)

Maandag 21 Oktober

Skrifgedeelte: Efesiërs 4:1-6
Fokusgedeelte: Efesiërs 4:3

Bewaar die eenheid van die verbondsgemeenskap deur in vrede met mekaar te lewe

Ons ervaar in ons daaglikse lewe soveel haat, onenigheid, stryd en rusie dat dit werklik ’n wonderlike seën van die Here is om deel te wees van sy verbondsgemeenskap – die kerk! Hier waar ons in vrede, eensgesindheid en liefde met mekaar kan saamleef. Dat ons met mekaar kan saamleef, al verskil ons selfs van mekaar en doen en dink ons nie altyd dieselfde nie!

Dit is wonderlik om te besef dat God hierdie voorreg aan ons geskenk het. Hy het ons gekies en ons geroep om as sy kinders in die kerk saam te lewe. God het ons saamgevoeg en hierdie eenheid van die verbondsgemeenskap berus daarin dat die Gees van die Here in elke lidmaat woon en werk.

Ons een-wees met mekaar is dus ’n gawe van God, maar dit is ook ’n belangrike taak wat die Here aan ons opdra. Kyk in vers 3: Ons moet hierdie eenheid wat die Gees bewerk met ’n band van vrede bewaar. Elke gelowige moet met die regte gesindheid hard werk om hierdie eenheid in die kerk te bewaar, want Satan is ook hard besig om hierdie eenheid en vrede in die kerk te wil verbreek! Ons ervaar dit nou weer in ons kerklike lewe in die GKSA.

Deur sy genade het God ons toegerus om hierdie eenheid te kan bewaar! Christus het vir ons sonde en gebreke kom betaal en in en deur Hom kan ons mekaar ook vergewe! Maar Christus het ook die Heilige Gees aan ons gegee wat sy vrug in ons lewe werk. Paulus noem in vers 2 vier gesindhede waarmee gelowiges hierdie band van vrede moet werk en dit hou verband met die vrug van die Gees, naamlik: nederigheid, saggeaardheid, geduld en liefde. Dit is die wyse waarop die Gees deur ons werk om mekaar lief te hê en mekaar te verdra en die eenheid in die kerk te bewaar.

Is ek en jy ook daarmee besig? Openbaar ons hierdie gesindheid en werk ons elkeen in ons eie gemeente hard daaraan?

Sing: Psalm 133-1:1, 2

Ds. P (Piet) Venter (Potchefstroom-Oos)

Dinsdag 22 Oktober

Skrifgedeelte: Efesiërs 4:7-15
Fokusgedeelte: Efesiërs 4:11-12, 16

Dien in en bou saam aan die kerk!

Om deel te wees van die heerlike verbondsgemeenskap van God beteken nie dat ek en jy net maar ontvangers kan wees van al die wonderlike gawes wat die Here in sy kerk aan ons gee nie! Nee, elkeen van ons word ook geroep om ons eie gawes aan te wend om die ander lidmate te dien en saam te werk aan die opbou van die kerk! Die kerk van die Here is nie soos 'n passasierskip waar ons op die dek kan sit en bedien word nie! Nee, die kerk is soos 'n oorlogskip waar daar nie plek vir passasiers is nie, net vir soldate wat elkeen 'n opdrag het. Daarom gebruik God verskillende mense met gawes vir verskillende take in die kerk. Hy gebruik sommiges as predikante, ouderlinge en diakens (vs 11) om die lidmate toe te rus SODAT die lidmate hulle dienswerk in die kerk kan doen en saam kan werk aan die opbou van die kerk (vs 12)!

Die doel van hierdie dienswerk en bouwerk is dat elke lidmaat tot geloofsvolwassenheid in Christus kan groei. Die Here gee vir ons ook die toerusting waarmee ons moet dien en werk, naamlik: die liefde en die waarheid (vs 15). Deur altwee hierdie instrumente te gebruik, kan die kerk en elke lidmaat groei na Christus toe! Sonder liefde of sonder waarheid "groei" die kerk weg van Christus!

Die genade van hierdie opdrag lê daarin dat Christus self besig is met die bouwerk en dat Hy elkeen van ons gebruik en toerus om saam daaraan te werk. Ons is Christus se medewerkers en ons moet met gesindheid van liefde en met die waarheid in ons hande, saam werk sodat die liggaam van Christus, sy kerk – maar ook ek en jy – tot volle wasdom kan groei!

Sing: Skrifberyming 15-1:1-4

Ds. P (Piet) Venter (Potchefstroom-Oos)

Woensdag 23 Oktober

Skrifgedeelte: Filemon:1-7
Fokusgedeelte: Filemon:1-2 (AFR83/2020)

Ons geestelike huishouding (die kerk) is vermeng en deel van ons aardse huishouding

Hierdie kort briefie wat Paulus aan sy medebroer Filemon geskryf het, is een van die mooiste voorbeelde van hoe die evangelie van Jesus Christus alle aspekte (en spesifiek verhoudings) van ons lewens verander en herdefinieer.

Paulus rig hierdie brief aan Filemon en ook spesifiek aan die gemeente wat in sy huis bymekaarkom (vs 2). As jy mooi hieraan dink en die hele brief deurlees, kom jy agter dat hierdie baie vreemd is. Die saak rondom die slaaf Onesimus wat weggeloop het, lyk dadelik asof dit ’n private saak is wat net tussen Paulus, Filemon en Onesimus uitgesorteer moet word, maar dit is nie hoe Paulus daarna kyk nie. Volgens die apostel Paulus is die saak van Onesimus ook ’n saak wat die ander gelowiges in Filemon se lewe raak. Onesimus is nie maar net meer ’n slaaf nie, maar ’n medebroer in Christus soos ons later in die brief sal sien.

Daar is iets baie belangriks wat ons uit hierdie eerste sewe verse moet leer. Dit is die feit dat die kerk nie maar net ’n klub is waaraan jy kies om te behoort al dan nie. Die kerk is die gemeenskap van gelowiges wat deel is van jou geestelike en fisiese huishouding. Jy is deel van die kerk nie omdat jy gekies het om te wees nie, maar omdat Christus jou losgekoop het en deelgemaak het van sy kerk (Ef. 1:13). Die gelowiges in jou plaaslike gemeente behoort insae te hê selfs in van jou “privaat” sake, want dit is die mense wat God daargestel het om jou te help, vermaan en raad te gee. Die vraag is wel: “Laat jy jou medegelowiges toe in jou privaatlewe, of sluit jy hulle uit?”

Om mekaar uit te sluit, is nie hoe die kerk van Christus werk nie, want dit is in sy liggaam waar ons vir mekaar moet bid, mekaar moet vermaan, mekaar moet versterk, mekaar moet dra. Dink hieroor vandag.

Sing: Psalm 84-1:1, 2, 6

Ds. CJ (Jaco) Lemmer (Buffeldoorns)

Donderdag 24 Oktober

Skrifgedeelte: Filemon:8-25
Fokusgedeelte: Filemon:16 (AFR83/2020)

Die evangelie verander alles!

Die slaaf Onesimus wat weggehardloop het van sy baas, Filemon, is in baie groot moeilikheid. 'n Gevange wegloperslaaf in die eerste eeu kon verwag om enigiets te ontvang van 'n wrede geseling tot brandmerk tot verkoop word om op 'n plaas te werk of verkoop word om in die galeie of myne te werk, of kruisiging of gegooi word vir die wilde diere in die arena.

Paulus skryf nou hierdie brief aan Filemon om hom te smeek om vir Onesimus terug te vat *"nou nie langer net as 'n slaaf nie, maar meer as 'n slaaf: as 'n geliefde broer"* (vs 16). Filemon moet die ondenkbare doen en sy wegloopslaaf in liefde ontvang en totaal en al anders oor hom dink.

In Paulus se kultuur was pogings om slawerny te beëindig, ongehoord en 'n wêreld sonder slawerny was ondenkbaar. Paulus se pleidooi om Onesimus te verwelkom en dat hy sy vryheid gegee moet word, was ongekend. Maar dit is presies die krag van die evangelie. Dit is op die transformerende krag van die Gees van God wat Paulus aanspraak maak. Wanneer God in sy genade iemand red, verander daardie persoon in sy/haar totale wese. Filemon se voorveronderstellings oor Onesimus moet ook daarmee saam verander.

Daar is vele toepassings wat ons kan maak vanuit hierdie teks, maar ons gaan net een maak. Die toepassing van die teks kan in hierdie stelling opgesom word: "God kan enige iemand 'n kind van Hom maak en dit moet ons nooit vergeet nie." Daar is geen mens op aarde wat buite GOD se bereik is nie. Dit moet ook ons handelinge met alle mense beïnvloed. As God jou tuinwerker, of jou baas, of jou werknemer of jou vyand tot geloof bring, sal jy hom/haar as 'n broer of suster sien en hanteer?

Sing: Skrifberyming 2-4:1, 2, 3

Ds. CJ (Jaco) Lemmer (Buffeldoorns)

Vrydag 25 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 12:12-21
Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 12:18

Deur God saamgevoeg om mekaar te bedien

Die Here se alwysheid is vir 'n mens verstommend. Hy weet presies hoe om te skep. Hy weet hoe om alles aanmekaar te weef dat elke wese perfek gevorm word om te kan funksioneer vir die doel waarvoor dit geskep is. Ons sien dit so mooi in die natuur.

Maar die Here skep nie net fisiese dinge wat apart leef nie, Hy skep ook verhoudings. Hy skep die kerk deur die verlossing van sy Seun Jesus Christus. Die kerk is nie net 'n lukrake verskynsel nie. Die kerk is ook, soos die liggaam, planmatig deur God saamgevoeg om doelgerig te funksioneer.

Daardie plan is ook nie vir ons onkenbaar nie. Dit is vir ons baie duidelik dat die Here die kerk bymekaar voeg soos Hy wil, sodat hulle soos lede van 'n liggaam diensbaar teenoor mekaar sal wees. Ons verlossing deur Christus se kruisdood is altyd 'n "waartoe"-verlossing. Ons is verlos van die sonde, maar verlos tot die hoër diens van ons Koning. Ons sien dus baie mooi dat die Here ons saamvoeg in sy kerk sodat ons daar mekaar sal dien.

Elkeen van ons verskil van mekaar in ons gawes. Soos die gemeente in Korinte, mag ons nie ons met mekaar vergelyk en ophou om mekaar te dien omdat ons nie dieselfde gawes het nie. Ons moet mooi besef dat die verskil in gawes deur God bestem en noukeurig saamgestel is, juis sodat ons daardeur mekaar sal bedien met die verskillende gawes.

Verskil jy van ander? Natuurlik, en dit is goed. Juis daardeur het God bepaal dat jy sy kerk moet dien. Leef naby jou gemeente, dan sal jy haar ken. Ken jou gemeente, dan sal jy sien waar haar behoefte is en ook presies hoe die Here jou daar gaan gebruik. Help só die verbondsgemeenskap van die Here.

Sing: Skrifberyming 15-1:2

Ds. CB (Brahm) Robinson (Cachet)

Saterdag 26 Oktober

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 1:3-7
Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 1:4

Die Here gee vaste troos in alle omstandighede

Dit is nie moeilik om te weet wat in Paulus se lewe aangaan nie. Hy is nie skaam om sy lewe en al sy beproewinge met medegelowiges te deel nie, want deur die beproewinge kan hy ook oor die waarheid getuig. Juis daarom noem Paulus God die Vader van barmhartigheid, want sy bemoediging vloei uit sy barmhartigheid. Hy troos gelowiges in alle omstandighede.

Die bemoediging wat die Here in moeilike omstandighede gee, is ’n versekering wat ’n mens versterk. Gelowiges is terdeë bewus dat God beslissend in Christus opgetree het om die mensdom van die slawerny van sonde te verlos en dat ons reeds die ewige lewe het. Gelowiges weet dat niks hulle van die liefde van God kan skei nie en dat God hulle uit alle ellende sal verlos – selfs deur die dood.

God se vertroosting versterk gelowiges sodat ons die probleme van die lewe met vasberadenheid en oneindige versekering tegemoetgaan. God verwyder dalk nie altyd onmiddelike of selfs deurlopende beproewings wat oor ons pad kom nie, maar Hy vertroos ons altyd deur die krag te gee om dit die hoof te bied.

Daar is geen ander vaste troos in hierdie lewe nie, behalwe die sekerheid wat die Gees in ons werk dat ons met liggaam en siel aan ons Here Jesus Christus behoort. Daar is dus geen situasie waarin jy jouself kan bevind waar jy die stelling kan maak en regverdig dat ek ontroosbaar is nie. Of dat die situasie hopeloos is nie.

Dit is Paulus se getuienis: In alles wat hy gely het, het God hom vertroos. God laat nooit sy kinders aan hulle eie genade en krag oor nie. Ons ken God se beloftes die beste wanneer ons die grootste behoefte het. Ons leer in sulke omstandighede dat God se bemoediging voldoende is om in alles in die geloof staande te bly.

Sing: Psalm 34-1:8

Ds. CB (Brahm) Robinson (Cachet)

Sondag 27 Oktober

Skrifgedeelte: Hebreërs 10:19-25
Fokusgedeelte: Hebreërs 10:19

’n Oop deur met ’n skare genote

Ons ken almal ’n toneel in ’n rolprent van die held wat desperaat in ’n gang afhardloop en een na die ander deur gesluit kry. Die spanning bou op met onheilspellende musiek, totdat hy uiteindelik met die laaste greintjie energie ontsnap.

Jy, as kind van die Here, beleef dit nie. ’n Oop deur. Geen toegangsfooi. Niks. Niemand wat jou jaag nie. Tog is dit die duurste huis om in te woon – so duur dat jy dit nie kan bekostig nie. Jy kan dit nie op rekening kry en oor ’n tydperk afbetaal nie. Jou alles is niks werd nie.

Die deur is oop. Daar is ’n kennisgewing op die deur: Oopgesluit deur ’n gebreekte liggaam en bloed wat vergiet is. Dit was die prys.

Die oomblik wat jy voor die deur staan, besef jy dat dit vir jou heeltemal oopgaan. Die geluid wat jy hoor, is die stem van Jesus wat sê: *Dit is volbring.* Dan besef jy die volle impak van die woorde wat jy so dikwels aan die Nagmaaltafel gehoor het: “… die volkome versoening vir al jou sonde …

Vers 25 sê inderdaad dat die oordeelsdag naderkom. Hierdie oordeelsdag is een van twee momente: óf jou sterwensoomblik óf die oomblik dat Jesus terugkom. Jy weet nie wanneer enige van hierdie twee momente gaan gebeur nie.

Daarom moet jy nou ingaan. Nou jou ewige lewe wat reeds met jou wedergeboorte begin het, lééf. Hebreërs 11 en 12:1 verhaal diegene wat ons vooruitgegaan het. Vers 25 sê dat jy nie alleen feesvier nie – die skare wat Sondag vir Sondag saam met jou in die erediens is, deel saam met jou die genadevreugde. Hóór dit! Lééf dit! Elke Sondag!

Sing: Psalm 4-1:2, 4

Dr. HF (Hennie) van Wyk (Emeritus)

Maandag 28 Oktober

Skrifgedeelte: Handelinge 2:1-13
Fokusgedeelte: Handelinge 2:1-13

Om toegerus te word

Wat is jou doel op aarde? Dis opvallend dat die lewe van die gelowige dikwels in die Bybel vergelyk word met saad. Met geloof so groot soos mosterdsaad kan berge versit word.

1 Petrus 1 praat van verganklike en onverganklike saad – en dat ons as gelowiges gebore is uit onverganklike saad.

Ons is nie bedoel om droë saad, sonder groei, te wees nie. Dis mos absurd om ’n saadjie te plant en nooit water te gee nie en te verwag dat dit moet groei nie.

In Handelinge 2 lees ons van iets soos ’n stormwind en tonge van vuur. Waarnemings wat nie werklikhede was nie. Die werklikheid was wat gebeur het na die uitstorting van die Heilige Gees: God laat praat. God laat luister. Hierdie hoor-wonder was die begin van die boodskap van Jesus se sterwe en opstanding, sodat jy kan glo en werk in God se koninkryk. Die Heilige Gees ontkiem en laat groei.

’n Perskeboom êrens in ’n bos is nie veel werd nie. Daarom het die Here jou in ’n baie spesiale boord geplant. Ons noem dit die gemeenskap van die heiliges. Dan het ons ’n Landbouer wat sy boord versorg: in Handelinge 2 is die versorging toerusting. Hy maak sy boord “nat” met die Heilige Gees.

Die gevolg: dissipels wat lafhartig in Getsemane weggehadloop het, preek onverskrokke. Toegerus maak hulle ’n verskil.

Dink hieraan: Die perskeboom kry geen voordeel van die pragtige perskes wat hy dra nie. Ander kry dit. Dit beteken dat as jy die toerusting van God reg gebruik, jy vrugte sal dra. Jy moet reg na die vrugte kyk! Kyk wat beteken jy vir mense: ouers, kinders, vriende en geloofsgenote. Jou vriendelike woord, glimlag op die regte tyd, hoe jou gebede hulle dra. Kyk na jou vrugte. Kyk wat het die Heilige Gees deur jou laat groei. Dit is jou doel op aarde!

Sing: Psalm 123-1:1

Dr. HF (Hennie) van Wyk (Emeritus)

Dinsdag 29 Oktober

Skrifgedeelte: Handelinge 2:42-47
Fokusgedeelte: Handelinge 2:42

Vir meelewing en ondersteuning

Daar word dikwels gesê dat ’n stabiele gesin die boublok is vir ’n stabiele samelewing. Hoeveel te meer die invloed van ’n stabiele familie?

Die gemeente is nou meer as 3000 sterk. Hulle was sterk na binne:

- Volhardend in die leer van die apostels. Die eerste boublok was dus die prediking van die feit dat Christus gesterf en opgestaan het, en aan die lidmate die ewige lewe gegee het.
- Die tweede boublok: verbind aan mekaar. Afhanklik en ondersteunend. Dis sigbaar in die onbaatsugtige deel van aardse besittings.
- Gemeenskaplike maaltyd is die derde boublok. Dit was nie net die versterking van die liggaam nie, maar ook die siel: die Nagmaal.
- Die laaste boublok: gebed. Die lidmate wat saam met mekaar praat met die Here – afhanklik, prysend.

Hulle was ook sterk na buite! Hulle invloed in die gemeenskap was so dat die mense graag met die lidmate, die gemeente, wou assosieer. Hierdie eenheid van woord, gebed, eet en onderlinge verbondenheid het meer en meer mense getrek. Jy is deel van hierdie gesin.

As kerk moet ons weer besin en dink: Hoe funksioneer ons as gemeente in die gemeenskap? Is die getuienis dat mense ons goedgesind is? Die gemeenskap waarin die gemeente is, mense wat nie lidmate is nie, dat ons leefwyse hulle trek om deel te wees van die gemeente?

Jy is aandadig. Jy wat vrye toegang het. Jy wat toegerus is. Jy is deel van ’n begenadigde span met ’n groot taak en verantwoordelikheid, gebou op die genade van die Here.

Sing: Skrifberyming 3-4 (al die verse)

Dr. HF (Hennie) van Wyk (Emeritus)

Woensdag 30 Oktober

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 1:1-11
Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 1:3, 4 (AFR83/53)

Geroep om mekaar te bemoedig en te versterk

Om binne die verbondsgemeenskap te lewe, die verbondsgemeenskap wat die HERE daargestel het, is ’n geweldige groot voorreg. Dit is binne die verbondsgemeenskap dat die HERE aan ons sy ontferminge duidelik maak, selfs deur lyding heen.

Paulus besing die lof van die HERE die almagtige, die Vader van Jesus Christus. Hy is die God wat Hom ontferm oor sy kinders. Dit is deur Jesus Christus dat Paulus die eerste keer die ontferming, die omgee van God beleef het. Die HERE het hom in die verbondsgemeenskap gebring. Jesus Christus het hom geroep om sy lewe aan Hom te wy. ’n Lewe waar hy, nou as kind van God, nie vrygespreek is van lyding nie. Dit is juis ter wille van Christus dat Paulus en die mense saam met hom swaar verdrukking gely het. Daar staan dat dit gevoel het of die swaar wat hulle moes verduur, ver bo hulle kragte was. Dit is egter ook in dié lyding dat Paulus die ontferming en troos van God raaksien.

Dit het gebeur sodat hulle nie op hulleself sal vertrou nie, maar op God wat die dode opwek. Dit het gebeur sodat hulle ander weer kan bemoedig soos God hulle bemoedig het. Dit het hulle geleer hoe belangrik dit is om in die verbondsgemeenskap van die HERE te lewe. Daar waar gelowiges mekaar bemoedig in die geloof in Christus en vir mekaar kan bid.

God het ons ook in die verbond gebring deur Jesus Christus ons Here, om Hom te dien met hart en hande. Ons is dus ook deel van die verbondsgemeenskap van die HERE. Lyding of verdrukking ter wille van Christus is ’n onvermydelike deel van elke gelowige se lewe. God het ons in die verbondsgemeenskap geroep sodat ons daarbinne mekaar kan versterk en bemoedig en vir mekaar kan bid, veral wanneer ons midde in ’n sware geloofstryd is ter wille van ons geloof in Christus.

Sing: Psalm 36-1:2

Ds. R (Riaan) Jansen van Vuuren (Lichtenburg)

Donderdag 31 Oktober

Skrifgedeelte: Kolossense 1:1-14
Fokusgedeelte: Kolossense 1:9, 10a (AFR83/53)

’n Lewe tot eer van God

Op 31 Oktober 1517 het Martin Luther sy 95 stellings teen die deur van die kerk in Wittenberg vasgespyker. Dit het die Reformasie ingelei wat teen die dwalinge van die Roomse Kerk gemik was. Dwalinge wat die kerk in oneer voor die Here gebring het. Dit is dus nodig dat ons gedurig sal reformeer sodat die lewe van die kinders van die HERE tot sy eer sal wees.

’n Lewe tot eer van God is om sy wil te ken en dit te doen. Dit is waarop Paulus dan ook klem lê in dié gedeelte van sy brief aan die gemeente van Kolosse, wat geteister is deur dwalinge wat daar wou insluip.

Om die wil van God te ken en dit te doen, is egter nie iets wat uit onsself kom nie. Die mens is van nature geneig om sy eie wil voorop te stel en net te doen wat hy wil doen. Daarom dat Paulus bid vir die gemeente, dat God hulle die wysheid en die insig deur die Gees sal gee om sy wil te ken, en net te doen wat HY verlang tot sy eer.

Daar is vandag net soveel dwalinge soos in die tyd van Paulus en in die tyd van Luther, indien nie meer nie. Daarom is dit so broodnodig dat ons gedurig sal bid, nie net vir onsself nie, maar ook vir ander gelowiges, ander gemeentes. Bid dat God ons deur die Gees die wysheid en insig sal gee om sy wil te ken en ons sal help om dit te doen. Dit is alleen wanneer ons ons biddend laat lei deur God, wat ons deur Jesus Christus in die verbond met Hom gebring het, dat ons sal doen wat Hy van ons verlang.

Sing: Psalm 40-1:4

Ds. R (Riaan) Jansen van Vuuren (Lichtenburg)

KWARTAAL 4

TEMA: DIE VIERDE STEM VAN VERTROOSTING (Jes. 40:9-11)
Jesaja 40:9-11 verkondig die troos van herstelde verbondsgemeenskap

November: Troos van die verbondsgemeenskap

Vrydag 1 November

Skrifgedeelte: Matteus 18:21-35
Fokusgedeelte: Matteus 18:35

Een van die gewigtigste sake in ons godsdiensbeoefening is die Here se eis dat ons mekaar sal vergewe

Oor die omvang van die eis om te vergewe het Petrus die Here uitgevra (vs 21). Hierop antwoord ons Here dat as ’n gelowige na jou toe kom en om vergifnis vra, jy dit nie mag weier nie – ook nie eens na ’n hele aantal kere nie (vs 22).

Om die omvang van God se vergifnis wat in sy verbondsvolk weerspieël moet word, te verduidelik, vertel Jesus die gelykenis van die onvergewensgesinde dienskneg:

- Die dienskneg se skuld was oorweldigend groot.
- Hy pleit om genade en barmhartigheid word bewys.
- Sy skuld is deur sy skuldeiser gekanselleer.
- Hy is onvoorwaardelik vergewe!

Die dienskneg se fout was dat hy, nadat hy vergewe is, nie ’n mededienskneg se geringe skuld wou vergeef nie.

Die dienskneg het geweier om die deernis wat sy heer hom betoon het, te weerspieël en gevolglik is hy in verskriklike ellende gewerp.

Ten slotte lees ons die les van die gelykenis: *So sal ook my hemelse Vader aan julle doen as julle nie elkeen sy broeder van harte sy oortredinge vergewe nie* (vs 35).

God het ons in Christus van ons onberekenbare sondeskuld vergewe (Kol. 2:13-14). Hy onthou nie ons sonde nie (Ps. 103:12).

Nou eis God van ons om dieselfde te doen. Ons is uit genade, sonder verdienste, volmaak en volledig deur God in Christus vergeef van ons onmeetbare groot sondeskuld teen Hom. Ons moet nou soos die kinders van die Here wat ons geword het, optree deur ons broers

en susters van harte te vergewe. So weerspieël ons die liefde en deernis wat ons van ons hemelse Vader ontvang het.

Sing: Psalm 32-1:1, 3

Dr. JD (Juan) Mienie (Zeerust)

Saterdag 2 November

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 2:1-11
Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 2:5-11

Hoe lieflik is dit dat broers saamwoon!

In die kerk van Korinte was daar ’n hartseer insident van ’n persoon wat verdenking teen Paulus gesaai het en van die lidmate teen Paulus opgesteek het. Later het die lidmate tot die regte insig gekom en het hulle die oortreder bestraf. Paulus is egter besorg dat daar nie te ver gegaan moet word met die bestraffing nie, maar dat hulle wel die oortreder sal vergewe (vs 6-7). Nadat die oortreder opreg berou getoon het, pleit Paulus dat die gemeente hom sal vergewe. Hierdie vergifnis sou beteken dat hulle hom weer in liefde as broeder sal aanvaar (vs 8).

Paulus verklaar dat hy ook die persoon sal vergewe voor die aangesig van Christus (vs 10). Vergifnis tussen gelowiges geskied altyd met Christus as getuie en mag daarom nie teruggetrek word nie. Gelowiges vergeef soos die Vader hulle in Christus vergeef het.

Hierdie vergifnis is uiters belangrik sodat die bose geen voordeel hieruit mag trek nie (vs 11) en die Here alleen geëer mag word. Terwyl die tug noodsaaklik is, moet die doel nie uit die oog verloor word nie, naamlik om ’n persoon tot bekering te bring en nie om te vergeld of te vernietig nie.

Die Vader wat ons in Christus onvoorwaardelik vergewe het, eis dat ons ook nou verplig word om mekaar te vergewe. Waar die een die ander vergewe, word die gemeente gebou en die gemeenskap van die heiliges in stand gehou. Waar vergifnis en versoening in die kerk plaasvind, word God geëer en gaan daar werklik ’n getuienis uit na die wêreld, die getuienis van Psalm 133:1 – Kyk, hoe goed en hoe lieflik is dit dat broers ook saamwoon!

Sing: Psalm 25-1:3, 5 *Dr. JD (Juan) Mienie (Zeerust)*

Sondag 3 November

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 3:1-9
Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 3:6, 7

Plant en gooi nat, God sal laat groei

Daar was meer as genoeg probleme in die gemeente van Korinte. Klink dit bekend? In die eerste vier hoofstukke konsentreer Paulus op ’n probleem wat ook nie vir ons vreemd klink nie. Daar het naamlik verdeeldheid, onenigheid, dwarstrekkery en verbittering in die gemeente ontstaan. Wat was die rede hiervoor? Sekere lidmate het aanhangers geword van verskillende predikers wat in die gemeente opgetree het. So het Paulus, Apollos en Petrus elk hulle eie volgelinge gehad (1 Kor. 1:12).

Die persoon en styl van die predikers het nou belangriker geword as die boodskap van die evangelie. Groepvorming was die noodwendige gevolg. Elkeen spog in sondige hoogmoed met sy eie leraar, net soos klein kindertjies sal spog met wie die beste, slimste, vernaamste sou wees (vs 1).

Nou vermaan Paulus hulle deur hulle daarop te wys dat die werk in diens van die Here plant- en natgooiwerk is. Dit is belangrike werk, maar ook werk waaroor jy jou nooit kan verbeel jy is self belangrik nie: “*Daarom is nóg hy wat plant, nóg hy wat natgooi iets, maar slegs God wat laat groei”* (vs 7). Want net so min as wat ’n mens groeikrag aan ’n plant kan gee, net so min kan jy geloof en bekering in iemand se hart plant. God alleen gee die groei op sy tyd. Bring jy net die boodskap van Jesus Christus: eenvoudig, onopgesmuk, geestelik. Wêreldse wysheid, welsprekendheid en redenaarskunsies is nie nodig nie. God sal laat groei.

Moet vir geen oomblik dink dit is net ampdraers in die kerk wat plant en natgooi nie. Waar het jy al geplant en natgegooi? In jou kinders en kleinkinders se verbondsopvoeding, in gesprekke met jou kollegas by jou werkplek en met jou arbeiders, in jou Bybelstudiegroep. Soveel geleenthede wat die Here gee en jy moet aangryp. Doen dit in die geloof en biddend en jy sal die groei sien wat God in sy saailand gee.

Sing: Psalm 90-1:9

Ds. DJA (Danie) Booyens (Koster)

Maandag 4 November

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 3:10-23
Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 3:10, 11

Bou op die enigste fondament, Jesus Christus

In hierdie gedeelte wil die Here steeds die verdeeldheid (groepvorming) in die gemeente aanspreek. Hier met die beeld van gelowiges as 'n gebou, die tempel van God, waarin sy Gees woon.

Paulus het deur die genade wat God aan hom gegee het, soos 'n bedrewe bouer (prediker) die beste, deeglikste fondament gelê. Die fondament is Jesus Christus. Want Paulus het nie met verhewe woorde of menslike wysheid God se geheimenis aan hulle verkondig nie. Hy het net Jesus Christus, en Hom as gekruisigde, verkondig (1 Kor. 2:1, 2). Die boodskap alleen het hulle oortuig, deur die kragtige werking van die Gees. Hulle geloof is dus nie op die wysheid van mense gegrond nie, maar op die krag van God.

Ander predikers het ná Paulus op sy bouwerk gebou. Hyself noem Petrus (Sefas) en Apollos. Petrus was deur baie gesien as die vernaamste van die apostels, Apollos was weer 'n begaafde spreker. Tog moet die gemeente besef: predikers staan op gelyke voet as bedienaars van God. Christus roep hulle om sy gemeente op te bou en die eer kom hulle nooit toe nie. Moet dus nie hoogmoedig wil vergelyk en so jou later op mense beroem nie. God sal wel eendag oordeel oor elkeen se bouwerk. Laat dit in sy hande. Hy sal oordeel watter bouwerk behoue bly en wat verbrand word.

Rus die bouwerk in jou gemeente op die fondament, Jesus Christus? Is dit wat jy hoor in elke preek, elke katkisasieklas, elke huisbesoek, elke pastorale gesprek? Beleef en ervaar jy die bouwerk ook so: *"Kom na Hom toe, die lewende klip, wat wel deur mense afgekeur is, maar voor God uitverkore, en vir Hom kosbaar is, en laat julle as lewende klippe opbou tot 'n geestelike huis, 'n Christelike priesterdom, om geestelike offers te bring wat, deur Jesus Christus, vir God aanneemlik is"* (1 Pet. 2:5)?

Onthou, wanneer ons aan mekaar se geloof bou: Ek moet steeds minder word en Christus meer!

Sing: Psalm 118-1:11

Ds. DJA (Danie) Booyens (Koster)

Dinsdag 5 November

Skrifgedeelte: Romeine 14:13-23
Fokusgedeelte: Romeine 14:17

’n Koninkrykskind spits sy lewe toe op God se vrede

Om ’n dienskneg in God se koninkryk te wees, beteken om ’n vrygemaakte mens te wees. Dit klink na ’n moeilike saak om te verstaan. ’n Dienskneg moet tog onderdanig wees. Dit is immers die landheer, die eienaar van die slawe wat die vryman is. As ’n dienskneg egter vrygemaak word is hy mos nie meer ’n slaaf nie!

Dit is juis hierdie spanning wat Paulus in Romeine 14 onder die vergrootglas plaas. Hy wys daarop dat die Christen vrygemaak is, wat beteken dat hy sy plek moet ken. Om die saak te verduidelik, gebruik Paulus ’n alledaagse voorbeeld – voedsel. In die vroeë kerk was dit juis ’n onderwerp wat tot baie frustrasie en konflik gelei het. Die gelowiges wat eers Jode was, het ’n tradisie van voedselwette gehad wat deel van hulle godsdiens was. Dit het meegebring dat hulle nie saam met enigeen kon eet nie. Jesus het hierdie voedselwette self aangepak en gesê dat alle kos rein is (Mark. 7:18, 19). Die Christene wat uit die heidendom gekom het en die Joodse lidmate se sienings en gewoontes het dus verskil.

Paulus probeer egter nie die spanning oplos deur kant te kies in die saak nie. Hy stel wel die beginsel wat leer dat alle Christene vrygemaak is en dus nie deur allerlei wette voorgeskryf kan word nie. Daarna beklemtoon hy die belangrikste saak wat die gelowiges as kompas kan gebruik, naamlik die koninkryk van God. Ons moet aan God gehoorsaam wees. Dit beteken dat ons in Christus vrygemaak is, maar hierdie vryheid maak ons diensknegte van mekaar en dit laat nie toe dat ons mekaar veroordeel of kritiseer oor sake soos eetgewoontes nie.

In God se koninkryk moet ons die klem laat val op die vrede en vreugde wat die Heilige Gees gee. So dien ons Christus en verkry ons die agting van die mense. Ware geloof laat ’n mens die regte dinge beklemtoon in die lewe. Dit is ’n eienskap van ’n koninkrykskind!

Sing: Psalm 4-1:3

Ds. CB (Christo) Swanepoel (Lyttelton)

Woensdag 6 November

Skrifgedeelte: Filippense 1:12 – 2:11
Fokusgedeelte: Filippense 1:12 – 2:11; HK, Vraag 42

Waarom sterwe?

Daar is sulke egte lewensvrae in die Kategismus, vrae uit die hart. Soos hierdie een: "As Christus dan vir ons gesterf het, waarom moet ons ook nog sterwe?" Want gelowiges sterf ook en sommige sterf swaar, ná baie lyding.

Tog mag ons die dood in 'n nuwe lig sien, omdat Jesus Christus se dood vir ons 'n beslissende verandering gebring het. Ons dood is nie meer 'n betaling vir ons sondes nie – dit is die eintlike verandering. Die angel is vir ons uit die dood gehaal. Die dood is nie meer vir ons die geestelike en ewige dood nie. Die dood is vir ons ook die finale afsterwe van die sondes. Hier op aarde kry ons nooit klaar met die sonde nie. Ons word nie hier volmaak nie en daar kom nie 'n punt in ons lewe waar ons kan sê dat die sonde heeltemal agter ons lê nie. Maar die dood is die definitiewe breuk met die sonde, vir altyd!

Wat 'n heerlike vooruitsig! Waar die dood ons wel skei van die sonde, beteken dit nie skeiding van God nie. Inteendeel, dit is 'n deurgang tot die ewige lewe. Om te sterf, is vir ons 'n wins en 'n by-die-Here-wees!

Sing: Skrifberyming 5-4:5, 6

Dr. F (Frans) van der Walt (Emeritus)

Donderdag 7 November

Skrifgedeelte: Genesis 17:1-14 (AFR53)
Fokusgedeelte: Genesis 17:1, 3

God wankel nie

Alles in ons leefwêreld kan wankel en alles kan onseker wees, maar God wankel nie. Hoekom nie? Hy is die Verbondsgod, die God wat met die mens bemoeienis maak. Dit staan vir ewig vas. Só, lees ons in Genesis 17, sluit God sy verbond met Abraham. Hy is die Verbondsgod wat sy kinders voor sy aangesig laat kom.

- Wat ’n wonderlike verbondsgenade: wandel voor my aangesig.
- Wat ’n ontsettende verbondseis: wandel voor my aangesig.
- Wat ’n onbeskryflike verbondsbelofte: “… dan sal jy opreg wees.”

Om voor die aangesig van die Here te wandel, beteken om sy verbond te verstaan. Om te besef dat jy soos Abraham (vs 3) eers jou aangesig voor die aangesig van God moet buig. Wie voor God se aangesig wandel, weet dat dit ’n blywende verbond is wat deur geen mens of omstandighede nietig verklaar kan word nie. God het hierdie verbond self bevestig deur Christus en dit deur die Heilige Gees geopenbaar.

Met Abraham se aangesig gebuig voor die aangesig van God, openbaar God Hom aan Abraham:

- Ek is God die Almagtige (vs 1).
- Ek wil ’n verbond met jou sluit (vs 2).
- Dit is my verbond met jou (vs 3).
- Ek maak jou die vader van baie nasies (vs 5).
- Ek sal jou buitengewoon vrugbaar maak (vs 6).
- Ek bring ’n verbond tot stand (vs 7).
- En dan die hoogtepunt: Ek sal vir hulle ’n God wees (vs 8).

God sê: Ek sal vir julle ’n God wees. Waarom God dit doen, is vir ons onbegryplik – dat ons voor sy aangesig kan kom, voor Hom kan buig en sy kinders genoem kan word! Tog bind God Hom aan ons. Ons kan in aanbidding voor sy aangesig kom. Ons kan voor sy aangesig wandel. Al wankel alles, Hy staan vas. Sy verbond staan vas. Mag u vandag voor sy aangesig wandel.

Sing: Skrifberyming 47:1 (priesterlike seën)

Dagstukkie Almanak 2011

Vrydag 8 November

Skrifgedeelte: Psalm 2 (AFR53)
Fokusgedeelte: Psalm 2:2, 6, 12

Buig voor hom wat oor die nasies heers

Elke jaar is dit maar so: die gedruis van nasies en tiranne, geweld en listige planne, oorlog en revolusie. Dit is die internasionale kookpot. Vir elke vredesverdrag wat gesluit word, ontplof weer ’n

ander deel van die volkerewêreld.

So 'n opstand teen die koning van Israel vorm die dekor van die tweede psalm. Die digter kyk dieper as blote politieke kommentaar en gee die Goddelike kommentaar: Dit is opstand, rebellie teen God. Dit is gerig op die koning, maar gemik teen God en sy gesag, om die bande te verbreek en sy heerskappy omver te werp. Maar God lag hulle uit en spot met hulle. Dit sal nie geluk nie.

In Openbaring lees ons dat die dier uit die see, die beeld van die onstuimige volkerewêreld, dodelik gewond sal word. God se Gesalfde, sy Seun, sal ewig triomfeer. Die beslissende veldslag word in Handelinge 4:27 beskryf: "Herodes en Pontius Pilatus het met heidennasies en die volk Israel saamgespan teen u Heilige dienaar, Jesus, wat deur U gesalf is ..." Maar Hy het opgestaan uit die dood, sy troon bestyg met sy hemelvaart en sit nou aan die regterhand van God. Hy het alle mag ontvang, in die hemel en op die aarde.

Daarom dryf die magte van hierdie wêreld my nie tot wanhoop nie. Nee, ek buig voor die Gesalfde. Ek kus die Seun, ek dien die Heer, en is in Hom verblyd. Ek buig voor Hom alleen en ek verkondig met woord en daad sy heerskappy. Ek ontvang die seën van hierdie psalm (vs 12): "Welgeluksalig is almal wat by Hom skuil!" Dit geld vir elke jaar, totdat Hy triomferend kom op die wolke.

Sing: Psalm 93-1:1-4

Ds. C (Cassie) Aucamp (Emeritus)

Saterdag 9 November

Skrifgedeelte: Genesis 50:15-26
Fokusgedeelte: Genesis 50: 9-20, 24 (AFR2020)

God se heerskappy strek wyer en verder as net ons vergifnis

Om mekaar te vergewe as daar baie kwaad ons aangedoen is, is nie maklik nie. Ons is dikwels daartoe geneig dat daar vergelding moet wees. So seer soos ek gekry het, so seer moet die ander mens kry wat my seergemaak het.

Watter uitsig bied Josef ons as daar oor vergewensgesindheid gehandel moet word. Josef se broers het na sy vergifnis gesoek. Hulle was oortuig Josef het beheer oor alles. Hy is dan ook in beheer om

hulle te vergewe oor baie kwaad en leed wat hulle Josef aangedoen het. Hulle het gedink dat alles van Josef afhang oor wat nou verder met hulle as sy broers gaan gebeur.

Josef maak dit baie duidelik dat wanneer daar oor vergifnis gehandel word, God daarmee ook in beheer is. Josef sien God se heerskappy wat wyer strek as net vergifnis. God se heerskappy is tot op die einde die vervulling van waaroor Josef baie jare gelede gedroom het, dat sy broers voor hom sou buig. Nou het hulle alreeds meer as een keer voor hom gebuig. Die woorde wat Josef se broers teenoor hom uiter, is ook neerbuigende woorde. Kyk, ons is u slawe. Dit dryf Josef tot trane!

'n Wenende Josef is ook 'n belydende Josef. In sy trane bely Josef dat daar niks is wat God nie beheer en waaroor God nie regeer nie. God regeer selfs oor die kwaad, al is daar nooit enige sonde by God nie. Daar is in alle geval niemand wat die plek van God kan inneem in wat alles met Josef en sy broers gebeur het nie. Alles is só deur God beskik en God sal oor alles in wat ook verder met hulle almal gebeur, die hand hou.

Josef se woorde, optrede en gesindheid staan duidelik in diens van Jesus Christus. Jesus se eerste kruiswoord – Vader vergeef hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie – staan nie los van hoe Josef oor vergifnis gedink en gehandel het nie. Al het Josef bely hy is nie God nie; hy kan ook nie in die plek van God handel en vergewe nie.

Jesus Christus is wel God. Hy het na ons gekom om in ons plek mens te wees, maar Hy alleen kon as mens die plek van God inneem wat Josef nie kon inneem nie. Jesus het nie net die woorde van vergifnis kon spreek nie, Hy het ook die prys wat dit waarlik sou kos om te vergewe, ten volle betaal.

Mag ons in Christus deur sy Heilige Gees gevul wees met wat God ook van jou verwag wanneer jy vergifnis aan ander moet betoon. Mag God deur sy Gees ook binne ons regeer wanneer ons moet vergewe, al kan ons nie alles verstaan nie. Dan sal ons besef God se heerskappy strek wyer en verder as net jou en my vergifnis.

Sing: Psalm 86-1:1, 3

Dr. PJ (Petrus) Venter (Postmasburg)

Sondag 10 November

Skrifgedeelte: Job 42:1-6
Fokusgedeelte: Job 42:3-5 (AFR33/53)

Om God se heerskappy op ’n heeltemal nuwe wyse raak te sien

God se besondere openbaring deur vir Job vanuit ’n storm aan te spreek, het Job tot by hierdie laaste besondere hoofstuk in sy lewe gebring.

Hierdie oorgawe is onderwerp aan twéé dinge wat Job tot by hierdie punt gebring het. Wanneer God vir Job in ’n storm antwoord, dan is die groter vraag Wie God werklik is (vgl. 38:2). Job reageer op die vraag na Wie God is met ’n besondere belydenis na wie hy as mens ná alles in sy lewe is.

As God dit duidelik maak Wie Hy is, dan kom Job en erken voor God wie ons is. Job voel hom swak (vs 2), voel hom onwys en oningelig (vs 3), ja Job besef sy gewoon menslike menings is sonder kennis as dit gaan rondom dié dinge wat te wonderbaar is. Job erken dat hy te veel op sy eiegeregtigheid en wysheid staatgemaak het. Hy het van die wonderbare van God nie genoeg gesien nie.

Job se “sien” van God staan met twee uitsonderlike woorde uitgeskryf. Dit wat wonderbaar is en dit wat Job nou kon sien. Job se sogenaamde vriende, Elifas, Bildad, Sofar en Elihu het in van die mooiste digterlike taal ook die krag en majesteit van God kon aanraak, maar nooit het hierdie vier manne gekom by wat God wonderbaar maak nie. In besonder is God se genade wonderbaar.

Die misterie (geheimenis) van hoe God werk, die wonders van God en die genade van God is onafskeidbaar van mekaar. Wanneer hierdie drie dinge saamkom, ontmoet jy dié God wonderbaar in sy woorde en werke. Ons kan alleen stamelend na die skepping kyk en die geheimenisse daaragter is wonderbaar. Tog wil God dat ons hierdie wonderbare skepping saam met Hom moet geniet. Ons moet dinge raaksien, ja van hoorsê het Job van God gehoor, maar nou het sy oog gesien. Die wonderbare moet nie net bely word nie, maar moet nog elke dag ook gesien kan word.

God wil nie dat ons net sy wonderbare skepping sal raaksien nie, maar ons moet Hom ook sien in die wonder van sy genade en in die wonder van sy “wonders”. Job sien hierdie dinge voor sy oë saamkom (God se skepping, genade en wonders) en dan noem hy dit dinge te

wonderbaar vir my, dit wat ek nie kan begryp nie.

Ons besef om die onbegryplike te mag sien is om Jesus Christus te mag bely. Dan het jy reeds God se heerskappy op 'n heel besondere nuwe wyse kon raaksien. Dan is die hand op die mond, want jy sien wat nie almal kan sien nie. Alleen die Heilige Gees kan jou oë daarvoor oopmaak.

Sing: Psalm 9-1:1, 5, 7

Dr. PJ (Petrus) Venter (Postmasburg)

Maandag 11 November

Skrifgedeelte: Psalm 91
Fokusgedeelte: Psalm 91:16 (AFR33/53)

Om te oornag in die skaduwee van die Almagtige

Psalm 91 sing op verskillende wyses van God se beskerming. Daar is so baie gevare wat ons as mense bedreig. Daar is vyande wat ons kan bedreig (vs 3-5), daar is siekte wat jou lewenspad kan kruis (vs 6, 10), daar is allerhande gediertes wat jou in die oë kan staar (vs 13). Die troos in hierdie Psalm is dat God regeer oor al hierdie onheile. God laat jou sy heil sien.

Om God se heil te mag sien, is eintlik die samevatting van al God se beloftes oor hoe Hy sy kinders beskerm. Die digter twyfel geen oomblik oor God se beheer nie! In vers 1-2 bely hy alreeds God se beskerming. Dan volg die grootste deel van die Psalm (vs 3-13) waar hy sy vertroue in God se verlossing op so baie maniere beskryf. God se Woord van verlossing is nie losse praatjies nie. Selfs God se engele ontvang die opdrag om God se kinders te bewaar waar hulle ook al mag gaan. Hierdie besondere troos dat selfs die engele God se kinders beskerm (vs 11), dien as inleiding hoe God Self dan die Een is wat sy beskerming bied.

Dink aan die baie wyses hoe God sy beskerming oor ons uitbrei. Of ek nou by die Allerhoogste skuil, of ek gered word uit die net van die voëlvanger, of God se vleuels is oor jou, of God is jou skild en pantser. In alles wat God ons beskerm, kan ons in sy skadu rus en troos vind. Hierdie rus en troos en beskerming gryp vorentoe na drie dinge. Dit waarmee ons as God se kinders Hom kan liefhê, ook omdat ons God

se Naam ken en ons ook God aanroep. Die liefde, die verbond en die gebed is dit wat God se beskerming oor jou en my elke dag bevestig en nog weer bevestig.

Verse 14-16 is nie net God se Woord van verlossing nie, maar dit is die besonder profetiese woord van hoe Christus deur sy lewe en sterwe ons beskerm. Dit is presies hierdie profesie wat Satan wou misbruik toe hy vir Christus in die woestyn versoek het (vgl. Matt. 4:6). Satan wil God se wonderlikste beloftes waarmee God sy kinders beskerm, tot sy eie voordeel misbruik. Dit is die duiwelse manier van die misbruik van God se woord in Psalm 91. Christus ken nie net hierdie Psalm nie, maar Hy kon Satan vanuit die volle Woord van God antwoord. “Daar is ook geskrywe”, en dan spreek Christus die woorde in Deuteronomium 6:16: “Jy mag die Here jou God nie versoek nie.”

In Christus sien ons God se heil. Ons liefde en vertroue en gebed tot God kan alleen in Christus gestalte vind. Mag ons elkeen in hierdie gevaarlike land waarin ons lewe, beskerm en vertroos word deur die intieme verhouding wat ons deur die werking van die Heilige Gees met God kan hê. So sien ons nou reeds die heil van God.

Sing: Psalm 91-1:1, 6, 8

Dr. PJ (Petrus) Venter (Postmasburg)

Dinsdag 12 November

Skrifgedeelte: Genesis 7:1-16
Fokusgedeelte: Genesis 7:16b (AFR83)

God bewaar sy begenadigdes te midde van sy oordeel oor die sonde

Noag bou gehoorsaam vir 120 jaar die ark en getuig van God se komende oordeel oor die ongeregtigheid van die mens, en oor sy genade wat hy en sy gesin ontvang het. Die Here gee opdrag aan Noag om die ark in te gaan en om van al die rein diere sewe pare in te neem, en van die onrein diere een paar.

God wil die ongeregtigheid van die mens en sy sonde straf en oordeel, maar in sy oordeel wil Hy ook ’n nuwe lewensmoontlikheid vir die mens skep om in gemeenskap met Hom die aarde te bewerk en te bewaak. Hy hou die lewe in stand en begenadig Noag. Noag bou die

ark eerbiedig gehoorsaam en getuig van God se oordeel en redding.

Die Here nooi Noag die ark binne sodat Hy hulle bewaar te midde van sy oordeel. Hy red deur hulle in die ark toe te sluit en waarsku dat oor sewe dae die vloed sal begin. In sy liefde bewaar Hy ook die diere in die ark en skenk ’n nuwe lewensmoontlikheid.

Vers 13-16 is ’n samevatting van die ingaan in die ark, en sluit af: *En toe het die Here die ark agter Noag toegesluit*. Hy bewaar en beskerm sy uitverkore begenadigde kinders teen die oordeel en storms deur die ark met sorg te sluit. Dit word simbool van die bewaring van die gelowiges in Jesus Christus se volmaakte soendood en opstanding (vgl. 1 Pet. 3:20, 21).

Glo in Jesus Christus en weet dat God jou toesluit in Christus te midde van sy oordeel oor die sonde en ongeregtigheid. Sien met verlange uit na die wederkoms en eindoordeel omdat jy in Christus geheilig is en vrygespreek is van jou sonde.

Sing: Psalm 91-1:5

Dr. SJ (Sarel) van der Merwe (Emeritus)

Woensdag 13 November

Skrifgedeelte: Genesis 7:21 – 8:7, 12
Fokusgedeelte: Genesis 8:1 (AFR83)

God dink aan en troos jou te midde van sy oordeel

God dink aan almal wat swaarkry. Hy reik uit na mens en dier in die ark en stuur ’n wind om die aarde droog te waai. Hy neem inisiatief en vertroos die gelowige in sy lyde.

Dit het veertig dae en nagte gereën en daarna is die aarde vir 150 dae oorstroom sodat alles wat geleef het, gesterf het, behalwe dié wat deur God in die ark bewaar is. Noag wag op God se tyd.

Gedurende die sondvloed leer Noag en sy gesin om God alleen te vertrou om hulle op ’n skoongewaste aarde te plaas vir ’n nuwe begin saam met Hom. Hy is bewus van die swaarkry van sy kinders in die beknopte ark en dink aan hulle. Hy vergeet nooit nie.

Noag vra nie, maar God dink aan Noag en die diere in sy groot barmhartigheid en stuur ’n wind om die aarde te droog vir die begin van die nuwe lewe onder sy liefde. Noag stuur eers ’n kraai en daarna

’n duif uit en sodra dit duidelik is dat die aarde droog is, het Noag en almal saam met hom uit die ark gegaan.

Wanneer God al die nasies en Israel straf oor hulle sonde, onthou Hy altyd die gelowiges te midde van sy straf en troos hulle. Jesus Christus het alleen die toorn van God oor die sonde gedra op Golgota, sodat Hy na sy opstanding die geregtigheid wat Hy verdien het, aan die uitverkorenes kan gee.

Glo in Jesus Christus en sien hoe Hy telkens aan jou dink in al die aanvegtinge, lyde op aarde en sy oordeel oor die ongeregtigheid, sien hoe Hy jou beskerm en uitkoms gee op sy tyd. Leef daarom getroos in sy liefde en barmhartigheid.

Sing Psalm 97-1:7

Dr. SJ (Sarel) van der Merwe (Emeritus)

Donderdag 14 November

Skrifgedeelte: Genesis 18:23-33
Fokusgedeelte: Genesis 18:32

Jy is God se kosbaarste besitting

Die Here gaan Sodom en Gomorra verwoes. Alles en almal sal uitgewis word. Die Here het hierdie voorneme van Hom aan Abraham bekendgemaak. Dit het Abraham diep aangegryp. Sê nou daar woon regverdige mense ook in Sodom – gaan die Here se straf hulle ook tref?

Daarom tree Abraham in vir die regverdiges in hierdie goddelose stede. Met eerbied en huiwering en in nederigheid tree hy vir hulle in voor God. Hy word so klein voor God (vs 27): “Ek is maar net stof en as, tog het ek gewaag om met die Here te praat.” Nog kleiner, tot die dood toe klein, het Christus geword toe Hy vir ons kom intree het aan die kruis. Abraham smeek: Sal God die oordeel voltrek en vyftig regverdiges moet ook daaronder ly? Sal selfs tien regverdiges op die uiteinde gering wees vir die Here dat Hy hulle saam met die goddelose sal verdelg?

Nee, as die Here vir tien gelowiges die hele plek sal spaar, sal Hy mos ook nie een enkele regverdige net soos die goddelose behandel nie. Nie een van sy kinders is gering voor Hom nie, elkeen is uiters

kosbaar vir Hom. Hy gee soveel om, Hy sal selfs die goddelose wêreld waarin ons woon, verdra. Ons moenie kla oor die goddelose met al die korrupsie en moorde en onsedelikheid om ons nie – dit is ter wille JOU, van die kerk en die koninkryk van die Here dat Hy nog nie die wêreld tot oordeel gebring het nie.

Daarom is dit steeds tyd om ons lig te laat skyn, en tyd om met eerbied en respek klein te word voor die Here wanneer ons die wêreld en sy mense aan die Here opdra.

Sing Psalm 8-1:3, 4

Ds. HJ (Hennie) Briel (Kimberley/Boshof)

Vrydag 15 November

Skrifgedeelte: Genesis 19:15-23
Fokusgedeelte: Genesis 19:16, 17

Dit is groot genade om te kan vlug

Om te moet vlug, is nie lekker nie. As jou huis brand, is daar baie dinge wat vir jou kosbaar is wat jy moet agterlaat en vlug. So kom die dag toe skielik dat Lot ook moet vlug. Maar Lot talm, want daar is so baie dinge waarvan hy hom moeilik losskeur daar in Sodom. Ons as gelowiges is mos maar lief vir hierdie wêreld en vir alles hier om ons. Ons is selfs geneig om hierdie goddelose wêreld en onsself bo God lief te hê.

Ons as kinders van die Here moet nooit vergeet nie – ons moet ook soms vlug. Miskien is daar verkeerde woorde wat ek aangeleer het, my humeur, ’n probleem met selfbeheersing, of ’n verslapping in my toewyding aan die Here. Van sulke dinge moet ons wegvlug. Of is jy so ’n sterk Christen dat jy nooit hoef te vlug nie?

Maar wat ’n genade dat die Here ons ook aan die hand kom vat en uit sulke dinge kom uitlei. Ons Here Jesus het die pad oopgebreek om ons uit te lei na die vreugde van ’n verloste lewe. Die berge waarheen ons moet vlug, is om te gaan skuil in die skaduwee van ons ewige Rots en Verlosser. Ons moet nooit talm nie, eintlik moet ons nog meer die behoefte hê “om te vlug na” – om na die Here te vlug. Sy genade is so groot dat Hy ons elke dag deur die Heilige Gees aan die hart

kom vat om na Hom toe te vlug. Soms werk die Gees deur ’n preek of ’n ander mens.

Kom ons gaan dink oor ons lewe. Is daar dinge waarvan ek moet wegvlug? Is daar die behoefte “om te vlug na” – om te gaan sonder om te talm, na die Rots Jesus Christus?

Sing: Skrifberyming 2-4:1, 3

Ds. HJ (Hennie) Briel (Kimberley/Boshof)

Saterdag 16 November

Skrifgedeelte: Spreuke 29:24-27 (AFR2020)
Fokusgedeelte: Spreuke 29:25 (AFR2020)

Plaas jou vertroue op God en moenie mense vrees nie

Vrees bestaan uit ’n vrees vir die onguns van die mens en die skadelike gevolge daarvan. Dit kan verskeie vorme aanneem: vrees vir menslike gesag, vir die samelewing, vir die menigte en vir diegene wat ons liefhet. Miskien is die vrees vir diegene wat ons liefhet die moeilikste vrees om te weerstaan (Matt. 10:37). Vrees ontstaan in lafhartigheid en in goddeloosheid. Lafhartigheid is ’n onwaardige vrees. Dit is selfsugtig en immoreel. Dit spruit uit te veel agting vir ons eie gevoelens, en te min eerbied vir plig. Goddeloosheid is wanneer die mens die plek van God inneem en die menslike optrede as oppermagtig behandel.

Die fataliteit van vrees bring ’n strik. Dit vang sy onversigtige slagoffer. Wanneer die kranige man eers vasgevang is in die mag van wêreldse vrese, vind hy dit tevergeefs om vir vryheid te veg. Hierdie vrees skep ’n ellendige slawerny. Hierdie ellendige vrees vir die mens is fataal vir alle ware menslikheid.

Ons moet ’n toevlug vind teen hierdie verstikkende vrees vir mense deur ons vertroue in die Here te stel. God is magtiger as die hele wêreld. So het Sadrag, Mesag en Abednego hulle vertroue op God gestel en God het hulle gered toe hulle deur Nebukadnesar in die brandende vuuroond gegooi is (Dan. 3). Christus was kalm en vreesloos voor al sy vyande, versterk deur die gebede van Getsemane (Matt. 26:36-46; Mark. 14:32-42; Luk. 22:39-46). Ons moet ons vertroue op God stel

en ons sal in die beskutting van die Allerhoogste woon en sal oornag in die skaduwee van die Almagtige (Ps. 91:1).

Sing: Psalm 146-1:2, 3

Ds. P (Pierre) Cilliers (Daniëlskuil/Duineveld)

Sondag 17 November

Skrifgedeelte: Hebreërs 12:1-13 (AFR2020)
Fokusgedeelte: Hebreërs 12:11 (AFR2020)

Met tug nou bewerk die Here vrug later

Ons hemelse Vader, wat ons geweldig liefhet, en wat ons op die pad na die hemelse heerlikheid toe stuur, wil ons ook bevry van al die laste wat ons kan keer op hierdie pad; laste soos oordrewe beheptheid met aardse besittings; ongesonde verknogtheid aan dinge en mense op hierdie aarde; selfsugtige gedragspatrone waarin ons so maklik verval en allerhande sondes wat ons doen. Om ons vaderlik te help om van hierdie laste vry te kom, maak die Here partykeer ook van tug gebruik: laat Hy ons druk beleef; laat Hy siekte of hartseer of rampe of oorloë oor ons kom; neem Hy voorregte wat ons gehad het, van ons af weg; laat Hy ons ly onder foute wat ons gemaak het en pynig Hy ons siele met geestelike dorheid.

Ons teksvers praat ’n waarheid wat die meeste van ons seker al beleef het: terwyl die tug oor jou uitgeoefen word, kan jy glad nie die goeie daarvan raaksien nie; jy is hartseer en jy huil, en jy is geskok en teleurgesteld, en jy is partykeer selfs kwaad en opstandig, en jy verstaan nie en jy vra vrae en jy worstel geestelik. Dit voel vir jou onregverdig en dit voel asof die Here jou verwerp. Nou, terwyl ons getug word, beskou ons dit glad nie as ’n rede vir blydskap nie, maar as iets om oor te treur. Daar is nie net die nou nie, daar kom ook ’n later. Dis wat die Here hier sê. Later, uiteindelik, op die langtermyn, lewer tug positiewe resultate op.

Die tug wat die Here oor ons laat kom, is soos ’n gimnasium waar Hy ons invat. As jy in ’n gimnasium kom en net daar gaan staan met weerstand in jou hart, as jy net die heeltyd daar gaan probeer uitkom en nie gaan deelneem aan die oefeninge wat daar gedoen word nie, gaan dit vir jou niks beteken nie. Vir die wat nou, in die tugperiode,

hulle gewillig aan die Here se program onderwerp, vir húlle sal daar uiteindelik groot geestelike vrug wees. Die vrug wat die tug van God in mense se lewens oplewer, is 'n vredevolle vrug van geregtigheid.

Dis hoe die Here werk: Met die tug van nou bewerk Hy die vrug van later.

Sing: Psalm 81-1:9, 12

Ds. P (Pierre) Cilliers (Daniëlskuil/Duineveld)

Maandag 18 November

Skrifgedeelte: Openbaring 4:1-11
Fokusgedeelte: Openbaring 4:1

'n Kykie in die hemel!

Dit is vir die gemeente as geloofsgemeenskap so nodig om in die Gees in die hemel in te kyk! Want dáár sien ons God wat op die troon sit! Ons kyk vas teen die sigbare dinge (Op. 6: bloedvergieting; hongersnood, geldgierigheid en magsvergrype wat die dood van so baie veroorsaak. O, as ons nie geglo het dat ons as geloofsgemeenskap die heerlikheid van God deur die geloof kan sien nie (Ps. 27)!

Gaan let op jou klein wêreld waarin jy vasgevang is. Gaan identifiseer jouself met die vervolging en stryd waarmee die vroeë kerk te doen gehad het. Die apostel Johannes word nou gewys wat in werklikheid besig is om te gebeur. Hy sien 'n geopende deur in die hemel. Daar sien hy God op die troon sit. Sy grootheid en heerlikheid word geskilder met edelgesteentes van verskillende kleure. Almal aanbid Hom: die engele, die kerk dwarsdeur die eeue, die volledige skepping roep uit: Heilig Heilig is die Here, aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid! Dan val almal op hulle gesigte om sy grootheid te aanbid! Die krag van die Gees word uitgebeeld deur donderslae en weerligte!

Wat 'n totaal nuwe perspektief! God Drie-enig regeer! Daarom aan Hom die lofgesange en gebede! Dit gee vir ons hoop!

Wil jy 'n kykie kry op Hom wat op die troon sit? Slaan sy geopenbaarde wil oop en buig voor Hom in aanbidding neer! Dan kry ons as sy geroepe geloofsgemeenskap nuwe insig in alles!

Sing: Psalm 68-1:1, 9

Ds. SFF (Steve) van der Walt (Kathu/Olifantshoek)

Dinsdag 19 November

Skrifgedeelte: Openbaring 5:1-14
Fokusgedeelte: Openbaring 5:4, 9, 11

Wanneer God waarde toevoeg ...

Wie is waardig om God se Raadsplan in werking te laat tree? Niemand nie?! Net Jesus Christus, die Leeu uit die geslag van Juda, die wortel van Dawid kan hierdie boekrol uit sy Vader se hand neem en die seëls oopbreek! Hierdie boekrol bevat God se volledige Raadsbesluit vanaf die geboorte van Jesus tot en met die neerdaling van die Nuwe Jerusalem.

Wat geen mens kon regkry nie, kan Jesus Christus vermag! Hy is tegelyk die Leeu uit die stam van Juda en die sagte Lam! Deur sy mag en tegelyk deur sy oorgawe aan die kruis! Hierdeur word Hy die Uitvoerder en Bestuurder om God se Raadsplan in werking te laat tree! Dáár het versoening vir God se gemeente uit alle nasies, volke, en tale deurgebreek! Nou staan God se nuutgemaakte gemeente voor sy troon met lofliedere en aanbidding.

Die hele kerk (soos verteenwoordig deur die 24 ouderlinge) dra goue skale vol wierook in die hande! Die wierook styg op na die hemel as ’n simbool van die gebede van die heiliges, hulle wat vir Hom afgesonder is – nuutgemaak deur die Heilige Gees – om in sy diens te staan met ’n spesiale opdrag: Om sy ryk uit te bou oor die hele aarde.

Sy gemeente sing ’n nuwe lied: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak. Dit is as gevolg van u oorwinning in vervulling! 10 000 maal 10 000 engele bevestig dit! Aan die Lam behoort die krag, rykdom, wysheid, sterkte, ere, heerlikheid en seën. Selfs die duiwel en sy trawante kan nie stilbly om Hom te verheerlik nie. Is ons deel hiervan?

Sing: Skrifberyming 5-3:1

Ds. SFF (Steve) van der Walt (Kathu/Olifantshoek).

Woensdag 20 November

Skrifgedeelte: Jesaja 40:1-8
Fokusgedeelte: Jesaja 40:8 (AFR83)

Genade, onbeskryflik groot!

Die skrywer Phillip Yancey het ’n boek geskryf met die naam: “What is so amazing about grace?” Natuurlik verwys die titel na die lied wat ons vandag ken as “Genade, onbeskryflik groot”. Wanneer ons as Christene oor ons geloof getuig, is die woordjie genade seker een van die woorde wat ons by die dieptepunt bring van Wie ons Here is. Sonde dra gevolge, maar die Here se goeie tyding (vs 2) beteken dat die gewig van hulle sonde ver oortref word deur die genade van ons Here. ’n Skaap wat deel van die kudde is en die kudde dan verlaat, sal die gevolge dra. Maar as die skaap die pad verlaat, dan belowe die Here ook weer dat Hy in sy groot liefde en genade hulle sal versorg. Ons hoor in vers 11 (AFR33) dat die Here hulle saggies sal lei. In ons Here Jesus Christus het hierdie leiding waar begin word.

En daarom sê ons Nagmaalsformulier so mooi: “As ons soms uit swakheid in sondes val, moet ons nie aan die genade van God twyfel nie of in die sondes bly lê nie.” Hierdie wêreld kan wreed wees en medegelowiges kan ook soms op harde maniere met ons werk. Maar ons Herder lei ons saggies en dra ons teen sy bors. Hy verseker ons, deur sy uitgestrekte arms aan die kruis, van sy liefde en genade vir ’n sondige wêreld.

En daarom, as ons na hierdie sondige wêreld kyk, dan sien ons die gras wat verdor en die blomme wat verwelk. Mense is soos gras (vs 6). Maar die Here se goedheid, genade en Woord is ewig. Deur ons Here Jesus se opstanding kry ons deel aan ’n onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis (1 Pet. 1:4).

Sing: Liedboek 510:1, 2, 3, 4

Ds. W (Werner) van den Heever (Gobabis, Namibië)

Donderdag 21 November

Skrifgedeelte: Jesaja 43:1-7
Fokusgedeelte: Jesaja 43:1 (AFR33)

Jy is Myne!

Baie van ons ken seker nog uit ons koppe daardie antwoord op die groot vraag: "Wat is jou enigste troos in lewe en sterwe?" En opgesom kan ons sê: "Dat ek aan Jesus Christus behoort." Wanneer ons Jesaja 43:1-7 lees, dan dink 'n mens daaraan. Maar wanneer ons Jesaja 43:1-7 lees, dan moet ons ook nie vergeet wat net voor dit staan nie. Lees Jesaja 42:18-25.

In vers 18 word die volk genoem dowes en blindes. Sonde veroorsaak hier op aarde geestelike doofheid en blindheid. Ons moet eerlik wees dat ons nie altyd hoor en luister na wat ons Here leer nie. Miskien lees iemand nou hierdie dagstukkie wat nie baie in die kerk kom nie. Miskien worstel jy in verhoudinge, omdat daar sekere sondes is wat jy nog vertroetel en nie aan die lig wil bring nie. Ons moet ook eerlik wees dat ons nie altyd sien wat die Here vir ons in sy Woord leer nie. Partykeer sien ons te veel van ons eie behoeftes en begeertes raak. Partykeer sien ons nie raak wat die Here wil leer nie, bloot omdat ons nie sy Woord lees en oordink nie.

Maar vir hierdie dowes en blindes is Jesaja 43:1-7 ook bedoel. Dis juis wanneer ons hierdie verse lees dat ons altyd weer genade ontdek. Want as ons mooi gaan kyk, dan begin vers 1 met die groot "maar" van die Here (lees vs 1, AFR33). Die Here se genade sal ons altyd by die "maar" uitbring. Wanneer ons soms uit hardkoppigheid ons eie koppe volg en dan stamp, sal Hy ons ook beskerm en by ons wees. As ons soms deur die storms van die lewe (siekte, dood, geldelike nood) getref word, sal Hy ons ook beskerm en by ons wees.

Ook dan sal ons weet ons behoort in lewe en in sterwe aan ons Here Jesus. Watter genade is dit nie?

Sing: Psalm 33-1:10

Ds. W (Werner) van den Heever (Gobabis, Namibië)

Vrydag 22 November

Skrifgedeelte: Jesaja 49:13-16
Fokusgedeelte: Jesaja 49:6b (AFR83)

Ek sal jou nie vergeet nie!

Die volk van die Here is steeds in ballingskap wanneer die Here deur sy profeet die woorde in ons teks bekendmaak. In vers 14 hoor ons iemand praat … Sion sê… Wie was Sion? Die Here verwys hier na Jerusalem wat op daardie stadium steeds vernietig was en deur jakkalse oorgeneem is (Klaagl. 5:18). Sion roep dit uit dat die Here hulle tog net nie moet vergeet nie.

En dan kom die Here weereens in sy groot onbeskryflike genade en wys op twee maniere aan sy volk dat die Here nie kan vergeet nie. In die eerste plek behoort enige regdenkende ma nooit haar kinders te vergeet nie. Dis juis wanneer ons ouers raak dat ons iets van die Here se groot onbeskryflike liefde vir ons begin verstaan. Daardie liefde dat jy met jou lewe jou kinders sal beskerm. Ons hemelse Vader weet dat selfs aardse ouers partykeer hulleself liewer kan hê as hulle kinders. En daarom moet Hy aan die einde van vers 15 beklemtoon dat die HERE, die God van hemel en aarde, ons nie kan vergeet nie. En dan bewys Hy dit op ’n tweede manier.

Al is die stad Jerusalem menslik gesproke vernietig, het die Here hulle naam getatoeëer in sy handpalm. Tatoeëer beteken in vandag se taal dat ’n prentjie permanent op jou vel aangebring is. So wil die Here die volk die sekerheid gee dat die mure van Jerusalem weer herbou sal word. En ons weet dat dit wel gebeur het uit die res van die Ou Testament.

Die Here se genade gee sekerheid aan ons in ons onsekerheid. En die grootste bewys van sekerheid is dat ons Here Jesus leef. En wanneer die Vader na ons kyk, sien Hy sy Seun en sal Hy ons nooit vergeet nie.

Sing: Psalm 105-1:5

Ds. W (Werner) van den Heever (Gobabis, Namibië)

Saterdag 23 November

Skrifgedeelte: Psalm 23
Fokusgedeelte: Psalm 23

Vertrou ons Herder

Psalm 23 is moontlik een van die mooiste geloofsbelydenisse wat ons in die Bybel vind.

Meeste van ons ken die Herder-skape-beeld goed. In die tyd waarin Dawid die psalm geskryf het, het ’n herder dikwels letterlik dag en nag saam met die skape in die veld gebly om hulle deurentyd op te pas; om hulle vreesloos te beskerm teen elke moontlike ongedierte en rower; om hulle te versorg en selfs te dra as hulle siek is of seergekry het; om hulle dag vir dag te neem na weivelde en waterbronne waar daar vir hulle genoeg kos en water is; om hulle nag vir nag te neem na vreedsame rusplekke. Selfs in uiterste weersomstandighede het hy heeltyd by hulle gebly en gewaak.

Só ’n Herder is die Here ons God vir ons: ’n almagtige, alwetende en alomteenwoordige Herder! Daar is niemand wat meer liefde vir sy kudde het as wat die Here vir ons het nie. Niemand wat meer gedoen het of kan doen om ons te red van die ewige dood as wat God deur Jesus Christus gedoen het nie. Niemand wat in staat is om te sorg soos die Here vir ons sorg nie! Deur die Heilige Gees is God werklik elke oomblik van elke dag en nag by ons! Hy versorg ons na álles wat ons in liggaam en siel nodig het.

Wanneer jy sê “die Here is my Herder”, dan bely jy dat jy volkome, in alles en vir alles in jou lewe van die Here afhanklik is. Jy bely daarmee dat jy sý sorg nodig het! Jy plaas jou volkome vertroue in Hom om jou te versorg, jou te beskerm en om jou deur Jesus Christus en sy Gees te lei op sy paaie van ewige geregtigheid. Ja, jy vertrou jou lewe na liggaam en siel aan Hom toe!

Sing: Psalm 23-1:1

Ds. J (Johan) Dunn (Keetmanshoop/Mariental)

Sondag 24 November

Skrifgedeelte: Psalm 28
Fokusgedeelte: Psalm 28:2, 6, 9
Smeek en prys ons ewige heilige Herder

Die allerheiligste deel van die tempel was daardie deel waar niemand kon ingaan nie, behalwe die hoëpriester wat een keer per jaar daar moes ingaan om vir homself en die volk versoening te doen. Enigiemand wat sommer net daar sou ingaan, sou onmiddellik deur God se heiligheid en toorn vernietig word (Lev. 16). So het God Homself as die Allerheiligste aan die volk geopenbaar. Niemand kan tot Hom nader sonder dat daar eers vir hom/haar versoening gedoen is nie.

Wanneer Dawid sy hande smekend uitstrek na God in hierdie allerheiligste deel (vs 2), getuig hy dat hy presies weet hoe absoluut heilig God is. Hy bely sy skuld en smeek God om hom te verlos van die helse doderyk (vs 1), van die goddelose wêreld (vs 3), maar ook van sy eie sondes (vs 1-5 wys dat hy besef dat hy self skuldig is, straf verdien en verlossing daaruit nodig het).

Dawid ken die Here, sy Herder – hy weet hoe absoluut heilig God is. Maar hy weet ook hoe groot God se genade en verlossing is. Juis daarom kan hy met totale oorgawe, afhanklikheid en vertroue smekend tot die Here sy Herder bid om vergifnis. Juis daarom breek hy ook spontaan in lofprysing uit teenoor God vir sy verlossing. Vanuit hierdie opregte vreugde wil hy hierdie redding nie net vir homself hê nie. Daarom bid hy tot God om ook vir die hele volk ’n ewige heilige Herder te wees wat hulle verlos!

’n Gebed wat in Jesus Christus vervul is. Deur Christus kan ons smekend tot ons allerheiligste God bid om vergifnis en redding. Deur Christus word ons verlos van die helse doderyk, die sondige wêreld en ons eie sondes! Daarom kan ons ook God ons Herder loof en prys – die ewige heilige Herder van gelowiges uit alle nasies!

Sing: Psalm 116-1:2, 3, 7

Ds. J (Johan) Dunn (Keetmanshoop/Mariental)

Maandag 25 November

Skrifgedeelte: Psalm 80 (AFR33/2020)
Fokusgedeelte: Psalm 80:2, 4, 8, 19, 20

Leef toegewy in die lig van ons Herder se aangesig

Asaf bid drie keer dat God sy "aangesig" oor die volk laat "skyn". Om iemand se "gesig" of "aangesig" in daardie tyd te kon sien, moes jy fisies in sy/haar teenwoordigheid wees. (Daar was nog nie iets soos bv. video-oproepe nie.) Verder, wanneer 'n lig "skyn", verdryf dit die duisternis en verlig alles waarop dit skyn.

Ons lees in Eksodus 33:20: "Verder het die HERE gesê: Jy kan my aangesig nie sien nie, want geen mens kan My sien en bly lewe nie." Die lig van God se absolute heilige aangesig verdryf alle duisternis en verlig alle sondes. Omdat geen sondes in God se heilige teenwoordigheid kan wees nie, word alle sondes (m.a.w. hulle wat sonde doen) deur God se toorn gestraf.

In Numeri 6:25 lees ons dat die priesters die die volk moes seën met "die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees".

Israel ervaar in Psalm 80 die gevolge van hulle sonde en ontrouheid aan God – verdrukking, bespotting, uitbuiting, vervolging, vernietiging, ensovoorts, deur hulle vyande. Nou bid Asaf dat God sal onthou dat Hy hulle Herder is. Dat Hy die lig van sy aangesig oor hulle sal laat skyn, wat wel hulle sondes aan die lig bring, maar dat Hy hulle nie sal vernietig nie. Dat Hy hulle genadig sal wees en hulle verlos! Dan sal hulle met nuwe toewyding in die lig van hulle Herder se aangesig kan lewe.

Jesus Christus is die Lig vir die wêreld (Joh. 8:12). Jesus Christus is ook die goeie Herder wat sy lewe vir sy skape aflê (Joh. 10:11). Hy bring al ons sondes aan die lig, maar Hy neem ook al ons sondes op Hom. Hy is ons genadig en verlos ons. Daarom kan ons nou toegewyd in die lig van ons Herder se sangesig lewe.

Sing: Psalm 34-1:4, 7

Ds. J (Johan) Dunn (Keetmanshoop/Mariental)

Dinsdag 26 November

Skrifgedeelte: Josua 1:1-9
Fokusgedeelte: Josua 1:1-9

Troos in die herderlike sorg van die Here – God is by ons

"Here, wees met ons." So bid ons dikwels. Maar waarom bid ons dit? Is dit omdat die Here soms nie met ons is nie? Nog 'n lastige vraag: Hoe weet ons of die Here dan met ons is of nie?

In hierdie baie mooi persoonlike gesprek met Josua, hoor ons hoe die Here self vir Josua die versekering gee dat hy nie op sy eie is nie, en daarom ook nie die volk nie. Die opdrag kom duidelik: Gaan aan met die reis na die beloofde land.

Daar is groot troos in die ritme van wat die Here hier vir Josua sê. Hy herinner Josua daaraan dat Hy by Moses was, en dat dit ook vir hom so sal wees. Wanneer hy sou twyfel of bang word vir wat voorlê, wanneer dit dalk mag voel of hy alleen is, dan kan hy maar net onthou en terugkyk in die verlede, want daar is 'n ryke geskiedenis van God se nabyheid.

Verder kan hy getroos wees omdat sy opdrag groter is as hyself, God is besig om sy beloftes na te kom, en Josua is net instrument.

Hoe hy dit gaan regkry is ook nie onduidelik nie. Hou by die wet! Eers in sy persoonlike navolging en gehoorsaamheid aan God, maar dan ook in wat hy vir die volk sou sê. Alles moet gegrond wees in die wet en die wil van God.

Die laaste troos in hierdie ritme is dat die plek nie saak maak nie: "Ek, die Here jou God, is by jou oral waar jy gaan." God se troos is persoonlik, en strek oor grense en tyd!

So kom ons bid dan eerder: Dankie Here dat U by my is, soos U nog altyd was. Dankie vir die herinneringe van so baie gelowiges voor my.

Sing: Psalm 42-1:1, 3

Ds. HV (Henning) Venter (Windhoek)

Woensdag 27 November

Skrifgedeelte: Lukas 24:36-52; Matteus 28:20
Fokusgedeelte: Lukas 24:36-52

Troos in die herderlike sorg van die Here – Jesus het alles vervul!

"God is by ons". So is ons gister getroos. Na sy sterwe en opstanding, verskyn Jesus juis aan sy dissipels om hierdie geloofsfeit te bevestig. Hy bevestig dit fisies en tydelik met sy teenwoordigheid en as hy iets eet. Hy bevestig dit geestelik en ewig as hy verklaar dat alles wat in die wet, profete en Psalms oor hom staan, waar geword het.

Dan gebeur een van die mooiste herderlike dade van ons Here Jesus naas sy dood en opstanding, en dit is dat hy sy volgelinge se verstand oopmaak om die Skrif te verstaan! Soos wat Josua nie onseker kon wees oor God se wil nie omdat hy die wet gehad het, so hoef die dissipels van Christus nie onseker te wees oor die betekenis van sy koms, of hulle eie verantwoordelikheid nie.

Die Skrif het gesê dat die Gesalfde sou ly en uit die dood opstaan. Omdat hulle dit nou verstaan, moet hulle die getuies wees wat vertel van die goeie nuus dat daar vergifnis is na opregte bekering!

Weer kom die troos dat God nie sy kinders alleen laat om self hiermee te worstel nie. Die belofte van die "gawe", is niks anders as 'n voortsetting van God se belofte om by sy kinders te wees nie. Nou deur die inwoning van die Heilige Gees!

Ons troos lê dan daarin dat Jesus die vervulling is van die pad wat God die Vader deur die Ou Testament met sy kinders gestap het. Maar dit gaan nog dieper, omdat Jesus op hierdie oomblik alles volledig vervul wat in die Skrif staan.

Matteus herinner ons aan Jesus se afskeidswoorde tydens sy hemelvaart: "En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld" (Matt. 28:20).

Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2

Ds. HV (Henning) Venter (Windhoek)

Donderdag 28 November

Skrifgedeelte: Matteus 18:15-20
Fokusgedeelte: Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 29

Kenmerke van die ware kerk – suiwere toepassing van die tug

Kerklike tug word meesal deur ouderlinge, kerkrade of kommissies hanteer. Die gemeente word nie eintlik betrek nie, behalwe in die seldsame geval van ’n afkondiging oor bepaalde lidmate wat van die sakramente afgehou word, of wat op die punt staan om afgesny te word. Die gemeente word dan opgeroep om vir hierdie lidmate te bid.

MAAR volgens ons Skrifgedeelte begin die suiwere toepassing van kerklike tug by ’n gewone gelowige wat bereid is om ’n medegelowige oor sy/haar lewe aan te spreek. Jesus sê (vs 15): “As jou broer verkeerd teen jou opgetree het, gaan wys hom tereg …” Uit die verdere tugstappe wat beskryf word (vs 16-17), is dit duidelik dat dit vir Jesus om meer as persoonlike verontregting gaan; dit gaan hier oor alle sondes! (Verskeie vroeë manuskripte van die Bybel bevat nie die woorde “teen jou” in vers 15 nie.)

Die belangrike is dat jy vandag sal besef dat die suiwerheid van die kerk ook jou verantwoordelikheid is. ’n Kerk waar gelowiges mekaar nie lief genoeg het om mekaar oor sondes aan te spreek nie, is nie ’n ware kerk nie. Ja, dit bly ’n moeilike taak wat teen ’n mens se grein ingaan. Ons bemoei ons eerder met ons eie sake. “’n Toe mond is ’n heel mond,” sê die spreekwoord. Maar dit gaan om die eer van God en jou medegelowige se saligheid! Daarvoor moet ’n mens bereid wees om uit jou gemaksone te beweeg.

Indien ’n mens die teregwysing in liefde, en soos Jesus sê, “eenkant alleen” hanteer (vs 15), kan daar ’n goeie afloop wees. Jy kan jou medegelowige terugwen en Jesus self sal by julle wees! (Vgl vers 19.)

Sing: Psalm 32-1:3

Dr. WC (Wim) Vergeer (Krugersdorp)

Vrydag 29 November

Skrifgedeelte: Handelinge 15:1-21 (AFR83)
Fokusgedeelte: Handelinge 15:10-11

Christus vergader vir hom ’n kerk deurdat die Heilige Gees harte besny

Nadat die kerk onder leiding van die Heilige Gees kragdadig onder die heidennasies gegroei het, ontstaan daar in die gemeente in Antiogië spanning wat breekpunt bereik oor iets wat met ’n mes gedoen word – die besnydenis. ’n Vergadering word in Jerusalem belê om die saak uit te klaar.

Tydens die vergadering wys Petrus daarop dat gelowiges onder die heidennasies nie die juk van die besnydenis opgelê moes word nie, want selfs hulle as Jode kon nie die juk wat die letterlike besnydenis hulle oplê, dra nie. Uiterlike toewyding deur besnydenis beteken niks as dit nie deur innerlike toewyding bevestig word nie. Hiervan getuig die Ou Testament by herhaling: besny julle harte (Deut. 30:6 – AFR33/53), en: verwyder die onbesnedenheid van julle harte (Jer. 4:4 – AFR33/53).

Wie kon hulleself waarlik volkome innerlik aan die Here toewy en so die juk dra? Niemand kan nie. Nie Jood of heiden nie. Juis daarom dat Jesus moes kom om ons sondeskuld af te sny. Daarvoor het sy bloed in die plek van die besnydenis gevloei, en is fisiese besnydenis nie meer nodig nie. Jou doop is nou die teken dat jy deur sy bloed skoongewas is en aan Hom (en dus ook sy kerk) behoort.

MAAR TOG, jy wat sy verlossingswerk aangryp en jou bekeer, en jy wat streef om in toewyding aan Hom te leef, kan dit alleen doen omdat die Heilige Gees in jou werk. Hierdie geloof en ywer is in Ou-Testamentiese taal die teken dat die Heilige Gees jou hart besny, en deel van sy volk gemaak het. Ter selfondersoek: Leef jy soos iemand wie se hart deur die Heilige Gees besny is?

Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2

Dr. JA (Jannie) Erasmus (Odendaalsrus)

Saterdag 30 November

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 9:1-15
Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 9:15

Om te gee, is ’n verrykende ervaring

Om te gee, is ’n verrykende ervaring. Dit laat jou God se oorvloedige gawe in jou lewe raaksien!

Paulus praat hier met Christene oor een van die basiese aspekte van die praktiese uitlewing van hulle geloof. Dit is dat hulle na mekaar sal omsien en vir mekaar sal sorg: fisies en geestelik. Paulus verklaar sy vertroue in die gesindheid van die Korintiërs; ’n gesindheid van vrygewigheid. Hy ken hulle immers – hy het 18 maande daar gebly. Hy herinner hulle aan die belofte wat hulle gemaak het om geld en ander stoflike middele te stuur aan die Christene in Jerusalem.

Hierdie bereidheid om te gee vir mekaar, kom nie uit ’n mens se beursie nie, maar uit jou hart. Daarom kan onderlinge sorg tussen Christene nie uit dwang geskied nie, maar met gewilligheid. En as dit uit mens se hart kom, is dit ook ’n gee met oorgawe. Nie spaarsamig nie. Dan word dit ’n offer van dankbaarheid (vs 5).

Is dit vir u moeilik om u swaarverdiende geld weg te gee vir ander? Onthou: wat u het, kom van God af – Hy voorsien. Nadat ons genoeg weggegee het, sal God sorg dat dit wat oorbly vir ons meer as voldoende is. Onthou veral: om te gee, is ’n verrykende ervaring – en nie om soveel moontlik geld vir jouself te hou nie – dit maak mens eerder geestelik arm. Hierdie onderlinge sorg tussen Christene beteken ook dat ons vir mekaar sal bid. Mens gee nie net stoflike middele en vergeet van die mense aan wie jy dit gee nie. Nee, hulle leef in ons harte en ons besorgdheid oor hulle dring ons om ook geestelik na hulle om te sien.

Dit alles is moontlik omdat God se genade oor ons oorvloedig is. Wie dit van harte besef sal ’n gee-gesindheid ontwikkel en dit prakties tot uitvoering bring by elke geleentheid wat die Here beskik.

Sing: Psalm 116-1:7, 10

Dr. SF (Francois) Kruger (Emeritus)

KWARTAAL 4

TEMA: DIE VIERDE STEM VAN VERTROOSTING (Jes. 40:9-11)
Jesaja 40:9-11 verkondig die troos van herstelde verbondsgemeenskap

Dember: Troos van die verbondsgemeenskap

Sondag 1 Desember

Skrifgedeelte: Johannes 10:1-6
Fokusgedeelte: Johannes 10:4-5 (AFR53)

Hoor jou ware Herder se stem en volg Hom!

In die antieke tyd van Palestina het daar soms drie of meer troppe skape van verskillende herders in die aand in die skaapkraal oornag. In die eerste vergelyking (vs 1-5) wat ons Here Jesus Christus maak, wys Hy ons uit op die gevaar wat hierdie skape in die gesig staar. Verskillende stemme wat die skape wil mislei tot die dood en wegneem van die sorg en veiligheid van hulle ware herder. Die Fariseërs en profete en sogenaamde leiers wat dwaalleer verkondig het vir eie voordeel en status, is goeie voorbeelde hiervan.

As gelowiges vandag is daar baie dwaalleraars in en om die kerk wat die skape wil wegneem van hulle ware Herder, ons Here Jesus Christus. Anders as die diewe en rowers kom ons ware Herder nie met listige planne nie. Nee, deur die skaapkraal se ingang sal die ware Herder sy skape nader, sodat al die skape Hom kan sien, erken en sy stem kan hoor. Hy ken elkeen van hulle by hulle naam. Hy wil hulle versorg en uitlei uit die skaapkraal “na groen weivelde en waters waar daar vrede is”, soos opgeteken in Psalm 23:2. Die ware Herder loop voor hulle uit en hulle volg Hom, omdat hulle sy stem ken, terwyl die ander skape wat nie die Herder ken nie, agterbly.

Ons Here Jesus is ons ware Herder, wat op Golgota as Lam vir ons geslag was, sodat ons deur sy duur bloed as sy skape gekoop kon word. Ons hoor nou sy stem soos Hy ons wil lei deur sy Woord en Gees en ons weg wil hou van geestelike gevare.

Hoor jy die stem van die ware Herder, ons Here Jesus Christus self, wat jou by jou naam roep en lei tot in die ewige lewe? Jy is sy skaap, sy kind, sy eiendom. Volg Hom!

Sing: Psalm 23-1:1, 2

Ds. JH (Jacques) Kühn (Tsumeb)

Maandag 2 Desember

Skrifgedeelte: Johannes 10:7-21
Fokusgedeelte: Johannes 10:10 (AFR53)

Ons Here Jesus Christus lê sy lewe vir jou af!

Besef jy watter goeie/uitnemende Herder ons het? Hy is so lief vir jou dat Hy met vrymoedigheid en bereidwilligheid nie skroom om sy lewe vir jou af te lê nie. Hy dink nie twee keer daaroor nie. Hy doen dit, want Hy weet uit onsself sal ons wees soos weerlose skape wat nie hulleself kan verdedig teen roofdiere nie. Ons sal onsself ook nie kan red uit die sonde nie. Dit is waarom ons Here Jesus Christus dit met die groter plan van sy Vader doen, want sy Vader het Hom opdrag gegee (vs 18b). En Hy wil self ons beskerm en red (vs 18a), want die huurlinge wat aangestel word om ons op te pas, hardloop vinnig weg as daar gevaar op voorgrond is. Hulle beskerm en red eerder hulle eie lewe as die lewe van die skape, wanneer die wolf kom om die skape te vang en uit mekaar te jaag.

Tog verdien ons nie hierdie genade van die Here nie. Hy het nie nodig gehad om sy lewe vir ons af te lê nie, want daar is niks wat ons kan doen of sê om dit te verdien nie. Inteendeel moes ons eerder deur die Here gestraf word vir ons sondes. As uitnemende Herder kom red Hy ons wat in sonde geval en verlore geraak het, sodat ons nie die ewige dood tegemoet sal gaan nie, maar die ewige lewe.

Nie almal kry egter hierdie verlossing nie. Slegs die uitverkore skape/kinders van die Here, wat in ons Here Jesus glo (vs 26). Ons as gelowiges wat glo in ons Here Jesus Christus, sy stem ken, Hom liefhet, vertrou en gehoorsaam, is deel van sy kudde. Hy is ons uitnemende Herder en ons leef uit dankbaarheid vir Hom met ons hele lewe.

Sing: Psalm 23-1:3

Ds. JH (Jacques) Kühn (Tsumeb)

Dinsdag 3 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 7
Fokusgedeelte: Openbaring 7:14-15 (AFR53)

God maak ons deur sy Lam oorwinnaars!

Hoe genadig is die Here nie? Hier in Openbaring 7 gee die Here vir ons as sy kinders groot troos. In vers 1-8 word die 144 000 vir ons genoem om die volkome kerk van die Here aan te dui. Hierdie 144 000 is sy verseëldes (eiendom/kinders), met die brandmerk van die Here op hulle voorkoppe. Hulle behoort aan Hom. Hulle het deur die bloed van ons Here Jesus Christus deel geword van God se huisgesin. En hier in vers 9-17 is hulle skoon gewas deur Christus se bloed en het wit, vlekkelose klere ontvang.

Dit is hulle wat deur die Here genade bewys is, want hulle het die teenoorgestelde ontvang as wat hulle verdien het. Hulle moes die straf op hulle sonde ontvang, maar die Here gee aan hulle verlossing van hulle sondes. Die vlek van die sonde is nie meer op hulle liggaam of siel te sien nie. Die menigte is waardig om met vrymoedigheid die teenwoordigheid van die Here binne te gaan. Hulle het deur verdrukking (vs 14) gekom en het vasgehou aan die ware Lam. Hulle kan voor die troon van die Here verskyn en Hom loof en prys, omdat Christus hulle oorwinnaars van die sonde en die gebrokenheid van die wêreld gemaak het.

Daarom wil hulle Hom dien en verheerlik dag en nag in die tempel. Hulle kan bly wees, want hulle is sonder sonde, ongeregtigheid, straf, lyding, swaarkry, seerkry, armoede, siekte of trane, veilig in die teenwoordigheid van die Here. Die plek waarna hulle gesmag het en waar die volmaakte beleef word in die ewige lewe saam God. Die plek waar hulle elke dag nie dors is nie, maar kan drink uit die fonteine van water wat lewe gee.

Sing: Skrifberyming 18-6 (23-2):1-5

Ds. JH (Jacques) Kühn (Tsumeb)

Woensdag 4 Desember

Skrifgedeelte: Psalm 121 (AFR2020)
Fokusgedeelte: Psalm 121:7, 8

Die HERE beskerm gelowiges!

Waar kom jou hulp vir jou lewensreis vandaan? Vertrou jy op jouself? Dit is tog wat die wêreld vir ons vertel: "Vertrou op jouself" en: "Jý kan bereik wat jý wil, solank jy net daarvoor werk en positief dink." Tog ken ons onsself baie goed. Ons weet dat ons hulp van buite nodig het. Gaan soek jy dan daardie hulp in ander mense of in ander dinge? Vertrou jy op meer geld, meer gesondheid of meer kennis?

In Psalm 121 hoor ons dat die HERE vir ons hierdie hulp moet wees. Hy sal gelowiges op hulle lewensreis beskerm. Hy stuur nie net beskerming nie, Hy is aktief betrokke om ons veilig te hou. Hy slaap nie en sluimer nie in nie. Hy is altyd en oral aan ons sy soos 'n mens se skaduwee. Tog belowe die HERE nie dat daar nooit gevare op ons pad sal kom nie. Nee, Hy waarsku ons dat die pad gevaarlik is, maar dat Hy ons deur hierdie gevare sal lei.

Die Israeliete het die pelgrimsliedere gesing op hulle reis na Jerusalem toe. Hulle was biddend afhanklik daarvan dat die HERE hulle sal beskerm teen aanvallers en teen die hitte van die son. Maar hierdie beskerming is ook geestelik. Gelowiges is op pad na die ewige Jerusalem, en daarom is die pelgrimstog na Jerusalem ook 'n beeld van ons lewenspad. Op hierdie lewenspad beskerm en bewaar die HERE ons.

Wanneer jy God se Woord lees, kry jy nuwe insig in die lewe. Jy leer dat die mens sondig is en dat sy lewenspad sal uitloop op die ewige dood as hy nie hulp kry nie. Jy leer ook dat daar hulp is in Jesus Christus. Hy red ons van die dood en lei ons op 'n nuwe pad na die ewige lewe.

Vertrou op die HERE. Hy stap die lewenspad saam met jou. Hy roep jou om sy hand vas te hou en sy beskerming te ervaar.

Sing: Psalm 121-1:1, 2, 4

Dr. HM (Heinrich) Zwemstra (Walvisbaai/Swakopmund)

Donderdag 5 Desember

Skrifgedeelte: Jesaja 40:3-11 (AFR2020)
Fokusgedeelte: Jesaja 40:9-11

Die HERE is by sy kudde en Hy versorg hulle

Die volk is in ballingskap, maar dan roep ’n stem uit dat daar in die woestyn vir die Here ’n pad gemaak moet word. Daarmee sê die Here dat Hy sy volk uit die ballingskap gaan red, en dat Hy voor hulle gaan uittrek wanneer hulle na die beloofde land toe terugkeer.

Uit die mens se oogpunt is daar nie redding vir die volk moontlik nie. Die volk Juda is in ballingskap weggevoer omdat hulle volhard het in hulle sonde, en daarom verdien hulle dit om vernietig te word soos wat die woestynwind gras en veldblomme vernietig (vs 6, 7).

In vers 8 bevestig die HERE dit dat die volk soos gras en veldblomme is, maar teenoor hulle ontrouheid en nietigheid is God se getrouheid. Sy beloftes staan vas. Hy bly aan sy Woord getrou, en daarom gaan Hy sy volk red.

Sion (die Israeliete) word opgeroep om God se verlossing uit te jubel. Die volk in ballingskap moet uit die stof opstaan en getuig: Die HERE is by ons. Hy versorg ons soos ’n herder sy kudde versorg. Hy vou die weerlose lammers in sy arms toe en Hy dra hulle teen sy bors.

Uit die volk wat uit die ballingskap teruggekeer het, word Jesus gebore en in Johannes 10:11 sê Hy: “Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape.” God is getrou aan al sy beloftes. Daarom word Jesus gebore om sy lewe vir gelowiges af te lê en hulle van die sonde te red. Deur die Heilige Gees is Hy by hulle, Hy versorg hulle en hulle is sy volk.

God roep ons om uit die stof op te staan en te getuig: Die HERE is by ons. Hy is ons Redder, en Hy versorg ons soos ’n herder sy kudde versorg.

Sing: Psalm 105-1:1, 5

Dr. HM (Heinrich) Zwemstra (Walvisbaai/Swakopmund)

Vrydag 6 Desember

Skrifgedeelte: Psalm 55
Fokusgedeelte: Psalm 55:23 (AFR2020)

Werp jou las op die Here, Hy sal jou versorg!

Psalm 55 is een van Dawid se psalms wat in die konteks van konflik geplaas word, maar hierdie keer is sy teëstanders in sy tuisdorp en onder sy vriende. Dawid het teenstand uit verskeie oorde ervaar, maar verraad binne sy vriendekring het 'n bitter dimensie aan sy beproewinge bygevoeg. Dawid se rusteloosheid en vrees het toegeneem en die drang om van alles te ontsnap, het hom oorweldig.

Daar is tye in ons lewe waar ons kan identifiseer met Dawid se desperaatheid om van die lewe se beproewinge te ontsnap. Om daarvan te ontsnap, is nooit die antwoord nie. Die antwoord is duidelik: "Werp jou las op die HERE ..." (vs 23).

Ons word aangemoedig om ons hele lewe – nie net ons laste en sorge nie – op die Here te werp en om sy toevlug en leiding in alle dinge te soek. Die belofte volgens Psalm 55 is nie dat God alle vrees, teenstand, seerkry en beproewinge sal wegneem nie. Die belofte is dat God ons sal versorg en onderhou. God voorsien nie ontsnapping nie, maar Hy voorsien krag en genade om die pad vorentoe aan te durf.

Die boodskap agter Psalm 55 is dat Dawid se ervaring die lyding van Jesus Christus uitbeeld. Die verraad van 'n vriend is duidelik in Christus se lewe sigbaar met Judas Iskariot wat Hom verraai het. Net soos die stad teen Dawid in opstand gekom het, so het die stad ook in opstand teen Jesus gekom (vgl. Matt. 27:22).

Jesus Christus, ons Verlosser, illustreer die les van Psalm 55 in die tuin van Getsemane (Matt. 26:36-46). Al het Jesus die grootste angs ervaar, het Hy nie probeer ontsnap nie, maar Hy het sy las op die Vader gewerp. God het Jesus versorg – nie deur die lyding weg te neem nie – maar deur genade en krag te gee om verlossing vir ons te bewerkstellig. Daarom kan ons ook ons las op die Here werp.

Sing: Psalm 55-2:1, 6

Ds. R (Ruan) Steyn (Oshakati)

Saterdag 7 Desember

Skrifgedeelte: 1 Samuel 30
Fokusgedeelte: 1 Samuel 30:21-25

Wees dankbaar vir die genade wat die Here aan jou bewys

Ons lees in die Skrifgedeelte dat die Amalekiete 'n strooptog na Siklag onderneem het en dat hulle vrouens en kinders as krygsgevangenes geneem het. Nadat Dawid die Here geraadpleeg het, het hy en 'n groep van 600 mans die Amalekiete agtervolg en teen hulle geveg. Deur die genade van die Here het Dawid en sy manne al die krysgevangenes teruggekry, asook al die buit wat die Amalekiete geneem het.

Ons lees in vers 10 dat 'n groep van 200 mans te moeg was om verder die Amalekiete te agtervolg. 'n Groep mans, wat as sleg en nikswerd beskryf word, wat wel teen die Amalekiete geveg het, wou nie die buit wat hulle gekry het, met die 200 mans gedeel het nie. Dawid toon goeie leierskap wanneer hy die besluit maak dat die buit tussen almal gelykop gedeel moet word.

Dit is die boodskap van ons fokusverse. Alles wat ons ontvang, is net genade. Dawid het geweet dat selfs die buit nie aan hulle behoort nie, maar aan die Here. Die Here het in Dawid en sy manne se nood voorsien deur al hulle besittings terug te gee asook die res van die buit wat die Amalekiete gehad het. Dit is wat genade is – ons ontvang wat ons nie verdien nie. Al het die 200 mans nie die buit verdien nie, het hulle dit uit genade ontvang. Ons ontvang ook wat ons nie verdien nie, naamlik die Here se liefde, genade, barmhartigheid, bewaring en seëninge wat Hy op grond van Jesus Christus se verlossingswerk gratis aan ons skenk.

Ons moet nie soos die slegte en nikswerd mans kla oor die genade wat ander gratis ontvang nie, want ons is self ontvangers van God se genade al verdien ons dit nie. Dank die Here vandag daarvoor!

Sing: Psalm 107-1:1, 10

Ds. R (Ruan) Steyn (Oshakati)

Sondag 8 Desember

Skrifgedeelte: Psalm 48:1-15
Fokusgedeelte: Psalm 48:11, 15

God sal ons (my) altyd lei, sy mag bring groot redding vir ons (my)

In die Psalm sien ons die Koragiete die Here se lof besing; dit gebeur egter met groot ywer en geesdrif terwyl hulle na die stad van die Here verwys, Jerusalem. Dit is nie vir ons vreemd om so beeld te sien nie. Jerusalem is juis die stad waar die Here "woon" en wanneer daar gepraat word van Jerusalem waar die Groot Koning woon, moet ons ook in gedagte hou dit is waar die tempel van die Here was.

Dit is juis van groot waarde omdat dit die plek is waar gelowiges heen sal stroom, maar ook die nuwe Jerusalem wat sal kom. In verse 13 en 14 word daar met groot verwondering gepraat oor die torings en die mure, versterkings om dit ook vir die volgende geslag oor te vertel. Dit was praktyk gewees om na 'n veldslag of 'n mislukte oorlog om om die stad te trek en te kyk na die vestings en daaroor die Here dan ook te loof en prys vir sy beskerming en bewaring.

In die Psalm sien ons vier momente wat direk verband hou met die beskerming van die volk en die stad, God se grootheid, God se beskerming, God se troue liefde en God se leiding. God is almagtig en deur die almag sien ons sy grootheid. Deur sy troue liefde wat aan ons bewys is en waar ons gered is van die aanslae van die dood beskerm Hy ons en so lei die Here ons deur die Heilige Gees om daagliks in sy beskermende liefde te woon.

Mag ons om ons geestelike stadspoorte en mure loop, selfs na geweldige nederlae en mag ons die Here loof vir sy beskerming en bevryding van die aanslae wat ons ook beleef van die bose, sonde en siekte.

Sing: Psalm 91-1:1, 2, 8

Ds. EA (Erasmus) Venter (Okahandja)

Maandag 9 Desember

Skrifgedeelte: Romeine 8:31-39
Fokusgedeelte: Romeine 8:33, 35

God se bewaring spreek my vry, lewe in die onafskeibare liefde van Christus

In ons lewe kan ons maklik voel, of het ons al gevoel, dat ons geskei word van die Here. Dit voel met tye baie maklik om te sê: “Ek voel so ver van die Here af” – inderwaarheid is ons nie ver van die Here af nie, ons is steeds beskerm en bewaar in die Here se hand. Baie maklik kan ons sê: “Waar is die Here nou in hierdie jammerdal?” maar: God is steeds daar waar Hy altyd is, selfs daar waar Hy was met die kruisiging van sy eie Seun. Sy enigste Seun wat Hy nie eers gespaar het nie, vir ons ontwil (vs 32).

Paulus skryf hier aan die Romeine, in hierdie amper dogmatiese brief vol leerstellings en teologie, dat ons nie geskei kan word van die liefde van God nie. Met hierdie woorde herinner en bemoedig hy die gelowiges om te onthou dat deur die kruisiging en opstanding uit die dood maar ook met die opvaar van Christus na die hemel toe het dit ons waarborg vir God se liefde vas gesement in tyd in. Daar is niks van buite wat ons van God se liefde kan skei nie, geen geweld, geen beproewing, geen swaarkry nie. Omdat ons nie geskei kan word nie, daarin is die waarborg dat ons beskerm word deur die Here.

Paulus gaan verder en gebruik die woorde ons is “meer as oorwinnaars.” Hierdie uitdrukking in Afrikaans laat veel te wense veral as ons besef dat Paulus probeer verduidelik dat ons ’n “superoorwinning” behaal het deur Christus. Ons is nie net-net ’n wenner nie, maar ’n “super-met-meer-as-’n-myl-wenners.” Hoekom kan hy dit sê? Omdat ons deur Christus in God beskerm en bewaar word sodat ons in ons identiteit as wenners kan leef.

Sing: Skrifberyming 5-4:1, 2, 4, 5

Ds. EA (Erasmus) Venter (Okahandja)

Dinsdag 10 Desember

Skrifgedeelte: Esegiël 47:1-5
Fokusgedeelte: Esegiël 47:5

God eis totale oorgawe!

God wil hê dat ons moet sien dat die sin van die lewe juis daarin lê om 'n lewende verhouding met Hom te hê. Dit is waarvoor God ons gemaak het.

Daarom roep die Here elke gelowige in hierdie gedeelte op tot oorgawe aan Hom! Die verskillende dieptes van die water stel verskillende vlakke van oorgawe voor. Sommige mense staan dikwels langs die kant. Hulle is nie bereid om naby hierdie water te kom nie en wil daarom ook nie daardeur verander word nie. Hulle lees nie Bybel nie en woon ook nie eredienste by nie.

Aan die ander kant is baie van ons bereid om enkeldiep of selfs kniediep in die water te gaan. Ons doen dit omdat ons graag die seëninge wat in die evangelie beloof word, wil ontvang. Ons gaan egter nie dieper as kniediep in nie, want ons wil nog in beheer wees. Ons wil maklik uit hierdie stroom kan spring wanneer ons bedreig voel. Ons dink en leef dan asof ons in beheer van ons geldsake is! Ons kyk na ons gesondheid deur reg te eet en te oefen en ons sorg vir ons oudag. Ons is in beheer!

Die volgende diepte is heupdiep. Om heupdiep in water te gaan, is anders. Elkeen van ons wat al in die koue see geswem het, sal weet dat dit maklik is om net jou bene nat te maak, maar om tot by jou heupe in die water te gaan, is anders. Jou beheer is skielik baie minder en die water het 'n groter effek op jou liggaamstemperatuur.

So, wanneer ons heupdiep is, kan dit beteken dat ons al in aanbidding voor die Here staan. Dit lyk selfs al of ons lewe deur hierdie water verander word. Ons leef goeie lewens. Ons maak baie opofferings, want ons gaan heupdiep in hierdie water in. Ons gaan byvoorbeeld kerk toe, ons lees Bybel, ons bid en kan selfs sê dat ons ander help. Tog is dit nog steeds nie met volle oorgawe nie, want ons doen dit eintlik vir onsself.

Dit sien ons wanneer beproewings oor ons pad kom. Wanneer daai een golf skielik oor ons koppe slaan, dan vrae ons vrae soos: "Hoe kan die Here toelaat dat so iets met sy kinders gebeur?"

Sien jy waaroor hierdie vraag gaan? Ons leef net goeie lewens

sodat die Here ons kan seën. Ons is nie gehoorsaam alleen omdat ons Hom liefhet nie. Ons wil nog op ons eie voete staan.

Wanneer ons egter volledig in hierdie water ingaan, dan gaan dit nie meer vir ons oor ons voorspoed en geluk hier op aarde nie. Ons gee onsself dan ten volle oor aan God. Sy wil moet geskied en deur my lewe wil ek Hom alleen eer.

Ons sal net onsself so in oorgawe kan gee wanneer ons besef dat Jesus sy lewe as offer gegee het sodat ons gered kan word. Hy is die ware tempel waaruit hierdie lewende water begin vloei en soos die water vloei, word die water net al dieper en dieper, want dit is hoe diep sy liefde en genade en verlossing strek. Ons kan onsself aan Hom oorgee, want Hy het sy lewe vir ons gegee! Hierdie oorgawe lyk skrikwekkend, maar ons kan Hom met ons lewe vertrou!

Sing: Psalm 116-1:1, 5

Dr. PJ (Paul) de Bruyn (Windhoek-Suid)

Woensdag 11 Desember

Skrifgedeelte: Psalm 92
Fokusgedeelte: Psalm 92:6

Stop! Rig jou gedagtes op die ondeurgrondelikheid van God

Hierdie Psalm is geskryf as ’n lied vir die sabbatdag. Die doel en betekenis van die sabbat is onder andere om aan ons die geleentheid te gee om ons gedagtes vol te maak met die groot dade van God.

Die belangrikheid van gedagtes lê in hulle vermoë om ons persepsies, optrede en algehele welstand te vorm. Hier is ’n paar redes waarom gedagtes betekenisvol is:

- Gedagtes het ’n invloed op emosies: Positiewe gedagtes help dat ons in ’n goeie bui sal wees, dit bevorder ons geluk en dit bevorder ’n positiewe uitkyk op die lewe. Negatiewe gedagtes aan die ander kant lei tot angs en pessimisme. Deur positiewe en konstruktiewe gedagtes te kweek, kan ons ons emosies en algehele welstand beter bestuur.
- Gedagtes het ook ’n impak op gedrag: As ons konsekwent negatiewe of selfbeperkende gedagtes het, sal ons meer geneig daartoe

wees om onsself skade aan te doen of dit sal maak dat ons nie bereid is om risiko's te neem nie. Aan die ander kant kan positiewe en bemagtigende gedagtes ons motiveer en inspireer om aktiewe en positiewe veranderinge in ons lewens te maak.

Kyk gerus ook na die volgende teksgedeeltes wat die belangrikheid van gedagtes beklemtoon (Ps. 141:4; Spr. 10:20; Jes. 32:6; Eseg. 13:3; Matt. 15:19; 2 Kor. 11:3; Fil. 4:7, 8).

Iets van hierdie positiewe lewensuitkyk sien ons by die gelowiges wat met krag (11), sterkte (13), lewenskragtig (15) en as oorwinnaars (12) leef. En die rede vir hierdie positiewe uitkyk kry ons in vers 2 tot 6. Die gelowige maak sy gedagtes vol met die heerlikheid van God deur Hom te loof en sy Naam te besing (1). Deur in die oggend te praat oor God se liefde en in die aand te praat van sy trou (3). Dít maak die gelowige bly, want dit herinner hom daaraan dat God onpeilbaar is (6).

As Nuwe-Testamentiese gelowiges het ons soveel meer rede om ons gedagtes vol te maak met die heerlikheid van God. Ons sien sy ondeurgrondelikheid op ’n besondere manier wanneer Christus onskuldig ter dood veroordeel word. Daar lyk dit of onregverdigheid en sonde oorwin, maar dan staan Jesus op uit die dood. Hy betaal met sy lewe, sodat ons gered kan word van die dood.

Dis wanneer ons ons gedagtes so op God se heerlikheid, ondeurgrondelikheid, liefde en genade rig dat ons – ten spyte van die teëspoed en onreg in hierdie lewe – steeds in alle omstandighede kan volhard deur op Hom te vertrou.

Daarom is dit uiters belangrik om ons gedagtes op God te rig, want dan sal ons soos die palmboom hoog en rustig groei (vs 13, 14).

Sing: Psalm 92-1:1, 6

Dr. PJ (Paul) de Bruyn (Windhoek-Suid)

Donderdag 12 Desember

Skrifgedeelte:Johannes 15:1-8
Fokusgedeelte: Johannes 15:1, 2

Ons word gesnoei om te kan groei!

Wanneer ’n mens deur ’n wynlandgoed stap waar die wingerde gesnoei word, dan bloei jou hart vir daardie wingerdstok. Dit

lyk of die wingerdstok aangeval word en dat daar niks van hom gaan oorbly nie. Vir iemand wat niks weet van snoei af nie, lyk daardie snoeiproses sinneloos. Daardie arme wingerd bloei op honderde plekke, maar ’n bekwame snoeier weet baie goed watter dele ’n nadeel is om te hou en wat ’n voordeel is om eerder af te sny.

Nou, wanneer ons na beproewings en slegte omstandighede kyk, dan voel ons dieselfde. Ons kan nie die nut daarvan sien dat ons nie byvoorbeeld ook deel kan wees van die leerlingraad of eerste span of akademiese sterkes nie. Ons verstaan nie hoekom dit nou nodig was dat ons geliefde moet sterf nie. Ons verstaan baie dinge nie, en daarom sê Jesus vir ons hier dat ons nie die beginsels van snoei verstaan nie. Snoei is belangrik vir gelowiges om in ’n sondige en ontaarde wêreld vrug te kan dra.

Die begin van ontaarding sien ons by Adam en Eva. God het hulle gemaak om ewig in sy teenwoordigheid te leef. Al wat Hy van hulle geëis het, was gehoorsaamheid en die mens het gekies om hulle eie koppe te volg. Die gevolg van die sondeval is dat die mens uit die tuin en buite die teenwoordigheid van God moet leef. Dis waar siekte en vervolging en honger en naaktheid vandaan kom. Ons is nie meer waardig om in God se teenwoordigheid te wees nie.

Maar in Christus skenk God aan ons sy genade. Jesus het die straf wat ons verdien in ons plek gedra. Hoor hoe beskryf Jesaja dit: *“Terwyl hy gely het en gestraf is, is hy weggeneem, en wie van sy mense het dit ter harte geneem dat hy afgesny is uit die land van die lewendes? Hy is gestraf oor die sonde van my volk”* (Jes. 53:8).

Jesus is in ons plek afgesny van God, sodat ons net teruggesnoei hoef te word. Dit beteken nie dat daar nie meer moeilike omstandighede oor ons pad sal kom nie, want ons is steeds in hierdie sondige wêreld. Wat dit wel beteken, is dat terwyl ons ’n loot is wat aan Christus vas is, sal selfs die slegste omstandighede daartoe bydra dat ons net beter groei en meer vrug dra.

En dis die wonderlike! Die snoeiskêr (moeilike omstandighede) kom af op almal, vir sommiges lei dit daartoe dat hulle harde, siniese en moeilike mense word en op die einde loop dit uit op die dood. Hulle word afgesny van die enigste bron van lewe. Maar terwyl ons in Christus is, sal dieselfde slegte omstandighede wat oor ons en ander se lewenspad kom daartoe lei dat ons sagte, wyse en nederige mense word wat vol liefde is, want ons word gevoed met die genade en liefde van Christus.

Wanneer ons so staande bly deur beproewings, dan word daardie vrugtevolle geloof 'n diep getuienis daarvan dat ons in Christus vas is.

Sing: Psalm 31-1:1-3

Dr. PJ (Paul) de Bruyn (Windhoek-Suid)

Vrydag 13 Desember

Skrifgedeelte: Eksodus 15:22-26
Fokusgedeelte: Eksodus 15:26

Die hout

Elkeen van ons beleef van tyd tot tyd 'n wildernis-lewe. Tye wanneer my omstandighede my begin oorweldig, ek strompel na waar ek dink die volgende waterpunt is, en as ek daar kom, gaan sit ek moedeloos – want die water waar ek gedink het ek my dors gaan les, is brak.

Israel word met magtige dade uit Egipte verlos. Die Here het Farao so geteister dat hy by sy slawe pleit: "Gaan asseblief tog, vat julle vryheid, trek!" En toe Farao die leë steengroewe en vuil skottelgoed in elke huis sien, verander hy van plan, sit sy weggejaagde slawe agterna. Keer hulle vas teen die Rietsee. En die verskrikte, oorwerkte slawe – mans, kinders, vroue – word wonderbaarlik deur die Here gered. Hulle trek op droë grond deur die Rietsee, Farao en al sy manne verdrink.

Die vrygemaakte slawe se eerste les: As jy vry wil lewe, is jy van die Here afhanklik. Nog oorweldig deur die Here se reddingsdaad, begin hulle die wildernis in loop. Hulle water raak op, drie dae. Waar gaan ons water kry? Dan sien hulle 'n oase. Water! Gaan skep. Bitter. Brak. Ag Here, die wildernis-lewe is nie vir sissies nie.

Die Here antwoord, gooi 'n boomstomp in die water. 'n Stomp soos hierdie is in 'n bitter wêreld staan gemaak. Waar Christus ons bitter dra en ons soet lewenswater gee. Dis die kuns om in ons wildernisse te oorleef:

- Glo dat sy kruis my water gee wat my dors les. Jahwe* wil dat ek oorleef. Hy wil my van my dors genees.
- Ek, gedring deur die Gees, sien hierdie fontein raak in my wildernis. Ek drink diep en lank uit sy deernis en sorg.

- En ek volg Hom onvoorwaardelik. Sy roete word my roete. Sy manier van reis word my manier. Ek drink uit Hom en word self 'n oase waar sy water opborrel. Sodat selfs in my wildernis-lewe ander Hom by my kom vind. Elim, plek van die groot skaduweebome, wag.

* Jahwe (Eks. 3:14) is God se eienaam, word in sommige vertalings met HERE weergegee. Die naam word dikwels geassosieer met sy verhouding met ons.

Sing: Psalm 42-1, 42-2 of 42-3 (kies verse wat by jou wildernis-lewe pas)

Ds. JP (Johan) Fleischmann (Kaapstad)

Saterdag 14 Desember

Skrifgedeelte: Hosea 2:13-22
Fokusgedeelte: Hosea 2:18

Rus in jou Bruidegom se goeie sorg en troue liefde

Ons kom tot rus in 'n *verhouding* met God. O, ons dink maklik ons kan ons sorge vergeet en gelukkig wees deur op iets ander verlief te wees – soos materiële welvaart, ambisie en status, mag, seksuele losbandigheid, myself meer heilig hou as ander en hulle dan kritiseer en afkraak ... Maar hierdie ander minnaars versmoor ons siel oor die lang termyn met angs en skuld. Want dis verhoudinge sonder liefde, met minnaars wat, as die finale som gemaak word, meer vra as gee.

Die boek Hosea werk sterk met die beeld dat Jahwe met sy volk getroud is (2:15). Hosea moet selfs in sy persoonlike lewe hierdie beeld leef (1:2). Hierdie vrou was nog altyd 'n los meisie, loop knaend agter ander mans aan (3:1). Maar elke keer maak Hy haar weer en weer die hof – sy goeie sorg en troue liefde wen haar telkens weer terug. Selfs hulle kinders (die vrug van God en sy volk se verhouding) se name word verander: Lo-Rugama ("sonder ontferming") word "Ek ontferm My oor jou", en Lo-Ammi ("nie my volk nie") word "Jy is my volk" (2:22).

So, die Gees vra jou in hierdie boek: Watter vir watter bruidegom gee jy meer liefde as vir Jahwe (2:1-4)? Kom terug, maak Jahwe jou die hof. "Ek is lief vir jou. Ek het jou myne gemaak. Ek het jou

losgekoop uit jou geestelike prostitusie. Met my eie lewe betaal. Kom terug" (2:13-14).

Dan, gedring deur die Gees, val ek in sy arms en sê "My Man!" (2:15). Dis vrede, rus van manipulerende en geniepsige minnaars. Kom weer tuis by die Een wat my in die bordeel van die lewe waar ek myself aan ander gode smous, kom haal. Vergewe. 'n Nuwe begin in die Een wat my met goeie sorg en trou omhels. En telkens wéér liefhet.

Sing: Psalm 45-1 (enige verse wat by jou situasie pas)

Ds. JP (Johan) Fleischmann (Kaapstad)

Sondag 15 Desember

Skrifgedeelte: Romeine 8:1-17
Fokusgedeelte: Romeine 8:14-17

God se kinders deur die Gees is erfgename!

In die tyd van die Bybel was daar nie groot verskil tussen slawe en kinders nie. Beide het kos, klere en blyplek gekry, en moes werk sonder vergoeding. Die enigste verskille was dat kinders verwek en gekoester was in liefde, en dat hulle erfgename was.

Hierdie gebruik word deur die Here in ons teksgedeelte gebruik om die verbondsverhouding tussen Hom en gelowiges te skets.

In Efesiërs 1:14 lees ons dat die Heilige Gees die *waarborg* is van ons erfenis. Die woord waarborg herinner aan die gebruik van die troupand wat destyds deur die bruidegom aan die bruid gegee was (dieselfde funksie as die trouring in vandag se tyd). Hierdie waarborg was die simbool daarvan dat die bruidegom die bruid liefhet, en dat sy nie moet twyfel aan sy belofte dat hy haar beslis sal kom haal nie.

Die Heilige Gees is vir ons die bewys, die waarborg, van God se liefde vir ons, die bewys dat ons sy kinders is. Sy kinders, omdat Hy ons in Christus Jesus oneindig liefhet! In hierdie liefde voed, klee en versorg Hy ons tydens ons aardse lewe.

Ons as sy kinders laat ons onsself ook lei deur die Gees! Ons maak nie meer soos ons wil nie, maar deur die Gees is ons innige begeerte om God met ons hele lewe en lewenswyse te behaag!

Ons leef ook nie in slawerny nie, maar as vrygemaak, aangeneem

in en deur Jesus Christus. Ons roep God immers ook aan, soos Jesus ons geleer het, as ons Vader!

En ons weet – ons is erfgename! Trouens, ons erf saam met Christus! Ons erfporsie is niks minder nie, as die ewige lewe!

Kyk nou, met hierdie vertroosting uit God se verbondsgenade na jou lewe, na elke faset daarvan … Beoordeel nou jou kindwees in selfondersoek en eerlikheid. En as dit nodig is, sê dan: Ek sal opstaan en na my Vader gaan … (Luk. 15:17-24)

Sing: Skrifberyming 24:1, 7

Ds. LSD (Lourens) du Plessis (Groblersdal)

Maandag 16 Desember

Skrifgedeelte: Romeine 9:1-18
Fokusgedeelte: Romeine 9:8, 16

God se kinders deur die belofte is dankbaar!

Hoe word mens ’n kind van God? Natuurlik berus dit op ’n keuse …! Maar – nie ’n keuse wat by die mens berus nie …

Nêrens in die Bybel word van ’n ongelowige verwag om ’n keuse vir of teen God uit te oefen nie! Die keuse berus by God. By Hom alleen. Net Hy is soewerein, en hoef Homself nie teenoor wie ook al te verantwoord oor sy besluite nie.

So lees ons dit in Romeine 9:14-16. So het Hy voor die grondlegging van die wêreld al bepaal dat, te midde van al die volkere destyds op die aarde, Hy in die Ou-Testamentiese bedeling net vir die klein volkie Israel sal uitkies om sy kinders te wees, ook uitkies dat uit hulle geledere Hy sy Seun, sy liefdesantwoord op die sonde van die mens, sou laat kom (Joh. 3: 16).

God het sy belofte gestand gedoen! Maar toe Hy gekom het, het Israel wetsonderhouding as verlossingsmiddelaar aangehang, en Jesus, nieteenstaande al die bewyse van sy woorde en wondertekens, verwerp.

God se verbondsgenade het egter nie tot ’n eindpunt gekom hierdeur nie. Ook voor die grondlegging van die wêreld het Hy bepaal dat die takke van die mak olyf uitgebreek sal word, en die takke van die wilde olyf daar ingeënt sal word (Rom. 11:17, 18). En – die evangelie breek

deur die grense van Jerusalem, Judea en Samaria, en bereik die eindes van die aarde!

God se verbondsgenade realiseer in die feit dat ook mense uit elke volk en stam en nasie, uitverkies van voor die grondlegging van die wêreld af (Efesiërs 1:3-14) in Jesus begin glo! Ja, God ontferm Hom oor wie Hy wil, en maak selfs hardkoppig wie Hy wil!

Maar – wanneer jy dit besef, het die tyd van agteroor sit nie aangebreek nie, jy het nog nie gearriveer nie. Die tyd van dankbare kindwees het aangebreek!

Ons is juis uitverkies om die krag en Naam van ons God groot te maak uit dankbaarheid dat Hy Hom ook oor ons, sondaars, ontferm het, en ons om Christus ontwil sy kinders gemaak het!

Sing: Psalm 71-1:12, 14

Ds. LSD (Lourens) du Plessis (Groblersdal)

Dinsdag 17 Desember

Skrifgedeelte: Galasiërs 4:1-7 (AFR53)
Fokusgedeelte: Galasiërs 4:5

Nie meer slawe nie, maar kinders van God

Galasiërs is aan gelowiges geskryf wat deur dwaalleraars geteister is wat hulle onder wette wou dwing. Volgens hulle is Christus alleen nie genoeg vir redding nie. Van die Galasiërs en baie mense vandag glo hierdie leuen en draai weg van die evangelie af. In Galasiërs word hulle en ons herinner: Daar is slegs in Jesus Christus ware vryheid. Ons word deur Christus alleen gered. Hy het gekom om mense wat slawe was, los te koop, sodat hulle kinders van God kan wees.

Elke mens is sonder Christus ’n slaaf wat geen regte het nie en wat geen besluite kan neem nie. Elke mens word oorheers deur sy sondige drifte en drange. Net soos die Jode hulleself deur die wet probeer vrymaak het, het die heidene hulleself probeer vrymaak deur hulle afgodediens, waaragter die bose geeste sit. Die mens is ’n slaaf en sal ’n slaaf bly as hy aan homself oorgelaat word.

MAAR God het sy Seun gestuur. Hy word gebore uit ’n maagd. Ware Mens, maar sonder sonde. Hy is gebore onder die wet – sodat Hy sy

mense wat onder die wet is, deur sy gehoorsaamheid kan loskoop. Hy gee sy geregtigheid vir hulle en neem hulle sonde op Hom. So maak Hy mense wat slawe was, kinders van die God. Deur geloof is hierdie vryheid en kindskap joune in Jesus Christus.

Die Heilige Gees werk in God se kinders. Hy bring hulle tot die belydenis: Die Almagtige God is deur Christus ons hemelse Vader. 'n Belydenis wat met 'n lewe tot God se eer bevestig word. Deur Christus erf mens alles wat God gee – alles vir hierdie en die ewige lewe.

Moenie jou troos in afgode of reëls soek nie. In Christus is 'n mens nie meer 'n slaaf nie, maar 'n kind van God. Glo in Hom. Vertrou op Hom. Hy gee ware en ewige troos.

Sing: Psalm 71-1:1, 9, 14

Ds. GP (Gerrie) van Rhyn (Komatipoort)

Woensdag 18 Desember

Skrifgedeelte: Galasiërs 4:21-5:1 (AFR53)
Fokusgedeelte: Galasiërs 5:1

Moenie jou vryheid vir slawerny verruil nie

Gelowiges is vrygemaak deur Jesus Christus. Ons is nie slawe van 'n wet nie, maar kinders van God. Ons het vryheid in Christus en ons moenie hierdie vryheid prysgee om slawe te word nie.

Die wet is nie tot redding gegee nie. Die wet is die tugmeester na Christus toe (Gal. 3:24). Die wet word vir ons gegee om ons te leer hoe heilig God is, hoe verskriklik die sonde is en dat ons verlossing nodig het. Verlossing wat ons net in Christus kry.

Hoe hartseer is dit dan nie as mense hulleself probeer red deur die wet nie. Hulle sê dat hulle in Christus glo, maar lewe asof hulle redding van hulleself afhang. Hulle maak hulleself moeg en moedeloos.

Om te beklemtoon dat Christus ons vry maak, word twee seuns van Abraham genoem. Ismael, die seun wat uit Hagar, 'n slavin, gebore is en Isak, die seun wat uit Sara, 'n vrye, gebore is. Ismael wys op die mens wat probeer om homself te red. Al het God sy belofte van 'n nageslag gemaak, het Abraham-hulle steeds hulle eie plan probeer maak en het Abraham vir Ismael by Hagar verwek.

Hagar staan vir Sinai en die teenswoordige Jerusalem. Die Here het sy wet vir sy volk gegee, maar hulle het hulleself deur die wet probeer

red. Hulle het slawe van die wet geword.

Teenoor hierdie slawerny staan die kinders van die belofte. Mense wat soos Isak ware lewe het omdat God dit gee. Kinders, nie slawe nie. Mense wat aan die hemelse Jerusalem behoort.

As vrygemaakte in Christus moet jy vas staan. Moenie onder die slawerny van die wet gebring word nie. Moenie jou vryheid prysgee nie.

Gebruik jou vryheid in Christus om God en jou naaste te dien. Die wet is nie jou redder nie, maar lei jou na Christus toe en wys jou hoe God gedien wil word deur mense wat in Christus vry is.

Sing: Psalm 107-1:1, 3

Ds. GP (Gerrie) van Rhyn (Komatipoort)

Donderdag 19 Desember

Skrifgedeelte: Esra 3:8-13
Fokusgedeelte: Esra 3:11-13

Omdat ons deel is van die verbondsgemeenskap, dank ons die Here

Die volk het hier ’n merkwaardige tyd beleef. Serubbabel en Jeshua het ’n klein groep ballinge terug na Jerusalem gelei. Daar het hulle begin bou aan die tempel. Konstruksiewerk het maar stadig gegaan en hulpbronne was skaars. Israel, die volk wat eens op ’n tyd ryk en magtig was, is verpletter. Hierdie mense was eintlik gevangenes in hulle eie land.

Tog het die Here hulle die krag gegee om deur te druk. Hulle het begin bou en die fondamente van die nuwe tempel gelê. Verse 11 tot 13 gee aan ons ’n idee van watter groot emosionele gebeurtenis hierdie eintlik was. Sommiges het in vreugde God geloof en dank en besef dat God hulle weer teruggelei het. Die tweede groep mense het gehuil toe hulle die fondasies sien. Die rede hiervoor is dat hulle kon onthou hoe die tempel gelyk het. Ons kan net indink hoe moeilik dit moes wees om te onthou hoe mooi alles was en dat die volk van God nou weer van voor af moet bou.

Die tempel in Jerusalem bestaan nie meer nie. Die middelpunt van God se koninkryk is nie meer ’n gebou nie, maar Jesus Christus. Hy

is en sal altyd die fondasie van ons geloof wees. Hy het die nuwe verbond ingestel deur sy bloed wat gevloei het. As ons dink aan sy dood, is dit met ons ook soos met die ou Leviete. Ons huil omdat Hy moes ly ter wille van ons, maar ons verheug ons daarin dat Hy ons verlossing daardeur bewerkstellig het.

Dank vandag die Here dat Jesus ons op sy vaste en ewige fondament geplaas het. Sy Koninkryk is nie gebou deur mensehande nie en kan nie vernietig word deur enigiets nie.

Sing Psalm 33-1:1, 2

Ds. JA (Jaco) Linde (Witrivier)

Vrydag 20 Desember

Skrifgedeelte: Jesaja 12:1-6
Fokusgedeelte: Jesaja 12:5

Christus is die Een wat harte verander

Hierdie hoofstuk is die afsluiting vir hoofstukke 6 tot 12. Hier begin Jesaja met sy eie verhaal. Hy was 'n individu wat gedeel het in die sondes van sy gemeenskap. Hy was oortuig daarvan dat elke woord wat uit sy mond gekom het, onrein is. Hy het besef dat hy heeltemal verlore is voor God se heiligheid. Maar God verlos hom, reinig hom en gee aan hom 'n doel om sy Woord aan sondaars te bring.

In hoofstuk 11 eindig hy met die hoop dat daar 'n Koning sal kom wat alles sal regstel. In hoofstuk 12 sien ons dan die vrug van hierdie Koning se werk. 'n Gemeenskap wat God ken, wat drink uit die fonteine van redding en hulle getuienis met die wêreld deel. Ons weet vanuit die verlossingsgeskiedenis dat hierdie Koning ons Here Jesus Christus is. Hy is die Een wat harte verander. Hy verander angs na vreugde, bangheid na vertroue, woede na verlossing en hartseer tot 'n lofsang.

Mag dit vandag ook van ons gesê word dat die Here, ons Redder, ook ons harte en lewens verander het. Mag ons ook op die Here vertrou om ons in selfs die onseker situasies van die lewe by te staan omdat ons weet dat Hy werklik in beheer is.

Sing: Psalm 130-1:1, 4

Ds. JA (Jaco) Linde (Witrivier)

Saterdag 21 Desember

Skrifgedeelte: Jesaja 12:1-6
Fokusgedeelte: Jesaja 12:3 (AFR83)

Net God is my Redder

God het die volk Israel in ballingskap laat gaan. Hy kon hulle onreg en vormgodsdiens nie vergra nie. Daarom het Hy sy volk gestraf. Maar God was nie vir altyd toornig nie. Nee, Hy self het beloof dat Hy die oorblyfsel van die volk Israel sal laat terugkeer na hulle eie land. Wanneer 'n mens God se uitkoms ervaar, kom daar vreugde in jou hart en lofliedere oor jou lippe.

Die water uit die fonteine van redding is beeldspraak. Dit wys op die verlossing wat God gee. Toe God die volk Israel uit die Egipte gelei het, het Hy in die woestyn voorsien tydens die uittog.

Nou voorsien die Here weer tydelike en geestelike seëninge vir sy volk wanneer Hy hulle terugbring uit ballingskap. Nou sal hulle water skep uit die fonteine van redding. In harte sal daar weer vreugde en blydskap wees.

Dit is ook elke dag ons voorreg. Wanneer ons die Woord van God lees en bestudeer, drink ons ook uit die strome van God se goedheid (Ps. 36:9). Jesus het later hierby aangesluit toe Hy uitgeroep het (Joh. 7:37): "As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink."

Die lewende water is in oorvloed beskikbaar (Joh. 7:37; Ps. 36:9). Wanneer jy daarvan drink, sal dit 'n borrelende fontein in jou word. Jy sal wees soos 'n boom wat by waterstrome geplant is, waarvan die blare nie verdroog nie en wat op die regte tyd vrugte dra (Jer. 17:8).

Wanneer jy Jesus se uitnodiging, "As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink", ernstig opneem, sal ook jy juig oor God se goedheid en voorsiening.

Sing: Psalm 18-1:1

Ds. Peet J van der Walt (Emeritus)

Sondag 22 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 11:15-18
Fokusgedeelte: Openbaring 11:15 (AFR83)

Die tweede koms van Christus

Toe Christus die eerste keer na ons gekom het is Hy gebore in die die stal van Betlehem. Toe het die engele gesing: “Eer aan God in die hoogste hemel en vrede op aarde vir die mense in wie Hy ’n welbehae het.” Toe was die herders bly en het die wyse manne uit die ooste aan Jesus kom hulde bewys.

Die koms van Jesus was die bewys van God se ewige liefde. Ons lees daarvan in Johannes 3:16 waar Jesus sê. “So lief het God die wêreld gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.”

Hier in Openbaring 11 lees ons nou van Christus se tweede koms. Wanneer die sewende engel op sy trompet blaas, was daar stemme in die hemel wat hard uitgeroep het: Die koningskap oor die wêreld behoort aan ons Here en sy Gesalfde en Hy sal oor ons heers tot in ewigheid.

Met sy eerste koms het Jesus gekom as Verlosser na die wêreld. Maar nou met sy tweede koms kom Hy as Regter. Nou gaan die ewige oordeel plaasvind. Die koninkryke van die wêreld word nou teruggeneem en geplaas in die hande van sy ware Eienaar en Heerser, Jesus Christus, vir ewig en altyd.

Die 24 ouderlinge wat op hulle trone voor God sit, het God aanbid en gedank dat Hy nou sy mag gebruik om Jesus te stuur om as koning te heers.

Dan vind die groot oordeel plaas. Die boeke van die hemel word geopen en elkeen word geoordeel vir dit wat hy op aarde gedoen het. Goed of sleg.

Sing: Psalm 49-1:1, 2

Ds. Peet J van der Walt (Emeritus)

Maandag 23 Desember

Skrifgedeelte: Psalm 34
Fokusgedeelte: Psalm 34

Jy is verlos tot voordeel van alle mense

Jy is verlos en dit bring vir jou groot blydskap. Jy is egter ook verlos tot voordeel van jou medegelowiges en ander mense.

In doodsgevaar het Dawid tot die Here geroep, Hy het gehoor en hom uit hierdie gevare gered. Daarom sal hy die Here altyd prys, nie net met dié lied nie, maar met sy hele lewe. Sy hele lewe is ’n loflied sodat ook die medegelowiges dit kan hoor en bly kan wees. Hulle is so bly dat hulle saam met Dawid die Here loof.

Dawid gaan egter verder met die loflied. Hy gee onderrig in wysheid. Uit eie ervaring getuig Dawid: Die mens wat swaarkry, kan met vertroue en verwagting opkyk na die Here en hy sal nie teleurgesteld wees nie. Die Here sal hom red.

Om met vertroue en verwagting na die Here op te kyk, moet daar egter ’n verhouding met die Here wees. So ’n verhouding is sigbaar in diens aan die Here. Diens aan die Here beteken: Bly weg van kwaadpraat en kwaaddoen; doen goed – soek en jaag die vrede na. ’n Mens wat in ’n herstelde verhouding met God en sy naaste leef en vrede soek en najaag, kan op die Here se hulp staatmaak. Al word hy deur hoeveel rampe getref, die Here sal hom uit almal red.

Ook ons kan dit met volle oortuiging sê. Ons Vader het sy Seun vir ons oorgegee. Sy verlossingswerk het ons verhouding met God herstel. Nou kan ons selfs in die grootste nood die Here bly dien, want Hy is naby ons. Sy Heilige Gees gee ons deel aan Christus se opstandingskrag. En uit dank daarvoor maak ons ook ’n loflied van ons lewe tot eer van God en voordeel vir alle mense.

Sing: Psalm 34-1:1, 8

Ds. CCA (Coen) Vrey (Bellville)

Dinsdag 24 Desember

Skrifgedeelte: Psalm 66
Fokusgedeelte: Psalm 66:1, 2

Juig tot eer van God – almal op aarde!

Wys my jou vriende en ek weet wie jy is, só lui ’n spreekwoord. Ons kan dié spreuk verdiep: Wys my jou God en ek sal weet wie jy is (moet wees)!

God “wys” Homself. Hoe ontsagwekkend is sy werk nie! Die tekens van sy almag kan duidelik gesien word in sy wonderbare verlossingswerk gedurende die uittog van sy volk uit Egipte, ook in sy mag oor die natuur en oor nasies (vs 5-7). Om die rede roep die psalmdigter almal op om God te eer.

As dit swaar gaan, het ons dan nog rede om Hom te loof? O ja, die beproewing en swaar laste sien die digter as ’n veredelingsproses waardeur God sy wonderdade met ons en in ons verdiep (vs 10-12)! Daarom moet ons Hom loof.

God se ontsagwekkende dade handel egter nie net oor groot dinge (nasies en natuurprosesse) nie. Hy is ook by jóú persoonlik verlossend werksaam, want Hy hoor en verhoor jou in nood (vs 13-20). Die psalmdigter kan dus nie anders nie: Hy wil offers van dankbaarheid bring en veral lofliedere sing tot eer van God!

Kan ek en jy anders? God het immers aan ons die grootse verlossingsdaad in Christus bewys! Waarom is ons dan soms so swaarmoedig? Is dít wat jy wil hê dat mense van ons God moet sien?

Sing: Psalm 66-1:7

Dr. HC (Charl) van Rooy (Randburg)

Woensdag 25 Desember

Skrifgedeelte: Filippense 2:1-11
Fokusgedeelte: Filippense 2:5-10

Kersfees – Jesus Christus word verneder en verhoog

Ons vier Kersfees. Jesus Christus word as mens gebore. Ons mag nie soos so baie mense dink aan 'n pragtige babatjie wat in 'n krip lê nie. Om werklik Kersfees te vier, let ons op hierdie besondere Christuslied waar Jesus Christus se vernedering en verhoging beskryf word.

Jesus Christus se vernedering (vs 6-8) – Jesus Christus se vernedering word hier in 'n dalende trap aan ons beskryf. Hy wat werklik God was, het sy bestaan nie beskou as iets waaraan Hy hom moes vasklem nie. Hy, die eniggebore Seun van die Vader, een met die Vader, Hy word swak, verganklike mens. Hy kom ly onder onregverdige mense. Hy word gekruisig. Hy ly al die angste en verskrikkinge van die hel. Hy sterf. Hy word begrawe. In dit alles het Hy die gestalte van 'n slaaf aangeneem om aan ons mense gelyk te word.

Jesus Christus se verhoging (vs 9-11) – Jesus Christus se verhoging word hier aan ons in stygende trap beskryf. God het Hom uitermate verhoog toe Hy die dood oorwin het en na die hemel opgevaar het. Sy Naam is bo elke naam aan Hom gegee. Hy is die Heerser oor die hele skepping, sodat elkeen die knie voor Hom sou buig. Die loflied oor Christus se verhoging bereik die hoogtepunt met die belydenis dat elke tong sal erken, Jesus Christus is Here!

Dieselfde gesindheid wat daar in Jesus Christus was, moet ook in ons wees (vs 5). In Jesus Christus se vernedering en verhoging het Hy vir ons die volmaakte voorbeeld gegee hoe ons elke dag mag leef. "Want elkeen wat homself verhoog, sal verneder word, en elkeen wat homself verneder, sal verhoog word" (Luk. 14:11). Die wat deur God se genade in Jesus Christus glo, buig gewilliglik, in nederigheid en in liefde voor Hom, om Hom te aanbid en te dien. Slegs iemand wat insien hoe nietig, feilbaar en afhanklik hy of sy voor God is, sal vir ewig voor God verhoog word.

Sing: Skrifberyming 10 (5-4):1, 2

Ds. AF (Fenmo) Berg (Pongola/Piet Retief)

Donderdag 26 Desember

Skrifgedeelte: Filippense 3:1-11
Fokusgedeelte: Filippense 3:7-10

Om Christus te ken, oortref alles in waarde

Ons verstaan baie goed wat ’n bate en ’n las is. Jou bates is onder andere jou huisinhoud en jou voertuig. Skuld is vir baie mense, veral in die tyd waarin ons leef, ’n groot las. As jou laste meer is as jou bates, is jy in die moelikheid.

Paulus skryf hier oor die geestelike bate en las van sy lewe. Wat eers vir hom ’n bate was, beskou hy nou as waardeloos ter wille van Christus.

Wat was eers vir Paulus ’n bate? In die gemeente van Filippi is uiterlike sake soos die besnydenis deur dwaallerraars as vereiste van ware geloof beklemtoon. Uiterlike sake het ook in Paulus se lewe ’n belangrike rol gespeel. Hy noem sewe uiterlike sake waaraan hy voldoen het om ’n ware Jood te wees (vs 4). As Paulus op sy lewe terugkyk, het al hierdie dinge vir hom geen waarde nie. Ter wille van Christus het hy alles prysgegee en beskou dit as verwerplik. Dit het vir hom ’n las geword.

Daarom stel Paulus baie duidelik dat, om Christus te ken, alles in waarde oortref. Daar is net een ding waarna hy streef en wat hy wens. Dit is om Christus te ken. Kennis van Christus gee aan hom die sekerheid dat hy vrygespreek is deur in Christus te glo, en nie deur die uiterlike voorskrifte van die wet nie. So kan hy dan leef in die krag van Christus se opstanding en deel aan Christus se lyding om so aan Christus gelyk te word in sy dood.

Kyk ondersoekend na jou geestelike bates en laste. Beskou jy uiterlike dinge soos jou geld, jou identiteit, jou goeie dade, jou posisie by die werk en in die gemeenskap, as bates? Al hierdie uiterlike ding het vir jou geen geestelike waarde nie. Dit is ’n las. Jou enigste bate is om Christus te ken.

Sing: Psalm 2-1:4

Ds. AF (Fenmo) Berg (Pongola/Piet Retief)

Vrydag 27 Desember

Skrifgedeelte: Daniël 6:1-15
Fokusgedeelte: Daniël 6:11

Aanbidding van die ware God, desondanks!

Het iemand jou al verbied om die Here te aanbid? Dalk nie persoonlik in jou huis nie. Maar dit word al meer verkondig dat ons ander godsdienste in ag moet neem. Open nie meer by die staatskool met Skriflesing en gebed nie. Of spreek net 'n algemene goddelike wese aan, sodat ander nie geaffronteer word nie. Godsdiensgelykheid word geprys. En wee jou as jy jou oortuiging dat die Vader slegs in Jesus Christus geken en aanbid kan word, te sterk stel.

Daniël se kollegas was nie tevrede met sy senior aanstelling en gesag nie. Al wat hulle teen hom kon vind, wat hom sy posisie en selfs sy lewe kon kos, was sy volhardende geloof. Selfs in die vreemde as balling het hy steeds die God van sy vaders bly eer en aanbid. Wanneer die onherroeplike dekreet uitgevaardig word, was daar 'n keuse. Val in by die meerderheid, of volhard in wat jy glo. Konformeer of loop die reguit pad. Daniël gaan reguit na sy daaglikse gebedsplek. Vreesloos. Gelowig. Oortuig van wat reg is. Standvastig daarby dat die God van Israel die enigste en die getroue Here was.

Die Here Jesus beklemtoon dat daar slegs een smal pad na die lewe is. Die poort na die lewe is nou. Ons kan nie God en Mammon dien nie. Die apostels antwoord die Joodse Raad dat God bo mense gehoorsaam moet word. Paulus moedig Timoteus aan om te bly by wat Hy geleer het. Hy moes die geïnspireerde Skrif as gesagvol en opbouend vir die lewenspad bly gebruik.

Daniël is deur die doodskuil met leeus bewaar, so sal God die getroues bewaar. Vrees nie hulle wat slegs die liggaam kan doodmaak nie. "Nee, vrees (aanbid) Hom eerder wat sowel die liggaam as die siel in die hel kan laat vergaan" (Matt. 10:28).

Sing: Psalm 71-1:1, 4

Dr. WC (Callie) Opperman (Emeritus)

Saterdag 28 Desember

Skrifgedeelte: Handelinge 4:13-22
Fokusgedeelte: Handelinge 4:13, 19, 20

Die Heilige Gees maak ons openhartig en gehoorsaam

Ons kan in sekere omstandighede iemand maklik herken of uitken. Kyk byvoorbeeld na iemand se kleredrag op pad na 'n sportwedstryd of politieke optog, en ons kan sien watter span of party die persoon ondersteun.

Die apostels is ook tydens die vestiging van ons Here Jesus Christus se kerk uitgeken of herken. Hulle het die evangelie van Jesus Christus en die saligheid wat Hy skenk, verkondig. Hulle het as instrumente in die Here se hand die fondamente gelê. Wanneer hulle wonders verrig het, is die evangelie hand aan hand daarmee saam bedien. Selfs in ongunstige omstandighede het hulle die evangelie bly verkondig. Hier is Petrus en Johannes voor die Raad gebring. Saam met hulle staan die man wat hulle genees het (vs 14). Dié man was al oor die 40 jaar oud, 'n groot wonder van redding wat die evangelie bring. Hier is dit voor die Raad 'n lewende getuienis.

Die Raad het die apostels dadelik herken deur die evangelie wat hulle sonder vrees verkondig. Hulle is uitgeken as volgelinge, metgeselle van Jesus. Ons lees in vers 13 dat hulle veral uitgeken en herken is omdat hulle vrymoedig was. Hulle was openhartig, openlik, vol moed. Ons het gesien dat die apostels gedreig word (vs 17, 21), maar hulle bly vrymoedig! Hoe is dit moontlik?

Hoe is dit selfs in my eie lewe moontlik? Ons word immers ook gedreig deur 'n klomp dinge. Hoe bly ek vrymoedig? Die Heilige Gees bring die vrymoedigheid! Hy doen die werk in ons. En saam met die vrymoedigheid is daar nog 'n kenmerk waardeur ons as gelowiges herken, uitgeken word: gehoorsaamheid. In vers 19 kom ons agter dat die apostels ná al die dreigemente bely: "Ons sal gehoorsaam bly aan God." Die bloed van ons Here Jesus Christus en die wonder van sy redding is vir ons die belangrikste, dit het die hoogste waarde! Daarom is dit vir ons onmoontlik om nie oor die Here te praat nie. Hy het vir ons die gehoorsaamheid en die vrymoedigheid reeds gegee.

Die Heilige Gees werk in ons. Hy laat ons uitgeken word waar ons ook al beweeg, sodat God verheerlik word.

Sing: Skrifberyming 8-1 (14):1, 2 *Ds. MH (Marco) le Roux (Reitz)*

Sondag 29 Desember

Skrifgedeelte: Titus 2:1-10 (AFR53)
Fokusgedeelte: Titus 2:10

Omdat ons glo, verkondig ons die Here!

In Titus 2 hoor ons dat Paulus vir Titus aanmoedig om met die gesonde leer die verskillende mense in die kerk toe te rus met sekere beginsels wat by elke groep pas. Die gesonde leer verwys volgens die briewe aan Timoteus en aan Titus na die evangelie.

Dit beteken: Uit die leer oor die genade van God wat Hy in sy Seun Jesus Christus bewys, in Hom wat ons sonde aan die kruis dra, moet ons op hierdie manier reageer. Elke geslag, in hulle onderskeie fasette van die lewe, behoort hulle heiligheid voor God op die onderskeie maniere te leef. Natuurlik is daar ook sake waaraan Titus as predikant aandag moet gee.

Paulus gee ook rede vir sy instruksies, en hierdie rede is van toepassing op al die groepe. Leef so, dat:

- die Woord van God nie belaster word nie;
- sodat die teëstanders beskaam kan word en niks slegs kan hê om van julle te sê nie;
- sodat julle die leer van God, ons Verlosser, in alles kan versier.

'n Mens kan sê dat die eienskappe wat Paulus elke mens toeskryf, die bediening van die evangelie ondersteun. Elkeen daarvan is bedoel om die evangelie te versier, kan ons sê.

Dit beteken nie dat ons dit moet mooi maak met ons lewe nie, want dit is volmaak. Dit beteken dat ons moet wys watter uitwerking dit op ons het deur met die heilige lewe te antwoord op wat ons glo. Ons praat dus nie net van die Goeie Nuus nie, ons leef die verandering wat dit in ons voortgebring het.

Soos Christus dit leer in Matteus 7:15-20, word 'n boom aan sy vrugte geken, en die opregtheid van die profeet en die gelowige aan hulle lewe. Wie sal tog luister na iets wat jy sê as dit nie lyk of dit regtig 'n verskil aan jou maak nie?

Omdat ons glo, verkondig ons die Here!

Sing: Psalm 138-1:1, 2

Ds. HFR (Riekert) Pelser (Kemptonpark)

Maandag 30 Desember

Skrifgedeelte: Handelinge 9:17-22 (AFR53)
Fokusgedeelte: Handelinge 9:20

Reageer op die inhoud van jou geloof met dankbaarheid

In sy ongeloof het Paulus teen Christus gewerk. Hy was in wese 'n vervolger van Christus en sy kerk, soos ons dit in Handelinge 9:4 lees.

Wanneer hy tot geloof kom, is die gevolg daarvan drasties anders. Ons lees dat Paulus met die Gees vervul word, gedoop word, fisies deur voedsel versterk word, en dan (vs 20) DADELIK Christus in die sinagoges begin verkondig.

Hy verkondig dat Christus die Seun van God is, en soos vers 22 dit leer, bewys hy dat Jesus die Christus is. Daardeur bring hy die Jode in verwarring omdat hulle weet dat Paulus in Jerusalem mense uitgeroei het wat Jesus Christus aangeroep het.

Maar deur Christus geroep en deur die Heilige Gees in die geloof oortuig, kan hy nie anders as om self sy Naam aan te roep dit te verkondig aan die wêreld nie. Hy kan nie anders as om dadelik te reageer op die geloof nie.

Terwyl ons nie almal in die amp geroep is om predikante te wees nie, is ons almal geroep om in die reaksie op die geloof die Here Jesus Christus te verkondig as die Seun van God, die gekruisigde wat ons van die sonde bevry het en van die dood gered het.

Ons verkondig Hom as die Gesalfde, die verwagte Christus wat God se verbond kom vervul soos die gelowiges van die Ou Testament Hom ook verwag het. Ons verkondig Hom oral waar ons kom.

Paulus leer ons dat 'n ware gelowige met groot ywer moet reageer op die inhoud van sy geloof, en dit is met dankbaarheid. Ons reageer daarop, want dit bring vir ons groot vreugde om te weet ons is gered.

Omdat ons glo, verkondig ons die Here.

Sing: Psalm 138-1:1, 2

Ds. HFR (Riekert) Pelser (Kemptonpark)

Dinsdag 31 Desember

Skrifgedeelte: Romeine 10:11-17 (AFR53)
Fokusgedeelte: Romeine 10:14,17

Elke gelowige word geroep en oortuig

Die geloofsgemeenskap waaraan ons behoort, word deur Christus opgerig op 'n baie spesifieke manier wat God self bepaal: deur die bediening van die Woord.

Dit beteken dat onsself ook deur die verkondiging van hierdie Woord tot die geloof geroep is. Sou 'n mens dan kan sê dat sonder die verkondiging van die Woord daar geen gelowige sal wees en geen kerk bestaan nie?

Dit is inderdaad waaraan Paulus uitdrukking gee deur middel van sy retoriese vrae in verse 14 en 15. Niemand sal die Here se Naam aanroep sonder geloof nie, en niemand sal geloof hê sonder die verkondiging van die Woord nie.

Natuurlik hoor ons in sy laaste vraag dat daar iemand moet wees wat dit preek. Hiervoor roep die Here sy kerk.

Die gemeenskap van gelowiges se voortbestaan bou op die voortdurende verkondiging van die Woord deur die kerk self wat nie net die geloof onderhou en laat groei nie, maar dit voortbring uit die wêreld. Elke uitverkore kind van God word deur die Woord geroep en oortuig in die geloof van Christus die Verlosser.

Die Heilige Gees se werk is hierin natuurlik sentraal, aangesien die Woord sy asem is. Hy inspireer elke woordjie daarvan en bind dit aan elke gelowige se hart sodat die wat volgens God se wil daarvoor bestem is, deel word van die gemeenskap van gelowiges en daarmee die opdrag om die Here te verkondig hulle eie maak.

Omdat ons glo, verkondig ons die Here.

Sing: Psalm 43-1:3

Ds. HFR (Riekert) Pelser (Kemptonpark)

Notas

Notas

Notas

Notas

Notas

Notas